A.12 ALGEMENE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

A. INLEIDING

1. Navrae word daagliks ontvang oor standpunte van die kerk ten opsigte van allerlei leer- en aktuele sake. Lidmate, predikante, ander kerke, staatsdepartemente, buitelanders, kultuurorganisasies, navorsers, politieke partye, ens skakel telefonies of vra per e-pos inligting. Synde ook die kantoor van die Algemene Sinode, strek die navrae wyer as die terrein wat deur die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gedek word. Die navrae word so goed moontlik beantwoord.

2. Die Kommissie beskik oor 'n lêerstelsel waarin materiaal oor aktuele sake versamel word uit tydskrifte, (sekulêr en uit binne- en buitelandse kerklike organe), koerante, konferensie-lesings, ens.

3. Die Kommissie poog om nuuswaardige berigte deurgaans tot beskikking te stel van die kerklike media (Die Kerkbode, Kollig op die kerk, Kerknuus, CNW, ens). Joernaliste van die sekulêre media word op aanvraag met graagte van nuus voorsien. Daar is trouens waardering vir joernaliste wat met empatie tot die relevansie van die kerk in die samelewing bydra deur berigte te skryf wat deur die redaksie vir plasing aanvaar word.

B. INHOUDSOPGAWE

Die volgende sake is onder meer deur die Kommissie hanteer:

ALGEMENE AKTUELE SAKE
*1. Aborsie
*2. Gesinsverhoudinge: SA Regskommissie
*3. Lotto
*4. Ander aktuele sake

OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE
1. Arminianisme
2. Bediening van Bevryding
3. Buitengewone manifestasies van die Heilige Gees
4. Doopviering
5. Gesag van die Skrif
6. Geweld
7. Godsbeskouing van Christene, Jode en Moslems
8. Grondhervorming
9. Korrupsie
10. Liberaal-demokratiese staatsbestel
11. Onderskrywing van belydenisskrifte
12. Verstaan en funksie van die Ou Testament

OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE (ASK)
13. Bybelse begronding vir die strukturele eenwording van die familie van NG Kerke
14. Homoseksualiteit
15. Kinders aan nagmaalstafel: Besluit van Noord-Transvaal en gravamen van Noord-Kaap
16. Kinders aan nagmaalstafel: Gravamen van Witfield-gemeente
17. Lotto
18. Saamwoon van afgetredenes om ekonomiese redes

C. ALGEMENE AKTUELE SAKE

1. Aborsie

Die Kommissie was betrokke by die aborsie-stryd wat die afgelope jare gewoed het. Maar dit was veral die Rooms-Katolieke Kerk en die organisasie van Christen-regslui wat teen hoë finansiële koste die veranderde wetgewing bestry het. Ten spyte van al die pogings het die Konstitusionele Hof besluit dat aborsie nie teen die wet indruis nie. In die proses het kerke wel 'n duidelike getuienis gelewer.

2. Konsep-wetgewing: Gesinsverhoudinge

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie oorweeg nuwe wetgewing wat almal wat in verskillende verhoudinge saamwoon, gaan raak. Regsekerheid moet verkry word ten opsigte van byvoorbeeld ouers en kinders wat onder een dak saam woon; persone wat in 'n homoseksuele verhouding saamwoon (mediese-fondsvoordele, pensioen, erfporsie, ens); persone wat buite die eg saamwoon (bv bejaardes wat vanweë pensioenwetgewing moeilik 'n huwelik kan sluit); trekarbeiders wat verantwoordelikhede het ten opsigte van twee huishoudings, ens. Die kommissie het ná raadpleging hoofsaaklik oor die etiese aspekte van hierdie wetgewing kommentaar gelewer.

3. Lotery en dobbelary

Die instelling van die Lotto het die kerk in SA voor 'n nuwe dilemma te staan gebring. Aan die ASK is gevra of die koop van 'n Lotto-kaartjie 'n tugwaardige sonde is. Die ASK was nie daarvan oortuig dat 'n lidmaat wat 'n Lotto-kaartjie koop 'n tugwaardige sonde pleeg nie. Maar in dieselfde asem het die ASK ernstig gewaarsku teen die morele implikasies van deelname aan die Lotto. Dit is veral die versoeking van **materialisme** wat mense beetpak, roekeloos Lotto-kaartjies laat aankoop en sommige verder en dieper in matelose armoede laat versink. Alle kommentaar wat ingedien is oor die Lotto-besluit van die ASK, is na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake verwys. Aanbevelings word elders in hierdie verslag aan die Sinode voorgelê. (Sien punt 17).

4. Ander sake

Sonder om die Sinode te vermoei met besonderhede, is daar die afgelope vier jaar ook in mindere of meerdere mate aandag aan die volgende sake gegee:
Apostolicum
Belhar Belydenis
Beskerming van die regte van kulturele, godsdienstige

en taalgemeenskappe
Doodstraf
Dwelms
Ekologie
Evolusie
GEAR
Geloofsgenesing
Geloofsgroepe
Gesinsbeplanning
Gun Free South Africa
Harry Potter
Kerklike en openbare feesdae
Kultusse
Kwasizabantu
"Last Temptation of Christ"
Mediabeheer
Mediese etiek
Menseregte
Nepad
Okkultisme
Oosterse godsdienste
Plaasmoorde
Pornografie
Rassisme
Satanisme
Sinkretisme
Sondag
Sport
Tradisionele genesing
Verassing: Mure van herinnering op kerkterreine
Vermaaklikhede
Versoening
Vigs
Vrede
Vrymesselary
Waarheids- en versoeningskommissie
Weermag

Lêers oor al hierdie sake staan op die rakke in die kantoor van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Dit is ter insae beskikbaar vir persone wat belangstel.

D. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 1998

1. ARMINIANISME IN DIE KERKLIKE MEDIA

1.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode neem kennis van die bewering dat Arminiaanse geloofsbeskouings in kerklike media voorkom en dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die aangeleentheid te ondersoek.

1.2 DIE BEDOELING VAN DIE VERSLAG

1.2.1 Sedert die ontstaan van die kerk is dit 'n stryd om die geloof dat die heil 'n gratis geskenk van God is, uit genade alleen, suiwer te hou. Om net enkele hoogtepunte te noem: Paulus moes teen die dwaalleer in Galate stry, Augustinus teen Pelagius, Luther teen Erasmus, Calvyn teen Pighius en die Sinode van Dordt teen die Arminiane. Die behoefte van ons mense om op die een of ander wyse tot ons heil by te dra, is so groot, dat die gedagte dat ons tog op 'n wyse met God kan saamwerk (sinergisme) telkens weer in 'n nuwe vorm in die geloof insluip en bestry moet word. Ons kyk dus in hierdie verslag nie net na wat Arminius spesifiek geleer het nie, maar na die gevaar wat hierdie soort sinergistiese geloofsbeskouings vir die NG Kerk inhou.

1.2.2 Die Kerk moet met groot ootmoed hieroor praat, want nie een van ons is onskuldig nie. Soos die sonde sluip die sinergisme in sy baie vorms oral in. Geen wonder nie, want die aanvaarding van die genade is die aanvaarding van die doodsvonnis oor jouself. Die sinergisme vermom homself dikwels haas onherkenbaar. Ons almal se oë raak maklik verdof. Daarom is helder afwysing noodsaaklik.

1.2.3 Maar daarmee is die bedoeling dan nie om sekere persone of groepe in ons kerk aan te val nie. Ons waag dit op heilige grond waar niemand daarop kan roem dat hy of sy die beste taal het nie. Dikwels het God die gevaarliker taal wat hier afgewys gaan word, al gebruik om mense onder die oorweldigende besef van sy genade te bring. Die Gees waai waar Hy wil. Die ywer van die mense wat die gevaarliker taal gebesig het, was dikwels meer as dié van die ander. Hulle bedoeling was gewoonlik om die appèl van die evangelie so sterk as moontlik te maak en dit moet ook ons bedoeling wees. Daar was al style wat hulleself gereformeerd genoem het wat die appèl verswak het en ons sal sien dat dit in stryd is met 'n goeie verstaan van ons geloof.

1.3 HOE VERSKIL ARMINIAANSE EN GEREFORMEERDE GELOOFSBESKOUINGS?

1.3.1 Die growwe dwaalleer is dat die goeie lewe op die een of ander manier 'n voorwaarde vir verlossing is, maar Arminius het dit fyner gesny. Daarom help hy ons om die gevaar skerp in te sien.

1.3.2 Arminius het saam met die regsinnige gereformeerdes bely dat ons net deur die geloof gered word, maar hy het die rol wat die geloof in die verlossing speel, verander. Hy gaan nie so ver om te sê dat ons geloof die verdienste is waardeur ons gered word nie en erken dat ons geloof nooit waardig genoeg is om soveel te verdien nie. Nee, God se genade is nodig om ons gebrekkige geloof aan te vul, sodat Hy dit vir ons tot geregtigheid kan reken. Maar as ons geloof aangevul kan word, beteken dit dat dit wel 'n sekere bydrae lewer, al is dit hoe klein. Dit bly bepalend dat ons geloof daar moet wees, sodat God dit kan aanvul. Ons verlossing kom dus nie suiwer uit God se vrye guns nie, maar ons geloof speel 'n bydraende rol. Daarom berus ons uitverkiesing daarop dat God voor die tyd gesien het dat ons gaan glo, op ons vooruitgesiene geloof. 'n Mens se geloof beslis dus of jy gered word of nie. Daarom kan Arminius nie bely

dat God sy kinders uit vrye guns alleen verkies het nie. (Vgl. W.D. Jonker, *Uit vrye guns alleen,* bl. 33.)

1.3.3 Die saak word duideliker as ons vra hoe hierdie leer van die gereformeerde leer verskil. Ons gereformeerdes kan ook sê dat ons deur die geloof gered word, maar dan sien ons die rol van die geloof anders. Die hart van die gereformeerde teologie is daarop gemik om steeds weer werksame woorde te vind wat al die eer aan die genade gee en sodoende die geloof leeg maak, nie in die sin dat dit geen inhoud het nie, maar in die sin dat dit geen bydrae lewer nie.

1.3.4 Ons glo dat die volle prys aan die kruis betaal is, sodat ons nie 'n krieseltjie kan bydra tot ons heil nie. Hiermee wys ons nie alleen af dat goeie werke of 'n goeie lewe iets kan bydra nie, maar alle ander dinge wat 'n mens sou kon doen, byvoorbeeld deur 'n goeie gesindheid, godsdiens, berou of geloof.

1.3.5 Ons kan sê dat ons nie deur ons *geloof* gered word nie, maar deur *Christus*. Ons heil is *buite ons* vir ons bewerk en word aan ons *toegereken.* Die aanvaarding hiervan is die doodsvonnis oor die ou mens wat sy deel wil bydra. Hier is die verkeerde verstaan van die geloof dan die grootste gevaar, want as ons dan nou moet aanvaar dat ons niks kan bydra nie, wil ons nog steeds daaraan vashou dat ons deur ons *geloof* 'n bydrae maak. Ons besef dan nie dat ons aan geloof die teenoorgestelde rol toeken as wat dit in die evangelie het waar dit ophou-bydra, ophou-probeer beteken nie. Daarom is ons geloof 'n leë hand wat die heil uit God se vrye guns alleen ontvang. Dit neem net aan wat Hy vir ons gee. Daarom bely ons dat ons gered is omdat Hy ons gekies het en dat ons glad nie kan verstaan waarom óns nie. Daarom skenk Hy nie net die heil aan ons nie, maar saam daarmee en as deel daarvan ook die geloof waardeur ons dit ontvang. Hier lê die diepste rede waarom die gereformeerde tradisie die uitverkiesing sterker as ander tradisies benadruk.

1.3.6 Van hier af vloei die fontein van die vrye guns oor die hele lewe. Nie net die vergiffenis van sonde (regverdiging) nie, maar ook die oorwinning oor sonde (heiliging) is 'n geskenk van God – en laasgenoemde nie minder as eersgenoemde nie. Die bedding waarin die verbetering van my lewe vloei, is dat ek glo dat God dit doen.

1.3.7 Ons kan die saak nog beter verstaan as ons insien dat die sinergisme volgens 'n werkverdeling tussen God en mens dink, terwyl die gereformeerde leer hierdie beperkende denkskema oorwin. Volgens die sinergisme doen God die meeste, maar ek het ook my deeltjie te doen – die werk word tussen ons twee verdeel. Die gereformeerde leer sien in dat God groter is as dit. Sy aktiwiteit sluit ons aktiwiteit nie uit nie, maar in, en daarom hoef daar geen werkverdeling te wees nie. Sy werksaamheid is so groots dat daar ruimte daarin is vir al ons aktiwiteit, sodat ons nie die ruimte daarvoor langs God se aktiwiteit hoef te soek nie. Daarom kan ons die inisiatief volledig in sy hande laat sonder om te vrees dat dit ons verantwoordelikheid uit ons hande neem. Dis Hy wat ons kies en sodoende dit vir ons moontlik maak om Hom met ons hele hart te kies en al sy weldade met ons geloof te "omhels" (NGB 22). Hy heilig ons en maak dit sodoende vir ons moontlik om al ons kragte in te span om goed te leef. Enige poging om die meganika te verstaan van hoe die twee kante saamwerk, is 'n poging om onverstaanbare dinge verstaanbaar te maak, 'n vergryp teen die misterie wat bo ons gedagtes uitgaan.

1.3.8 Omdat ons nie in terme van 'n werkverdeling dink nie, maak die gesonde leer die appèl van ons boodskap nie swakker nie, maar sterker. As ons leer sou veroorsaak dat ons minder klem op die appèl lê, sou dit wys dat ons weer van die ander kant af terugval in die beperkende denkskema van werkverdeling. Sodoende verdof ons dan die appèl van die evangelie wat soos 'n klok moet klink en ons entoesiasme daarvoor. Nee, as ons die genade verstaan, sal dit daartoe lei dat ons met al die kommunikasie- en oortuigingskrag tot ons beskikking die roep laat opklink: God sê: "My genade is vir jou genoeg, my heil word aan jou toegesê. Dit is jou eie skuld as jy nie glo nie, as jy my genade verwerp, as jy my bloed vertrap deur in goddeloosheid jou rug op my te draai, of in godsdienstige hoogmoed jouself probeer red, hetsy deur jou goeie werke; hetsy deur jou geloof, jou bekering, jou keuse, jou geestelike ervarings of wat ookal. Ek gee jou my Woord, my belofte. Vertrou my dat Ek nie 'n leuenaar is nie (1 Joh 5:10,11). Neem my op my Woord." Of soos Paulus sê (1 Kor 5:20): "Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen: Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy BEWERK HET!"

1.3.9 Die gevaar is hier natuurlik dat die kies of ja-sê van die mens weer 'n bydrae word. Hierdie gevaar kan alleen deur die werk van die Heilige Gees besweer word. Hy wil so kragtig deur ons werk dat dit sal uitstraal dat dit in alles om die grootsheid van God se genade gaan, sodat die eie kies daarin ingebed bly en nie weer eie waarde kan kry nie. Ons kan dan so ver gaan om te sê die eie kies is soos die kies van 'n drenkeling wat so hulpeloos geword het dat hy "kies" om op te hou spartel, op te hou probeer en niks verder te doen nie, sodat die lewensredder hom kan red.

1.4 HET DIE NG KERK 'n PROBLEEM?

1.4.1 Omdat kerke uit mense bestaan, het alle kerke altyd in 'n mindere of meerdere mate 'n probleem met sinergistiese neigings. Die kerkgeskiedenis maak dit duidelik hoe 'n sterk vermoë hierdie beskouings het om hulleself te vermom en in die geloof in te kruip. Die Rooms-Katolieke Kerk het die Semi-pelagianisme dikwels verwerp, maar telkens het die sinergisme weer in 'n verfynde vorm teruggekruip in sy geloofsleer. Die Protestantisme begin met 'n radikale insig in die vrye

guns, maar deur Melanchton, Arminius, die Metodisme en baie ander kruip die eie aandeel van die mens weer terug.

1.4.2 Die hart van geestelike groei is om toe te laat dat die Gees ons op hierdie sentrale terrein tot volle vertroue in God trek, om ons rus en krag al meer daarin te vind dat ons alles van Hom ontvang en alles van Hom verwag, om hoe langer hoe meer van Hom afhanklik te raak.

1.4.3 Met hierdie bril het die Kommissie gekyk na die taalwêreld van die NG Kerk soos wat 'n mens dit oral in die kerklike media vind. Op baie plekke sluip daar sinergistiese style, denkskemas, suggesties, uitdrukkings en selfs uiteensettings rond. As die Kommissie sekere publikasies wou aankla, in hulle geheel analiseer, weeg en veroordeel, sou ons uit 'n baie groot getal moes kies. Op wie pik ons? Dit sou onbillik kon wees teenoor die skrywers, want sinergistiese taal sluip so goed vermom onder ons rond dat selfs goed gereformeerde mense in goed gereformeerde geskrifte op 'n punt gevaarlik kan formuleer. Ons het daarteen besluit om sekere publikasies of uitsendings uit te sonder. Ons probeer eerder om die baie bedekte vorms wat die sinergisme aanneem, raak te sien en om rigting aan te wys vir die ontwikkeling van suiwer taal.

1.4.4 Van die ergste is dat die suggestie meermale in ons kerktaal voorkom dat 'n goeie lewe bydra tot 'n mens se verlossing. Ons ken almal die regsinnige formules en praat saam dat 'n mens nie deur jou werke gered word nie, maar as ons onder druk kom om “effektief” te kommunikeer, sluip die eie bydrae soms weer in vermomde vorm terug.

1.4.5 Ons noem enkele voorbeelde wat wyd voorkom.

* Die gebruik van die woord “*bekeer*” om na die aanneem van die heil te verwys, is baie algemeen onder ons. Dis wat jy moet doen om gered te word. Daar word aangesluit by die oproep wat dikwels in die Bybel voorkom, byvoorbeeld by Jesus, dat die mense hulle moet bekeer. Maar dit kan maklik gebeur dat die verkondiger nie besef dat die woord “bekeer” in die huidige Afrikaanse spreektaal ook ander konnotasies het nie. As daar gesê word iemand moet hom “bekeer”, beteken dit tog dikwels nie net dat hy sy denke moet verander nie, maar ook dat hy sy lewe moet regruk. As 'n drinker hom “bekeer”, hou hy tog op met sy drankmisbruik. As ons dus verkondig dat 'n mens jou moet bekeer om gered te word, hoor baie mense: Verander jou lewe en jy sal gered word!

* Die menslike aandeel in die ontvang van die heil word dikwels omskryf as: “*Gee jou hart* vir Jesus”. Hierdie uitdrukking kan verskillend verstaan word, maar die voor die hand liggende betekenis is tog dat 'n mens die beheersentrum van jou lewe vir God gee, jou wil aan Hom oorgee. So 'n oorgawe is nou wel nie 'n goeie werk van die hand nie, maar wel 'n baie duur goeie werk van die hart en baie mense sal dit verstaan as 'n duur prys wat hulle vir verlossing betaal. Dieselfde beswaar geld teen woorde wat die indruk wek dat 'n mens, om verlos te word, jouself aan God moet *oorgee*, jou *lewe* of die *troon* van jou hart vir Hom moet *gee* of Hom *eerste* moet stel of moet *liefhê*.

* In een van ons jongste amptelike kategeseboeke word geloof verduidelik met 'n storie wat verklaar word deur te sê dat geloof bestaan uit vertroue op God *en* voluit sy wil doen, dat 'n mens die genade ontvang deur vertrou *en doen*. Natuurlik sal die skrywers kan antwoord dat hulle dit nie so bedoel het nie, maar kan hulle kinders kwalik neem wat verstaan dat hulle eers gered sal wees as hulle naas vertrou ook nog doen?

* Dikwels word daar nog onder ons van *“die weg van saligheid”* gepraat met die bedoeling dat ons die stappe van die pad kan verduidelik. 'n Publikasie in die naam van die NG Kerk sê daar is vier *stappe* wat jy moet neem om nou gered te word: erken jou sonde; bely jou sonde; neem die vergiffenis aan; volg die Here. Die laaste stap word nie aangebied as 'n gevolg van die redding nie, maar as stap op pad na redding – en dit is tog werkgeregtigheid. Dit skep die indruk dat ook die ander stappe nie suiwer ontvang is nie, maar verdienstelike bewegings van ons kant. As daar meer as een ding vir my voorgeskryf word om gered te word, word dit vir my baie moeilik om regtig te verstaan dat dit deur die geloof alleen, *sola fide,* gebeur. Ons wil dit vir die mense so lekker duidelik maak dat hulle voel hulle kan die paadjie sommer nou loop, een twee drie vier, maar dan loop ons in die sinergisme in. So kom die weg van saligheid dan teenoor die Weg na die Vader te staan. Dit is moeiliker om te verduidelik waarom daar op die tronkbewaarder se vraag wat hy moet doen, bloot geantwoord word: “Glo in die Here Jesus …” (Hand. 16:31), maar dis die hart van ons roeping.

1.4.6 Baie van ons mense, miskien die meerderheid, sien *geloof* as iets wat 'n mens *doen* om gered te word. Die evangelie vertel jou van alles wat God uit genade vir jou gedoen het, en nou moet jy net een ding doen om dit deelagtig te word: jy moet glo. Hy staan en klop aan die deur, maar daar is nie 'n knop aan die buitekant nie en daarom moet jy van binne oopmaak. Hy staan voor jou deur met al sy gawes, maar jy moet Hom eers innooi. Jy moet jou deel doen. As ons so praat, kan ons mense kwalik neem wat verstaan dat hulle verlossing aan hulleself te danke het, naamlik aan hulle eie gewilligheid en vermoë om te glo?

1.4.7 Dikwels is dit die *sonde* wat ons help om darem 'n paar duidelike stappe te kry. Erken jou sonde, kry berou daaroor en bely dit. Dis nie goeie werke van die hand nie, maar wel goeie werke van die hart en mond wat hier tot voorwaarde vir verlossing gestel word. In die heilstoesegging moet die teenoorgestelde verduidelik word, naamlik dat dit deel van God se genadegawe is dat Hy jou hart van jou sonde bewus maak en

laat wegdraai, sodat jy self jou rug met al jou krag op jou sonde kan keer.

1.4.8 Op hierdie weg soek die mense hulle sekerheid en troos in hulleself en nie buite hulleself in die Here nie. Hulle doen selfondersoek en wonder of hulle berou, hulle geloof, hulle gebede sterk genoeg is om God te oortuig. Hulle kla dat hulle gebede teen die plafon vasslaan sonder om te besef dat die Here klaar deur die plafon gekom het. Hulle moet sekere geestelike stemmings opbou om naby die Here te voel en besef nie hoe naby Hy reeds aan hulle gekom het nie. As teenspoed hulle tref, voel hulle ver van die Here.

1.4.9 Meermale vloei daar onnodige probleme met God se voorsienigheid hieruit voort. Omdat ek my saligheid deels met 'n goeie lewe verdien, verwag ek darem om ook voorspoed daarmee te verdien en raak ek van God verwyderd as dit vir my voel of Hy dit nie vir my gee nie.

1.4.10 'n Meer verskuilde vorm van sinergisme is dat die suggestie dikwels deurkom dat God sy aandeel doen deur 'n mens te verlos en dat dit dan jou aandeel is om *dankbaarheid* daarvoor te bewys deur 'n *goeie lewe*. 'n Onversigtige gebruik van ons belydenisskrifte kan maklik daartoe lei dat ons so 'n suggestie oordra. Ons belydenisskrifte stry glad nie so duidelik teen die sinergisme ten opsigte van die heiliging as ten opsigte van die regverdiging nie. Die NGB (art. 24) stel net dat die "geloof" in die genade ons 'n "nuwe lewe laat lei" en die bedoeling is natuurlik dat God dit deur die geloof doen, maar dit word nie benadruk nie, sodat die uitlegger dit ook maklik kan nalaat om dit duidelik deur te gee. Die Heidelbergse Kategismus stel die saak in die eerste antwoord van die derde deel duideliker, maar die opskrif van die derde deel wat praat van "die dankbaarheid wat ons aan God vir die verlossing verskuldig is" en die eerste vraag van dié deel wat vra waarom ons goeie werke "moet" doen, kan maklik die indruk skep dat dit oor 'n soort terugbetaling gaan wat jy nou van jou kant af moet doen. Waarskynlik is daar baie mense in ons kerk wat meer afhanklik van God voel vir hulle regverdiging as vir hulle heiliging.

1.5 DIE PAD NA DIE HELDER FONTEIN

1.5.1 Vir die volgehoue ontwikkeling van die taal wat hierdie geheime van geslag tot geslag tot in die harte kan indra, is ons van God afhanklik. Die nuwe geslag raak doof vir die taal van die vorige geslagte, sodat dit die geheim van die vrye goedheid waarom die lewe draai nie aan hulle oordra nie, maar eerder versluier. Die aangee van tradisie werk altyd so, maar veral hier, want hier het ons met die sterkste weerstand van die ou mens te doen. Ons het taal nodig wat groei en lewe, omdat dit groei uit die ervaring van God se vrye goedheid op alle lewensvlakke, en dié ervaring kan ons glad nie fabriseer nie – net die Gees kan dit gee.

1.5.2 Ons het getuies nodig wat die daaglikse heiliging van hulle lewens, die rus in God, die openheid na God en gemeenskap met Hom, die leiding van God, en alle ander rykdomme waaraan 'n mens kan dink en nie kan dink nie, as inisiatief en vrye gawe van God ervaar. Ons het getuies nodig wat al hierdie gawes van Bo as die hart van hulle lewe ervaar. Ons het getuies nodig wat verlos is van die vlak geestelikheid wat so algemeen is onder ons. Getuies wat die taal van die vrye genade teologies aanleer sonder om dit self te ervaar, maak die taal dood en ander doof. As dié ervaring wel daar is, kan die teologie help dat daar 'n gesonde, lewende taal groei.

1.5.3 Hoe sal ons dit oordra dat dit in die regverdiging volledig om toegerekende geregtigheid gaan? Die sinergisme het soveel van ons tradisionele woorde soos "glo" en "aanneem" besmet dat ons nuwe seggingswyses moet vind om dit duidelik te maak dat die reaksie op God se aksie werklik net 'n *leë hand* is wat bloot *ontvang,* dat jy net *bly word* daaroor, dat jy nie opreik na Hom nie, maar net *gaan lê* in die voue van sy goedheid, dat jy jou net *laat red*. Vir die woord *bekering* moet ons baie versigtig wees en seker maak dat die mense verstaan dat ons van 'n omswaai van ons denke na suiwer, ontvangende geloof praat en dat die lewensverandering wat inbegrepe is, glad nie voorwaarde is nie, maar 'n noodwendige gevolg. Hulle moet dus verstaan dat ons die teenoorgestelde bedoel van wat "bekeer" dikwels in die spreektaal beteken. Vir *aanneem* moet ons ook versigtig wees en seker maak dat die mense nie *neem* verstaan soos wanneer 'n kind in aanneming geneem word nie, maar *ontvang. Oorgee* is ook gevaarlik, behalwe as ons dit kan kommunikeer dat ons die oorgee van 'n bokser in die kryt bedoel: hy kan nie anders nie, want die ander een het vir hom te sterk geword. Ons het taal nodig wat die kollig swaai van die mens na God, sodat dit nie gaan oor jou erns met jou geloof nie, maar oor hoe ernstig God sy toesegging van genade bedoel. As dit reg verstaan word, moet 'n Christen kan sê: "Óf ek glo, dit weet ek nie, maar in Wié ek glo, dit weet ek wel". Ons *geloofsekerheid* lê nie in ons geloof nie, maar in Hom. As ons dié woord wel gebruik, moet ons seker maak dat ons mense nie dink aan 'n sekerheid wat 'n mens in jouself vind nie, maar wat jy in God vind.

1.5.4 As 'n mens mooi kyk, word dit duidelik dat al ons taal gebrekkig bly. Ons kan so goed verkondig as wat moontlik is, maar óns kan nie keer dat mense enigiets wat ons noem nog steeds sien as iets wat hulle doen, bydra, presteer nie, byvoorbeeld om *bereid* te wees om bloot te ontvang, om jou net te *laat* red, om net te *rus* in die genade, om *niks* te doen! Hoe sal ons ooit by die nulpunt van die genade uitkom? Soms voel 'n mens dit sal eers op jou sterfbed gebeur.

1.5.5 Ons beste taal kan ons nie daar uitbring as die Gees dit nie gebruik nie. Die gebruik van die taal moet dus ingebed wees in die verwagting dat die Gees hier en nou daardeur en daarmee saam werk.

1.5.6 As ons so beleef en praat oor die regverdiging, het ons 'n stewige basis om die heilige vuur ook in ons heiliging te laat brand. Maar hier het ons 'n langer pad om af te lê. Hoe min leef ons nie met 'n hart vol verwagting dat God aan die werk is nie! Laat ons maar erken dat ons dit net as gawe van God sal kan ontvang en dat ons hulpeloos daarom smeek en daarop wag.

1.6 AANBEVELINGS

1.6.1 ARMINIANISME - die Algemene Sinode aanvaar die verslag as 'n riglyn vir ons beskouing oor die Arminianisme.

1.6.2 GOD SE REDDING - die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die hele kerk om alles in die werk te stel om die boodskap suiwer te verkondig en verstaan dat ons uit God se vrye guns alleen gered en geheilig word, en dat hierdie gebeure op geen wyse van ons aandeel afhanklik is nie.

2. DIE BEDIENING VAN BEVRYDING

2.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n duidelike beleidstandpunt ten opsigte van die "bediening van die bevryding" te formuleer met die oog op voorlegging aan die volgende sinode.

2.2 BEGRIPSAFBAKENING

Daar is nie 'n algemeen-aanvaarde definisie van die `Bediening van die Bevryding' nie. Verskillende groepe verstaan verskillende dinge onder bevryding. Daar is historiese kerke wat 'n bevrydingsbediening het met 'n taamlike sterk sakramentele karakter. In die Pinkster-Charismatiese wêreld word dit gebruik vir 'n faset van Geestelike Oorlogvoering. In albei betekenisse het dit verband met die pastoraat aan mense wat op 'n besondere manier aan die mag van die Bose blootgestel is.

2.3 AGTERGROND

2.3.1 Om die bevrydingsbediening teologies en pastoraal te beoordeel, is dit nodig om na die breër begrip van Geestelike Oorlogvoering te kyk. Geestelike Oorlogvoering is nie deel van die Gereformeerde of *Evangelical* tradisies wat oorheersend is in die NG Kerk nie. Dit kom veral voor in die Pinkster-Charismatiese wêreld. Dit bestaan al sedert vroeg in die 20e eeu in veral die Pinksterwêreld, maar nuwer en meer radikale vorme daarvan het in die laat tagtiger jare in samehang met die Third Wave in die Charismatiese wêreld na vore gekom. In die laaste jare is daar egter ook al meer *Evangelicals* wat hierop inkoop.

2.3.2 In Gereformeerde kringe word dit dikwels beskou as deel van 'n aantal vreemde verskynsels soos *Slain in the Spirit*, die *Toronto Blessing* en Goudstof. Dit is nie net vreemd in die sin dat dit onbekend is en heeltemal buite Gereformeerdes se ervaringswêreld lê nie, maar ook in die sin dat dit anders is, dat dit pas by 'n spiritualiteit wat ons nie ken nie, dat dit baie sterk op die bonatuurlike afgestem is terwyl ons Gereformeerde en *Evangelical* tradisies baie `natuurliker' en `gewoner' is. Op die meeste sal ons in 'n figuurlike sin praat van iemand wie se optrede weersinwekkend is as: Dit lyk of hy/sy van die duiwel besete is. Sommige van ons sal miskien wel begrip hê vir besetenheid op 'n persoonlike vlak. Dit kom in elk geval dikwels voor in Jesus se bediening.

2.3.3 Maar as dit by die "hoër" (of liewer: breër) vlakke van Geestelike Oorlogvoering kom soos die okkultiese en veral die strategiese vlakke, sal die meeste van ons veel meer huiwering hê. In terme van ons Gereformeerde en/of *Evangelical* tradisies, is hierdie huiwering goed begryplik.

2.3.4 Nogtans moet ons onthou dat ons beoordeling van die Geestesgawes in die laaste dekades baie positiewer geword het. Al beoefen en bevorder ons dit normaalweg nie regtig nie, verwerp ons dit nie meer in beginsel nie. En dit is 'n vraag of die Bevrydingsbediening en Geestelike Oorlogvoering nie direk hiermee in verband staan nie.

2.4 PRINSIPIËLE BEOORDELING

Hoe moet ons in die lig van die *Skrif* oor die Bevrydingsbediening en Geestelike Oorlogvoering oordeel? Kom ons onderskei tussen die beginsels en die praktyk, en oorweeg eers die beginsels. Vier sake sal hier aan die orde gestel moet word: die heil as vergifnis én verlossing (bevryding), die motief van stryd en oorwinning, die wonderwerke in die Bybel, en die metode van eksorsisme.

2.4.1 Die heil as vergifnis én verlossing

1. Die Nuwe Testament ken twee groot fasette van die heilswerk van Christus en die Gees: vergifnis en verlossing (of "bevryding)." Jesus het aan die kruis die offer vir ons sonde gebring sodat ons sonde vergewe kan word. Maar Hy het ook aan die kruis, en veral deur sy opstanding, die mag van die sonde en die dood gebreek sodat ons ook verlos of vrygemaak kan word van die sonde en die duiwel (Romeine 6). Beide fasette is noodsaaklik omdat sonde sowel verkeerde dade as 'n bose mag is.

2. Netsoos die vergifnis, het Christus ook die verlossing/bevryding verdien/bewerk, en pas dit deur die Gees in ons lewe toe. Omdat ons deur die doop en die geloof met Christus verenig word, het ons deel aan sy sterwe en sy opstanding. Ons deel dus as gelowiges in sy nuwe lewe, ook in sy oorwinning oor die magte van die duisternis.

3. Daar is dus 'n *algemene sin* waarin ons almal deel in die groot verlossing/bevryding van Christus. In die Bevrydingsbediening in tegniese sin, en in Geestelike Oorlogvoering gaan dit egter om iets meer, en wel om die bevryding van mense en selfs gebiede wat in 'n besondere sin onder die mag van die Bose is.

2.4.2 Stryd en oorwinning as interpretasiemodel

2.4.2.1 *Die beginselstandpunt van Geestelike Oorlogvoering*

1. Geestelike Oorlogvoering neem die mag van die Bose baie ernstig op. Die duiwel en die bose magte het hierdie wêreld van God gesteel, en hulle staan hul mag nie sonder slag of stoot af nie. Dit kos stryd. Of dit nou gaan oor hulle mag in die lewe van *enkelinge*, of oor groepe deur die *okkulte*, of oor hele streke of *gebiede*, dit sal 'n oorlog kos om hulle uit hul magsgebiede en invloedsfere te dryf.
2. Volgens hierdie beskouing het Jesus inderdaad reeds die beslissende oorwinning aan die kruis behaal, maar die stryd duur nog voort. Hy het die oorwinning deur die krag van die Gees behaal, en dieselfde Gees bekragtig ons nou om die stryd voort te sit. Omdat dieselfde Gees ons bekragtig, kan ons dieselfde dinge doen as Christus, en volgens sy belofte selfs groter dinge.
3. Dit mag vreemd lyk dat Jesus die duiwel oorwin het maar dat ons nog die stryd moet voortsit. Maar dat ons, ondanks die beslissende oorwinning van Jesus, nog steeds in 'n stryd teen die bose magte gewikkel is, is volgens hulle duidelik uit die Nuwe Testament. Hulle verstaan dit so dat die duiwel wel oorwin is deur Jesus, maar nog nie vernietig ("in die poel van vuur gegooi" is nie, en daarom duur die stryd nog voort. Die duiwel val ons nog altyd aan en beheer nog altyd op een of ander manier sekere mense, mensegroepe en selfs groot gebiede. Daar is volgens hulle in die lig van die Nuwe Testament 'n groot verskeidenheid bose magte/geeste met individuele, identifiseerbare persoonlikhhede.

2.4.2.2 *Beoordeling van hierdie standpunt*

1. Vir ons is die vraag of ons die evangelie só kan verstaan. Hou hierdie siening verband met basiese insigte uit die Bybel? Die vraag is nie of hierdie sieninge die hele evangelie kan verwoord nie. Die meeste voorstanders van Geestelike Oorlogvoering is duidelik daaroor dat Geestelike Oorlogvoering maar net een faset van die evangelie is, en dan nie eens die belangrikste faset nie. Ons vraag is dus net of hierdie siening van stryd teen die bose magte in terme van die Bybel verantwoord kan word.
2. En die antwoord moet sondermeer wees: Ja wat die beginsel betref, al sal daar vrae wees oor die praktyk. Die model van stryd en oorwinning wat ten grondslag van die siening van Geestelike Oorlogvoering lê, is 'n goeie model om wesenlike aspekte van die werk van Jesus en die Gees te probeer verstaan.
3. 'n Mens kan begin deur eenvoudig te dink aan sekere sentrale woorde in die evangelie wat almal sterk herinner aan ‘n stryd: koninkryk (heerskappy), wapenrusting (in volle detail!), stryd, weerstand bied, staande bly, oorwinning behaal, uitdryf. In verband met die bose magte is daar uitdrukkings soos heerser, goed bewapen wees, besittings bewaak, aanslae, vurige pyle, brullende leeu.
4. Die Bybelse konteks van hierdie strydvoorstelling is dat die bose magte God se skepping in hul mag gekry het (gesteel het) sodat die duiwel nou die heerser van hierdie wêreld is en dit probeer vernietig (Joh 12:31; 14:30; 16:11; 2 Kor 4:4; 1 Joh 5:19). Dit is 'n oortuiging wat ontwikkel het as deel van die Laat-Joodse apokaliptiek om die ramp van die ballingskap te probeer hanteer.
5. As Jesus dan aankondig dat die koninkryk van God op hande is en dat Hy deur die vinger/Gees van God die duiwels uitdryf (Mark 1:15; Matt 12:28; Luk 11:20), gaan dit inderdaad om *stryd en oorwinning*. Trouens die eerste ervaring wat Jesus na sy doop het, is sy skerp konfrontasie met die duiwel (Matt 4:1ev). As ‘n mens nou in gedagte hou dat die koms van die koninkryk deur baie Nuwe Testamentici as die sentrale motief in Jesus se aardse optrede beskou word, is dit nie vreemd nie dat Jesus se wonderwerke, veral sy duiweluitdrywings, die tema is wat die meeste in die Sinoptiese Evangelies ter sprake kom, en dat daar inderdaad gesê kan word dat ons nie die optrede van Jesus kan verstaan sonder die agtergrond van die duiwel en die bose magte wat mense en selfs die natuur (Mark 4:39) beheer het nie.
6. Hierdie model van stryd en oorwinning word in die Briewe ook op Jesus se kruis en opstanding toegepas. Christus het deur sy kruis en opstanding die bose magte ontwapen en van hulle 'n openbare spot gemaak deur hulle as gevangenes in sy triomftog mee te voer (Kol 2:15). En wanneer 'n apostel 'n kort karakterisering van Jesus se lewe en optrede gee, lees ons onder andere: "Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat onder die mag van die duiwel was, want God was by Hom" en later: "Die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak" (Hand 10:38 en 1 Joh 3:8).
7. Oor hierdie basiese motief van stryd en oorwinning in die Nuwe Testament sal daar onder ons min verskil wees. Die betekenis daarvan vir vandag word egter wel verskillend verstaan. Daar is sommige onder ons wat sterk benadruk dat Jesus klaar die oorwinning oor die Bose behaal het, en dat ons dus niks meer van hom te vrees het nie, en selfs niks meer met hom te doen het nie. Dit word selfs as oneerbiedig teenoor Jesus en sy wonderlike oorwinning beskou om nog ernstig met die mag van die duiwel rekening te hou.
8. Aan Jesus se wonderlike oorwinning mag niemand afbreuk doen nie. Nogtans word sy oorwinning nie in die Nuwe Testament só verstaan nie. Reg van die begin af betrek Jesus die dissipels direk by sy wonderwerke wat duiweluitdrywing insluit. Sy opdrag aan die twaalf is enersyds om die goeie nuus te verkondig dat die koninkryk op hande is, en saam daarmee wonderwerke te doen wat duiweluitdrywing insluit (Matt 10:7-8). As Lukas later van 'n tweede uitsending vertel, dié van die sewentig, eindig dit met die triomf: "Here, selfs die duiwels onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam" (10:17). Ook nadat Jesus die beslissende oorwinning behaal het, gaan

die betrokkenheid van die apostels by hierdie stryd volgens Handelinge nog voort. Ons lees van die apostels: "Die Here het ook die boodskap van sy genade bevestig deur die apostels tekens en wonders te laat doen" en Paulus en Barnabas wat op die vergadering in Jerusalem vertel "van die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidennasies gedoen het" (Hand 14:3; 15:12). Dat eksorsisme hierby ingesluit was, is duidelik uit bepaalde insidente (Hand 8:6-7; 13:6ev; 16:16ev; 19:11,12) – al moet dit 'n mens ook opval dat eksorsisme, en trouens ook die wonderwerke in die algemeen, baie minder prominensie in Handelinge geniet as in die Sinoptiese Evangelies (4.4).

9. Dit is verder duidelik dat dit die veronderstelling in die Briewe is dat die gelowiges voortdurend in dié stryd betrokke sal wees (Ef 6:10ev; 1 Pet 5:8ev).

10. Ons moet dus aanvaar dat ons in 'n stryd betrokke bly ondanks die beslissende oorwinning wat Jesus alreeds behaal het. In die Kategismus bely ons dit soos volg: "Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal" (Sondag 52).

11. Dit skyn dus moontlik om 'n sterk saak daarvoor uit te maak dat een van die basiese uitgangspunte van Geestelike Oorlogvoering, naamlik 'n voortgaande stryd en oorwinning teen die bose magte, goeie Bybelse en Belydenisgronde het.

2.4.3 Wonders

Die *derde* prinsipiële saak waarna ons moet kyk, is die *wonderkarakter* van die evangelie waarop Geestelike Oorlogvoering buitengewone nadruk lê. Hierdie beweging funksioneer in 'n konteks van wonderwerke, van 'bonatuurlike' dinge wat nie deel is van ons gewone ervarings nie. Die deursnee NG lidmaat en predikant het waarskynlik nog nooit die soort wonderwerke gesien waarop hierdie mense aanspraak maak nie.

2.4.3.1 *Ons tradisie*

In ons tradisie het die wonderwerke van Jesus nie sterk na vore gekom nie. Dit is byvoorbeerld interessant dat ons glad nie na sy wonderwerke verwys in ons Belydenisskrifte of Formuliere nie, en byna glad nie in ons liedbundel nie. Wanneer ons wel aandag daaraan gegee het, het ons dit gewoonlik op een van die volgende maniere hanteer. Vir baie lank het baie van ons die sogenaamde Streepteologie taamlik algemeen aanvaar. Ander ontmitologiseer (Bultmann), of vergeestelik die wonderwerke (die Here open ons geestelike oë of maak ons geestelike lam bene sterk). Ander vermy eenvoudig die wonders. Daar is wel hier en daar iemand onder ons vir wie dit 'n uitdagende probleem is. Maar in ons prediking, kerklike lewe en persoonlike spiritualiteit speel dit oor die algemeen nie veel van 'n rol nie.

2.4.3.2 *Die Bybel*

1. Wat ons egter moet besef, is dat daar opvallend baie wonderwerke in Jesus se aardse bediening voorkom, met besondere klem op die uitdrywing van bose geeste, en verder dat daar 'n sin is waarin die Bybel eenvoudig 'n wonderboek is. Selfs in die voor-apokaliptiese dele van die Ou Testament is daar baie wonderverhale – onder andere tydens die uittog en by die vroeë profete - maar sedert die ontwikkeling van die laat-Joodse apokaliptiek is die bonatuurlike aan die orde van die dag. Ons lees van wonderwerke tydens Jesus se geboorte, tydens die drie groot heerlikheidsmomente in sy openbare optrede (sy doop, sy verheerliking op die berg, en sy opstanding), en ook van talle wonderwerke wat Hy self gedoen het. Verder is daar die wonders in die optrede van die apostels, die gawes waardeur die gemeentelede mekaar bedien, die beloftes oor Christus se wederkoms, en ons opstanding en verheerliking. Die laaste boek in die Bybel is byna in sy geheel een groot bonatuurlike verhaal. En om alles te kroon begin en eindig die Bybel met die twee grootste wonders denkbaar: die skepping en die herskepping van alle dinge.

2. 'n Mens moet oppas vir die gedagte dat ondanks hierdie talle wonders "die hart van die evangelie" tog op 'n ander vlak lê: die vergifnis van sonde, die regverdiging, die plaasvervangende kruisdood van Christus, en die vrug van die Gees in ons lewe.

3. Eerstens moet ons nie hierdie fasette van die evangelie teen mekaar afspeel nie. Nóg Jesus, nóg een van die apostels het ooit sondevergifnis téénoor wondergenesing gestel. Die wondergenesings en die ander wonderwerke in Jesus se aardse bediening het 'n eie waarde as deel van die evangelie, netsoos sondevergifnis en die nuwe lewe.

4. Tweedens moet 'n mens nie maak asof sondevergifnis en die nuwe lewe nie wonders is nie. Wat is aangrypender wonderwerke as dat God goddelose mense regverdig verklaar, dat Hy mense nie laat boet vir wat hul gedoen het nie maar eerder sy enigste Seun gee om nog verder deur hulle gemartel te word sodat Hy hulle kan vergewe? Wat is 'n groter wonder as die vrug van die Gees in ons lewe: dat ons ander hoër ag as onsself, nie na ons eie belange omsien nie maar na die van ander? (Dit is 'n beter weergawe van Fil 2:4. Vgl 1 Kor 10:33.) As wonderwerke "bonatuurlik" is, wat is "bonatuurliker" as dit alles?

5. Maar ons kan hierdie wonders nie teen die ander (meer "fisiese") wonderwerke afspeel nie. Dit is twee kante van dieselfde saak.

6. Geestelike Oorlogvoering en die Bevrydingsbediening leun swaar op hierdie "bonatuurlike" wonderkarakter van die Bybel. As ons 'n reaksie hierteen het,

mag dit nie wees omdat ons nie die wonderkarakter van die Bybel kan hanteer nie. Ons moet eerder Geestelike Oorlogvoering sien as die uitdaging om met *die Bybel as 'n wonderboek* in die reine te kom.

7. Met hierdie eerste drie belangrikste teologiese uitgangspunte van Geestelike Oorlogvoering en die Bevrydingsbediening kan ons dus in beginsel min fout vind.

2.4.4 Die metode van eksorsisme

1. Ons moet egter in meer besonderhede kyk na die *metode* van eksorsisme in die Bybel, omdat dit van groot belang is in ons beoordeling van die Bevrydingsbediening.

2. In die Nuwe Testament word die uitdryf van duiwels op ‘n eenvoudige, sobere wyse beskryf. Daar is die minimum drama en rituele. In die geval van Jesus is die oorweldigende indruk dat die duiwels byna geen weerstand bied nie, dat hulle skree en vlug as hulle Hom net sien. Af en toe is daar vir ‘n oomblik ‘n beperkte reaksie, maar dit is duidelik dat Hy heeltemal hul meerdere is. Die enkele keer wat daar wel ‘n gesprek is, is dit ewe kort en sober (Mark 5:1-20). Die paar verwysings na die dissipels se eksorsisme is ewe kort en saaklik (Mark 3:15; 6:7-12). Na die verheerliking op die berg is die dissipels nie in staat om iemand te bevry nie. Jesus kom daarop af, verwyt hulle hul ongeloof en onbegrip, en dryf self die "stom en dowe gees" uit (Mark 9:14-29). Wat hier spesifiek oor eksorsisme gesê is, is ook waar van Jesus se wonderwerke in die algemeen. Dit word deurgaans kort, eenvoudig, sober en saaklik beskryf.

3. In Handelinge gaan dit nie anders nie (Hand 2:43; 4:30; 5:12-16; 6:8; 8:4-8; 14:3; 15:12; 16:16ev; 19:11-12), behalwe dat daar selfs minder in besonderhede op die eksorsisme ingegaan word. Dit word eerder meer terloops vermeld as ‘n bevestiging van die krag van die evangelie. Tog is dit nie verantwoord om te beweer dat daar noodwendig minder eksorsisme voorkom nie. Die meeste verwysings is algemene uitsprake, en ‘n mens kan aanvaar dat die staande uitdrukking wat oor en oor gebruik word, "tekens en wonders", eksorsisme ingesluit het.

4. In die Briewe het ons ongeveer dieselfde prentjie as in Handelinge: Min besonderhede maar wel algemene verwysings (onder andere 1 Kor 12:9,10,28; 2 Kor 12:12; Heb 2:4; 12:4). Verder is daar verwysings wat so onopvallend is dat ons hulle normaalweg nie eens raaksien nie. Gal 3:5 ("Hy wat julle met die Gees toerus en kragtig onder julle werk") is onder andere ‘n verwysing na eksorsisme. In al hierdie gevalle word egter omtrent geen besonderhede gegee nie.

5. Daar is ook twee ander lyne in die Briewe. Die een is dat Christus deur sy kruis en opstanding die bose magte oorwin het (4.2). Die ander een is dat ons in ‘n voortgaande stryd teen hulle betrokke is. Hierdie stryd word in sterk terme uitgedruk: ‘n stryd waarvoor ons ‘n volle wapenrusting nodig het (Efesiërs 6), ‘n vyand wat voorgestel word as ‘n brullende leeu wat wil verslind (1 Pet 5:6), ‘n stryd om lewe en dood (Heb 12:4).

6. Hierdie stryd het ‘n paar kenmerke. Dit is ‘n defensiewe stryd. Die doel is dat ons weerstand moet bied en enduit op ons pos moet bly (Ef 6), en dat ons standvastig moet wees en die duiwel moet teëstaan (1 Pet 5). Ons wapens is fasette van ons geloofslewe wat ons goed ken: waarheid, vryspraak, bereidheid om die evangelie te verkondig, geloof, verlossing, die woord van God (Ef 6), nugterheid, geloof (1Pet 5). Daar is min ander gegewens oor eksorsisme in die Briewe, maar daar is geen rede om te vermoed dat dit anders gedoen is as die sober, saaklike manier waarop die Evangelies en Handelinge dit beskryf nie.

7. ‘n Mens sou dus eksorsisme én die stryd teen die Bose kon interpreteer as ‘n *geloof*stryd, wat ons terug bring by die Reformatoriese sola fide, wat eintlik solus Christus en sola Scriptura is. Dit kan nie anders werk as die res van ons heiligmaking nie, wat beteken ons groot taak is om op Christus en sy oorwinning te vertrou. *Hy* heilig ons deur ons in staat te stel om die sonde te oorwin en ons lewe volkome aan God te wy. Nog weer anders: Ons kry deur die doop en die geloof deel aan *sy* opstandingslewe sodat ons soos Hy vry van die mag van die duiwel kan leef.

8. Dit beteken allermins dat daar geen werklike stryd is nie. Die woorde oor stryd staan nog altyd in die Bybel in verband met die stryd teen die Bose én in verband met heiligmaking in die algemeen. En ons Belydenis weet goed van die felheid van hierdie stryd. Ons het reeds gekyk na HK Sondag 52 (2.4.2.2 se einde). Dit is ‘n harde uitputtende stryd, maar ons wapens is bekend: die krag van die Gees, die woord van God, die geloof, eintlik net Christus wat alreeds die beslissende oorwinning deur sy kruis en opstanding behaal het.

9. Dit is in hierdie verband wat ‘n mens die grootste huiwering het oor bepaalde vorms van Geestelike Oorlogvoering en die Bediening van bevryding. Onder punt 2.5 sal ons sien dat dit om meer gaan as die bekende geestelike wapens wat ons in die Nuwe Testament kry, dat daar ‘n siening ontwikkel het van ‘n ingewikkelde infrastruktuur in die geesteswêreld, van name en rangordes, gebiedsindelings, en baie meer, en dus ook ‘n ingewikkelde sisteem wat Christene moet ontwikkel om hierdie infrastruktuur omver te werp. Van die sober, saaklike, eenvoudige taal van die Nuwe Testament bly hier min oor. Bo en behalwe die bekende geestelike wapens wat uiteindelik neerkom op ons vertroue op Christus, is ‘n groot klomp inligting nodig om die stryd te verstaan en te voer. Dit is hierdie plus bo die eenvoud van die Nuwe Testament wat ‘n mens laat huiwer.

2.5 DIE PRAKTYK

Ons het reeds onder punt 2.4.4 beweer dat ons grootste huiwering oor Geestelike Oorlogvoering en die Bediening van bevryding op die gebied van die

praktyk lê. Daarom moet ons nou nader hierop ingaan.

2.5.1 Gebedsreise

1. Eerstens dink ‘n mens aan gebedsreise. Christene reis na ‘n bepaalde gebied om daar ter plaatse te bid. Dit kan uiteraard groot kostes beteken en ook heelwat tyd in beslag neem.
2. Daar is verskillende oortuigings agter hierdie gebruik. ‘n Mens kan twee uiterste standpunte onderskei. Die eerste is dat dit besondere waarde het dat mense die bepaalde gebied besoek. Dit gee hulle eerstehandse inligting en ‘n persoonlike belewing van die situasie. Dit maak hulle gebed baie konkreter en sinvoller. Verder beteken dit baie vir die sendelinge in die gebied en versterk die noodsaaklike band tussen die tuisfront en die sendingsituasie. En ten slotte lei dit dikwels daartoe dat persone op nuwe maniere by die sending betrokke raak, en soms selfs self daar gaan sendingwerk doen. In hierdie geval is “gebedsreise” ‘n naam vir ‘n baie omvattender gebruik wat sekerlik baie waarde het.
3. Daar is egter ‘n ander uiterste standpunt. Dit is deel van die latere ontwikkeling van die stryd teen die bose magte, en wel die stryd op *strategiese vlak*. Die oortuiging bestaan dat bepaalde bose magte 'n bepaalde gebied beset en oorheers. Daar word aanvaar dat daar ‘n duidelike rangorde onder die bose magte is, dat ‘n bepaalde mag in beheer van ‘n bepaalde gebied is. Christene moet dan die stryd daar *ter plaatse* voer. Waarom?

2.5.2 Detail

1. Tweedens is dit opvallend *hoeveel* detail in sommige gevalle ter sprake is sowel in individuele bevryding as in Geestelike Oorlogvoering. Daar moet bepaal word presies watter bose mag of magte aan die werk is, wat hul name is, oor presies watter gebied hulle regeer, wat hul rang/status in die leermag van die duisternis is, wat hul spesifieke funksie en doel in die betrokke situasie is, of in die geval van persoonlike bevryding wanneer en hoe die spesifieke gees in die mens ingekom het. Daar is mos nie soveel detail in die Bybel oor die bose magte nie.
2. Van engele en ander bonatuurlike wesens (soos chaosmonsters en bose magte) is daar inderdaad heelwat sprake in die Bybel. Daar is verskillende groepe (Kol 1:16). Behalwe beskermengele vir individue (Matt 18:10), is daar ook sprake van “engelvorste” van bepaalde volke (Daniël 10:13,20) en van goeie engele wat oorlog maak teen slegtes (Op 12:7ev).
3. Hierdie gegewens herinnner egter sterk daaraan dat daar *min detail* beskikbaar is, en dat ons baie huiwerig moet wees oor allerlei besonderhede wat ter sprake is. Oor die maniere waarop hierdie inligting bekom word (soos in lang konfronterende gesprekke direk met die mag of magte), kan ook vrae gevra word.
4. Hierdie huiwering word versterk deur die feit dat daar by sommige verteenwoordigers 'n neiging is om gedetaileerde voorskrifte te gee oor presies hoe 'n aanval op die vyandelike vestings geloods moet word, soms vergesél van die versekering dat die oorwinning gewis is as die voorskrifte net noukeurig nagekom word. Pas dit regtig by 'n *stryd*? Kan 'n egte stryd nie baie deurmekaar verloop nie, en is dit nie onrealisties om te dink dat alles in ‘n werklike stryd volgens plan sal verloop as 'n mens net die regte resep volg nie?

2.5.3 Konfrontasie

Derdens is daar die aard van die konfrontasies wanneer bose geeste uitgedryf word. In ‘n sin gaan dit weer om detail. Daar is dikwels sprake van direkte en uitgerekte konfrontasies tussen die eksorsis en die bose mag(-te) in die persoon. Dit word gesprekke in veel besonderhede oor wie die bose gees is, waar hy (sy?) vandaan kom, hoe hy toegang gekry het tot die persoon, wat hy vroeër al alles gedoen het, en nog baie ander besonderhede. Kan dit regtig gesteun word deur die kort, sober, saaklike beskrywings van Jesus se duiweluitdrywing? Net een keer is daar sprake van ‘n naam (Legio, wat ‘n simboliese betekenis het: `baie’ – Mark 5:9), en een van die opvallendste kenmerke van Jesus se eksorsisme is dat die bose magte geen weerstand bied nie, dat dit in ‘n sin nie eens ‘n stryd is nie maar eenvoudig ‘n bevel van Jesus waarop hulle dadelik reageer. Hulle skree dikwels al as Hy nog net op ‘n afstand is. Verder moedig Hy juis nie gesprekke aan nie, maar beveel hulle dikwels om nie te praat nie.

2.5.4 Die mag van bose geeste

1. ie vierde vraag hang nou saam met die vorige een. Veral op die gebied van die okkultisme is daar ‘n vreemde houding. Die blote besit van byvoorbeeld ‘n Boeddha-beeldjie word deur sommige as uiters gevaarlik beskou. Allerlei dinge wat in ‘n mens se lewe verkeerd gaan, word maklik toegeskryf aan die mag wat die Boeddha oor ‘n mens kry as jy sy beeldjie besit. Die beeldjie moet dan ook dadelik vewyder word, dikwels met allerlei simboliese handelinge.
2. Reflekteer hierdie vrees ‘n oorwinnaarshouding waarmee hierdie stryd aangepak word? Of begin iemand wat op die kant staan, wens dat Jesus ook soveel mag gehad het? Dink daaraan: Jy steek net ‘n Nuwe Testamentjie in ‘n Boeddhistiese reisiger se tas weg en Jesus kry dadelik beheer oor sy/haar lewe! Hoe onderskei ‘n mens dit van magie en bygeloof? Is daar enige manier waarop ‘n blote beeldjie mag oor ‘n mens kan kry sonder dat ‘n mens op enige manier godsdienstig betrokke raak? Dink ‘n mens nie onwillekeurig terug aan die profeet wat spot met die magteloosheid van die beelde van afgode nie: “Dan slaan hulle die beeld met spykers vas dat hy nie omval nie” (Jes 41:7). Lees tog Jes 44:6-28. Moet dít nie die oorwinningsmentaliteit wees van iemand wat weet van Jesus se beslissende oorwinning nie? Sou dit nie die gees van hierdie profeet weerspieël as ‘n mens doelbewus so ‘n beeldjie van ‘n ander god op

jou tafel hou om elke dag in die Naam van Jesus daarna te kyk en te besef as jy hom nie ronddra nie, bly hy net daar staan? (Jes 46:1)

2.5.5 Eksegetiese vrae

1. Vyfdens is daar 'n aantal eksegetiese vrae wat seker nie van deurslaggewende belang is nie, maar tog minstens interessant is.
2. Sommige outeurs verstaan die Satan as die engel Lucifer wat uit hoogmoed in opstand teen God gekom het en só in sonde geval het. Hulle grond dit op Jes 14:13-14 en Eseg 28:17. Dit is egter nie verantwoorde eksegese nie omdat die konteks nie voldoende in ag geneem is nie. Jes 14:4-23 is deel van Jes 13-14:23 wat 'n oordeel oor die koning van Babel is. Jes 14:4-23 is duidelik 'n spotlied oor hierdie koning (v 4). Die verwysing na die feit dat hy nie begrawe sal word nie, en na sy seuns se voorgeslagte (18ev, 21ev) is verdere aanduidings dat dit om 'n mens gaan en nie 'n engel of demoon nie. Die feit dat van hom as die môrester gepraat word en dat hy homself wou verhef om aan God gelyk te wees, is nie vreemd aan die verering wat Nabye-Oosterse konings te beurt geval het nie.
3. Eseg 28 het dieselfde struktuur. Hierdie keer is dit 'n profesie (1-10) gevolg deur 'n treurlied teen die koning van Tirus (11-19). Behalwe dat hier nogal heelwat verstaans- en vertalingsprobleme is (onder andere v 12-13), is dit duidelik genoeg dat dit gaan om 'n mens wat homself verhef het tot die posisie van die gode (28:2,6). Omdat die koning en die koninkryk soms met mekaar vereenselwig word, word soms dinge van die koning gesê wat eintlik nie by 'n mens pas nie, maar dit is nogeens tipies van die tyd en kultuur.
4. Verder is daar 'n manier om ongenuanseerd ("plat") oor die duiwel te dink. Daar is min of selfs geen begrip van 'n ontwikkeling in die siening van Satan van die vroeër Ou Testament tot in die tyd van Jesus nie. Om te probeer verklaar waarom God nie die heerskappy en die werke van die duiwel sondermeer verbreek nie, word eenvoudig na Job verwys waarvolgens die Here die Satan sou toelaat om Job te teister. Terwyl die Here enige oomblik self die Satan se mag sou kon vernietig, het Hy dan nou maar eenmaal besluit om dit nie te doen nie maar mense te gebruik om hom te beveg. Dit is niks anders nie as die haglike standpunt dat God al die ellende op aarde kon verhoed, maar ongelukkig aan sy eie besluite gebonde is en nou maar eenmaal die ellende moet laat voortgaan. Tog sal 'n mens moet onthou dat die ondersteuners van Bevryding en Geestelike Oorlogvoering hierdie siening maar net so oorneem van ‘n eensydige albeskikkingsleer.

2.5.6 Triomfalisme?

Ondersteuners van hierdie beweging kom ook nie altyd los van 'n gesindheid van triomfalisme nie. In 'n gesaghebbende boek oor Geestelike Oorlogvoering kry 'n mens die volgende paragraaf: Vir tweeduisend jaar is die koninkryk van Satan teruggedryf en vervang deur die koninkryk van God sodat Satan nou, figuurlik gesproke, met sy rug teen die muur staan in die 10/40 venster ... Jesus se eerste inisiatief het 'n voortgaande massiewe offensief geword waaraan daar geen keer meer is nie (Wagner: *Confronting the Powers*, 126). Dat daar wonderlike nuwe sendinginisiatiewe is waarvoor ons maar net die Here kan dank, en waarby ons sterker betrokke moet raak, lei geen twyfel nie, maar dat ons dit nog daagliks verder verloor teen die wêreld, en dat daar na my beste wete ongelukkig relatief min vordering in die 10/40 venster gemaak word, is ongelukkig 'n ope geheim.

2.5.7 Kan Christene ook besete wees?

1. Kan gelowiges ook van die duiwel besete wees? Dit is ‘n bekende vraag, en die antwoord is skynbaar voor die hand liggend: As Christus in iemand is, kan die duiwel nie ook in hom/haar wees nie. Dit is egter ‘n verwarrende antwoord omdat ons ‘n ruimtelike kategorie gebruik (“in” en “beset”) om ‘n verhouding uit te druk. Ons skep dieselfde verwarring as ons letterlik bedoel dat Jesus “in ons harte woon.” Wat ons bedoel, is dat daar ‘n besondere verhouding tussen Hom en ons is.
2. Die vraag is dus eerder of, en in watter mate, die duiwel ‘n invloed op gelowiges se lewe kan hê. Daar is nie verniet verskillende begrippe wat in dié verband gebruik word nie. Iemand kan *besete* wees, onder die *mag* of onder die *invloed* van die duiwel wees, deur die duiwel *gebind* of *regeer* of *beheer* of *verlei* word, teen die duiwel *neerlae ly*.
3. Die verskillende terme beteken dat daar verskillende moontlikhede is. Daar is verskillende grade van die mag en invloed van die duiwel in iemand se lewe – in die lewe van Christene én in die lewe van persone wat nie Christene is nie. Wat Christene betref, lees ons in die Nuwe Testament dat ‘n ouderling in ‘n “strik” van die duiwel kan val, en dat die “teenstanders” wat gelowiges is) in die gemeente van Timoteus bevry moet word uit die “vangstrik” van die duiwel waarmee hy hulle “gevange” gehou het om sy wil te gehoorsaam (1 Tim 3:7; 2 Tim 2:26).
4. Daar is dus inderdaad verskillende grade van mag wat die duiwel oor gelowiges kan hê.

2.6 KONKLUSIE

2.6.1 Die meeste van die belangriikste teologiese uitgangspunte van die Bevrydingsbediening en Geestelike Oorlogvoering (2.4.1-2.4.3) het goeie Bybelse steun.

2.6.2 Wat bepaalde fasette van die praktyk betref, is daar 'n aantal huiweringe en vrae. Hierdie vrae raak ‘n belangrike teologiese uitgangspunt (2.4.4), en wel die vraag of ons nie in die praktyk van baie vorms van Geestelike Oorlogvoering met ‘n onaanvaarbare plus bo die Nuwe Testament te doen het nie. Dit is moeilik om kategories hieroor te wees omdat die vorm wat hierdie stryd aanneem, en die wyse waarop 'n mens

dit verwoord, wissel na gelang van 'n mens se teologie en veral jou spiritualiteit. Dit behoort 'n mens tot 'n mate van openheid en toegeeflikheid vir ander se sienings te motiveer. Dit geld te meer omdat hierdie verslag bloot teoreties na verskynsels kyk, terwyl die praktyk eintlik van deurslaggewende belang is. Daarom is die kritiek in hierdie verslag oop vir heroorweging in die lig van gesprekke en veral ervarings wat 'n leemte in ons spiritualiteit is. Dit verander egter niks aan die waarneming dat die praktyk van baie vorms van Geestelike Oorlogvoering en Bevryding duidelike tendense toon van 'n onaanvaarbare plus bo die Reformatoriese *solae*.

2.7 AANBEVELINGS: GEESTELIKE OORLOG-VOERING EN BEVRYDING

2.7.1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus oor die Bose en sy ryk, en sien met verlange uit na die finale vernietiging van die mag van Satan by die wederkoms van Christus.

2.7.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat die koninkryk van God nog nie in sy volle heerlikheid gekom het nie en dat ons dus nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die Bose en sy magte (onder andere Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en 52), en moedig alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees, en in die gees van die oorwinning van Jesus, ten volle by hierdie stryd betrokke te wees.

2.7.3 Die Algemene Sinode bevestig die teologiese onderbou van ons belydenis wat onder andere beteken dat ons die sogenaamde bonatuurlike karakter van die evangelie aanvaar wat die aktiwiteit van bose magte, die wonderwerke van Jesus, sy opstanding en wederkoms insluit. Ons het dus in terme van teologiese uitgangspunte heelwat in gemeen met sekere vorms van Geestelike Oorlogvoering en die Bediening van Bevryding.

2.7.4 Die Algemene Sinode spreek sy ernstige huiwering uit oor dit wat na ons mening in sommige vorms van Geestelike Oorlogvoering en Bevryding 'n opsigtelike plus is bo die wyse waarop eksorsisme in die Nuwe Testament beskryf word. Ons meen dat dit ver bo die sober gegewens van die Skrif uitgaan, en die algenoegsaamheid van die werk van Christus kan bedreig.

2.7.5 Die Algemene Sinode distansieer hom van die detail en werkwyse wat in sekere kringe aanvaar word soos die fyner besonderhede oor bose magte, die lang konfronterende gesprekke met bose magte, die magiese mag wat aan beelde en ander voorwerpe toegeskryf word, en die triomfalisme wat soms uitstraal.

2.7.6 Die Algemene Sinode is bewus van die feit dat daar in ons teologie en spiritualiteit min aandag aan hierdie sake gegee word, en dat die meeste van ons nie in staat is om mense met sulke probleme te help nie. Die sinode getuig daarvan dat verskillende kulture in ons land ons duideliker bewus gemaak het van die vrees vir bose magte wat baie mense se lewens oorheers, en moedig sy eie lidmate aan wat in hierdie konstekste werk om besondere aandag hieraan te gee.

2.7.7 Die Algemene Sinode gee opdrag aan Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om 'n studie te maak van die relasie tussen teologie, geloof en tydsgees waarin aandag gegee word aan sowel die hermeneutiese aansluiting as die kritiese konfrontasie. Die implikasies wat dit inhou vir sake soos ons Godsbeeld, mensbeeld, demonologie en wonders, moet aangetoon word asook die gevolge vir prediking en pastoraat ten opsigte van byvoorbeeld die bediening van bevryding en die gesprek met die tydsgees.

2.7.8 Die Algemene Sinode gee opdrag aan Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om voort te gaan met studie oor die bediening van bevryding en om die volgende Algemene Sinode te adviseer oor die wyse waarop mense met sulke probleme pastoraal gehelp kan word.

3. BUITENGEWONE MANIFESTASIES VAN DIE HEILIGE GEES

3.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om met inagneming van die omvattende problematiek rondom die gawes van die Gees 'n studie te maak van die sogenaamde buitengewone manifestasies van die Gees soos dit in die gemeentelike praktyk voorkom.

3.2 INLEIDING

3.2.1 Uitsprake oor die gawes van die Heilige Gees behoort vertolk te word met inagneming van die besondere situasie waarvoor die onderskeie geskrifte in die Bybel, waarin dit ter sprake kom, bedoel was.

3.2.2 Die wyse waarop die sogenaamde *buitengewone manifestasies van die Gees* in die gemeentelike praktyk voorkom, kan nie heeltemal los gesien word van die invloed van *die Charismatiese beweging*, waar hierdie sake 'n besonder belangrike rol speel nie. Daar was 'n tyd toe in Gereformeerde kringe daar redelik maklik aangesluit is by 'n baie ou standpunt wat reeds sedert die tweede eeu bestaan dat die buitengewone gawes alleen beperk is tot die tyd van die apostels. Dan word die buitengewone gawes van die Gees gesien as 'n tydelike toerusting van die kerk veral in die eerste fase van die uitbreiding van die kerk. Dit is nie die punt waarom dit hier gaan nie, aangesien daar – ook in Gereformeerde kring – nie meer algemeen aanvaar word dat die buitengewone gawes beperk is tot die tyd van die vroeë kerk nie. Dit kom in die bespreking verder aan duidelik na vore dat die gawes van die Gees aan die

hele gemeente gegee is en nie net aan die apostels of hulle helpers nie.

3.3 DIE GEES IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

3.3.1 In die *Ou-Testamentiese tyd* was die Gees van die Here vaardig oor indiwidue soos Simson, Saul of Esegiël (vgl. byvorbeeld. Rigt 14:6, 19; 1 Sam 10:10; Eseg 1:2). Hy het spesiale gawes aan mense soos Besaliël geskenk om voorwerpe vir die tent van ontmoeting te maak (Eks 35:30-31).

3.3.2 Volgens Lukas vergestalt Jesus op 'n sigbare wyse die *nuwe era van die Gees* tydens sy aardse optrede (Luk 4:18-19; Hand 2:22; 10:38). Na sy hemelvaart word die kerk op Pinksterdag toegerus met die buitengewone krag van die Heilige Gees (Hand 2:17-39). Nou is mans en vrouens, oud en jonk, bekragtig met die buitengewone teenwoordigheid van die Gees om Christus se gevolmagtigde verteenwoordigers op aarde te wees.

3.3.3 Voor daar verder op die buitengewone gawes gelet word, moet 'n mens onthou dat wat oor die buitengewone gawes gesê word, steeds in die breër verband staan van die *omvattende werk van die Heilige Gees, die algemene gawes van die Gees en veral ook die vrug van die Gees* (Gal 5:22). Trouens, juis in 1 Kor 13 (wat tussen 1 Kor 12 en 14 waar so uitvoerig oor die besondere gawes gepraat word) word die beste genadegawes (1 Kor 12:31) aan die gemeente voorgehou as blywender as die buitengewone gawes – en juis die liefde (die eerste vrug van die Gees) oortref al die buitengewone gawes.

3.4 DIE GENADEGAWES VAN DIE GEES

3.4.1 Dit is veral Paulus wat dikwels melding maak van die sogenaamde Geestesgawes (bv Rom 12:4-8; 1 Kor 12-14; Ef 4:7-16). Hy gebruik veral twee Griekse terme in dié verband, te wete, *pneumatika* en *charismata*. In 1 Kor 14:1 en 12 word *pneumatika* (in die meervoudsvorm) gebruik ter verwysing na die geskenke of gawes wat die Gees aan gelowiges gee (vgl ook 1 Kor. 2:13 en 12:1). Hiermee word waarskynlik die aksent geplaas op die Gees as die oorsprong van die gawes. Paulus verkies egter die term *charisma* (*charismata* in die meervoud) wanneer hierdie gawes van die Gees ter sprake is. Dit word trouens 16 keer in sy briewe gebruik. Ongetwyfeld hou genoemde term verband met die naamwoord *charis*, oftewel genade. *Charismata* kan daarom vertaal word met begrippe soos "genade-geskenke" of "genadegawes."

3.4.2 Ten diepste dui hierdie terme daarop dat God die Outeur van alle gawes is. Geen menslike verdienste is hier op die spel nie. God gee gawes uit loutere goedheid soos wat Hy wil en aan wie Hy wil! Opvallend is dat Paulus selfs die ewige lewe wat God uit genade aan alle gelowiges skenk ook 'n *charisma* noem (Rom 5:15; 6:23). Sy eie apostoliese bediening is ook 'n *charisma* (2 Kor 1:11).

3.4.3 In die lig van die gebruik van *pneumatika* en *charismata* by Paulus wil dit dus voorkom asof laasgenoemde begrip 'n sambreëlterm is vir al God se gawes waarom die klem veral op die geskenkkarakter van hierdie gawes val, terwyl *pneumatika* weer die klem veral laat val op die Gees as Gewer van die gawes.

3.5 1 KORINTHIËRS 12-14

Uit die konteks van 1 Kor 12-14 blyk dit dat die funksionering van die *charismata* 'n omstrede saak in Korinte was. Veral *glossolalie* (die uitspreek van vreemde klanke/tale) was problematies (12:1). Dit het blykbaar gepaard gegaan met ekstatiese ervarings (12:3), wat bygedra het tot onderlinge kompetisie onder gelowiges in Korinte. Persone wat hierdie ekstatiese klanke tydens die gemeente se gesamentlike byeenkomste voortgebring het, het waarskynlik vir hulleself 'n verhoogde geestelike status opgeëis ten koste van ander Christene. In sy reaksie op hierdie problematiek plaas Paulus die *pneumatika* van die gelowiges in Korinte (12:1) binne die breër konteks van die *charismata*, te wete, God se oorkoepelende geskenke aan alle gelowiges. Hierdeur maak hy dit duidelik dat alle gawes hulle oorsprong in God se genade het.

3.6 DIE GAWES AS GODDELIKE GESKENKE AAN ALLE GELOWIGES AS LIGGAAM VAN CHRISTUS

3.6.1 Volgens Paulus het elke gelowige 'n *charisma* (1 Kor 7:7), alhoewel genoemde gawes onderling van indiwidu tot indiwidu verskil. Paulus maak gebruik van die beeld van 'n liggaam om die uniekheid en verskeidenheid van die gawes in diens van die eenheid, oftwel die een liggaam, duidelik te maak (1 Kor 12:14-21). Die een kerk van Christus bestaan uit baie ledemate (individuele gelowiges met verskillende gawes) wat elkeen afsonderlik die geheel moet dien (12:12, 20, 27). Die verskillende gawes dui dus nie op verskeurdheid binne die liggaam van Christus nie (12:25). Alle gelowiges met hulle verskillende gawes is volledig deel van Christus se liggaam vanweë hulle inlywing in die kerk deur die een Gees (12:12, 13).

3.6.2 In Rom 12:4-6 word die term *praxis* "funksie" as sinoniem met *charisma* gebruik. Die *charisma* is die individuele lid se bydrae tot die werking van die liggaam. Die hele liggaam funksioneer dus op charismatiese wyse. In 1 Kor 12:4-6 gebruik Paulus nog sinonieme. Daar is sprake van die "verskeidenheid van genadegawes" *charisma* (4), die "verskeidenheid van bedieninge" *diakonia* (5), en die "verskeidenheid van kragtige werkinge" *energema* (6). Die aard van die genadegawes is dat dit deur die krag van God se Gees gewerk word en dat dit tot diens van die res van die liggaam is.

3.6.3 Die Gees gee *charismata* aan gelowiges soos wat Hy wil (12:11). Gelowiges word geplaas binne die liggaam van Christus waar die Gees dit wil (12:18). Daar bestaan verskillende soorte gawes, waarvan die volgende kategorieë hier ter sake is:

*1 "Pedagogiese" gawes, wat veral manifesteer in die

gawes van "wysheid" en "kennis" wat in Korinte verkeerd gebruik is en tot geestelike hoogmoed aanleiding gegee het (1 Kor 8:1). Wanneer hierdie gawes reg gebruik word, as 'n God-gegewe insig in sy verborge wyshede (Ef. 3:10-11; Kol 1:9), lei dit opbou van die kerk.

*2 "Woord-gawes," wat verband hou met die mondelinge kommunikasie van God se wil aan gelowiges. Funksies binne die vroeë kerk, soos herders, evangeliste, leraars, ouderlinge, beskik oor hierdie gawes (1 Kor 12:28-31; 14:3-5, 29-32; Ef 4:11; 1 Tim 4:14; 2 Tim 1:6).

*3 "Buitengewone kragte", wat manifesteer in dade van diens, barmhartigheid (Rom 12:2-8), wonderwerke en genesings (1 Kor 12:9, 28-30).

3.6.4 Wat verder opval is dat die heel *gewone* en die meer *buitengewone* gawes saam in die verskillende lyste van gawes voorkom. Die genadegawe se ware kenmerk kom daarin na vore dat dit 'n gawe uit genade is, en nie of dit gewoon of buitengewoon van aard is nie. Verder kom die onderlinge afhanklikheid van verskillende gawes ook goed uit in die noue verband in 1 Kor 12:10 tussen "die gawe om God se boodskap te verkondig" (profesie) en die "gawe om tussen die geeste te onderskei", asook "die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik" en die gawe "om dit uit te lê" (1 Kor 12:10).

3.6.5 Die verwysing na sommige genadegawes is redelik vaag en nie afgegrens nie. Daar is dus kennelik 'n wye reeks van genadegawes van die woord en genadegawes van optrede wat in die verskillende lyste voorkom en die lyste is ook nie bedoel om volledig te wees nie. Die Gees gee aan elke lid van die liggaam afsonderlik 'n werking van die Gees (1 Kor 12:7) – dus elke lid van die liggaam is 'n aktiewe lid wat sy/haar Geesteswerking tot voordeel van almal aanwend. Daar is dus nie 'n onderskeid tussen funksionerende en nie-funksionerende lede van die liggaam nie, en Paulus onderskei ook nie tussen charismatiese en nie-charismatiese dienste nie. Daar mag dus ook nie gedink word dat sekere genadegawes minder belangrik as ander is nie (1 Kor 12:21). Juis die verskeidenheid van lede met hulle onderskeie genadegawes gee gestalte aan die eenheid van die liggaam.

3.6.6 Die wyse waarop na die genadegawes verwys word, benadruk ook die gebeure-karakter van die genadegawes. Dit beteken dat in die lyste van 1 Kor 12, Rom 12 en Ef 4 die klem sterker val op die genadegawes van leiding te gee, te help, barmhartigheid te bewys ens as op die onderskeie ampte as sodanig. Maar dit beteken nie dat daar 'n teenstelling tussen die genadegawes en die instellings (ampte) van die kerk gemaak kan word nie.

3.6.7 Dit is dus ook duidelik dat nie alle genadegawes netso in al die verskillende lyste voorkom nie. Dit hang saam met die verskille in die verskillende gemeentes waarvoor Paulus geskryf het. Dit beteken ook dat ons wat in heel ander sosiale en kulturele omstandighede leef as daardie eerste Christene (wie se omstandighede onderling self al so verskillend was) daarteen moet waak om te meen dat ons gemaklik die beskrywing van genadegawes deur Paulus netso na ons eie situasies kan oordra.

3.7 KRITERIA VIR DIE REGTE FUNKSIONERING VAN DIE GAWES

3.7.1 Vir Paulus is die regte funksionering van die gawes van die Gees veel belangriker as die blote besit daarvan deur indiwidue binne die kerk. Samevattend sou die volgende kriteria in dié verband vanuit 1 Kor 12-14 uitgelig kon word:

*1 Die belydenis dat Christus die Here is (12:1-3). Elke persoon wat 'n gawe van die Gees het, sal Christus as *Kurios* van sy/haar lewe bely.

*2 Die voordeel-beginsel (12:7). Gawes moet te alle tye aangewend word tot voordeel van ander gelowiges.

*3 Diens. Alle indiwiduele gawes staan in diens van die liggaam van Christus (12:14vv). Die geheel moet gedien word deur die afsonderlike ledemaat (= gawe). Diakonale gawes (1 Kor 12:5) sluit in die bewys van gasvryheid aan vreemdelinge (veral medegelowiges); die gee van geld en lewensmiddele aan armes; bystand aan siekes, ens. (Rom 12:7-8, 13; 1 Kor 12:28)

*4 Opbou. Die belangrikste funksie van die onderskeie gawes is dat dit ander gelowiges se geloof in Christus moet versterk (1 Kor 14:3,4 – 2x, 5, 12, 17, 26).

*5 Orde (1 Kor 14:17-28). Volgens Paulus is orde geleë in die wese van God. Omdat God 'n God van orde is (14:32) moet die gawes wat Hy gee ook op 'n ordelike wyse aangewend word - tot voordeel van ander en nooit vir persoonlike gewin nie.

*6 Liefde (1 Kor 13). Dis van besondere belang dat die hoofstuk oor die liefde juis tussen 1 Kor 12 en 14, waarin so uitvoerig aan die genadegawes aandag gegee word, geplaas is. Dit onderstreep dat selfs die beoefening van charismatiese bedienings soos die gebruik van ongewone tale, en die gawe om God se boodskap te verkondig, die gawe van geloof (1 Kor 12:9) om berge te versit liefdeloos kan geskied (1 Kor 13:1-3). Wat die liefde is, word in 13:4-7 verder omskryf. Volgens 13:8-13 is die liefde van groter waarde en blywender as enige van die genadegawes van die Gees. In Gal 5:22-23 word liefde as die eerste vrug van die Gees genoem.

3.7.2 Die egtheid van die gawes is vir Paulus grootliks afhanklik van die regte aanwending daarvan aan die hand van bogenoemde, en enkele ander kriteria wat hy in sy briewe uitspel. Wanneer indiwidue hulle gawes nie aan die hand van hierdie kriteria gebruik nie, moet hulle ophou om dit te gebruik. So eenvoudig soos dit! Want dan dra hulle nie tot die opbou van die kerk by nie. Gawes moet deurentyd as *Goddelike-genade-in-aksie* gesien word waardeur

God se krag deur die indiwiduele ontvangers na die geloofsgemeenskap toe vloei om hulle te dien en op te bou. Wanneer die gawes verkeerd verstaan word, lei dit tot 'n devaluasie van die sentraliteit van Christus in die kerk, maar ook tot selfsug, vertoon en hoogmoed.

3.7.3 Die toetssteen vir die korrekte gebruik van die gawes is die liefde (1 Kor 13). Sonder die aanwesigheid van *agape*, is die gebruik van die gawes waardeloos. God se liefde lei tot diens aan ander en tot opbou van medegelowiges.

3.7.4 Kenmerkend van die "regte aanwesigheid" van die *charismata* in die lewe van indiwiduele ontvangers daarvan, is dat dit voortdurend die soeklig verskuif vanaf hierdie indiwidue na die liggaam van Christus wat hierdeur gedien moet word. Daar mag onder geen omstandighede wedywering tussen gelowiges bestaan ten opsigte van die praktiese funksionering van die gawes nie. Daar bestaan immers geen natuurlike rangorde van gawes nie (alhoewel sekere gawes vir Paulus ongetwyfeld op funksionele vlak van veel groter nut vir die opbou van die kerk is as ander. Daarom dat hy glossolalie byvoorbeeld as van minder belang as profesie in 1 Kor. 14 beskou. Glossolalie bou gewoonlik net die indiwidue op wat dit beoefen, terwyl die bekendmaking van God se wil ander gelowiges ook opbou.)

3.8 KONKLUSIE

3.8.1 Wanneer daar sprake is van die sogenaamde buitengewone gawes in die kerk vandag, dan moet dit telkens getoets word aan die verskillende kriteria wat die Woord self in hierdie verband neerlê. Die aanwesigheid van die Gees se werkinge lei altyd tot die versterking van Christene se geloof, soos wat dit duidelik in die Skrif uitgestippel word. Diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle oor genoemde gawes beskik, sal sodoende in 'n gesindheid van nederigheid ander gelowiges ten dienste wees. Hulle sal nie daarop aanspraak maak dat hulle gawes belangriker is as dié van ander gelowiges is, of verskillende geloofsgemeenskappe teen mekaar afspeel (die sogenaamde "ware" gelowiges versus die "dooie/vleeslike" gelowiges) nie. Gawes is deurentyd diens-gerig en opbou-gerig. Dit bou ander se geloof op. Waar dit nie gebeur nie, word "gawes" verkeerd gebruik. Dan moet die aanwending daarvan summier gestaak word.

3.8.2 Waar die teenwoordigheid van bepaalde "gewone" en "buitengewone" gawes, al mag dit op die oog af vreemd voorkom, voldoen aan al die kriteria wat die Skrif neerlê, dan mag die gebruik daarvan nie verhinder word nie. Wysheid en 'n goeie dosis kennis van die Skrif is egter hier ter sake.

3.8.3 Dan kan die kerk haar ook verheug oor die genadegawes waarmee die kerk gedien en gebou kan word en wat 'n besondere bydrae kan lewer tot die entoesiasme, vreugde, warmte, liefde, lof en aanbidding in die gemeente.

3.9 AANBEVELINGS: MANIFESTASIES VAN DIE HEILIGE GEES

3.9.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die buitengewone gawes van die Gees nooit sonder die vrug van die Gees tot opbou van die gemeente kan dien nie, en dat ons nie moet onderskei tussen "buitengewone" en "gewone" gawes asof die een groep gawes belangriker is as die ander nie.

3.9.2 Die Algemene Sinode onderstreep die feit dat die een kerk as liggaam van Christus bestaan uit baie ledemate, indiwiduele gelowiges aan wie die Heilige Gees verskillende gawes uitdeel en wat elkeen afsonderlik ander lidmate moet dien.

3.9.3 Die Algemene Sinode beklemtoon die feit dat alle gawes en dienste in die kerk as liggaam van Christus charismaties van aard is. Dit is die Gees self wat hierdie verskillende genadegawes aan die onderskeie lede van die liggaam gee. Daar kan dus nie onderskei word tussen charismatiese en nie-charismatiese gawes en dienste in die kerk nie.

3.9.4 Die Algemene Sinode wys daarop dat die heel *gewone* en die meer *buitengewone* gawes van die Gees eweseer charismata, genadegawes van die Gees is. Die genadegawe se ware kenmerk kom daarin na vore dat dit 'n gawe uit genade is, en nie of dit gewoon of buitengewoon van aard is nie. Die Sinode verklaar derhalwe dat daar ook nie 'n teenstelling tussen die genadegawes en die instellings (ampte) as gawes van die Gees aan die kerk gemaak kan word nie.

3.9.5 Die Algemene Sinode wys verder daarop dat in die nadenke van die kerk oor die gewone en buitengewone genadegawes van die Gees daar rekening gehou moet word met die feit dat die lyste in Rom 12, 1 Kor 12 en Ef 4 die besondere omstandighede van daardie gemeentes weerspieël en nie as 'n bloudruk vir alle omstandighede en kontekste kan dien nie. Die kerk sal dus steeds in afhanklikheid oop moet wees vir die leiding van die Gees deur die Skrif en ander gawes van die Gees in nuwe en wisselende omstandighede.

3.9.6 Die Algemene Sinode verklaar dat die voorkoms van sogenaamde buitengewone gawes in die kerk vandag telkens getoets moet word aan die verskillende kriteria wat die Woord self in hierdie verband neerlê:

***1 die belydenis dat Christus die Here is**

***2 die van ander gelowiges**

***3 diens aan die liggaam van Christus en die naaste**

***4 opbou van die kerk**

***5 orde**

***6 liefde as samevatting van die vrug van die Gees**

3.9.7 Die Algemene Sinode neem met

dankbaarheid kennis van die voorkoms van genadegawes van die Gees wat beantwoord aan die kriteria van die Woord en waarmee die kerk gedien en gebou kan word en wat 'n besondere bydrae lewer tot die entoesiasme, vreugde, warmte, liefde, lof en aanbidding in die gemeente.

4. DOOPVIERING

4.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om die verskynsel van 'n doopviering te ondersoek wat reeds vir jare gevestig is in bepaalde kerke met 'n gereformeerde belydenis.

4.2 WAT IS DOOPVIERING?

4.2.1 Alhoewel die meeste lidmate van die NG Kerk nie vertroud is met die term "doopviering" nie dui dit op 'n saak wat wel aan hulle bekend is. Hulle kom telkens by geleenthede van doopbediening daarmee in aanraking wanneer die doopouers eers na die voorlees van die formulier opgeroep word om voor die kansel te verskyn. Die bedoeling van hierdie reëling is dat die doopformulier aan die hele gemeente voorgehou word sodat lidmate in herinnering kan roep dat hulle ook eenmaal gedoop is en dat so die geldigheid van die heilswerk van Christus waarvan die doop 'n teken is, aan elkeen van hulle persoonlik bevestig is. Dit behoort tot die blywende betekenis wat die doop vir die versterking van ons geloofslewe het dat ons telkens weer in herinnering kan roep dat ons self ook gedoop is.

4.2.2 Aan hierdie gegewe word in verskillende tradisies op verskillende maniere uitdrukking gegee. Volgens 'n ou Rooms-Katolieke tradisie word tydens die pinksterfees die hele gemeente met wywater besprinkel met die oog op 'n herbelewing en viering van hulle doop terwyl daar Lutherse gemeentes is wat vroeg op die paassondag 'n diens hou waar gelowiges die feit vier dat hulle gedoop is. By hierdie geleentheid word in die prediking gekonsentreer op die betekenis wat die doop as vereniging met die dood en opstanding van Christus vir die geloofslewe kan hê. In antwoord hierop wy die lidmate opnuut hulle lewe aan Christus.

4.2.3 Die doopviering wat vir ondersoek aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake opgedra is, word aangedui met die kwalifikasie dat "dit reeds vir jare gevestig is in bepaalde kerke met 'n gereformeerde belydenis". Met hierdie formulering word in onlangse teologiese publikasies 'n besondere soort doopviering aangedui. Dit verwys na 'n tipe plegtigheid wat, byvoorbeeld, by die Presbiteriaanse kerk in Nieu-Seeland in gebruik is. Hierdie seremonie is spesifiek ontwikkel om voorsiening te maak vir lidmate wat as kinders gedoop is, maar sedertdien nie tot 'n persoonlike verhouding met die Here gekom het nie of in hulle geloofsywer verflou het en op 'n later stadium tot bekering kom en die behoefte voel om herdoop te word. Die plegtigheid waarvan hier sprake is, word dan so ingerig dat die betrokkenes, as onderdeel daarvan, in water onderdompel word. Die formulier wat by hierdie geleentheid gebruik word, beklemtoon doelbewus dat dit nie om herdoop gaan nie maar om 'n herdenking en viering van hulle oorspronklike doop.

4.2.4 Die mense wat aan hierdie tipe seremonie deelneem, is mense wat in die vermelde omstandighede probleme ontwikkel het met die kinderdoop omdat hulle uiteraard nie toe die geleentheid gehad het vir 'n bewuste persoonlike beslissing tot geloof in Christus nie. In plaas daarvan om herdoop te word, word daar in die Nieu-Seelandse model vir die behoeftes en probleme van die betrokke lidmate voorsiening gemaak met 'n plegtigheid wat aan die doop herinner en selfs op die doop lyk maar nie 'n tweede doop is nie.

4.2.5 Om die situasie waar dit hier om gaan so noukeurig as moontlik te peil en die moontlike implikasies wat die toepassing van 'n dergelike prosedure in die NG Kerk sou kon hê, te oorweeg, moet in gedagte gehou word dat die lidmate vir wie die Nieu-Seelandse model bedoel is, mense is wat die invloed van die charismatiese beweging ondergaan het.

4.3 DIE BRUIKBAARHEID VAN 'N DOOPVIERING IN DIE NG KERK

4.3.1 Die aandag is reeds daarop gevestig dat die gedagte van 'n doopviering as sodanig nie vreemd is aan die NG Kerk nie. Daar is 'n element daarvan by elke doopsbediening aanwesig terwyl dit met die nodige liturgiese kreatiwiteit by belydenisaflegging, nagmaalsviering en selfs by pinksterbidure in meerdere of mindere mate tot uitdrukking gebring kan word. Die vraag is egter of hierdie elemente van doopviering genoegsaam is om die probleme te hanteer van lidmate wat blootstelling het aan 'n charismatiese spiritualiteit en of daar eerder gedink moet word aan die implementering van 'n Nieu-Seeland tipe doopviering.

4.3.2 Die beswaar teen die model uit Nieu-Seeland is dat simboliese handelinge wat deur eeue 'n sekere betekenis gekry het, beswaarlik opeens herinterpreteer kan word. As 'n persoon 'n tweede doophandelinge ondergaan, kom dit te naby aan 'n tweede doop. Herdoop moet ons afwys.

4.3.3 'n Verdere gesigspunt waarmee rekening gehou moet word, is dat op enkele uitsonderings ná, verskille aangaande die doop, saamhang met verskille in spiritualiteit. Wanneer die Nieu-Seeland model doelbewus probeer om 'n kompromis-oplossing te vind vir die ou teenstelling tussen kinderdoop en grootdoop, is dit terselfdertyd ook 'n poging om twee verskillende spiritualiteite te versmelt naamlik die Gereformeerde en die charismatiese. Hierdie verskillende spiritualiteite lê nie slegs op 'n belewingsvlak nie maar gaan gepaard met verskillende maniere van omgaan met die Bybel en selfs met verskillende aksente in die manier waarop

die heil verstaan word. 'n Gemeenskaplike doopviering kan pas moontlik wees wanneer 'n fundamentele verstandhouding tussen verteenwoordigers van hierdie spiritualiteite gevind is. Dat dit sinvol is om aan so 'n verstandhouding te werk, word daardeur moontlik gemaak dat die NG Kerk tradisioneel daarna strewe om die geloofs-dimensies van leer, ervaring en lewe in 'n Bybelse en reformatoriese balans met mekaar te hou.

4.4 KONKLUSIE

4.4.1 Dat dit belangrik is dat 'n mens steeds jou doop in herinnering roep, ly geen twyfel nie. Die gebruiklike geleenthede van doopsbediening, nagmaalsviering, belydenisaflegging en selfs die pinksterbidure bied ruim geleentheid om hierdie aangeleentheid tot sy reg te laat kom. Dit sou egter sinvol wees as daar van sinodale kant duideliker leiding in hierdie verband aan gemeentes gegee word.

4.4.2 Die ervaringsmatige grondtendens van die he-dendaagse kultuur wat eerder 'n charismatiese tipe spiritualiteit as 'n gereformeerde verstaan van die evangelie en die geloofslewe begunstig, stel die tradisioneel Gereformeerde oriëntasie en bedieningstyl van die NG Kerk voor fundamentele vrae en uitdagings. Dit is nie maklik om 'n charismatiese spiritualiteit met sy klem op die belewing van die mens probleemloos met 'n Gere-formeerde spiritualiteit wat leef uit 'n beklemtoning van die krag van die gepredikte beloftes van God aan mekaar te heg sonder om die belydenisgrondslag van die kerk in die gedrang te bring nie. Daarom sal dit nie haalbaar wees om die Nieu-Seelandse doop-vieringsmodel in te voer nie.

4.5 AANBEVELINGS

4.5.1 BETEKENIS VAN DIE DOOP - die Algemene Sinode roep gemeentes op om sowel in die liturgie as in die pastoraat kreatief na moontlikhede te soek om uitdrukking te gee aan die blywende betekenis van die doop vir die geloofslewe.

4.5.2 WYSES VAN DOOPHERDENKING - die Alge-mene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om in oorleg met die AKG en die AKE konkrete voorstelle oor geleenthede en wyses van doopherdenking aan gemeentes beskikbaar te stel.

4.5.3 TWEEDE DOOP - die Algemene Sinode beveel aan dat doopvieringsmodelle wat as 'n tweede doop misverstaan kan word, vermy word.

4.5.4 CHARISMATIESE SPIRITUALITEIT - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na maniere waarop blootstelling van NG Kerklidmate aan 'n charismatiese spiritualiteit op 'n konfessioneel en pastoraal verantwoorde wyse vanuit Gereformeerde oriëntasie hanteer kan word.

4.5.5 REDES WAAROM LIDMATE KERK VERLAAT - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na die leerstellige redes waarom lidmate die kerk verlaat en die Sinode te adviseer oor maniere om daarop te reageer.

5. GESAG VAN DIE SKRIF

5.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om opnuut 'n duidelike standpunt oor die gesag van die Bybel as die Woord van God te formuleer.

5.2 AGTERGROND

5.2.1 Tydens die sitting van die Algemene Sinode van 1986 is die verslag **Skrifgesag en Skrifgebruik** sonder teenstem aanvaar. Sedertdien het die debat oor die Bybel egter eerder toegeneem as afgeneem. Met name die **menslike** karakter van die Skrif as Woord van God, skep heelwat probleme. Sommige vrees dat hierdie aksent die gesag van die Bybel as Woord van **God** mag ondermyn.

5.2.2 Die huidige verslag is nie bedoel as 'n vervanging van **Skrifgesag en Skrifgebruik** nie, maar as aanvulling en verdere verduideliking daarvan. In die lig van die omvang van die problematiek en die totaal onoorsigtelike hoeveelheid ter sake literatuur, is die pretensie hoegenaamd nie om 'n omvattende behandeling van die problematiek te bied nie. Dit is wel 'n poging om groter klaarheid te bring en sodoende 'n sinvoller gesprek moontlik te maak.

5.3 GESAG VOLGENS DIE BYBEL

5.3.1 Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat wanneer ons praat oor die gesag **van** die Bybel, ons mag werk met 'n gesagsbeskouing wat in stryd is met die siening van gesag **volgens** die Bybel. Die gesag van die Bybel kom ook daarin tot uitdrukking dat dit uiters krities staan teenoor wat dikwels vir gesag in die samelewing deurgaan.

5.3.2 Nie slegs uit enkele losstaande tekste nie (bv Rom 13:1,2,4), maar uit die Skrif as geheel is dit duidelik dat in die finale instansie alleen **God** oor gesag beskik. Alle persone en instellings wat ook op gesag aanspraak mag maak, besit dit alleen in 'n afgeleide sin. Dit geld die keiser en die kerk, die pous en die predikant, die apostels en die profete, die sakramente en ook die Skrif. Goddelike verering van enigiets en enigiemand behalwe God self, word verbied deur die heel eerste gebod. Daarom het die Reformasie afwysend gestaan teenoor goddelike verering van die verselfstandigde menslike "natuur" van Jesus (**Jesulatrie**) soos dit by voorbeeld na vore kom in die aanbidding van sy "heilige hart". Ook teenoor die verering van godsdienstige relikwieë word 'n kritiese standpunt ingeneem, terwyl geensins gunstiger geoordeel word oor goddelike verering van die Bybel as boek (**Bibliolatrie**) nie. **Soli Deo Gloria** (aan God alleen die eer) is die mees sensitiewe senuwee van die gereformeerde geloof.

5.3.3 Daarmee word nie ontken dat daar inderdaad ook afgeleide gesag bestaan nie. In die uitoefening van sy gesag maak die Drie-enige God gebruik van mense en middele. Die apostels en profete is sulke mense; Skrif en sakramente is sulke middele. Net so min as wat die brood en die wyn verander in Christus se liggaam en bloed, net so min hou die Skrif op om gewone mensewoorde te wees ten spyte van die feit dat **deur** hierdie mensewoorde, die Woord van God tot ons kom. Die beskuldiging van die Spiritualiste dat die Reformasie die Roomse Pous net maar verruil het vir 'n Protestantse Papierpous, dui op 'n wesentlike gevaar, maar berus op 'n volledige misverstand. Juis in die tyd van die Reformasie, kom die leer van die Heilige Gees sterk na vore.

5.3.4 Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid (2 Kor 3:17). Gesag **volgens** die Bybel, en derhalwe ook die gesag **van** die Bybel, is geensins die dwang van 'n tiran nie, maar die "sagte geweld" van die Gees. Gods Gees oorrompel nie, maar oorreed. Dit verg nie van ons 'n gewelddadige – en daarom oneerlike - opoffering van ons denke as skepping van God nie, maar wel die kruisiging van ons gevalle, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie. Die Heilige Gees skakel nie die menslike verstand uit nie, maar in. Die Gees maak ons nugter en leer ons om ons verstand verstandig te gebruik. Die oorsaak van ons ellende is immers nie ons baie (of min) verstand nie, maar ons gebrek aan gesonde verstand. Die Gees van God gebruik die Woord om ons te oorreed om God lief te hê met ons hele hart, siel, én verstand. Hierdie liefde sluit ons totale wese, ook ons intuïsie, emosie en verbeelding, in. Die onweerstaanbaarheid van God se genade is nie die onpersoonlike onweerstaanbaarheid van byvoorbeeld die wet op swaartekrag nie, maar die persoonlike onweerstaanbaarheid van 'n geliefde. Hierdie liefde maak ons nie blind nie, maar heldersiende. Deur die boodskap van die Bybel lê die Gees beslag op ons en maak ons sodoende vry.

5.4 WOORD VAN GOD IN MENSEWOORDE

5.4.1 In die Bybel as menslike boek, kom die boodskap van God tot ons in die gestalte van mensewoorde. Weliswaar deur die **Heilige Gees** gedrywe, was dit tog **mense** wat gespreek het (2 Pet 1:21). Vanuit 'n spesifieke perspektief kan AA Van Ruler die **gawe van die Gees** 'n selfs groter wonder noem as die **Vleeswording van die Woord**. Terwyl die Woord in Christus **sondelose** vlees word, kom woon die Gees in ons **sondige** vlees. Dit geld ook die Bybelskrywers. Geïnspireer deur die Gees het hulle nie opgehou om mense te wees nie; hulle het selfs nie opgehou om **sondige** mense te wees nie. Hierdie menslike karakter van die Skrif is 'n waarheid wat ons nie tandeknersend moet toegee nie, maar waaroor ons ons moet verheug. Die blote bestaan van die Bybel as boodskap van God, is op sigself reeds 'n heenwysing na die inhoud van die Blye Boodskap: dat God in sy grondelose genade neerdaal na swakke sondige mense, soveel so dat Hy in Christus volkome een **met** ons geword het deur een **van** ons te word. Selfs oor die menslike "foute" in die Bybel, moet ons voel soos oor die littekens in Jesus se hande en voete. Alreeds die **vorm** van die Bybel verwys na sy **inhoud** waarvan die Gekruisigde die kern is (Joh 8:36; 1 Kor 2:2).

5.4.2 Dat die Bybel volgens moderne standaarde nie voldoen aan wetenskaplike eksaktheid nie, is so vanselfsprekend dat dit verbasend is dat daaroor nog debat gevoer word. Die mosterdsaad is beslis nie die kleinste van alle saad nie (Mark 4:31), maar is nog steeds so klein dat dit werklik onnodig is om daaroor te struikel. Aan die anderkant is die heelal weer heelwat groter (en anders) as die drie-verdieping skepping (Eks 20:4), wat die gangbare siening van destyds weerspieël. Daaruit blyk dat die Woord van God nie bo die werklikheid sweef nie, maar konkreet word in 'n spesifieke tyd en konteks. Juis in hierdie wetenskaplike "swakheid" is die teologiese krag van die Woord geleë. As dit nie in die Bybelse wêreld konkreet ("vlees") kon word nie, sou dit ook nie vandag met ons kon praat nie, want oor 50 jaar is die wetenskap nog weer verder gevorder.

5.4.3 Klaarblyklik maak die Bybel ook geen aanspraak op historiese eksaktheid nie. In Handelinge 9:7 hoor Paulus se metgeselle 'n stem, maar sien niks nie; volgens Handelinge 22:9 het hulle die lig gesien, maar niks gehoor nie. Die weergawes van Judas se dood in Matt 27:3-10 en Hand 1:16-19 verskil so drasties dat dit duidelik is dat daar verskillende tradisies oor hierdie gebeure bestaan het. Volgens 1 Sam 17 het Dawid vir Goliat gedood terwyl die daad in 2 Sam 21:19 aan Elganan toegeskryf word. Reeds in 1 Sam 16 word vertel hoedat Dawid vir Saul op die lier speel, maar nadat Dawid vir Goliat verslaan het (1 Sam 17), ken Saul hom van geen kant nie (1 Sam 17: 55- 57). In Matt 27: 9v. word Sag 11: 12v. aangehaal, maar die outeur skryf dit toe aan die profeet Jeremia (vergelyk Jer 32: 6-9). Die voorbeelde kan eindeloos vermeerder word (soos byvoorbeeld die verskillende weergawes van dieselfde gebeure deur die vier evangelies), maar dit is onnodig. Die bewering dat in die oorspronklike manuskripte geen teenstrydighede sou wees nie, help ons nie verder nie, want vir ons is die geloofwaardigheid van die beskikbare Bybel deurslaggewend. En bowendien kan hierdie historiese "teenstrydighede" dikwels verduidelik word vanuit die **boodskap** wat die betrokke outeur wil oordra.

5.4.4 Matteus wil byvoorbeeld aantoon dat Jesus as nakomeling van Abraham en “seun van Dawid” (sien die geslagsregister van Matt 1), die Joodse Messias en Representant van die volk van God in die Ou Testament is. Hy suggereer dit ook deur die wyse waarop hy sy stof in hoofstukke 2 tot 5 in ooreenstemming met die volgorde in Eksodus, kronologies rangskik. In Matt 2 gaan Jesus, soos

Israel in die Ou Testament, skuiling soek in Egipte. Wanneer Hy (saam met sy ouers) terugkom, sien Matteus dit as 'n “vervulling” van die woorde van Hosea 11: 1 ten opsigte van die volk Israel: “Uit Egipte het Ek my Seun geroep” (Matt 2:15). Soos Israel deur die Rooi See, gaan Jesus in Matt 3 “deur die water” tydens sy doop. Soos vir Israel, lei die Gees van God (Matt 4) Jesus die woestyn binne. Soos Moses by die berg Sinai vir die volk die Wet van God gee, lees ons in Matt 5 van Jesus se Bergpredikasie.

5.4.5 As dit sou gaan om eksakte historiese feitelikheid, kwalifiseer die Bybel klaarblyklik nie as betroubaar nie. Maar uit die Skrif self is dit glashelder dat dit ook nie die bedoeling van die Bybel is nie.

5.5 GEEN EENVORMIGE INSPIRASIE

5.5.1 Die hele Skrif is deur God geïnspireer (2 Tim 3:16), maar dit impliseer hoegenaamd nie dat ons moet veronderstel dat hierdie inspirasie eenvormig is en altyd op presies dieselfde wyse plaasgevind het nie. Hoe die inspirasie verstaan moet word, kan ons nie vooraf besluit en dit dan aan die Bybel opdring nie, maar ons moet die gesag van die Skrif laat geld deur dit self toe te laat om die funksionering van die inspirasie aan ons te verduidelik.

5.5.2 Reeds baie inspirasieteorieë is aangebied, waarvan die **meganiese** en **organiese** in ons kringe die bekendste is. Sommige sien inspirasie as die **intuïsie** van 'n godsdienstige genie wat in beginsel nie veel verskil van enige ander vorm van begaafdheid nie. Ander verkies om te praat van **illuminasie** as 'n intensifisering van die ervaring wat elke gelowige met God het. Daar is diegene wat inspirasie verstaan as **diktering** deur die Gees waarby die menslike faktor tot 'n minimum beperk word. Volgens die **dinamiese** siening van inspirasie, speel die Gees 'n deurslaggewende rol sonder om die persoonlike individualiteit van die mens uit te skakel.

5.5.3 Die probleem met al hierdie opvattings is dat hulle daartoe neig om 'n eenvormige siening van inspirasie voor te staan. Die diepste geheimenis van inspirasie sal ons nooit deurgrond nie, maar vanuit die Bybel self kry ons die indruk dat dit op veelvormige wyse geskied. Die rol van die menslike bemiddeling is nie altyd dieselfde nie en kan wissel van heel passief tot heel aktief. Van die profete sê Petrus (2 Petr 1: 21): "Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." Wanneer die profete verklaar dat die Woord van die Here tot hulle gekom het (byvoorbeeld Jer 1:2), het die inspirasie 'n ander vorm aangeneem as by die medikus Lukas wat historiese navorsing doen (Luk 1:1-4) na aanleiding van die baie tradisies wat in omloop was.

5.5.4 Die boek Spreuke leer ons dat dit die Here is wat wysheid gee (Spreuke 2:6), maar maak geen aanspraak op 'n direkte openbaring van God nie. Paulus kan volhou dat hy die evangelie wat hy verkondig (Gal 1: 11v), "nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer het nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee". By 'n ander geleentheid egter kan dieselfde Paulus ten opsigte van 'n etiese kwessie erken dat hy in die verband geen bevel van die Here het nie. Dit beteken nie dat sy woord geen gewig dra nie, want hy gee "my eie mening as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is." (1 Kor 7:25). Hy gee immers sy opinie as iemand wat "ook die Gees van God het." (1 Kor 7:40). Ook wat hierdie etiese aangeleentheid betref, praat hy as geïnspireerd deur die Gees, maar klaarblyklik lê hierdie inspirasie op 'n ander vlak as die evangelie wat hy verkondig (Gal 1:9): Want "al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek van God sal hom tref!", 'n uitspraak wat hy nog herhaal in die volgende vers.

5.6 DIE BYBEL AS OPENBARING

5.6.1 As "Woord van God" is die Bybel die openbaring van God in mensewoorde. Maar in die Bybel tref ons ook mensewoorde aan wat gerig is **tot** God in gebede, lofprysing, klagte ja selfs aanklagte en verwyte. Soms hoor ons die jubel van lofliedere, dan weer die droefheid van Klaagliedere. Psalm 137 sluit af op 'n wyse wat 'n dominee nooit vir sy gemeente sal aanbeveel nie: Vir Babel word gesê: "Gelukkig is hy wat jou babetjies gryp en teen 'n klip verbrysel." Calvyn kan hom uiters onvriendelik uitlaat oor Jeremia se krasse woorde waarin hy sy geboortedag, asook die man wat hom nie voor sy geboorte om die lewe gebring het nie, vervloek (Jer 20:14-18). Calvyn bestempel dit as 'n blinde, kranksinnige impuls wat Jeremia hierdie ondankbare en onbedagsame woorde laat uiter. 'n Mens kan ook dink aan die nogal neerslagtige boek Prediker: "Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks." (Pred 1:2).

5.6.2 Nou kan die feit dat selfs verbondskinders sulke woorde kwytraak diegene wat verdruk en depressief voel onder sekere omstandighede tot vertroosting dien. Ook hierdie woorde openbaar God aan ons as iemand wat selfs sulke woorde verduur, verdra en dra op Golgota. Maar woorde van God in die direkte sin van die woord, is dit tog klaarblyklik nie. Dit geld ook die toesprake van Job se vriende wat God verdedig teenoor Job, sonder dat dit God se goedkeuring wegdra. Wanneer ons dus praat van die Bybel as "Woord van God" (enkelvoud) slaan dit klaarblyklik nie op **geïsoleerde** gedeeltes of opsigselfstaande boeke (meervoud) nie, maar op die Bybel as geheel. In die Bybel kom ons selfs woorde van Satan teë. Wat meer is, die Bose kan die Bybel aanhaal in 'n poging om die Vleesgeworde Woord in versoeking te bring. **Sola Scriptura** (die Skrif alleen) beteken derhalwe ook **tota Scriptura** (die hele Skrif) omdat elke onderdeel in die lig van die geheel, en die geheel in die lig van die onderdele verstaan moet word. Die Skrif as geheel, insluitende die woorde van Satan, dien as openbaring

van God en is dus God se Woord aan ons. Deur die Bybel as geheel het die Gees beslag gelê op die kerk wat daarin die Woord van God gehoor het. En in die lig van die geheel, kan die Gees deur 'n enkele teks of Skrifgedeelte tot ons spreek.

5.6.3 In die "Woord van God" gaan dit ten diepste om God self. Die kortste samevatting van die Bybel is dan ook die Triniteit. Hoewel Vader, Seun en Gees nie geskei kan word nie, sou ons tog kon sê dat ons in die Ou Testament veral te make het met God as Skepper en Verbondsgod, in die Evangelies met die Seun as Versoener en Verlosser, en in Handelinge en die Briewe met die Heilige Gees as Tolk en Trooster. Maar ons kan enige van die dele slegs verstaan in die lig van die geheel en die geheel slegs in die lig van die dele. Die Woord van God in die Ou Testament word vlees in die Nuwe Testament en telkens aan ons vertolk deur die Gees wat dwarsdeur die Bybel aan die werk is. As die vervulling van die Ou Testament, is ook die Nuwe Testament belofte van die Voleinding wanneer God Drie-enig alles sal wees vir alles (1 Kor 15: 28).

5.7 FEIT EN VERTOLKING

5.7.1 In die Skrif word vir ons geen geïsoleerde kennis van God opsigself, los van mens en skepping gegee nie, maar ons leer God ken uit sy **geskiedenis** met sy skepping. Uiteindelik sal die aarde "so vol wees van die kennis van die Here, soos die see vol water is" (Jes 11:9). Tot dan ken ons "net gedeeltelik, maar eendag sal ons ten volle ken soos God ons ten volle ken." (1 Kor 13:12). Tot op daardie dag is ons op die Bybel, as die Gees se menslike bemiddeling van die (vleesgeworde) Woord van God, aangewese. Hierdie kennis is weliswaar nie ten volle nie, maar nie daarom verkeerd nie. Volgens Calvyn is die Skrif 'n akkommodasie van God aan ons bevatlikheid, maar dit beteken nie dat God se wese anders is as sy openbaring nie. Jy sou kon sê dat alreeds uit die feit van akkommodasie aan ons bevatlikheid (swakheid) en sondigheid (dit wil sê sy bereidheid tot vernedering), blyk die aard van sy wese as God van liefde, gemeenskap en genade. 'n Persoon kan jy beter of swakker ken sonder dat jou kennis onwaar is. Juis in die Bybelse geskiedenis leer ons God in sy koms (neerdaling) tot ons ken soos Hy werklik is. Want daar sien ons hoedat Hy saam met sy volk, wat Hy verkies het as verteenwoordiger van die wêreld (Gen 12:3), 'n sak sout opeet wat kulmineer in die Kruis.

5.7.2 Die Triniteit is die kortste samevatting van hierdie geskiedenis van God se neerdaling tot by ons (die Seun) en binne ons (die Gees). Omdat die Bybel hierdie geskiedenis verhaal, is historiese feite vir die Skrif van die allergrootste belang. Weliswaar gaan dit om meer as geskiedenis (byvoorbeeld gebede, spreuke, gelykenisse, etiese voorskrifte), maar alles in die Skrif draai om hierdie geskiedenis. Aan Omri wat menslik gesproke een van die belangrikste konings was sodat buite-Bybelse bronne na Israel verwys as "die land van Omri", word net 6 versies (1 Kon 16:23-28) afgestaan. Dit gaan nie in eerste plek om wat mense gedoen het of wat ons moet doen (bid, preek, glo, hoop, liefhê ens.) nie, maar om wat God vir ons doen. Daarom sal ons die Skrif ook kan bestempel as getuienis "oor die groot dinge wat God gedoen het" (Hand 2:11), as grond vir wat Hy nog gaan doen. God se woorde is dade, en sy dade is beloftewoorde.

5.7.3 Die sentrale openbaringsdaad van God in die Ou Testament was die verkiesing en verlossing van sy volk uit die slawehuis van Egipte tot seën vir die wêreld. Die klimaks van sy verbondsgeskiedenis met sy volk in die Ou Testament, word in die Nuwe Testament beskrywe as sy reddingsdade in die lewe, sterwe en opstanding van sy Seun. Die belangrikheid van die Bybelse geskiedenis vir die boodskap van die Bybel, blyk byvoorbeeld uit die ooggetuienis van die apostels: "Ons het Hom self gehoor; ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak…Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle…"(1 Joh 1: 1,3). Die getuienis van die apostels dra die karakter van getuienis in 'n hof. Hulle vertel nie vir ons allerlei vrome ervarings nie, maar harde feite; hard soos die kruis, die spykers, die doringkroon, en die leë graf. Sonder hierdie historiese gebeure, het die Bybel geen boodskap nie.

5.7.4 Maar sonder **interpretasie** van die historiese gebeure, is die "feite" op sigself stom. Daar is twee saam met Jesus gekruisig, maar sy kruis was die vloek op die ander twee (en ons) sonde. Dit kan jy nie sondermeer sien deur na die drie kruise te kyk nie. Die betekenis daarvan moet aan ons verklaar word. Eintlik neem ons nooit "naakte feite" waar nie, en gee nooit "blote feite" weer nie. Selfs die kleure en klanke wat ons waarneem, is reeds vorme van interpretasie. Sonder objektiewe feite is geen ervaring moontlik nie; sonder subjektiewe interpretasie bly die feite buite ons bereik. Vir die regte interpretasie is ons afhanklik van God se Woord en Gees. Daarom vertel die Bybel nie maar net feite sondermeer nie, maar wel **(on)heils**feite, dit wil sê feit plus interpretasie.

5.7.5 Soms staan verskillende interpretasies van dieselfde feit lynreg teenoor mekaar. In 1 Sam 8 word die instelling van die koningskap in Israel uiters negatief beoordeel naamlik as verwerping van God as Israel se eintlike Koning, terwyl in 2 Sam 7 God Homself volkome verbind aan die Dawidiese monargie. Wat in die een geval 'n onheilsfeit is, word vanuit 'n ander perspektief as heilsfeit ervaar. Maar is enige van die twee interpretasies noodwendig verkeerd? Is dit nie tipies van God as Koning dat Hy Hom (skynbaar) uit hierdie wêreld laat verdring totdat sy Seun, wat terselfdertyd die “Seun van Dawid” is, Godverlate hang aan die kruis nie? Is dit nie juis kenmerkend van God dat Hy minusse deurkruis tot plusse nie? Is die groot onheilsfeit van die Kruis (-), nie juis vanuit 'n ander perspektief, die eintlike heilsfeit

(+) in die geskiedenis nie?

5.7.6 In naakte feite is die Skrif nie geïnteresseerd nie, maar wel in die betekenis van die feite. En dan blyk telkens dat die boodskap van die historiese gebeure 'n blye boodskap (evangelie) is. Die betekenis van die geskiedenis van Israel met sy klimaks in die Gekruisigde, word deur die Heilige Gees met gebruikmaking van menslike instrumente, aan ons vertolk. In die proses word soms gebruik gemaak van verskillende bronne en tradisies wat tot beskikking was van die finale skrywer, wat in sy weergawe van die bronne, dit opnuut vertolk vir die situasie en konteks van sy tyd. Dus is die Bybel self reeds interpretasie wat in elke tyd opnuut vertolk moet word. Hierdie hele proses staan onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees. Die inspirasie van die Skrif moet dus verstaan word as 'n historiese proses van mondelinge en skriftelike oordrag binne die verbondsgemeenskap deur die eeue, waarby die gemeenskap as geheel, en sommige indiwidue in die besonder, 'n rol gespeel het.

5.7.7 Die relasie tussen feit en vertolking, is buitengewoon boeiend. Die twee kan wel onderskei, maar nooit geskei word nie. Vir die Bybelse skrywers was die onderskeid tussen feit en interpretasie nie naasteby so belangrik as in die moderne tyd nie. Reeds in die wyse waarop hulle die historiese gebeure verhaal (sien vroeër die verwysing na Matteus), is veel meer bewuste interpretasie as wat deesdae aanvaarbaar is. Selfs “fiksie” en "foute" staan in diens van die Waarheid. Ook vandag nog is daar soms verhale oor mense in omloop wat by nadere ondersoek blyk nie feitelik korrek te wees nie, maar opgeneem word in 'n biografie omdat die verhaal die waarheid oor die persoon so skitterend uitbeeld. “Fiksie” kan dus meer waar wees as "blote" feite.

5.7.8 Met 'n bietjie kennis van die Ou Testament kan maklik vasgestel word dat in Matt 1:8 die name van 3 konings van Israel (Ahasia, Joas en Amasia) uitgelaat word. Dit is duidelik dat die skrywer by 3 maal 14 geslagte (42 geslagte) wil uitkom omdat daaraan 'n spesifieke teologiese betekenis geheg word. (Vergelyk die rol van die 42 maande in Openbaring). In 1 Kor 10:4 maak Paulus gebruik van 'n ou Rabbynse verhaal wat nie histories klop met die Ou Testament nie, waarvolgens die Rots met die volk saamgetrek het deur hulle woestynreis. Paulus is egter nie geïnteresseerd in historiese feitelikheid op sigself nie, maar is besig om die betekenis van Christus aan ons te vertolk.

5.7.9 Na mate die historiese afstand tussen die feit en die tyd van vertolking groter word, neem die feitelikheid dikwels af, terwyl die vertolking toeneem. Soms word dit bykans onmoontlik om tussen feit en interpretasie te onderskei. Aangesien die Nuwe-Testamentiese getuies van die Christusgebeure (lewe, dood en opstanding) veel nader is aan die historiese feite wat hulle vertellend aan ons vertolk, is die duidelikheid ten opsigte van die historiese gebeure waarna hulle verwys soveel groter as wat die geval is met sommige van die Ou-Testamentiese outeurs. Aangesien die Bybel nie in die gebeure opsigself los van die betekenis daarvan geïnteresseerd is nie, hoef afstand egter nie noodwendig 'n nadeel te wees nie. Afstand van 'n gebeure laat dikwels insig in die betekenis daarvan toeneem. In die lig van die gebeure in die Nuwe Testament en onder leiding van die Heilige Gees as die groot Vertolker, is dit moontlik om die boodskap van die gebeure in die Ou Testament beter te verstaan in die lig van die Nuwe. Maar sonder die Oue sou dit totaal onmoontlik wees om die Nuwe hoegenaamd te begryp. Van die Ou Testament geld (2 Tim 3:15): "Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus."

5.7.10 Die betekenis van die heilsgebeure word in die Bybel op talle wyses vertolk. Dit gebeur alreeds deur die wyse waarop die gebeure vertel word, maar ook in die etiese voorskrifte wat daaruit voortvloei. Wat God vir ons gedoen het, is die fondament waarop die gelowiges se leefwyse gebou word. Anders gestel: Die geloof in God se dade is primêr, maar wat die gelowiges doen, is ook 'n wyse waarop wat God gedoen het, geïnterpreteer word. Voorbeelde van ander gelowiges word aan ons voorgehou. Gelykenisse word vertel, briewe word geskryf , toesprake word opgeteken. 2 Tim 3: 16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."

5.8 KERK EN KANON

5.8.1 Die werking van die Gees omvat die interpretasie van die Skrif in die Skrif self, maar ook die vertolking daarvan in die verkondiging tot op die hede. Sommige vorme van inspirasie in die Skrif verskil nie wesentlik van wat vandag nog steeds plaasvind wanneer die Skrif verklaar en verkondig word nie. Maar soos in die Bybelse tye is daar ook vandag 'n veelheid van vertolkings wat soms verrykend is, maar ander kere in stryd is met die openbaring van God. Van hierdie dwaalleer lees ons telkens in die Skrif. Dit het die totstandkoming van die kanon genoodsaak. Nie alle verhale en alle uitleg klop met die boodskap van die Gees wat die kerk in die kanon gehoor het en nog steeds hoor nie. Wesentlik verskil die totstandkoming van die kanon nie soveel van wat nog steeds gebeur wanneer iemand God se Woord hoor en hom/haar daardeur laat oorreed om God op sy Woord te neem nie.

5.8.2 Die formele gesag van die Bybel as die kanon van die kerk, is ten diepste gefundeer in sy materiële boodskap (inhoud) en nie in die feit dat die kerk dit as sodanig aanvaar het nie. Voortaan sou hierdie kanon as norm dien, vir die interpretasie van die Blye Boodskap in telkens nuwe situasies. Die erkenning van die kanon was 'n daad van deemoed, waaruit blyk dat die

Skrif wel binne die verbondsgemeenskap ontstaan het, maar nie in die eerste instansie die produk daarvan was nie, maar die maatstaf waaraan die kerk gemeet word. As kanon staan die Skrif krities teenoor die kerk.

5.8.3 Die waarheid van die Woord is wel ewig, maar nie tydloos nie. Juis omdat dit ewig is, is dit vir elke tydsgewrig aktueel. Wat in een konteks die waarheid is, is in 'n ander 'n leuen. Die versoeker kwoteer vir die Seun van God (die vleesgeworde Woord) telkens die Woord van God (Matt 4), maar dit is keer op keer die verkeerde teks vir die geleentheid. As ewige Woord, kan dit vele vorme en selfs teenstrydige gestaltes in verskillende kontekste aanneem. Paulus wil nie vir Titus besny nie (Gal 2:3-5), maar is gewillig om dit te doen in die geval van Timoteus (Hand 16:3).

5.8.4 Nie die letter nie, maar die Gees is deurslaggewend. Weliswaar kom die Gees tot ons deur middel van die letter (woorde) van die Skrif, maar die Gees kan besonder vry omgaan met die letter deur dit nie net te vertaal nie, maar ook te vertolk vir 'n nuwe tyd. Tog bly dit dieselfde Gees. Om dieselfde rede (eerbied vir God) dat Moses by die brandende doringbos sy skoene uittrek, trek ons (voorlopig nog?) Sondae kerktoe ons skoene aan. Boonop is die feit dat ons Sondae kerk toe gaan (en nie Saterdae nie) 'n teken daarvan dat Christus die vervulling (nie vervanging nie) van die Ou Verbond is. Die blote feit dat die 4e gebod in die kanon voorkom, beteken nie dat die kerk dit nog op dieselfde wyse as destyds toepas nie. Die voortgang in die heilsgeskiedenis asook die veranderde konteks, spreek mee. Die gees (beter: Gees) van die adviese wat Paulus aan eienaars gee hoe om teenoor hulle slawe op te tree, bring mee dat in later eeue dit so verstaan word dat slawerny as sodanig liewer afgeskaf moet word.

5.8.5 Soms kan die interpretasie van spesifieke gebeure binne die kanon self krities verskil. Geen krasser teenstelling is moontlik nie, as wanneer 2 Sam 24:1 'n daad aan God toeskryf waarvoor in 1 Kron 21: 1 die Satan geblameer word. Sou ons hier tot 'n keuse gedwing word tussen die twee interpretasies? Maar waarom sou albei uitsprake in die kanon opgeneem wees? Sou dit moontlik wees dat albei aksente in hulle spesifieke konteks die noodsaaklike was? Word die feit dat Josef in Egipte beland het, nie sowel aan die sonde van sy broers én aan die genade van God toegeskryf nie? Dit word wel versag deur te sê dat sy broers hom "verkoop" het, terwyl God hom "gestuur" het (Gen 45: 4,5), maar binne die tyd val wat God en wat sy broers doen, saam. En wie het Christus laat kruisig? Was dit die Bose of sy Vader? (Luk 22: 53; Matt 26:56; Mark 14:49. Sien ook Matt 26:31en Mark 14:27). Juis Bybeltekste wat ons die meeste moeite gee, mag die grootste verrassings oplewer.

5.9 VONNIS EN VRYSPRAAK

5.9.1 Een van die heel grootste misverstande ten opsigte van die gesag van die Skrif is dat die Bybel in die eerste instansie 'n boek is wat aan ons foutlose **informasie** verskaf, wat ons dan moet sluk of stik. Uiteraard gee die Skrif ook allerlei informasie, maar die funksie van woorde in die algemeen, en God se Woord in die besonder, is dat dit nie blote informasie deurgee nie, maar dinge doen. Wanneer 'n man aan 'n meisie sy liefde verklaar, deel hy haar nie interessante informasie mee nie. Wanneer ons sing van God wat ons sy Woord gegee het, dan moet dit so verstaan word dat God aan sy volk (kerk) trou gesweer het. Daarom dat die Reformasie so lief was om na God se Woord as **belofte** te verwys. Dit is 'n belofte soos wanneer 'n bruidegom sy hart aan sy bruid verpand.

5.9.2 God se Woord, is terselfdertyd 'n daad. Hy oordeel en beoordeel. Sy Woord is soos 'n operasiemes wat kneus om te genees. Hebr 4:12: "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart". Die Griekse woord vir "oordeel" (*krinein*) beteken om te skei. So skei God se Woord die lig van die duisternis, die skape van die bokke, die lewe van die dood, die ou skepping van die nuwe skepping.

5.9.3 In die boek Jona vind ons 'n merkwaardige voorbeeld om te demonstreer dat die Woord nie primêr informatief is nie, maar performatief. Indien dit andersom was, was die Woord van God aan die Nineviete 'n leuen, want Nineve is toe nie binne veertig dae verwoes nie. Klaarblyklik was Jona se verkondiging nie bedoel as blote informasie nie, maar as 'n oproep tot bekering. God se Woord het iets bewerk: dit het Nineve bekeer. God se Woord het sy krag bewys deurdat Nineve nie verwoes is nie. En Jona het dit gevrees. Hy het geweet dat wanneer God sê Hy gaan Nineve verwoes, hy wat Jona is, God nie "op sy woord kan neem" nie! (Jona 4:2). Dat God berou het oor die onheil (Ou Vertaling) was deel van Israel se geloofsbelydenis.

5.9.4 Daarteenoor kan 'n mens wanneer God 'n belofte gee, Hom altyd in geloof op sy Woord neem. In Christus die vleesgeworde Woord, vonnis Hy ons en spreek ons vry. Hierdie **performatiewe** (vgl "perform") karakter van Gods Woord, wat terselfdertyd daad is, staan in skepping en geskiedenis (verlossing), op die voorgrond. Christus die vleesgeworde **Woord**, is God se groot verlossings**daad**. In sy Woord gee God ons nie allerlei waardevolle informasie oor sy beloftes nie, maar Hy "gee ons sy Woord!" Geloof is dan ook om God "op sy Woord te neem." Volgens Calvyn druppel onder die verkondiging van die evangelie saam met die stem van die prediker die heilige bloed van Christus op ons neer en staan die paradys voor ons oop. Die Woord is nie maar net mededelings **oor** die heil nie, maar mededeling **van** die heil. Omdat God in Christus self

ons vonnis gedra het en ons dus saam met Christus gekruisig is, word ons ook in Christus se opstanding vrygespreek (Rom 4:25). In die verkondiging van die Woord, word hierdie vryspraak deur die Heilige Gees aan ons gesagvol toegesê. Wie God op sy Woord neem, is erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Christus. 2 Kor 1: 20v: "Hy (Christus, die vleesgeworde Woord) is die "JA" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "AMEN" sê." 1 Joh 5: 10-12: "Wie God nie glo nie, maak Hom tot leuenaar, omdat hy nie die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het nie. En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie." Ongeloof is om God nie op sy Woord te neem nie en Hom sodoende tot leuenaar te maak.

5.9.5 Dit is derhalwe duidelik dat die **sola Scriptura** (die Skrif alleen), **sola gratia** (God se genade alleen) en **sola fide** (deur die geloof alleeen) onlosmaaklik verbonde is. Hierdie sogenaamde **solismes** verduidelik mekaar oor en weer. Wie die een laat vaar, is ook die ander twee kwyt. Wie egter “buig” onder die gesag van Gods Woord wat ons vonnis en vryspreek, sterf daagliks saam met Christus en staan daagliks saam met Hom op tot 'n nuwe lewe. In die woorde van Luther: “So beluister ook u in die prediking steeds weer die barmhartigheid van God en mag u nie sê: “Ek is verlore” nie, net so min as wat u mag sê: “Ek is goed.” Sê liewer: “Ek weet dat ek voor U 'n sondaar is; dit is my oordeel oor myself. Maar dit is dan ook die enigste oordeel; 'n ander oordeel is daar nie. ***Want wie in My glo, sal nie veroordeel word nie***”.” Daarom sing ons in die kerk: “Wat sou ons dan ooit laat bewe? In dié Woord het ons die lewe!” (Lied 255).

5.10 TEKS EN INTERPRETASIE

In die verslag Skrifgesag en Skrifgebruik wat deur die Algemene Sinode van 1986 aanvaar is, word in punt 2.6 enkele opmerkinge gemaak oor die interpretasie van die Skrif. Hoewel in die huidige verslag die aksent val op die gesag van die Skrif, is dit ook onlosmaaklik verbonde met die vraag na die gebruik daarvan. In aansluiting by 1986, gee ons enkele riglyne.

5.10.1 Vir die verstaan van die Skrif is die bedoeling van die Skrif van deurslaggewende betekenis. Klaarblyklik is dit nie geleë in wetenskaplik korrekte informasie nie, maar in die heilskarakter daarvan. Volgens die Reformatore is die Woord die eintlike heilsmiddel waaraan die sakramente as "sigbare woorde" hulle heilsbetekenis ontleen.

5.10.2 As "boek van die kerk" kan die Bybel ook alleen verstaan word binne die konteks van die geloofsgemeenskap. Hoewel die gewone lidmaat geen outoriteit is nie, het God sy Gees nie net aan teoloë gegee nie, maar aan sy kerk. Laasgenoemde is in staat om te oordeel of dit die Gees van die Gekruisigde en Opgestane Here is wat hulle hoor in die uitleg van die deskundiges. Daarom is dit alleen moontlik om in gemeenskap met die broers en susters van vandag, en die vaders en moeders van gister en eergister, werklik die stem van die Goeie Herder te hoor. 'n Lewe van afhanklikheid, gebed en bereidheid om te luister, is derhalwe onontbeerlik vir die bestudering van die Bybel. Dit geld sowel die "leek" as die geleerde. Wanneer kerk en teologie van mekaar vervreem, is die gevolge vir beide rampspoedig.

5.10.3 "By die noukeurige bestudering/lees van die Bybel moet rekening gehou word met verskillende aspekte van die teks en sy agtergrond wat in hierdie verband 'n rol moet speel. Alle lesers van die Bybel se lees van die teks word beïnvloed deur bewuste of onbewuste aannames. Dit geld die gelowige Bybelleser, maar ook die sogenaamde objektiewe wetenskaplike/taalkundige/historikus/teoloog. Die Bybel as "boek van die kerk" kan alleen werklik verantwoordelik hanteer word wanneer die leser bereid is om ook erns te maak met die selfaanspraak van die Bybel dat ons hierin die boodskap van God se genade in Christus hoor. Juis wanneer ons só na die Bybel luister, moet ook erns gemaak word met die volgende dimensies van die Skrif.

5.10.4 Die feit dat die bedoeling nie geleë is in historiese eksaktheid nie, impliseer hoegenaamd nie dat die geskiedenis daarom ombelangrik is vir die verstaan van die Skrif nie. Die hart van die heilsboodskap bestaan juis daarin dat die Woord inderdaad "vlees", dit wil sê deel van ons verskriklike geskiedenis geword het. Historiese navorsing is derhalwe van groot belang vir 'n goeie verstaan van die Skrif, "mits altyd in beskeidenheid erken word dat ons met ons keuse van gegewens, metodes en modelle 'n poging aanwend om die betekenis van die teks en sy agtergrond te benader".

5.10.5 Wanneer erns gemaak word met die teks van die Skrif impliseer dit dat ook erns gemaak word met die historiese konteks daarvan. Aangesien dit geskryf is vanuit 'n spesifieke konteks vir 'n bepaalde konteks, kan die teks alleen goed begryp word binne sy konkrete konteks. Om dit te ontken sal daarop neerkom dat jy ook moet beweer dat kennis van die grondtale onnodig is vir die kerk om die Skrif te verstaan. Natuurlik beteken dit nie dat elke gelowige 'n outoriteit moet wees nie, maar dit sal rampspoedig wees wanneer hierdie kennis nie meer vir die kerk as geheel beskikbaar is nie.

5.10.6 Die voorafgaande beteken ook nie dat die teks uitgelewer en opgesluit is binne die konteks van destyds nie. Met gebruikmaking van idees en begrippe ontleen aan die kultuur van die tyd, gaan die teks ook skerp krities in teen sy tyd. Mense uit verskillende tye en kulture is boonop nie totale vreemdeling vir mekaar nie, want ons herken oor alle tydperke en kulture heen mekaar as medemense. Daarom word ons nog steeds geboei deur Homerus

en die Griekse mitologie. Die eendersheid van mense is veel meer opvallend as hulle andersheid. As mense deel ons in dieselfde sonde en skuld, nood en dood. Daarop bied die Blye Boodskap die diagnose en die oplossing en bly daarom aktueel vir elke tyd. Om die Skrif verstaanbaar te vertolk vir ons tyd, moet ons daarom ook kinders wees van ons eie tyd om sodoende die gestaltes van die nood van die wêreld waarin ons leef, in kontak te bring met die Bybelse hoop en bevryding. Dit impliseer nie 'n onkritiese aansluiting by die pre-of (post)moderne tydsgees nie, maar ook 'n konfrontasie en ingaan teen elke kultuurperiode. Elke tydsgewrig moet onder die kritiek van die Kruis deurgaan om te kan deel in die komende Koninkryk.

5.10.7 Van die uiterste belang is dat nie net rekening gehou word met die verskil in konteks tussen destyds en deesdae nie, maar dat in gedagte gehou word die verskillende gestaltes wat die openbaring aanneem binne die verskillende heilshistoriese kontekste in die Skrif self. Daar is by voorbeeld die verskil tussen Ou Testament en Nuwe Testament. Dit is dieselfde God wat Hom openbaar in beide Testamente, maar die gestaltes wat die openbaring aanneem, verskil. In beide lees ons van die worsteling tussen God en mens, maar juis daarom beskryf die Bybel nie vir ons 'n statiese stand van sake nie, maar vertel vir ons 'n dinamiese konkrete geskiedenis. In die Nuwe Testament bereik die konflik 'n klimaks in die konfrontasie aan die Kruis waaruit God tot heil van die mens, as oorwinnaar uit die konflik te voorskyn tree. Hoewel dit om die een geskiedenis gaan, bring dit mee dat die Ou Testament nie reglynig in die Nuwe Testament voortgesit word nie. Daar is sowel verbinding as breuk. Jesus sluit aan by die Wet in die Ou Testament, maar relativeer en radikaliseer dit met sy woorde in die Bergpredikasie: "Maar Ek sê vir julle…"(Matt 5:12, 28, 32, 34, 39, 44). Daar is ook voortgang in sy werk tussen sy verkondiging van Gods Koninkryk in Galilea, en sy dood aan die kruis in Judea. Trouens ook binne die Nuwe Testamentiese geskiedenis is daar breuk en samehang tussen Jesus se lewe, kruisiging en opstanding enersyds, en die uitstorting van die Heilige Gees andersyds. Terwyl Jesus sy dissipels vir eers nog verbied om die huise van heidene binne te gaan, sien ons in Handelinge hoedat sedert Pinkster die kerk as volk van God uit Jodendom en heidendom te voorskyn tree. By die uitleg van die Skrif vir ons tyd, sal ons hierdie verskillende historiese strukture moet verdiskonteer. Elke teks in die Skrif moet in relasie tot sy onmiddellike konteks verstaan word. Maar elke konteks staan weer in 'n wyer konteks sodat geen teks in die Skrif in isolasie van die Bybelse boodskap in sy geheel, vertolk kan word nie.

5.10.8 By die uitleg van die Skrif moet rekening gehou word met die verskillende literêre genres. 'n Apokaliptiese geskrif soos Openbaring of 'n protologiese gedeelte soos die eerste hoofstukke van Genesis, lees 'n mens anders as 'n koerantberig. 'n Historiese verhaal word anders vertolk as 'n gedig. Soms is dit nie moontlik om sonder twyfel vas te stel tot watter genre 'n spesifieke gedeelte behoort nie, maar in sulke gevalle het dit meestal nie groot implikasies vir die boodskap wat dit aan ons oordra nie. Ons praat gewoonlik van die "gelykenis van die barmhartige Samaritaan" hoewel dit nie in die Bybel staan dat dit 'n gelykenis is nie. Ook in die Ou Testament tref ons gelykenisse aan. Vir almal is dit duidelik dat die verhaal wat Natan aan Dawid vertel 'n gelykenis is, maar daar bestaan verskil van opinie wat die boek Jona betref. Aan die boek se boodskap, maak dit egter bloedweinig verskil. Bowendien moet deeglik gelet word op die verweefdheid en interne samehang van die betrokke gedeelte van die Bybel as teks.

5.11 LIBERALISME EN FUNDAMENTALISME

5.11.1 In hierdie verslag word 'n poging aangewend om na twee kante afwysend standpunt in te neem, naamlik enersyds teenoor die moderne liberalistiese, en andersyds die moderne fundamentalistiese omgang met die Skrif. In eersgenoemde geval word die Bybelse geskiedenis as teologies onbelangrik beskou. Die belangrikheid van Israel vir ons, het volgens hierdie standpunt niks te make met hulle geskiedenis nie, maar met hulle godsdiens. In radikaal-kritiese kringe word die religion of Jesus belangriker beskou as die religion about Jesus. Selfs al het Jesus nooit bestaan nie, dan het ons nog altyd die tydlose godsdienstige waarhede van byvoorbeeld die Bergpredikasie. Daarteenoor maak die fundamentalisme die teologiese betekenis van die Skrif geheel en al afhanklik van die natuurwetenskaplike en historiese korrektheid van die Bybel.

5.11.2 In werklikheid staan hierdie twee skynbaar teenoorgestelde standpunte heel digby mekaar en bevestig weereens die waarheid dat familietwiste die ergste is. Beide onderwerp die Bybel aan 'n krasse vorm van Skrifkritiek wat daartoe neig om die Woord van God kragteloos te maak. Nie een van die twee wil die Bybel in sy konkreet menslike gestalte aanvaar as Woord van God nie, omdat hulle aanstoot neem aan die konkreet historiese karakter van die Openbaring. Terwyl die liberalisme die Bybel as gevolg van sy diep menslike karakter nie ernstig wil neem as Woord van God nie, poog die fundamentalisme om die Bybel as Woord van God te "red" deur die swakke menslike karakter daarvan soveel moontlik te ontken. In beide gevalle word ons gekonfronteer met 'n rasionalistiese verheerliking van die menslike rede. In beide gevalle word per implikasie aanstoot geneem aan die menslike gestalte van die Woord, wat ten diepste verset is teen die dienskneggestalte van die Kneg van die Here “wat geen gestalte of heerlikheid gehad het, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie” (Jes 53:2 ou vertaling). In

beide gevalle heers 'n beheptheid met die letter van die Skrif, wat mense blind maak vir die Gees in die letter. Die Bybel as boek, maak beide blind vir die Bybelse boodskap.

5.11.3 Aangesien in hierdie verslag die standpunt ingeneem word dat die Bybel nie 'n bron van foutlose natuurwetenskaplike en historiese informasie is nie, sal dit seker vanuit fundamentalistiese kringe bestempel word as self 'n produk van die modernisme. Ongetwyfeld is dit waar dat juis die moderne tyd as gevolg van dramatiese groei in kennis, ons diep onder die indruk gebring het van die feit dat die Bybel geen handboek is vir die wetenskap nie. Tog wys onder andere die Ou-Testamentikus John Goldingay daarop dat ook in die premoderne tyd reeds heelwat uitsprake by bekende teologiese figure voorkom wat dui op 'n bewussyn van hierdie waarheid. Origenes beskou Gen 1 as teologies waar, maar nie as histories korrek nie. Augustinus waarsku mense om nie die Bybel te gebruik as bron vir sterrekundige informasie terwyl nie-Christene weet dat dit nie waar is nie. In die tyd van Calvyn het sterrekundiges reeds besef dat Saturnus groter is as die maan, hoewel die skeppingsverhaal na die maan verwys as een van die twee “groot ligte”. Calvyn betig mense wat sterrekundige informasie gaan soek in Genesis terwyl dit die dinge beskryf soos wat dit vir ons voorkom. Luther kan by geleentheid uiters nonchalant omgaan met onversoenbare feitelike teenstrydighede in die Skrif. Volgens hom kan 'n mens dit ignoreer want dit bring nie die artikels van ons geloof in gedrang nie. Sekerlik is hierdie uitsprake nie kenmerkend van teoloë in die premoderne periode nie, maar tog is dit duidelik dat die inspirasie van die Skrif nie vir hulle sondermeer wetenskaplike foutloosheid impliseer het nie.

5.11.4 Terwyl die fundamentaliste nie erns maak met die vleeswording van die Woord van God nie, neig die liberaliste tot 'n ontkenning van die vleeswording van die Woord van God. Die Bybelse heilsbetekenis van inkarnasie, kruis en opstanding, vind hulle onaanvaarbaar. Reeds tydens die Reformasie was daar die sogenaamde rasionele spiritualiste wat die rede beskou het as die spil waarom alles draai. Uit hierdie kringe word die Hervormers dan ook beskuldig dat hulle aanhangers is van 'n "papierpous". Nie die historiese Christus nie, maar die "ewige Christus" in ons, word sentraal gestel. Dit is teen hierdie spiritualistiese tendens wat reeds in die vroeë kerk kop uitsteek, dat 1Joh 4:2v. waarsku: "Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is."

5.12 AANBEVELINGS: GESAG VAN DIE SKRIF

5.12.1 Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir ons beskouing oor die gesag van die Skrif.

5.12.2 Die Algemene Sinode versoek teologiese dosente van die NG Kerk aan die teologiese fakulteite, Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, kerkrade en predikantekringe om die verslag indringend te bespreek en skriftelike kommentaar aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te lewer voor 31 Desember 2003. In die kommentaar moet ook kwessies en terme wat verdere besinning verg, aangedui word.

5.12.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om in die lig van die kommentaar wat ontvang word, 'n verdere verslag uit te bring oor die gesag en die verstaan van die Skrif.

5.12.4 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord, nie 'n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers 'n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.

5.12.5. Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as 'n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3:15).

5.12.6 Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op 'n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom funksioneer die gesag van die Skrif ook nie oral op dieselfde wyse nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente, kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en lê sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe.

5.12.7 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer

binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybelse geskiedenis.

5.12.8 Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik 'n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.

5.12.9 Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr rus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.

5.12.10 Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vryspraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paas-Sondag (Rom 4:25), met gesag deur die Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons "sy Woord" deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê.

5.12.11 Die Algemene Sinode keur die 8 punte oor "Teks en Interpretasie" as riglyne goed vir die lees en verstaan van die Skrif.

6. GEWELD

6.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die verskynsel van geweld in ons samelewing te bestudeer en na bevind van sake op te tree.

6.2 INLEIDING

6.2.1 Geweld is op die oomblik seker een van dié onderwerpe waaroor daar in Suid-Afrika die meeste gedink en gepraat word. Die wyse waarop hierdie saak beredeneer word, hang in 'n groot mate af van die konteks van waaruit dit gedoen word - van 'n mens se politieke oortuigings, jou sosiale beskouings en persoonlike agtergrond. Dít sal grootliks jou persepsie(s) oor geweld en in watter mate jy by die aanspreek daarvan betrokke wil raak of nie, bepaal.

6.2.2 Wanneer 'n mens oor hierdie saak nadink, is dit belangrik om kennis te neem van die feit dat alle lande wat 'n politieke oorgang van een bestel na 'n ander het, gebuk gaan onder geweld en misdaad. Omrede die regstelsel in so 'n oorgangsproses ongeveer 10-15 jaar neem om getransformeer te word, ontstaan nuwe geleenthede vir geweld en misdaad. Alhoewel die geweldsituasie op die oomblik in Suid-Afrika ook hieraan toegeskryf kan word (geweld en misdaad het sedert 1994 drievoudig toegeneem), is dit uiteraard nie die enigste rede nie.

6.2.3 Geweld bly 'n baie komplekse probleem waarvoor daar nie eenvoudige oplossings is nie. Dit gaan ook nie in 'n ommesientjie verander word nie. Die versterking van die polisiemag sal baie help, so ook sigbare polisiëring, maar wat geweld betref, sal die polisie in die meeste gevalle laat wees, want geweldenaars is daarop ingestel om die polisie te fnuik. Eintlik behandel die polisie net die simptome van 'n dieperliggende probleem. En dis ten opsigte hiervan dat die kerk en die breër gemeenskap hul verantwoordelikheid moet besef en nakom.

6.3 DIE AARD EN OMVANG VAN GEWELD

6.3.1 Tradisioneel het die etiese debat oor geweld (ook in die NG Kerk) hoofsaaklik gefokus op die gewapende stryd tydens die apartheidsjare. Oor die afgelope paar jaar het die kerk, op grond van toenemende gruwelpraktyke, besef dat daar ander manifestasies van geweld is waaraan dringende aandag (saam met die regering) gegee moet word.

6.3.2 Enige daad of optrede wat 'n medemens fisiek, geestelik of sielkundig skaad – wat met ander woorde die Bybelse liefdesgebod oortree, staan in die teken van geweld en vra die teologies-etiese aandag van die kerk. Hierdie optrede is nie net van toepassing op hoe een mens teenoor 'n ander optree nie, maar het ook betrekking op hoe mense teenoor ánder skepsels van God optree asook die ganse omgewing.

6.3.3 In Suid-Afrika word daagliks hiervan kennis geneem: daar is gesinsgeweld, geweld teenoor vroue, kinders en bejaardes, plaasmoorde, taxi- en bendegeweld, roof en kapings, verkragtings en ander vorme van seksuele geweld, vernietiging van eiendom, padwoede, sportgeweld, godsdiens- en ras gemotiveerde geweld, geweld teen die waarheid, ensovoorts.

6.3.4 Hierdie dinge maak sommige mense kwaad. Ander begin geweld op gewelddadige wyse beveg. Dit maak dat mense moed verloor en emigreer of ernstige oorweging daaraan skenk. Uiteraard kan ons land dít nie bekostig nie. 'n Milieu waarin mense tuis en veilig voel, móét geskep word.

6.4 MOONTLIKE OORSAKE VAN GEWELD

Om regtig die probleem van geweld te verstaan en effektief aan te spreek, moet 'n mens 'n betroubare

beeld probeer kry van die moontlike aanleidende oorsake, omstandighede en/of teelaardes daarvan. Geweld ontstaan nooit in 'n vakuum nie.

6.4.1 Die nawerking van die politieke stryd

1. Die stryd tussen wit en swart het gedurende die vorige eeu geleidelik al hoe gewelddadiger geword. In die toepassing van die apartheidsbeleid was daar gewelddadige elemente wat byvoorbeeld in gedwonge verskuiwings van mense en die platstoot van huise sigbaar geword het.
2. Aan die ander kant het daar 'n rewolusionêre gees ontstaan wat ook tot gewelddadigheid geneig het. Die geweld van bo het die geweld van onder aangehits en omgekeerd, sodat daar 'n spiraal ontwikkel het.
3. Baie swartmense was gerat om die apartheidsregering op revolusionêre wyse omver te werp. Hierdie oorvol revolusie-gemoedere is wel baie goed en vreedsaam gedurende die oorgangsproses na 'n nuwe Suid-Afrika bestuur, alhoewel nie effektief *ontlont* nie. En wat op die oomblik ervaar word, is revolusionêre vuurtjies wat oral in die vorm van misdaad, bendegeweld, grondbesetting, plaasmoorde, ensovoorts uitslaan.
4. In die aanloop tot die 1994-verkiesing is daar heelwat sosio-ekonomiese verwagtings onder swartmense geskep. Gegewe hulle situasie onder die apartheidsbestel, was dit heeltemal te verstane. Dit het egter diepgewortelde aspirasies, persepsies en emosies tot gevolg gehad.
5. Ná die oorgang in 1994 het swartmense politieke vryheid gekry, maar baie van hulle het egter nog nie ekonomiese vryheid nie. Die revolusionêre gees wat in die oorgangsjare gesmeul het, het nou in ander gestaltes begin manifesteer op grond van die feit dat baie swartmense se sosio-ekonomiese omstandighede nie noemenswaardig verbeter het nie, in elk geval nie in dié mate wat hulle gehoop of gedink het dit sou verbeter nie.
6. Die geskiedenis leer dat wanneer mense niks aan hulle lot van armoede kan doen nie, hulle dit as 'n lewensfeit aanvaar. Daar is met ander woorde nie 'n dryfveer tot 'n beter lewe nie. Maar wanneer daar aan mense die hoop op 'n beter lewe gegee word, soos in 'n grondwet, verkiesingsbeloftes en ontwikkelingsprojekte, en baie mense relatief min daarvan ervaar, vermeerder die revolusionêre potensiaal, want hulle aspireer na of droom van beter lewensomstandighede. "The American dream is, in part, responsible for a great deal of crime and violence, because people feel that the country not only owes them a living, but a *good* living." (Abrahanson)
7. Hierdie aspirasies na beter lewensomstandighede word ook deur advertensietaal gevoed. Let op hoe 'n klerewinkelgroep op 'n stadium, nie lank terug nie, die taal van die "struggle" omvorm het tot 'n taal wat materialisme aanblaas: "Jy het jou vryheid verdien. Gebruik dit nou. Kry vandag nog 'n kredietkaart". Uiteraard moet dit tot allerlei aspirasies lei, maar in baie gevalle ook tot teleurstelling en frustrasie.
8. Anders miskien as in ander Afrikalande, sien al hoe meer swart inwoners van ons land die luukse leefwyse van baie mense raak, ook van diegene wat tot baie onlangs nog deel van hulle was. Dit verhoog die frustrasie- en aggressievlakke, want hulle wil ook kompensasie ervaar op grond van die "struggle" waarvan hulle deel was. Hulle wil die spreekwoordelike vrugte proe. En waar dit nie gebeur nie, word 'n absolute ongelykheid ervaar wat revolusionêre potensiaal voed. "Frustration is the wetnurse of violence." (Abrahanson)
9. Karl Marx het, interessantheidshalwe, hieroor gesê dat 'n huis óf klein óf groot kan wees. Solank die omliggende huise klein is, is mense tevrede met hul klein woonplek. Maar rig 'n paleis langs so 'n huisie op en jou woonplek word 'n armsalige pondok.
10. 'n Eenvoudige, maar treffende voorbeeld in dié verband, is 'n swartman wat by geleentheid gesê het dat hy oortuig was dat hy binne die eerste vyf jaar na 1994 'n BMW sou besit. Toe hy byna agt jaar later agterkom hy bly nog steeds in 'n "shack", het dit hom nie net ontnugter nie, maar woedend gemaak!
11. Energie wat oor 'n lang tydperk toegelaat is om op te bou, soos in die apartheidsera, word nie sommer vernietig nie. En as jy dit nie effektief ontlont nie, maak dit 'n herverskyning – nie noodwendig in dieselfde gestalte nie, maar in ander gedaantes. Opgeboude energie het die vermoë om homself rond te skuif.

6.4.2 Armoede

1. Hierdie opgeboude energie sal beswaarlik effektief ontlont en onder beheer gekry word solank die gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika so groot bly soos wat dit op die oomblik is (Gine-koëffisiënt van 0,63).
2. Baie van hierdie mense maak hulself nie skuldig aan geweld op grond van hul benarde lewensomstandighede nie, maar mense wat niks of min het om te verloor, of eienaarskap voor te aanvaar, gaan makliker oor tot geweld. Dis sulke ongelykhede wat die stabiliteit van 'n samelewing, sowel as rasseverhoudinge en die volhoubaarheid van 'n demokrasie, bedreig. Opgeboude energie vibreer al sterker onder sulke omstandighede. Hierom is werkskepping en die verantwoordelike en effektiewe herverdeling van rykdom, alhoewel baie kompleks van aard, van dringend noodsaaklike belang in Suid-Afrika. 'n Mens kan nie moraliteit aan mense verkondig wat nie toegang tot water, kos en werk het nie, want oorlewing hou nie rekening met morele waardes nie.

6.4.3 Werkloosheid

In die peiling Opinion ’99 van Markinor, Idasa en die SABC, het 75% van die respondente aangedui dat werkloosheid en die gebrek aan werkskepping die grootste probleem in Suid-Afrika is. 61% het gedink misdaad is die grootste probleem. Volgens inligting is

dit huidig nog steeds min of meer die stand van sake. Hoe dit ook al sy, werkloosheid, misdaad, armoede en geweld hou onlosmaaklik verband met mekaar. Mense wat nie werk nie, verarm, en dit gee aanleiding tot 'n gebrek aan basiese lewensmiddele wat tot (gewelddadige) misdaad aanleiding kan gee.

6.4.4 Party-politieke verdeeldheid

Die kwessie van geweld (en misdaad) is ongelukkig in ons land ook verpolitiseer. Politieke leiers van verskillende politieke partye beskuldig die regering van die dag te maklik in die openbaar vir die situasie van geweld. Natuurlik is dit die regering se plig om die veiligheid van sy land se inwoners so ver as moontlik te waarborg – en dit moet gemonitor word - maar waar daar gedurig vinger gewys word en persepsies geskep word dat 'n spesifieke party hierdie saak beter as 'n ander sou hanteer omdat hulle die land beter sou regeer, is 'n oorvereenvoudiging van 'n baie komplekse saak.

6.4.5 Militante groepe

1. Ongeveer 44% van die inwoners van Suid-Afrika is 25 jaar of jonger. Onder hulle is daar sterk militante elemente. Die meeste misdadigers in ons land kom in hierdie ouderdomsgroep voor.
2. 'n Verdere ontstellende aspek wat al hoe meer onder kundiges op hierdie gebied gehoor word, is dat die regering nie eintlik daarin slaag om jongmense effektief in konstruktiewe aktiwiteite te integreer nie. Die jeug voel gevolglik al meer deur die regering in die steek gelaat en baie van hulle word eventueel deel van die sogenaamde "onwettige ekonomie". (Schärf)

6.4.6 Eensydige verstaan van die handves van menseregte

1. Suid-Afrika word allerweë beskou as 'n land met 'n liberale Handves van Menseregte. Die leemte wat egter in die vestiging van 'n kultuur van menseregte ontstaan het, is dat daar nie voldoende rekening gehou is en steeds gehou word met die verantwoordelikhede wat saam met die verskillende regte gaan nie. Die handves is geformuleer en vir die mense “gegee”. In 'n ontwikkelende land sou so 'n eensydige aksent maklik tot onrealistiese optrede kon lei wat op sy beurt weer geweld en misdaad in die hand kon werk.
2. Die Duitse teoloog, Hans Küng, beywer hom interessantheidshalwe daarvoor dat die Verenigde Nasies ook 'n Handves van Verantwoordelikhede moet aanvaar, want die lewe op aarde raak regtig eers moontlik as mense nie net regte het nie, maar ook verantwoordelikhede.

6.4.7 Rassisme

Alhoewel rassisme in Suid-Afrika uit die wetboeke geskryf is, hoor, sien en/of lees 'n mens nog steeds van rassistiese voorvalle. Dit gee in baie gevalle tot 'n kollektiewe rassisme aanleiding, en aktiveer emosies van haat, woede en wraak.

6.4.8 Sosio-psigologiese redes

1. Geweld kan ook as gevolg van 'n sindroom van meerderwaardigheid ontstaan. Een van die grootste behoeftes op die oomblik onder die meeste inwoners in Suid-Afrika is om menswaardig behandel te word. Waar superioriteit en 'n fokus op slegs eie belange heers, en waar (een groep) mense op grond hiervan altyd minderwaardig ten opsigte van ander voel, word geweld op verskillende wyses gestimuleer.
2. Geweld kan ook voortspruit uit 'n houding van self-haat, selfvertwyfeling en onsekerheid as gevolg van 'n gevoel van minderwaardigheid. Dit is dikwels 'n direkte gevolg van bogenoemde meerderwaardigheid. In Suid-Afrika word hierdie innerlike gevoel van minderwaardigheid, onsekerheid en selftwyfel dikwels deur mense op hulle meerderwaardige mede-landsburgers gewelddadig uitgehaal. Omdat jy minderwaardig en onseker voel, gebruik jy mag om ander “by te kom”, te intimideer en aan jou behoeftes en oortuigings te onderwerp. “Violence is a quest for identity… The less identity, the more violence! (McCluhan)
3. In hierdie verband kan ook van die volgende perspektief kennis geneem word. Meerderhede tree soms op asof hulle minderhede is. Hulle voel oorweldig deur die "bedreigings" van 'n minderheidsgroep en onderskat hulle vermoë om hierdie bedreigings die hoof te bied. So sou die klein handjievol rykes in die land byvoorbeeld, deur die (arm) meerderheid as 'n struikelblok gesien kon word, omdat diesulkes gelyke geleenthede sou strem deur net op eiebelange en selfverryking te fokus. Terwyl die rykes hulself sien as noodsaaklik vir ekonomiese groei, word hulle deur die armes as 'n bedreiging beskou. Hulle sou hierdie bedreiging so oorweldigend kon ervaar, dat die ryk minderheidsgroep in hulle psige 'n meerderheidsgroep word.
4. Hierdie groep laat dikwels die gevoel van onseker-heid en onmag in hul eie groep verhoog. Dit skep weer haat wat geprojekteer word op die teikengroep. En die ironie is, dat as die teikengroep hierop sou reageer, veral dalk op heftige wyse, gaan die ondergeskikte groep soveel makliker oor tot geweld. Die probleem word nie deur kommunikasie opgelos nie, maar die opponent word eerder vernietig. (Horowitz)

6.4.9 Persepsie dat die staat nie orde hanhaaf

1. Die staat en die burgers van 'n land gaan ook met mekaar 'n sosiale kontrak aan (Locke; Rousseau). Dit kom daarop neer dat die staat byvoorbeeld in terme van geweld, na sy inwoners se veiligheid moet omsien. Die ander kant van hierdie kontrak beteken dat die burgers nie reg in eie hande sal neem nie. Die straf moet aan die staat oorgelaat word.
2. Waar inwoners met ander woorde onveilig voel omdat daar mense is wat niks voel vir die wette van die land nie, wat nie omgee vir 'n ander se lewe en eiendom nie, gaan die ryker inwoners gedwonge voel om hulle veiligheid te privatiseer. Privaat sekuriteits-maatskappye in Suid-Afrika in jaarliks ongeveer R12

biljoen. Daar is gemeenskappe in die groter Johannesburg-omgewing wat tot R4.5 miljoen maandeliks aan sekuriteit spandeer. (King) Dit is dienste wat net deur die rykes bekostig kan word.

3. Die gevaar bestaan nou dat diegene wat dit nie kan bekostig nie, en hulle is by verre in die meerderheid, vuisreg begin toepas. Sulke gemeenskappe neem uiteindelik reg in eie hande en die gevolg hiervan sou kon wees dat hulle wegsink in al groterwordende wetteloosheid. Minagting vir die reg en vir die staat is dan aan die orde van die dag. Die Grondwet het op die ou einde weinig waarde. Dit kan maklik 'n kultuur van anargie skep wat die staat verswak.

4. As die staat nie sy burgers se veiligheid kan waarborg deur byvoorbeeld geweld, misdaad en korrupsie hok te slaan nie, en boonop dalk self 'n deelnemer word aan georganiseerde misdaad, word hulle al meer 'n verswakte of mislukte staat. In so 'n situasie oorleef die ryke of dan die sterke, en die arme of swakke gaan onder. Dit verswak die staat nog verder en so sou 'n situasie kon ontstaan waaraan 'n mens nie eers wil dink nie.

6.4.10 Kulturele wanopvattings

1. Geweld kan ook die gevolg van kulturele kondisionering wees. In sommige kulture word geweld as inherent deel daarvan gesien. Dit word geregverdig. Dit is met ander woorde kultureel legitiem. Dikwels word hierdie soort geweld as sosiaal indrukwekkend beskou - 'n soort morele deug! (Mpumlwana)

2. So bestaan daar mites onder sekere kultuurgroepe dat 'n man homself teen vigs kan beskerm deur met 'n maagd seksuele omgang te hê, en homself van vigs kan genees deur by sy dogter te slaap. In sekere dele van ons samelewing beskik vroue en kinders oor niks meer respek by mans as diere nie. Daarom word hulle verkrag met dieselfde minagting as waarmee honde geskop en perde geslaan word. (Pothier)

3. Seksmisdade is, soos ook elders in die wêreld, diep gewortel in 'n kultuur van geweld. Regoor die wêreld word ten minste een uit elke drie vroue óf geslaan, óf tot seksuele gemeenskap gedwing, of in een of ander vorm misbruik - dikwels deur 'n lid van haar eie familie. (Population Reports – tydskrif)

4. Volgens prof. Neil Andersson, 'n navorser van die Organisasie vir Gemeenskapsinligting, Bemagtiging en Deursigtigheid, 'n nie-regeringsorganisasie in ons land, openbaar die opinies wat skoolkinders oor seksuele geweld het, 'n gevaarlike en verwoestende kultuur. Agt uit elke tien seuns, volgens 'n sosiale oudit wat deur sy organisasie gedoen is, het aangedui dat vroue wat verkrag is, daarvoor gevra het en twee uit elke tien seuns het gesê hulle dink vroue geniet dit om verkrag te word! Wat nog meer verrrassend as die seuns se mening hieroor is, is die feit dat meisies die daaglikse gevaar wat hulle loop om verkrag te word, geïnternaliseer het.

5. Ten spyte daarvan dat verkragting dié vorm van geweld is wat die minste gerapporteer word, is daar 21 000 gevalle van kinderverkragting en –aanranding in 2001 in Suid-Afrika aangemeld. In 1994 is daar volgens die SAPD net een uit elke 36 gevalle van verkragting gerapporteer!

6.4.11 Rol van die elektroniese media

1. Die uitwerking van geweld op die televisie, in TV- en rekenaarspeletjies en in flieks, word nog deur baie mense geringgeskat. Daar is sedert die Tweede Wêreldoorlog heelwat gesaghebbende studies hieroor gedoen wat ongetwyfeld bewys dat kinders meer gewelddadig optree nadat hulle geweld op die televisie en in flieks gesien of daarmee in TV- of rekenaarspeletjies te doen gekry het. Kinders wat voorheen tot gewelddadige optrede geneig was, raak nog aggressiewer, en kinders wat gereeld aan geweld in die elektroniese media blootgestel word, word al minder sensitief vir geweld in die werklike lewe.

2. 'n Opvoedkundige sielkundige (van Randburg) sê oor die invloed van geweld op die televisie op kinders se denke, dat hulle nie skroom om in sketse dooie mense en bloed te teken nie. Een kind, wat sy idee van die hemel (die mens behoort tog hiervan 'n vredevolle prentjie te hê) vir haar moes skets, het Jesus op 'n groot wolk geteken met 'n lang arm wat tot op die aarde strek sodat Hy die dooie, bloedbevlekte mense wat op die aarde lê, kan optel. Eenkant op die skets het 'n man gestaan met rook wat uit sy vuurwapen kom.

3. Prof. George Gerbner van New York, vir dekades reeds die belangrikste navorser oor hierdie onderwerp, benadruk die kardinaal belangrike rol van ouers in die opvoeding van kinders as teenvoeter teen die blootstelling wat jeugdiges aan geweld in die media ontvang, soos volg: "Om nie te weet aan watter gewelddadige tonele jou kinders oor televisie of in videos blootgestel word nie, is vergelykbaar met 'n ouer wat 'n gelaaide pistool op 'n tafel laat en die kamer verlaat terwyl sy kleuter alleen in die kamer agterbly."

6.4.12 Ander faktore

Ander moontlike oorsake van geweld wat belangrik is, maar net aangestip word, is: die toename in besit van vuurwapens (3.5 miljoen Suid-Afrikaners besit 4.2 miljoen wapens wettig – daar word beweer dat net soveel wapens onwettig in omloop is), veranderinge in die demografiese samestelling van die land (56% van die land se inwoners woon tans in stede – die derde hoogste in sub-Sahara Afrika), 'n regstelsel wat huidig nie effektief genoeg funksioneer nie - slegs ongeveer 9% van alle misdaad lei tot vonnisoplegging), georganiseerde misdaad-sindikate, 'n gebrek aan respek vir die lewe en besittings van ander mense, mense wat nie eienaarskap van die land, die omgewing en sy infrastruktuur wil aanvaar nie, groot gesinne wat in klein huisies woon, konflik in huishoudings, 'n gebrekkige kinderopvoeding, 'n gebrek aan positiewe gesinsverhoudings as gevolg

van 'n ontwrigte familielewe, 'n gebrek aan stimulasie en voldoende aandag, 'n gebrek aan dissipline en gesag, swak ouerlike- en gemeenskapstandaarde en waardes, negatiewe groepsdruk, veral onder jongmense en weinige rehabilitasie in oorvol tronke.

6.5 DIE ROL WAT DIE KERK KAN VERVUL IN DIE BEKAMPING VAN GEWELD

6.5.1 Die kerk mag nooit die profetiese taak om geweld aan te spreek, versaak nie. Die bestryding van bogenoemde oorsake van geweld moet voortdurend deur die kerk en haar lidmate aangemoedig word. Dit moet egter nie net by moralisties gekleurde uitsprake bly nie, maar die kerk moet sover as moontlik daadwerklik by hierdie bestryding betrokke raak.

6.5.2 Morele steun aan en gebed vir die polisiediens, howe en korrektiewe dienste is van uiterste belang.

6.5.3 Die ondersteuning van opvoedkundige programme is ontsettend belangrik, veral op voorskoolse en remediërende vlak. Gesonde lewenswaardes en –style moet van kleins af vasgelê word. Ouers wat werk se kinders moet goeie versorging hê, veral na skool. In die VSA is daar 'n interessante studie hieroor gedoen. Hulle het bevind dat kinders wat 'n goeie voorskoolse opleiding ontvang, verdien eventueel meer en besit meer eiendom as dié wat dit nie ontvang het nie. Dit verseker ook dat meer kinders hoërskoolopleiding voltooi, dat minder kinders gearresteer word en dwelms gebruik, en van staatshulp gebruik maak.

6.5.4 Wanfunksionerende en sub-ekonomiese huishoudings moet pastoraal deeglik bedien word, omrede ongeveer 80% straatmisdadigers uit sulke huishoudings kom.

6.5.5 Liefde, sekuriteit, lof, erkenning en trots waar dit verdien word, moet veral aan jongmense gegee word. Stel hulle bloot aan nuwe, positiewe ervarings. Skep gesonde ontspanning vir jongmense, waar positiewe verhoudings gevestig kan word. Vaardigheidsprojekte vir die jeug kan ook gevestig word.

6.5.6 Lidmate moet besef dat daar nog steeds baie geleenthede in die politieke, die ekonomiese en kulturele lewe is wat sinvol deur hulle benut kan word om geweld en byvoorbeeld morele agteruitgang te stuit.

6.5.7 Geweldvoorkomings-, rehabilitasie- en konflikhanteringsprogramme kan aangemoedig en selfs geïnisieer word om die kultuur van geweld en die gevolge daarvan te minimaliseer. Waar sulke programme reeds buite die kerk om deur 'n betrokke gemeenskap bestuur word, kan lidmate aangemoedig word om daarby in te skakel.

6.5.8 Volgens navorsing word slagoffers van geweld dikwels self later geweldenaars. Deur voldoende aandag aan hierdie slagoffers te gee, verminder 'n mens die potensiaal op geweld.

6.5.9 Ook sal die kultuur van huishoudelike-, kinder- en seksuele geweld deur die kerk aangespreek en gepak moet word. In baie gevalle is die slagoffer van (die ergste vorm van) geweld aan die misdadiger bekend.

6.5.10 Lidmate moet besef dat die vang en die toesluit van misdadigers in gevangenisse nie sonder meer die probleem van misdaad gaan oplos nie. In oorvol tronke leer baie gevangenes nog meer misdaadvaardighede. Slegs 2-4% van alle gevangenes deurloop beroepsvoorligting en –opleiding, en slegs ongeveer 2% van alle gevangenes word effektief gerehabiliteer.

6.5.11 Buurtwagte wat in samewerking met die polisie optree, kan op die been gebring word.

6.5.12 Omrede geweld in feitlik al sy fasette met moraliteit te doen het, kan 'n sede-spitsberaad gehou word wat hopelik tot daadwerklike oplossings in hierdie verband kan lei. Geweld word nie net deur eksterne omstandighede veroorsaak nie, maar is ook die gevolg van swak morele oortuigings en gedrag.

6.5.13 Sonder om voorskriftelik te wees, behoort die menings van lidmate van die verskillende kerke in ons land oor hierdie kwessie, hoorbaar aan die regering van die dag oorgedra te word. Dit kan 'n baie kragtige instrument wees.

6.5.14 Die media sou ook meer effektief hiervoor gebruik kon word. Van die kerk se kant sou daar gereeld in 'n kolom in van die dagblaaie oor hierdie saak, maar ook oor ander aktuele kwessies, geskryf kon word. Daar word beweer dat die sirkulasie van sekere koerante sedert 1995 gestyg het onder andere as gevolg van gewelds- en misdaadverslaggewing. As die kerk op positiewe wyse teologies-eties op hierdie kwessies sou kon reageer in 'n kolom van sulke koerante, sou dit baie effektief kon wees.

6.6 TEOLOGIES-ETIESE REFLEKTERING

6.6.1 Daar is, hermeneuties gesproke, nie 'n direkte etiese bloudruk uit die Bybel oor hoe 'n mens teenoor geweld behoort op te tree nie. Wat wel vir ons gesê word, is dat ons as beelddraers van God 'n niegewelddadige, sigbare en hoorbare protes teen geweld moet leef sodat dit voorkóm of tot die minimum beperk kan word. Ons moet soos Christus, die lydende Dienskneg, geweld met vrede en geregtigheid probeer oorwin. In plaas van geweld, moet daar liefde wees wat onder andere respek en diens aan die naaste beteken, asook respek vir sy/haar lewe, huwelik, eiendom en reg op waarheid.

6.6.2 Die kerk sal ook op grond van die lewe, dood en opstanding van Christus, die hoop vir geweldslagoffers moet bly. In Christus ontvang die gelowige nuwe en bevrydende krag om dit wat hom/haar skaad, te oorwin. In Christus seëvier die lewe oor die dood, ook wat betref die fisiese, emosionele en sielkundige “dood” as gevolg van geweld. Daar is genesing!

6.6.3 Wat geweld betref, moet die kerk haarself (voortdurend) afvra in watter mate sy daaraan aandadig was of steeds is, en in watter mate sy kan bydra tot die aanspreek, herstel en/of die oplossing daarvan.

6.6.4 Die kerk sal 'n holistiese benadering moet volg wat alle fasette van geweld aanspreek. Die belangrike boodskap wat hiermee saam deurgegee moet word, is om alle mense menswaardig te behandel, want aan die voet van die kruis is alle grond gelyk. Die kerk as instelling behoort dié vlagdraer van nie-rassigheid in die samelewing te wees.
6.6.5 Evangelisasie moenie net as 'n opdrag gesien word wat in verre lande verrig moet word nie. Dit moet veral plaaslik prioriteit geniet, omdat geweld ook 'n kwessie is ten opsigte waarvan gemeentes iets kan doen.
6.6.6 Die krag van gebed moenie onderskat word nie.
6.6.7 Die boodskap van vergifnis en versoening moet ook voortdurend uitgedra word.
6.6.8 Die eenheid van die kerk is noodsaaklik in die aanspreek van geweld, omdat die aanslag daarvan waarskynlik te groot is vir kerke om dit afsonderlik effektief te hanteer. Die eenheid van die kerk moet in die prediking, lofprysing en gebede bly opklink.

6.7 AANBEVELINGS: GEWELD

6.7.1 Die Algemene Sinode besluit om die vormingskrag van die erediens, kategese, gebede, Bybelstudie- en kleingroepe en sakramente optimaal te benut om die moraliteit van ons lidmate op Bybelse waardes te bou.

6.7.2 Die Algemene Sinode besluit om mee te werk om 'n konstruktiewe bydrae te lewer tot die morele genesing van die samelewing.

6.7.3 Die Algemene Sinode erken dat materialisme 'n integrale deel van ons leefwyse geword het en bely dat ons nie genoeg doen om armoede te verlig nie.

6.7.4 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om alle slagoffers van geweld binne gemeentegrense met woord en daad by te staan.

6.7.5 Die Algemene Sinode besluit om deur die bestaande ekumeniese strukture ander kerke te betrek in die stryd teen geweld.

6.7.6 Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die owerheid om die veiligheid van die inwoners van die land meer doeltreffend te bestuur.

6.7.7 Die Algemene Sinode besluit om die boodskap van Christelike hoop sterk uit te dra aangesien wanhoop en pessimisme mense demotiveer ten opsigte van ons roeping in hierdie land.

6.7.8 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om lidmate met onverwerkte rassse-, haat- en skuldgevoelens pastoraal te begelei sodat versoening onder mense bewerkstellig kan word.

6.7.9 Die Algemene Sinode roep ons lidmate op om in weerwil van spanninge en selfs provokasie nie tot vuisreg oor te gaan nie.

6.7.10 Die Algemene Sinode verseker die lede van alle veiligheidsdienste van ons voorbidding.

7. GODSBESKOUING VAN CHRISTENE, JODE EN MOSLEMS

7.1 OPDRAG

Met betrekking tot die verslag wat voor die vorige Algemene Sinode gedien het, naamlik die *Godsbeskouing van die Christene, Jode en Moslems* (Agenda, Algemene Sinode, 1998: 64, 65) het die Sinode soos volg besluit:

Die volgende stelling onder punt 4.2.3 word nie as standpunt van die Sinode aanvaar nie, maar terug verwys na AKLAS vir herbesinning:

"Die God van wie die Jood praat as JHWH en vir wie die Moslem Allah noem, is dus nie 'n ander God as die lewende God nie."

7.2 BESPREKING

Saam met die verslag *Godsbeskouing van Christene, Jode en Moslems* (Agenda, Algemene Sinode, 1998: 64, 65) moet ook die verslag *Die Godsbeskouing van die Islam en die Jode* (Agenda, Algemene Sinode, 1994: 72-74) gelees word.

7.2.1 Agtergrond

* Die Christelike geloof word vandag opnuut uitgedaag, soos in die begin van sy ontstaan, om in 'n multikulturele en pluralistiese wêreld hom te verantwoord oor sy eie identiteit. Die Christelike geloof was in die tyd van sy ontstaan een alternatief tussen baie ander godsdienste. Namate daar vandag meer en meer kennis geneem word van die ander groot godsdienste in die wêreld en in ons eie land, word die vrae met groter dringendheid gevra: Is die God van die Bybel die enigste ware God? Is daar nie ander paaie wat ook na God toe lei nie? Wat is die Christelike godsdiens se standpunt oor ander godsdienste?

* Die vrae lê nie alleen op 'n teologiese-akademiese vlak nie. Dit raak die wese van die kerk se praktiese getuienis in die wêreld. Verskillende antwoorde word op die vrae gegee.

7.2.1.1 *Pluralistiese model*

1. Hierdie model relativeer die absolute standpunt dat een godsdiens die ware godsdiens is. Alle godsdienste word gesien as weë wat na die een God toe lei. As God wil hê dat almal gered moet word, is dit ondenkbaar dat Hy sy openbaring tot 'n enkele godsdiens sou beperk (J Hick). Die hoogste waarheid is nie die Skrif nie, maar die totaliteit van waarhede wat uit alle godsdienste versamel word. Die hoogste norm is nie Jesus, die gekruisigde en opgestane Heer nie. Hy is maar een van baie manifestasies van God.
2. In die gesprek met ander godsdienste word die uniekheid van Christus (Christosentriese model), geherinterpreteer binne 'n teosentriese model op grond van die *ervaring* van ander godsdienste. Die pluralistiese model stel in 'n groot mate alle godsdienste gelyk as legitieme verlossingsweë en kanale van openbaring. Voorstanders van die model is E Troeltsch, WE Hocking, J Hick en P Knitter. God,

as die son, is die oorsprong van alle lig en lewe wat al die verskillende godsdienste op hulle eie manier reflekteer (J Hick).
3. Die gesag van die Skrif en die uniekheid van Christus soos dit in die gereformeerde teologie funksioneer, word hiermee prysgegee. Die aard en die erns van die sonde, soos Anselmus van Canterbury gesê het, is nie deur hulle geweeg nie. K Runia noem die huidige pluralistiese model of liberale benadering, die vierde golf van sinkretisme waarin dit nie gaan om "een … of" die ander nie, maar om "een … en" die ander. As alle godsdienste ewe reg is, is alle godsdienste ook ewe verkeerd. As dié benadering konsekwent toegepas word, maak dit op die ou end nie saak wat jy glo nie. So word die waarheidsvraag ontduik. Terwyl die identiteit van verskillende godsdienste juis vasgelê word in dit wat hulle glo. En dit kan nie ontken word dat wat hulle glo, dikwels lynreg teenoor mekaar staan.

7.2.1.2 *Partikularistiese of eksklusivistiese model*

1. In hierdie model word die Christelike geloof as die enigste ware godsdiens gesien wat tot verlossing lei. Die ander godsdienste is sondige en valse dwaalweë wat nie die mens by God kan uitbring nie.
2. Karl Barth verwerp enige natuurlike openbaring as 'n selfverlossingsleer, wat soos die bouers van die toring van Babel, van die mens na God wil uitreik. Hy aanvaar geen aanknopingspunte met die nie-christelike godsdienste nie. God het Hom slegs deur Christus geopenbaar en die verlossing is slegs deur Hom (CD1/2: 299). Hy aanvaar die uiteindelike eskatologiese oorwinning van God se genade en dat almal tot Christus sal kom (universalisme).
3. Dietrich Bonhoeffer stel ook teenoor die algemene menslike religieusiteit, die selfopenbaring van God in Christus as die enigste legitieme openbaring.
4. Die meer gematigde Protestantse model erken die algemene genade en openbaring van God. God openbaar Hom in die natuur, die geskiedenis en die menslike gewete (Rom 1:18, 20 en 2:14-16; NGB art 2) sodat daar ook bepaalde waarhede en positiewe waardes in ander godsdienste mag wees. Dit is egter nie genoegsaam om die mens tot verlossing te lei nie. Op grond van die getuienis van die Skrif as die besondere openbaring, is Christus die hoogste en mees volledige openbaring van God en die verlossing geskied alleen deur Hom. Vandaar die besondere klem wat deur ondersteuners van die model op sending en evangelisasie geplaas word. Voorstanders van die standpunt is Paul Althaus, Emil Brunner, Paul Devanandan, MM Thomas, L Newbigin, S Neill en H Kraemer, JH Bavinck, Luasanne Konvent (1974).
5. Daar kan sekerlik gevra word: Wat van miljarde mense wat nie van Christus gehoor het nie? Hoe voer 'n mens gesprek met aanhangers van ander godsdienste vanuit 'n eksklusiewe standpunt? Een van die gevare van hierdie standpunt is dat hulle die aanhangers van ander godsdienste as vyande beskou.

7.2.1.3 *Inklusivistiese model*

1. In die model word gepoog om die verlossende genade van God in ander godsdienste te aanvaar, sonder om Christus as absolute norm en die uniekheid van die openbaring van God prys te gee. God se openbaring kan nie van Christus losgemaak word nie. As God sy genade in ander godsdienste openbaar, is dit óók in Christus – al is dit 'n "anonieme" Christus. Ware liefde, geloof en hoop waar dit ookal voorkom, is die werk van Christus deur die Heilige Gees.
2. So word ander godsdienste as voorbereiding vir die evangelie (*praeparatio evangelica*) gesien. Daar is baie verlossingsweë, maar in almal is Christus die norm. God se universele heilswil maak ook verlossing in ander godsdienste moontlik, al is dit op 'n anonieme wyse. Die dialoog met ander godsdienste is juis dan daarop ingestel dat die anonieme Christus konkrete gestalte kan kry.
3. Voorstaanders van hierdie benadering is die Rooms-Katolieke model soos in die dokumente *Lumen Gentium* en *Nostra Aetate* uitgespel. Hans Küng en Karl Rahner is teologiese eksponente van die inklusivistiese model.
4. Vir sommige mense lyk dit of die model 'n oplossing kan wees in die dialoog met ander godsdienste. Hierdie model laat egter nie reg geskied aan al die kernwaarhede van die Skrif nie. Daar kan gevra word: Hoe is Christus in die ander godsdienste op anonieme wyse teenwoordig? Word die Christelike geloof tog nie bo ander godsdienste verhef nie, as ander godsdienste maar net as voorbereiding vir die Christelike geloof gesien word (J Hick)?

7.2.1.4 *Trinitariese model*

1. J Verkuyl is 'n voorstaander van die model. Hy sê dat 'n teologie wat op die Skrif gefundeer is, nie anders kan as om reg te laat geskied aan al drie persone van die goddelike Drie-eenheid nie.
2. God die Vader, is die Skepper en Onderhouder van die ganse heelal. Buiten Hom is daar geen God nie. Die godsbewussyn en die mate van kennis van God wat by ander godsdienste bestaan, is dan ook kennis van die een God. Buite die besondere openbaring om is hierdie kennis egter beperk en verwronge. Selfs okkultiese en sataniese magte kan as omgang met God verstaan word. In die gesprek en getuienis teenoor ander nie-christelike godsdienste moet die gevare uitgewys word.
3. God die Seun, is die enigste Verlosser waardeur die mens gered kan word. Hy word nie as sodanig in enige ander godsdiens aanvaar nie. Aangesien die kennis van God, wat in Christus die wêreld kom verlos het, by die ander godsdienste ontbreek, moet hierdie getuienis nie van hulle weerhou word nie (Joh 10:6, Hand 4:12, Rom 10:9, 1 Tim 2:5).
4. Die Heilige Gees werk primêr deur die Woord,

maar op grond van God se algemene genade, ook in die skepping. Die Gees waai waar hy wil (Joh 3:8). Iets van die vrug van die werk kom ook in ander godsdienste voor en moet as sodanig erken word. Geen goeie werke buiten Christus om is egter in staat om 'n mens te red nie.

5. In die lig van die model kan daar in die gesprek met ander godsdienste die goeie raakgesien en daarby aangesluit word, maar die verkeerde en die tekortkominge kan vanuit 'n Bybelse perspektief uitgewys word.

7.2.2 *Bybelse perspektief*

1. Met die toenemende verkerkliking van die Christelike godsdiens sedert die tyd van Konstantyn (4e eeu), is daar intellektuele antwoorde op baie vrae gegee. W. Brueggeman is van oordeel dat die tydsgees geloofsgemeenskappe uitdaag om belydenisantwoorde te gee, om te getuig van 'n lewende geloof en daaglikse wandel met God. So word geloofsverhale gedeel en is gelowiges die sout vir die aarde en lig van die wêreld.

2. Volgens die Bybel openbaar God homself van die begin af aan die mens in die skepping en die mens se gewete. Deur die ongehoorsaamheid van die mens (sondeval) is die beeld van God in die mens geskend en die kommunikasie met God verbreek. Na die sondeval kan die mens God nie meer reg ken deur sy openbaring in die natuur en die gewete nie. Tog het die mens deur die genade van God nie 'n duiwel geword nie, maar mens gebly vir wie God steeds vra: "Waar is jy?" (Gen 3:9)

3. Volgens die getuienis van die Ou Testament is God altyd aktief teenwoordig en kan Hy nie gemanipuleer of volkome in menslike terme verstaan word nie. Daar is in die Ou Testament nie sprake van 'n verafgeleë God wat die wêreld gemaak en toe laat staan het nie. Inteendeel! Die Ou Testament bied ongeveer 'n duisend jaar se menslike ervaring van God se teenwoordigheid in alle denkbare situasies van voorspoed en rampspoed:

die aartsvaders ervaar God se roeping en seën;

Israel ondervind God se verlossing met die uittog;

die tempeldiens in Jerusalem laat geen ander vorm van aanbidding toe nie, want die Here is die enigste God wat self in sy tempel aanwesig is;

die profete verkondig God se oordeel oor ongehoorsaamheid wat nie net op Israel nie, maar ook op alle volke van toepassing is;

die wysheidsteologie besef uiteindelik dat God nie vasgevang kan word in 'n skema van oorsaak en gevolg nie – die Here is tot soveel meer in staat as wat die mens oor Hom kan sê.

4. Die gevalle mens se godsdiens is 'n antwoord op hierdie vraag. Godsdiens is daardie universele bewussyn wat eie is aan die mens waardeur hy 'n transendente mag (die Gans Andere) groter as hyself erken en gewillig is om homself afhanklik van die “groter mag” te stel. Die mens word dan ook 'n religieuse wese genoem. Die mens is geskep na die beeld van God om in verhouding met Hom te staan. Calvyn noem die goddelike bewussyn die *sensus divinitatis* en Rudolf Otto praat van die misterieuse bewussyn van Die Heilige wat vrees by die mens inboesem. Hierdie religieuse ingesteldheid van die mens vind sy neerslag in 'n bepaalde godsdiens. In die monoteïstiese godsdienste gaan dit in die godsdiens om die een ware God waaraan die mens sy lewe in die geloof verbind en die bereidheid om in sy diens te staan.

5. Daar word dikwels vergeet dat Israel in 'n *politeïstiese* wêreld waar die bestaan van meer as een god algemeen aanvaar is, geleef het. 'n Groot deel van die Ou Testament moet juis gesien word teen die agtergrond van 'n eeuelange stryd om 'n *monoteïsme* (die aanvaarding van die Here as die enigste God) te handhaaf.

6. Die eerste gebod, "Jy mag naas My geen ander gode hê nie" (Eks 20:3), en die oproep tot Israel, "Luister. Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here" (Deut 6:4), is vir lank telkens deur Israel verontagsaam. Israel se geskiedenis word inderdaad gekenmerk deur hulle periodieke ongehoorsaamheid wat gewoonlik uit afgodediens bestaan het (dink aan al die Baäls, die Astartes, die hoogtes, ens).

7. Ons moet onderskei tussen die monoteïsme van die *skrywers* van die Ou Testament en die politeïsme wat dikwels onder die Israeliete posgevat het:

* Die amptelike monoteïsme van Israel vind ons in die woorde van priesters, profete en wysheidsleraars – hierdie amptelike godsdiens vind weerklank van Genesis tot Maleagi (Deut 4:9; 34-35; Ps 104:1-3; Jes 45:14, 8,21; Spr 14:26-27)

* Die nie-amptelike politeïsme van Israel word dikwels in die Ou Testament veronderstel wanneer die priesters, profete en wysheidsleraars kritiek op onreinheid, godsdienstige ongehoorsaamheid en dwaasheid uitspreek. Hierdie politeïsme vind ons dus onder die oppervlakte van die meer sigbare amptelike godsdiens (2 Kon 17:7-8; 18:4).

8. Godsdiens word dikwels die soeke na God langs die weg van *selfverlossing*. Veral deur die doen van goeie werke of vroomheid of magie of kultiese aktiwiteite. Soms kom mense in die eerlike soeke, baie naby aan God en kan alle ander godsdienste nie as "van die duiwel" beskou word nie.

9. Aan die eenkant oordeel die Bybel kras oor die godsdienste van die heidennasies (Jes 44:6-20), maar is ook mild in sy oordeel oor die beoefening daarvan (Mal 1:10,14 en Rom 2:14-16).

10. Sedert die sondeval maak God Homself op 'n besondere wyse aan die mens bekend om Hom werklik te kan ken vir wie Hy is. Die klem val nou nie meer op die soeke van die mens na God nie, maar op die *openbaring van God aan die mens*. In die Ou Testament het God Homself **geopenbaar** aan Adam (Gen 3:15), Noag (Gen 9:1-17), Abraham (Gen 12:3),

Moses (Eks 3:14), die konings, die profete en die wyses. In die Nuwe Testament praat Hy met ons deur sy Seun (Heb 1:1). Hy is die beloofde Messias (Gal 3:16) wat die sonde van die wêreld sal wegneem (Joh 1:29). Hyself sê: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie (Joh 14:6).

11. In die getuienis teenoor ander godsdienste en ongelowiges is K Runia van oordeel dat nie die Skrifgetuienis, die leer van die kerk of ervaring van mense in die eerste plek as vertrekpunt geneem moet word nie, maar die **Persoon van Christus** self – en wel as die *opgestane Heer*. Die opstanding van Christus is die hart van die Evangelie. Die opstanding verklaar *wie* Jesus werklik was en *wat* Hy kom doen het. Hy is die eniggebore Seun van God wat vir ons sondes kom sterf het. Ons word gered deur die genade alleen (*sola gratia*) op grond van die kruis en opstanding van Christus (*solus Christus*) deur in Hom te glo (*sola fide*).

12. Hierdie boodskap van die verlossing in Christus deur die krag van die Heilige Gees, moet aan alle nasies verkondig word (Matt 28:19; Hand 1:8). Die boodskap van die versoening (2 Kor 5:19) word gedra deur die liefde (2 Kor 5:14). Dit word altyd in nederigheid en met respek vir die persoon en die oortuigings van ander gebring.

13. Samevattend: Christus staan in die Christelike geloof as openbaringsgodsdiens sentraal, met die Skrif as die hoogste norm van God se selfopenbaring.

7.2.3 Christendom, Judaïsme en Islam

7.2.3.1 Is daar 'n verband tussen die drie godsdienste?

1. Die Judaïsme en Islam is albei, net soos die Christelike geloof, openbaringsgodsdienste. Die Judaïsme met die Ou Testament en die Islam met die Quran. Beide beklemtoon ook die geloof in die een God.

2. Israel se monoteïsme staan in skerp teenstelling van die veelgodedom van die nasies rondom hulle. Hulle bely 'n persoonlike Skeppergod wat God van die ganse heelal is (Deut 6:4).

3. Mohammed het as jong kameeldrywer met die Jodedom in aanraking gekom. So het hy die waarheid van een God ontdek en skerp gereageer teen die veelgodedom en morele verval van sy volk. Allah – 'n Arabiese woord vir God – is vir hom die enigste Skeppergod. Elke aspek van die Islam hou verband met die eenheid van die leer van God (Allah, Tawhid). Daarvan word die eenheid van die Moslemgemeenskap (die Ummah) en die ganse skepping afgelei. Die mens het net een doel en dit is om aan God onderworpe en gehoorsaam te wees.

4. Mohammed het met 'n afwykende monofisitiese sekte van Christene wat in die Arabiese woestyn 'n kluisenaarsbestaan gevoer het, in aanraking gekom. Op grond van hulle verstaan van die christelike boodskap het hy die Bybelse boodskap in baie opsigte verkeerd verstaan. Mohammed was onder die indruk dat die Drie-eenheid bestaan uit God die Vader, Maria en Jesus. Hy verwerp hierdie drie-eenheid as 'n afskuwelike veelgodery en sien Jesus net as 'n profeet van die een ware God. Anders as sommige Judaïste, het Mohammed met groot respek van Jesus (Isa) gepraat. Hy aanvaar die maagdelike geboorte van Jesus, maar nie sy kruisdood nie (Sura 4:157).

5. Histories gesproke is daar geen twyfel dat Mohammed by die Jode en Christene van God gehoor het nie. Die God wat hy bely, is die God van Abraham wat deur die Jode (Ps 105:9) en die Christene erken word (Gal 3:29).

6. Die twee godsdienste is nader aan die Christendom as die Hindoeïsme, wat in sy filosofiese vorm, God feitlik gelykstel met die wêreld (panteïsme) en in sy populêre vorm in miljoene gode glo (politeïsme).

7. Die mens is gedurig besig om vir homself afgodsbeelde en wanbeelde te skep wat die ware God verdring met hulle eie filosofiese konstruksies en rituele. Selfs in die Christendom is die beeld wat van God geskep word soms 'n verduisterde beeld van die ware God. Die Islam en die Judaïsme is geen uitsondering hierop nie. Hulle het 'n gebrekkige en selfs verdraaide verstaan van die een ware God met hulle erkenning van slegs 'n gedeelte van God se openbaring (die Ou Testament - Judaïsme) en dan nog 'n gebrekkige verstaan daarmee saam van die Nuwe Testament (Islam).

8. In die gesprek met hierdie godsdienste gaan dit nie om 'n *ander God nie*, maar om hulle te lei tot 'n *ware kennis* en *beter verstaan* van die een ware God soos Paulus in sy gesprek met die filosowe op die Areopagus (Hand 17:16-33).

9. Soos Paulus wat glo dat hy na sy bekering nog steeds die God van sy voorouers dien (2 Tim 1:3), aanvaar bekeerde Moslems oor die algemeen dat hulle dieselfde God aanbid as in die tyd voordat hulle Christene geword het. Hulle erken egter dat hulle Hom in die Bybelse sin van die woord, nou vir die eerste keer in Christus persoonlik leer ken het vir wie Hy waarlik is.

10. Die Moslem se nood is nie dat hy/sy 'n afgod aanbid nie – sy/haar nood is, soos dié van die Jood, dat hy/sy die God wat hy/sy aanbid, nie reg ken nie.

7.2.3.2 *Is alle mense buite Christus verlore?*

1. Deur die eeue het die meeste gereformeerdes daaraan vasgehou het dat ons geen ander weg na die Vader het as geloof in Christus nie. Wat gebeur met mense van ander godsdienste wat nie die geloof in Christus met ons deel nie?

2. Die klem in die gesprek met ander godsdienste vanuit 'n Christelike vertrekpunt moet op die *sentrum* van die Christelike geloof val, naamlik God se openbaring in die kruis en die opstanding van Jesus Christus. Die Skrif getuig deurentyd daarvan dat God alleen aanbid moet word en geen ander afgode nie, maar bied nie spekulatiewe teorieë wat in die hier-

namaals met die aanhangers van ander godsdienste gaan gebeur nie en vermy dit om oor die *grense* van jou geloofsgroep te besluit. Biskop Lesslie Newbigin, wat vir veertig jaar 'n sendeling in Suid-Indië was, meen dat die vraag oor die grense van die groep nie eers gevra moet word nie. Dit is nie ons taak om daarop 'n antwoord te gee nie.

3. Sonder om die belang van ons Christelike getuienis teenoor ander nie-christelike godsdienste en mense wat nog nooit van Christus gehoor het nie af te water, kan die besluit oor hulle in die hande van 'n regverdige en genadige God gelaat word. Hy sal elkeen oordeel in die lig wat hy/sy gehad het (Luk 12:47-48, 2 Kor 5:10). God se soewereiniteit gee aan Hom die goddelike vryheid om waarlik God te wees. Soos wat die offer van Christus geld vir dié wat reeds voor sy koms geleef het, so kan God ook mense wat nog nooit van Christus gehoor het nie, red op grond van sy kruisoffer wat genoegsaam is vir die sonde van die hele wêreld (H Bavinck, JH Bavinck, H Kraemer).

4. Wat die onbereiktes betref, het Luther die wens uitgespreek dat God ook mense soos Cicero en Seneca genadig sal wees. Melanchton het dit oopgelaat dat God dalk 'n man soos Solon langs 'n besondere weg gered het. Zwingli het verder gegaan en die geloof uitgespreek dat God ook onder heidene sy uitverkorenes het.

5. Twee gereformeerde belydenisskrifte verwys ook hierna. Die tweede Helvetiese Konfessie sê in artikel 1: "Ons erken dat God mense kan verlig, selfs sonder die uitwendige bediening (Woord en sakramente), dié wat Hy wil en wanneer Hy wil; dit is sy volmag". Die Westminster Belydenis sê in 10,3 dat uitverkore kinders deur die Gees wederbaar word op die plek, tyd en metode soos dit Hom behaag. Dit geld ook van ander uitverkorenes wat "nie in 'n posisie is om die uitwendige roeping deur die bediening van die Woord te ontvang nie".

6. Herman Bavinck wys daarop dat die gereformeerde belydenis vanweë sy grondstruktuur ruimer van hart en breër van blik is as enige ander Christelike belydenis oor hierdie saak. Die gereformeerde belydenis vind die laaste, diepste oorsaak van die saligheid alleen in Gods welbehae, in sy ewige ontferming, in sy ondeurgrondelike barmhartigheid, in die onnaspeurlike rykdom van sy almagtige en vrye genade. Die miljarde mense wat gesterf het sonder om ooit die evangelie van Christus te hoor, moet ons in die hande van God laat.

7. Die grondliggende rede waarom die gereformeerde belydenis ruimer as die ander belydenisse oor die onbereiktes oordeel, lê in sy sterk beklemtoning van die vrymagtigheid van God. Elkeen wat gered is, moet dit as 'n totaal onverdiende, verrassende geskenk van God sien dat hy of sy uitverkies is. Daarom staan die genade en die leer van die uitverkiesing sentraler in die gereformeerde tradisie as in enige ander een. Die uitverkiesing kom voor die geloof. Daarom kan ons ook nie reëls neerlê vir die werksaamheid van die magtige Gees van God nie. Waar die Lutherane byvoorbeeld sê dat Hy *per verbum* werk, dit wil sê altyd *deur die Woord*, het die Calviniste die ruimer formulering *cum verbo, met die Woord,* verkies en daarmee bedoel dat die Gees normaalweg deur die Woord werk, maar nie daartoe beperk is nie.

8. Ons moet altyd onderskei tussen 'n godsdiens en sy aanhangers. Enige godsdiens kan wetenskaplik bestudeer en in die lig van die Skrif beoordeel word. Maar, God alleen ken die bedoeling van die hart van elke mens. Daarom kan ons biddend die versugting uitspreek dat die genade van God in Christus in elke mens se hart die laaste woord sal spreek (J du Preez).

7.2.3.3 *Aanbid mense van alle godsdienste dieselfde God?*

1. Die Skrif sê daar is net een ware God wat alleen geken kan word in Christus in wie Hy in sy volle wese woon (Kol 1:19, Fil 2:9-11). Aan die een kant skep mense hulle eie afgode naas die een, ware God (1 Kor 8:4-6). Aan die ander kant kan hulle Hom verkeerd aanbid weens hulle beperkte kennis van Hom (Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou – Joh 4:21-23).

2. Die monoteïstiese godsdienste soos die Judaïsme en die Islam bely dat hulle een ware God aanbid, tog is hulle aanbidding onkundig met 'n beperkte kennis van die ware wese van God. Die Judaïsme se kennis is beperk omdat hulle nie die volkome openbaring van God in Christus aanvaar nie. Die Islam met hulle eie interpretasie van die Ou en Nuwe Testament verstaan dit verkeerd.

3. Verskillende godsdienste is nie maar net verskillende maskers van God wat almal gebruik mag word aangesien alle gebede tog by God uitkom nie. Hoewel daar net een God is, kan Hy nie buite Christus en die Heilige Gees in waarheid aanbid word nie.

7.3 AANBEVELING: GODSBESKOUING - die Algemene Sinode aanvaar dat die God van wie die Jood praat as JHWH en vir wie die Moslem Allah noem, nie 'n ander God as die lewende God is nie, maar handhaaf sy belydenis dat God net in Christus reg geken en gedien kan word.

8. GRONDHERVORMING

8.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode (1998) dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die saak van die herverdeling van grond verder te bestudeer en om, desnoods in oorleg met die ASK, na bevind van sake op te tree.

8.2 INLEIDING

8.2.1 Die kerke in Suid-Afrika is om minstens vier redes onvermydelik betrokke by die brandende kwessie van grondhervorming in die land.

* *Eerstens* het die geskiedenis van grondbesit in

Suid-Afrika en die wyse waarop die herverdeling daarvan aangepak word 'n eties-morele kant, waaroor die kerk, soos oor ander soortgelyke sake, 'n verantwoorde standpunt behoort te stel.

* *Tweedens* het die kerk, gegewe die hoë konflikpotensiaal van die herverdeling van grond, 'n versoenende rol te speel, veral wanneer onderhandelinge tussen plaaslike gemeenskappe vasloop.

* 'n *Derde* rede waarom die kerk nie dié saak kan vermy nie, is omdat duisende lidmate, hetsy as boere of as bewoners van landelike gebiede, direk deur die herverdeling van grond geraak word.

* En *vierdens,* die kerk is self ook grondeienaar.

Terwille van duidelikheid word daarop gewys dat dit hier nie in die eerste plek gaan oor die beskikbaarstelling van grond in veral stedelike gebiede vir behuising aan hawelose mense nie, maar oor grondhervorming in omvattende sin.

8.2.2 Grondhervorming roep verskillende reaksies by mense op. Sommige koester daaroor groot verwagtinge, ander voel daardeur bedreigd. Dit is duidelik 'n komplekse en emosioneel-gelade saak wat met omsigtigheid aangepak moet word. 'n Mens hoef maar net na die gebeure in Zimbabwe te kyk om te besef wat die konflikpotensiaal daarvan is, en hoe katastrofaal die gevolge van willekeurige herverdeling vir die ekonomie en die menseverhoudinge van 'n land kan wees. Dit is daarom verblydend dat die huidige regering standpunt inneem téén grondgrypery en 'n deurdagte grondhervormingsplan wil loods. Die vernaamste aspekte van die saak word hier net kortliks aangeraak.

8.3 DIE AKTUALITEIT VAN GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA

Daar is verskeie redes waarom grondhervorming tans 'n aktuele saak is.

8.3.1 Dit is 'n prioriteit vir die huidige regering

Veral vanweë die nalatenskap van die koloniale era en spesifiek 'n hele reeks diskriminerende apartheidswette, is grondbesit in Suid-Afrika skeefgetrek. Die huidige regering gaan uit van die oortuiging dat blywende vrede nie verkry kan word sonder dat dié ongelykhede reggestel word nie. Grondhervorming is daarom sedert 1994 een van die hoekstene van die transformasieproses.

8.3.2 Dit raak die lewe van mense wesenlik

1. Vir beide wit- en swartmense is die eie vaderland en die grond waarop mens woon en leef meer as net 'n stuk aarde. Mense beleef dit dikwels so dat hulle hele bestaan aan die grond verbind is. Die geskiedenis vertel 'n lang verhaal van stryd en bloedige oorloë oor grond en grondbesit.

2. Swartmense beskou die grond waar hulle voorouers begrawe lê as 'n heiligdom. Grond is vir hulle die basis vir die gemeenskapslewe en deel van die kultuurgoed. Om van jou grond beroof en vervreem te wees beteken 'n ontwrigting van die gemeenskapslewe, 'n aantasting van jou menswaardigheid en identiteit.

3. Maar eweneens het grond vir blankes 'n gelade betekenis. Baie plase in blanke besit is geslagte lank deur families bewoon, van die wieg tot die graf. Ook blankes het 'n sterk bloed- en bodem ingesteldheid.

8.3.3 Dit raak die ekonomie van die land

1. Die kommersiële boerderybedryf lewer 'n belangrike bydrae tot die ekonomie van die land. Die rol van die landbousektor ten opsigte van die voorsiening van voedsel, ander lewensmiddele en werkverskaffing moet nie onderskat word nie.

2. Grond bied vir baie mense 'n ekonomiese bestaansruimte. Dit is 'n kosbare hulpbron en die basis waarop 'n hele ekonomiese en sosiale orde gevestig word. Grondhervorming is derhalwe verweef met die daaglikse bestaan van duisende boere en plaasarbeiders.

3. In 'n mate hou die verarming en ekonomiese ontwrigting van swartmense verband met die vervreemding van grond. Die aandrang op die herstel van grondregte het dus 'n belangrike ekonomiese motief.

8.3.4 Mense koester hoë verwagtinge van grondhervorming

Een van die belangrikste redes waarom grondhervorming tans op die spits gedryf word, is die toenemende aandrang van swartmense dat die regering konkrete stappe in die verband moet doen. Benewens mense en gemeenskappe wat deur die proses van grondeise eiendom wat voorheen aan hulle behoort het probeer terugkry, is daar baie ander wat die verwagting het dat grond vir die eerste keer aan hulle toegeken sal word.

8.3.5 Grond bied politieke bemagtiging

By alles is daar in die reël ook 'n verband tussen 'n eie grondgebied en politieke bemagtiging. Tradisionele leiers byvoorbeeld wil daarom alle kommunale grond binne stamverband behou.

8.4 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP GRONDBESIT IN SUID-AFRIKA

8.4.1 Swartmense meen dat die grond wat tradisioneel aan hulle voorvaders behoort het van hulle afgeneem is deur die voorsate van hulle wit landgenote. Sommige koester hieroor selfs 'n wrok. Of hierdie persepsie korrek is aldan nie, feit is dat blankes hulle vanweë die nalatenskap van die koloniale era en spesifiek die apartheidsbeleid wat grondbesit betref in 'n bevoorregte posisie bevind. In dié verband het die beskerming en bevoorregting van blankes deur diskriminerende wetgewing ten opsigte van eiendomsreg, werkafbakening en grondreservering 'n groot rol gespeel.

8.4.2 'n Reeks wette het gedurende die vorige eeu grondbesit in Suid-Afrika bepaal, gebaseer op die konsep van territoriale segregasie en die skeiding van grondregte tussen blank en swart. Die belangrikste hiervan was die Wet op Grondbesit van 1913 (Native

Land Act). Hierdie wet, die eerste in die twintigste eeu wat groepsgebiede sou bepaal, het die land in die geheel aan die blankes toegesê, met die uitsondering van sekere gebiede wat vir swartmense opsy gesit is. Daarna het die Ontwikkelings Trust en Grond Wet van 1936 (Native Trust and Land Act) gevolg, wat aan swartmense 13,7% van die land toegeken het vir permanente verblyf, en waaraan ook die Ontwikkelings Trust gekoppel was wat die finale titel gehou het van alle grond wat aan die swart bevolking toegeken is. Die Groepsgebiede Wet van 1950, wat afsonderlike verblyf in stedelike gebiede vir veral Kleurlinge en Indiërs bepaal het, het grootskaalse verskuiwing van mense tot gevolg gehad. Die sleutel-element in hierdie en ander wetgewing, wat veral sedert 1948 op groter skaal toegepas is, was dat alhoewel miljoene swartmense in landelike gebiede gewoon het, hulle nie wettige grondeienaars kon wees nie.

8.4.3 Teen die jaar 2000 het die situasie volgens beskikbare statistiek rakende grond en grondbesit in Suid-Afrika soos volg daaruit gesien. Die totale oppervlak van die RSA is 122,3 miljoen hektaar. Daarvan is 98,9 miljoen landbougrond. Die totale omvang van staatsgrond (insluitend stamgebiede en gebiede toegeken aan staatsdepartemente) is 24,0 miljoen hektaar, terwyl die oppervlak wat deur kommersiële boere (individue, maatskappye) besit word 68,4 miljoen beloop(Volgens South Africa Yearbook, 2000/01).

8.4.4 Dit moet in ag geneem word dat 'n groot deel van bovermelde landbougrond (ongeveer 30%) geleë is in yl-bevolkte lae-reënvalgebiede.

8.4.5 Een van die belangrikste knelpunte in die verstaan van die geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika, is die uiteenlopende interpretasie van eiendomsreg by swartmense en blankes. Swartmense het 'n tradisie van kommunale grondbesit waarvolgens die grond aan die opperhoof as verteenwoordiger van die hele gemeenskap behoort. Die hele gemeenskap het toegang tot waterbronne en weiding gehad. Individuele eiendomsreg volgens die Westerse stelsel van kaart en titelakte was onbekend. Aan elke familie is wel 'n stukkie grond toegeken wat bewoon en bewerk kon word.

8.4.6 Vir swartmense hang eienaarskap dus saam met die verhouding tussen die grond en die mense. Daarom dat stam- en familiegroepe die grond waarop hulle voorvaders begrawe lê as hulle regmatige eiendom kan beskou, selfs al is dit tans wettiglik in die naam van ander eienaars geregistreer.

8.5 NUWE BELEID EN WETGEWING SEDERT 1994

Die nuwe grondwet verwys reeds in die aanhef na die doelwit om die ongeregtighede van die verlede reg te stel, diskriminasie uit te skakel en die lewenskwaliteit van alle landsburgers te verbeter. In 'n spesifieke gedeelte oor grondhervorming ("Land Reform", afdeling 24) word dit by name gestel dat alle landsburgers gelyke toegang tot grond en ander natuurlike hulpbronne moet hê, en dat die regering daartoe verbind is om deur wetgewing die ongelykhede van die verlede reg te stel. Die huidige regering het die oorblywende diskriminerende wetgewing geskrap, en in die Witskrif op Grondhervorming(1996) met 'n grondhervormingsprogram begin wat drie aspekte behels.

8.5.1 Restitusie (restitution program)

Dit is die herstel van grondregte van persone wat hulle grondregte verloor/van hulle grond vervreem is. Daarvolgens is individue of gemeenskappe wat ná Junie 1913 deur diskriminerende wetgewing van hulle grond vervreem is, onder meer deur gedwonge verskuiwings, en nie behoorlik daarvoor vergoed is nie, geregtig om eise vir teruggawe of vergoeding in te dien. Hierdie proses word gereël deur die Wet op die Herstel van Grondregte van 1994. Die afsny-datum vir restitusie-eise was 31 Desember 1998. In totaal is 67,531 sulke eise deur die Kommissie vir die Herstel van Grondregte ontvang, waarvan ongeveer 20% betrekking het op landelike gebiede.

8.5.2 Herverdeling (redistribution)

Dit is die toekenning van grond in staatsbesit en grond wat spesiaal deur die staat vir dié doel aangekoop is aan agtergeblewe gemeenskappe ten einde die wanbalans ten opsigte van grondbesit reg te stel. 'n Belangrike doelwit van die huidige regering se grondhervormingsbeleid is om met behulp van 'n subsidieskema 'n nuwe geslag opkomende swart kommersiële boere te vestig. Slegs Suid-Afrikaanse burgers uit voorheen benadeelde groepe wat in staat is om 'n finansiële bydrae te maak en bereid is om by 'n opleidingsprogram in te skakel, sal hiervoor kwalifiseer.

8.5.3 Sekerheid van verblyfreg (extension of security of tenure)

Dit is wetgewing wat groter sekerheid van verblyf gee aan mense wat op grond woon wat nie aan hulle behoort nie. Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 62 van 1997, ook bekend as ESTA (Extension of Security of Tenure Act) het ten doel om die regte van mense wat in landelike gebiede woon, soos plaasarbeiders, te verbeter en hulle veral te beskerm teen uitsetting.

8.6 MEGANISMES VIR GRONDHERVORMING/HERVERDELING

Enige herverdelingsproses roep uiteraard die vraag op watter grond vir dié doel aangewend kan word. Daar bestaan verskeie moontlikhede.

8.6.1 Wisseling van grond volgens die vryemarkstelsel

Daar bestaan tans in Suid-Afrika 'n kopersmark wat plaaseiendomme betref. Vanweë faktore soos stygende produksiekoste, skommelinge op die internasionale markte, hoë rentekoerse en die uitwerking van langdurige droogtes is talle plase in die

mark, in sekere gebiede ver onder die markwaarde. Die wanbalans ten opsigte van grondbesit sou dus in 'n groot mate reggestel kon word bloot deur die aankoop van beskikbare plase volgens die vraag- en aanbod-beginsel. Die probleem by hierdie opsie lê vanselfsprekend by die gebrek aan beskikbare kapitaal.

8.6.2 Aanwending van staatsgrond

Grond in besit van die staat beslaan na raming in totaal ongeveer 24 miljoen hektaar. 'n Groot deel van dié grond is nie beskikbaar of geskik vir grondhervorming nie aangesien dit onder meer bergreekse, nasionale parke en beskermde gebiede insluit. Daarby word 'n aansienlike deel van die staatsgrond benut deur staats-departemente soos Bosbou, Landbou en die Nasionale Weermag. Alles inaggenome is daar steeds honderde duisende hektaar staatsgrond met landboupotensiaal wat effektief vir grondhervorming aangewend sou kon word.

8.6.3 Benutting van kommunale grond

Daar is groot gebiede waar die stamkaptein namens die gemeenskap alleeneienaar van grond is. Die wettige oordrag van grond aan individue in hierdie gebiede is 'n komplekse aangeleentheid.

8.6.4 Onteiening

1. Dit word bereken dat die sowat 62 000 blanke boere tans ongeveer 68,4% van die beskikbare landbougrond buite die nasionale state (98,9 miljoen hektaar) besit. Dit moet aanvaar word dat 'n deel van hierdie grond ter sprake kom by 'n hervormingsprogram. Die vraag is op watter wyse dit moet geskied.
2. Eensydige onteiening is tans nie deel van die Suid-Afrikaanse regering se grondhervormings-beleid nie. Volgens uitsprake van regeringswoordvoerders word dit beskou as laaste uitweg indien alle ander pogings misluk het. Onteiening kan op verskillende maniere toegepas word. Dit kan byvoorbeeld geskied met kompensasie teen markverwante of eensydig vasgestelde pryse. 'n Ekstreme voorbeeld van onteiening is wat sedert 2000 in Zimbabwe gebeur het. Honderde plase van blanke boere is met goedkeuring van die owerheid beset deur mense wat daarop aanspraak maak dat hulle vryheidsvegters is wat die land uit koloniale oorheersing bevry het. Soos in Zimbabwe is grondonteiening of -konfiskering of enige ander “goedkoop” prosedure om grond dwangmatig te bekom wêreldwyd 'n resep vir mislukking.

8.6.5 Grond in besit van kerke

Verskeie gesprekke is die afgelope tyd gevoer tussen die owerheid en die kerke oor die aanwending van kerkgrond vir herverdeling. Dié saak word onder punt 8.7 verder bespreek.

8.7 DIE KERK EN GRONDHERVORMING

Daar is enkele basiese uitgangspunte wat die Bybel oor grond en grondbesit stel.

8.7.1 Grondbesit in die Bybel

1. Die besit van land/grond is een van die belangrikste temas in die Ou Testament. Feitlik elke teologiese tradisie in die Ou Testament staan op die een of ander manier in verband met grondbesit.
2. Die aartsvaderverhale staan in direkte verband met die belofte van die land aan Abraham (Gen 12:1-3,7). Die verlossing uit Egipte is 'n trek na die land op grond van die belofte van Jahwe aan die volk. Die woestyn-tradisie beskryf 'n toestand van landloosheid, en vorm dus die teenpool van die besit van die land. Deuteronomium, en met name die Dekaloog (vyfde gebod), verbind gehoorsaamheid aan die tora met verblyf in die land. Die land vorm die laaste van God se heilsdade in die credo van Deut 26:5-9.
3. Die inname van die land word breedvoerig behandel in die boek Josua. Aan elke stam word 'n regmatige deel gegee. Die reg op grondbesit moes dus gerespekteer word, soos onder meer blyk uit die verhaal van Nabot en sy wingerd (1 Konings 21). Ook die profetiese literatuur hanteer die geskiedenis van Israel vanuit die gesigspunt van die belofte en verlies van die land.
4. Omdat Jahwe universeel heers en regeer oor alle volke en lande, is Hy ook die Eienaar van die land Kanaän. Dit beteken dat Israel die land as woonplek mag gebruik, maar nie die eienaars daarvan is nie. Die land word aan hulle as gawe gegee (Deut 11:10-12), maar kan ook van hulle weggeneem word. God eis reg en geregtigheid in die land. Wanneer maghebbers op onbillike wyse die grond van armes wil afneem, stuur God die profete (Amos, Hosea, Jesaja, Miga) met vlymskerp kritiek. In Jes 5:8 en verder striem die profeet mense wat hulle eiendom vermeerder deur huis na huis en plaas na plaas in te palm totdat daar geen plek vir ander oorbly nie.
5. Die gawe van die land hou ook die moontlikheid van verleiding en versoeking in . Dit kan gebeur dat die land se wonderlike gawes Israel laat vergeet dat dit Jahwe is wat dit gegee het. Israel is kwesbaar en onervare in die nuwe land met vreemde inwoners en vreemde gode. As die volk vergeet dat die land Jahwe se gawe aan hulle is, kan dit gebeur dat hulle die voorspoed nie aan God se seën toeskryf nie, maar aan die afgode of eie prestasies.
6. Die rede waarom Israel en Juda gevaar loop om die land te verloor, hou verband met die sosiale onreg wat gepleeg word. Dit is veral in die boek Deuteronomium (28-29) dat die land voorwaardelik aan Israel gegee is. Gehoorsaamheid aan die gebod van die Here verseker 'n lewe van seën; ongehoorsaamheid daarenteen, bring die vloek van die Here oor die land.
7. Volgens die bepalinge van die sabbatsjaar (Lev 25-27) moes die land en die bewerkers daarvan elke sewende jaar rus. Die jaar wat volg op die sewende sabbatsjaar is 'n jubileum- of hersteljaar. Elke Israeliet moet dan na sy grond terugkeer. Daardeur is die

monopolie op grondeienaarskap beperk, en is almal daaraan herinner dat die grond aan die Here behoort. Die ideaal van *sjalom* (vrede) word treffend deur Miga beskrywe met die beeld van die mense van die land wat elkeen rustig en ongesteurd onder sy eie wingerd en vyeboom sit (4:4).

8. In die Nuwe Testament speel land/grond nie 'n prominente rol nie. Die gedagte aan 'n fisiese grondgebied waaraan spesiale betekenis geheg word, kom nie voor nie. Dit beteken egter nie dat land as teologiese tema heeltemaal afwesig is nie. Dit is byvoorbeeld nie sonder betekenis dat Jesus juis uit Egipte na die land toe terugkeer nie (Matt 2:19-21), die enigste keer dat die uitdrukking "land van Israel" in die Nuwe Testament voorkom.

9. In Handelinge word die land genoem as deel van die hoogtepunte van God se heilsgeskiedenis met sy volk (7:3,4,6,45). Jakobus stel die eis van geregtigheid aan die landbou. God hoor die roep van die verontregte arbeiders wie se loon teruggehou word. In die brief aan die Hebreërs (11:9,15) word melding gemaak van die belofte van die land aan Abraham, en word die verband gelê met 'n hemelse vaderland.

8.7.2 Die situasie rakende kerkgrond

1. Reeds tydens die Rustenburg-kerkeberaad in 1990 is daarop gewys dat die owerheid sowel as die kerk aandag sal moet gee aan die herverdeling van grond. Die gedagte is uitgespreek dat kerke alle grond in hulle besit wat ten koste van ander gemeenskappe bekom is, aan die oorspronklike eienaars behoort terug te besorg.

2. Verskeie gesprekke het reeds tussen verteenwoordigers van die Departement Landbou en die verskillende kerke in Suid-Afrika plaasgevind oor die aanwending van beskikbare kerkgrond as deel van die omvattende grondhervormingsprogram van die owerheid.

3. Dit is moeilik om presies aan te dui hoeveel grond in die besit van kerke is omdat die meeste kerke nie oor 'n volledige databasis of sentrale rekord beskik nie. Volgens 'n opname wat in 1998 in die akteskantoor gedoen is, het die eiendomme wat in naam van die onderskeie kerke geregistreer is, in totaal 182 953 hektaar beslaan. Die tipe grond varieer van beboude stadserwe tot kampeerterreine en kommersiële plase.

4. Uit hierdie opname blyk dit dat die kerke in Suid-Afrika, in vergelyking byvoorbeeld met die staat en sommige staatsdepartemente, nie 'n baie groot grondbesitter is nie. Die Lutherse Kerk (31%), die Moraviese Kerk (30%) en die Rooms-Katolieke Kerk (22%) besit volgens hierdie opname die meeste grond, wat sendingstasies en enkele kommersiële plase insluit. Die NG Kerk het weliswaar die grootste aantal geregistreerde eiendomme (hoofsaaklike gemeentelike kerkpersele), maar in die geheel vorm dit maar ongeveer 8% van die totale oppervlak van kerkgrond in die land (Sien tabel).

5. Kerkgrond in Suid-Afrika [1998]*

DENOMINASIE	Getal eiendomme	As % van totaal	Opp. van Eiendomme (ha)	as % van totaal
Lutherse Kerk	122	6%	57 146	31%
Moraviese Kerk	10	1%	55 103	30%
Rooms-Katoliek Kerk	316	15%	40 738	22%
Nederduitse Gereformeerde Kerk	600	30%	14 298	8%
Anglikaanse Kerk	379	18%	7 131	4%
Presbiteriaanse Kerk	450	22%	2 027	1%
Verenigende Gereformeerde Kerk	79	4%	2 579	1%
Heilsleer	29	1%	1 898	1%
Ander	8		2	
TOTAAL	2 053	100%	182 958	100%

* Hierdie gegewens is nie volledig nie omdat weinig kerke 'n sentrale databasis het. Grond is gewoonlik in die naam van gemeentes geregistreer, en by sommige kerke in die naam van meer as een nasionale en selfs buitelandse beheerliggaam.

6. Kerke het op verskillende maniere grond bekom. In die meeste gevalle is dit aangekoop of as geskenk of erflating ontvang.

7. Swartmense oordeel dikwels negatief oor sekere grond in kerkbesit, aangesien hulle meen dat dié grond wat nou wettiglik aan kerke behoort vroeër slegs in bruikleen deur konings en opperhoofde aan sendingorganisasies en kerke beskikbaar gestel is vir sendingwerk en die vestiging van skole, hospitale en klinieke. Hulle meen ook dat kerke op allerlei ander maniere gebaat het by en bevoordeel is deur die diskriminerende apartheidstelsel.

8. Sommige kerke, soos die Lutherse Kerk, die Moraviërs en die Rooms-Katolieke kerk wat die meeste kerkgrond besit, insluitende kommersiële plase, is 'n hele aantal jare reeds in gesprek met die owerheid oor grondrestitusie. Hierdie kerke is ver gevorder in die opbou van 'n volledige databasis van grond in hulle besit, asook wat 'n beleid en aksieprogram betref.

9. Die NG Kerk het tot nou toe oorhoofs nog nie veel aandag aan grondhervorming gegee nie, waarskynlik omdat daar weinig eiendomme is wat vir dié doel aangewend kan word. Daar is wel baie aandag gegee aan spesifieke grondsake wat die afgelope

dekade of twee opgeduik het, soos in die geval van Elandskloof in die Wes-Kaap en Kranspoort in die Noordelike Provinsie.

8.7.3 Standpunt van die Kerk: Riglyne vir grondhervorming

Ten einde grondhervorming op verantwoordelike wyse aan te pak, behoort die volgende uitgangspunte as riglyne te geld.

8.7.3.1 Grondhervorming moet positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses

1. Die situasie in die land vereis dat daar nie volstaan kan word met 'n blote erkenning dat daar in die verlede wat grondbesit betref teen anderskleuriges gediskrimineer is nie. Die onreg van die verlede moet op 'n manier reggestel word.
2. Ongelukkig het verskeie faktore daartoe bygedra dat baie blankes negatief ingestel is teenoor grondhervorming. Diegene wie se grond direk ter sprake is voel uiteraard bedreig en onseker. Die reeks plaasmoorde en die wyse waarop dit gepleeg word, asook die grondgrypery in Zimbabwe en die moontlikheid dat dit na Suid-Afrika kan oorspoel, skep verdere negatiwiteit.
3. Die regering behoort sterker inisiatiewe te neem om teen 'n vinniger tempo beskikbare en geskikte staatsgrond as deel van 'n geïntegreerde landbou-ontwikkelingsprogram aan swart gemeenskappe beskikbaar te stel.

8.7.3.2 Grondhervorming moet met sensitiwiteit, omsigtigheid en nugterheid hanteer word

1. Grondbesit en –verlies is 'n emosionele aangeleentheid. Die herverdeling van grond moet daarom op 'n uiters verantwoordelike wyse deurgevoer word.
2. Die regering moet ondersteun word in sy huidige beleid om die grondhervormingsplan met nugterheid en realisme aan te pak. Om so veel as moontlik grond sonder meer aan so veel as moontlik mense uit te deel, soos soms gevra word, sal meer probleme skep as oplos. Dit is 'n wanopvatting dat grondverdeling as sodanig groot rykdom sal meebring, of selfs armoede beduidend sal bekamp. Wêreldwyd oorleef net die mees bedrewe en toegewyde boere.

8.7.3.3 Grondhervorming moet op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag berus

1. Grondhervorming kan net sinvol aangepak word as dit gepaard gaan met die instandhouding van 'n sterk kommersiële landbousektor. Dit is verblydend dat die regering tans duidelik onderskei tussen die aanwending van grond vir behuising van haweloses, en die vestiging van 'n opkomende swart boerdery-gemeenskap.
2. Ook verblydend is die feit dat die georganiseerde landbou doelgerigte pogings aanwend en ook reeds verskeie projekte loods om opkomende swart boere by te staan.
3. Boerdery is nie meer 'n maklike bedryf wat as't ware van nature kom nie, maar 'n gespesialiseerde beroep en 'n harde sake-onderneming. Dit vereis onder meer tegniese kennis en vaardigheid, wetenskaplike boerderymetodes, effektiewe bestuur, infrastruktuur en bedryfskapitaal. Vanweë verskillende faktore word dit al moeiliker om ekonomies suksesvol te boer, en baie boere kom uiteindelik nie die mas op nie. Enorme kapitale uitleg is vir kommersiële landbouproduksie nodig, en al minder mense wêreldwyd is daarby betrokke. Byna geen Westerse land het 'n landbousektor wat meer as 10% van die bevolking verteenwoordig nie. Sowat 'n eeu gelede was om en by 90% van alle Afrikaners by landbou betrokke; tans minder as 10%. As skepper van welvaart het die nywerheid in Europa die landbou reeds meer as 200 jaar gelede verbygesteek

8.7.3.4 Grondhervorming moenie 'n politieke speelbal gemaak word nie

Indien die herverdeling van grond misbruik word vir politieke gewin, soos in Zimbabwe waar plaasbesettings 'n kruitvat-situasie laat ontstaan het, sal dit 'n katastrofe tot gevolg hê.

8.7.3.5 Grondhervorming moet 'n gesonde juridiese basis hê

Dit spreek van self dat die hele proses volgens erkende regsbeginsels sal verloop, en dat deurgaans teen korrupsie en nepotisme gewaak sal word.

8.7.3.6 Grondhervorming moet deel uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram

1. Die landbousektor kan nie uitgesonder word as die enigste rolspeler in die stryd teen armoede nie. Om duisende lappies landbougrond lukraak aan armes uit te deel, is nie die antwoord nie. 'n Omvattende landelike ontwikkelingsprogram is nodig waarin ander rolspelers soos regeringsdepartemente, nie-owerheids-organisasies, die privaat sektor, boerevereenigings en finansieringsinstansies in 'n goedbeplande vennootskaplike benadering saamgesnoer word.
2. Daar bestaan 'n dringende behoefte aan effektiewe opleidingskursusse en ontwikkelingsprogramme met die oog op die identifisering en toerusting van nuwe swart boere. Een moontlikheid sou wees om afgetrede kundiges van die tersaaklike staatsdepartemente asook verteenwoordigers van die georganiseerde landbou hierby te betrek.
3. Dit is duidelik dat die ideaal van die vestiging van 'n suksesvolle swart boerdery-gemeenskap slegs verwesenlik sal kan word deur 'n geïntegreerde landelike ontwikkelingsprogram waarby onder meer die owerheid, die privaatsektor, die georganiseerde landbou en finansieringsinstansies betrek word. Daar is geen manier hoe hierdie projek kan slaag sonder die voorsiening van die nodige ondersteuningsmeganismes soos infrastruktuur en landbouvoorligting nie.

8.7.3.7 Grondhervorming moet met ekologiese

oorweginge rekening hou

1. Daar is landelike gebiede waar 'n ekologiese krisis heers vanweë faktore soos oorbevolking, oorbeweiding, gronderosie, ontbossing en omgewingsbesoedeling. Miljoene ton landbougrond gaan elke jaar as gevolg hiervan verlore.
2. Mense moet meer bewus gemaak word van natuurbewaring in die gees van die uitdrukking: ons het die land van ons vaders geërf, maar ons leen dit van ons kinders!

8.7.3.8 Vergoeding moet billik en so ver moontlik markverwant wees

Die beleid is tans dat 'n grondeienaar vergoed moet word indien sy eiendom vir restitusie-doeleindes benut word. Eienaars mag wel gepenaliseer word vir sagte lenings/staatsubsidie wat van die vorige regering ontvang is by die aankoop of ontwikkeling van die plaas. Dit kan meebring dat die kompensasie onder markwaarde vasgestel word. Voorsiening word wel gemaak dat boere die waardasie kan teenstaan en op eie koste ander voorleggings kan maak.

8.7.3.9 Die grondhervormingsproses moet so gou moontlik afgehandel word

1. Een van die grootste knelpunte in die grondhervormingsprogram is die stadige pas waarteen dit afgehandel word. Die regering kon tot nou toe nie daarin slaag om sy grondhervormingsbeleid, waaroor daar grotendeels konsensus bestaan, op groot skaal in werkbare praktiese projekte te omskep nie.
2. Die uitgerekte proses bring frustrasie vir die eiser en onsekerheid by die eienaar. Daarby is finansiële instellings huiwerig om finansiering te voorsien vir grond waarteen eise ingestel is.

8.7.4 Riglyne vir die bemiddeling in gronddispute

Die volgende kan dien as moontlike prosedure vir die beslegting van grondgeskille in plaaslike gemeenskappe. Dit is moontlik dat die kerk as bemiddelaar in die proses sou kon optree.

8.7.4.1 Die proses moet so inklussief moontlik wees. Alle pogings moet aangewend word om alle partye by die onderhandelinge te betrek. Geen individu of groep met 'n geldige aanspraak op die betrokke grond moet uitgesluit word nie.

8.7.4.2 Die betrokke partye moet 'n gelyke verteenwoordiging in die onderhandelinge hê, en self hulle verteenwoordigers aanwys.

8.7.4.3 Die onderskeie partye moet gevra word om goed voorbereid en met openheid in die onderhandeling in te gaan.

8.7.4.4 Die bespreking moet openhartig wees, en alle beskikbare inligting moet verstrek word. Alle partye moet die geleentheid gebied word om hulle saak te stel, en alle standpunte moet gerespekteer word.

8.7.4.5 Persone moet die geleentheid gebied word om die instansies vir wie hulle verteenwoordig te raadpleeg.

8.7.4.6 Nadat konsensus verkry is oor die aard van die probleem, moet dit geformuleer en genotuleer word. Sake waaroor die partye saamstem, sowel as punte van verskil moet vasgestel en aangeteken word.

8.7.4.7 Moontlike oplossings vir die probleem moet bespreek en aangeteken word. Indien moontlik moet die mees haalbare en aanvaarbare oplossing geïdentifiseer word.

8.7.4.8 In geval van 'n sensitiewe en hoogs-emosionele kwessie kan dit raadsaam wees om 'n onpartydige fasiliteerder aan te wys. So iemand moet uiteraard geen belang by die saak of die uitkoms daarvan hê nie.

8.7.4.9 Indien die aangeleentheid so kompleks is dat konsensus nie bereik kan word nie, behoort die dienste van deskundiges/spesialiste (bv. landbou- en omgewingkundiges) verkry te word. Die taak van hierdie persone is om relevante inligting te verstrek en opsies voor te lê, en nie om die proses te domineer nie.

8.7.4.10 Indien die partye nie tot 'n vergelyk kan kom nie, sou die hulp van bykomende bemiddelaars oorweeg kon word.

8.7.4.11 In geval al hierdie stappe gevolg is maar geen aanvaarbare oplossing bereik kon word nie, mag dit nodig wees om van regshulp gebruik te maak. Dit kan 'n uitgerekte, duur en pynlike proses tot gevolg hê, tot nadeel van onderlinge verhoudinge.

8.7.4.12 Waar daar wel 'n bevredigende skikking bereik is, en grond aan 'n bepaalde gemeenskap terugbesorg word, mag verdere ondersteuning met die oog op die mees effektiewe benutting daarvan nodig wees.

8.8 AANBEVELINGS: GRONDHERVORMING

8.8.1 Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir die voortgaande gesprek oor grondhervorming in Suid-Afrika.

8.8.2 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die Regering vir die volgehoue pogings om 'n deurdagte en ordelike grondhervormingsbeleid te vestig, en doen 'n beroep op die owerheid om veral die beskikbaarstelling van grond vir die vestiging van hawelose mense as 'n dringende prioriteit te bespoedig.

8.8.3 Die Algemene Sinode besluit om die riglyne vir grondhervorming (7.3) namens die kerk aan die owerheid deur te gee.

8.8.4 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes, ringe en gemeentes om 'n volledige rekord van grond in hulle besit te hou, en 'n duidelike besluit oor die aanwending daarvan te formuleer

8.8.5 Die Algemene Sinode oordeel dat hoewel die kerk nie oor genoegsaam grond beskik om 'n beduidende bydrae tot grondhervorming te lewer

nie, dit 'n belangrike simboliese betekenis kan hê as gemeentes, ringe of sinodes beskikbare grond deel van die proses sou kon maak.

8.8.6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate om sensitief te wees vir die nood van hawelose mense, en om alles in hulle vermoë te doen om te verseker dat alle mense in die plaaslike gemeenskap oor die basiese huisvesting beskik.

8.8.7 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en gemeentes om waar moontlik 'n versoenende/bemiddelende rol te speel in grondkwessies, en om pastorale bystand te verleen aan diegene wat direk daardeur geraak word.

9. KORRUPSIE

9.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die verskynsel van korrupsie te bestudeer en na bevind van sake op te tree.

9.2 INLEIDING

9.2.1 Berigte oor korrupsie in die Suid-Afrikaanse staatsdiens het oor die afgelope aantal jare gereeld in koerante verskyn. In 'n berig in *Rapport* (25 Mei 1997) word byvoorbeeld gemeld dat prof Tom Lodge van die Universiteit van die Witwatersrand bereken het dat korrupsie van 1994 tot op daardie stadium Suid-Afrika al veel meer as R3 miljard gekos het. Dit sluit nie korrupsie op munisipale vlak in nie, en natuurlik nie al die gevalle van korrupsie wat nooit aan die lig gekom het nie. Dit sluit ook witboordjiemisdaad in die private sektor uit. Die omvang van die korrupsie op al die vlakke van openbare administrasie waaroor gereeld berig word, bring teweeg dat kommentators praat van 'n "kultuur van korrupsie" wat in Suid-Afrika posgevat het.

9.2.2 Dit is belangrik om in ag te neem dat "korrupsie" nie net iets is wat in die openbare sektor plaasvind nie. Die koerante het oor die afgelope jare ook gereeld berig oor toenemende "korrupsie" in die private sektor en in die burgerlike samelewing. Tog het dit gebruiklik geword om die woord "korrupsie" veral te gebruik om na die misbruik van mag vir persoonlike of groepsgewin in die openbare sektor te verwys. In verband met die private sektor en die burgerlike samelewing word eerder woorde gebruik soos "witboordjiemisdaad", "kantoormisdaad" en "bedrog". Net so belangrik is dit om in ag te neem dat dit nie net politici, staatsamptenare en ander staatswerkers is wat by korrupsie in die openbare sektor betrokke is nie. In baie gevalle is ook mense uit die private sektor en die burgerlike samelewing betrokke. Omkopery in die staatsdiens byvoorbeeld kan slegs plaasvind as 'n persoon of 'n maatskappy bereid is - of selfs die inisiatief neem - om geld neer te lê om 'n onregmatige voordeel van staatsamptenare te verkry.

9.2.3 In hierdie verslag gaan dit slegs om korrupsie in die openbare sektor. Die vernaamste rede is dat dit help om die omvattende onderwerp van "korrupsie" in die werkplek meer hanteerbaar te maak. 'n Tweede rede is dat korrupsie in die openbare sektor 'n saak is wat ons almal direk raak. Nie net is die misbruik van belastingbetalers se geld op die spel nie, maar ook die welsyn van al die inwoners van Suid-Afrika.

9.3 VORME VAN KORRUPSIE

9.3.1 Korrupsie in die staatsdiens het baie gesigte. Die bekendste gesig is seker die betaal van omkoopgeld. Daar is egter talle ander maniere waarop staatswerkers hul posisie kan misbruik om hulself geldelik te bevoordeel. Die verduistering van staatsgeld deur die uitbetaling van salarisse aan spookwerkers, die steel van pensioengeld of die geld vir voedingskemas, die steel van staatseiendom (boumateriaal, voertuie, meubels of skryfbehoeftes) en die aanwending van staatseiendom (byvoorbeeld voertuie en rekenaars) vir eie gebruik, is maar enkele voorbeelde. 'n Nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse konteks is die aanwending van "swaaideurtegnieke". Dit gebeur wanneer 'n amptenaar met 'n uittree-pakket by die swaaideur uitstap, maar net daarna weer met 'n konsultasiekontrak en die nodige binnekring-inligting by die swaaideur instap.

9.3.2 'n Staatswerker kan egter ook sy mag misbruik om ander mense te bevoordeel. Nepotisme is 'n bekende voorbeeld. 'n Politikus of 'n senior staatsamptenaar kan toesien dat 'n familielid, 'n persoonlike vriend, of 'n partygenoot aangestel word, al is daar ander meer bekwame persone wat aansoek doen vir die betrokke pos. Wanneer dit dan later blyk dat die persoon wat aangestel is, onbevoeg is vir die betrokke pos, kan hy sy posisie gebruik om so 'n onbevoegde persoon te beskerm en in die pos te handhaaf. Ander voorbeelde is die skryf van tendervoorwaardes op so 'n manier dat sekere tenderaars bevoordeel word, knoeiery met die toekenning van kontrakte en die uitbetaling van gunslone.

9.4 UITWERKING VAN KORRUPSIE

9.4.1 As dit eers eenmaal bekend raak dat 'n land in die greep van 'n kultuur van korrupsie vasgevang is, kan dit katastrofale gevolge vir dié land en sy mense hê. Die eerste nadelige gevolg vir 'n land is dat ekonomiese ontwikkeling onvermydelik gestrem word. "Corruption is bad for development", was die duidelike waarskuwing van die voorsitter van die Wêreldbank, James Wolfensohn, by die jaarvergadering van dié organisasie in 1997. Beleggers is nie bereid om hul geld te belê in 'n land waar hulle uitgelewer is aan die willekeur van amptenare wat aandring op die betaling van omkoopgeld nie. Net so min is ontwikkelingshulporganisasies gewillig om groot bedrae geld vir ontwikkelingsprojekte beskikbaar te stel as hulle by

voorbaat weet dat 'n groot gedeelte van dié geld nie aangewend sal om arm mense te help nie, maar in die sak van die amptenare wat die projek moet uitvoer, sal beland.

9.4.2 Alhoewel korrupsie tot nadeel is van omtrent almal in 'n land, behalwe diegene wat hulle daaraan skuldig maak, is dit veral die arm mense wat die ergste geraak word. Dit is hulle wat die meeste behoefte aan die dienste van die staat het. As die geld vir ouderdomspensioene, vir voeding- en behuisingskemas deur staatsamptenare gesteel word, is dit hulle wat in nog meer ellende gedompel word. En dit is hulle wat nie die geld het om staatswerkers om te koop om voorkeur aan hul belange te gee, of die mag om hulle te verweer teen diegene wat eers geld wil sien voordat dienste verrig word nie.

9.4.3 Korrupsie hou die gevaar in dat die moraliteit van die mense van 'n land ernstig aangetas word en selfs ineenstort. Dit het 'n besonder aansteeklike karakter. As junior amptenare merk dat senior amptenare hulle aan grootskaalse korrupsie skuldig maak, is die versoeking groot om ook hul eie hande in die beursie van die staat of ander mense te steek. En as die algemene indruk ontstaan dat 'n mens slegs 'n huis kan bou, slegs 'n besigheid kan bedryf en slegs munisipale dienste verrig kan kry as jy bereid is om omkoopgeld te betaal, is daar mettertyd steeds minder mense wat bereid is om weerstand teen korrupsie te bied. Om omkoopgeld aan te bied en te ontvang word dan maklik 'n algemeen aanvaarbare praktyk. Dit is egter veral as die indruk gewek word dat diegene wat hulle aan korrupsie skuldig maak meestal daarmee wegkom, dat die oortuiging onder die bevolking: "Misdaad betaal nie!", kan omslaan in die oortuiging: "Misdaad betaal wel!".

9.5 OORSAKE VAN KORRUPSIE

9.5.1 Twee uitsprake, die een deur prof. Willie Esterhuyse by die KKNK, Oudtshoorn, Maart 2000 en die ander deur die destydse vise-president Thabo Mbeki by die Nasionale Anti-korrupsie Beraad, Kaapstad, April 1999 bring ons by die vernaamste oorsake van korrupsie in Suid-Afrika. Prof. Esterhuyse het gesê: "Hoe 'n mens dit ookal tipeer, dit is nie vergesog nie om te sê dat Suid-Afrika se misdaadvlakke en misdaadvorme 'n aanduiding is van 'n ernstige erosie van die sosiale orde en aanvaarbare waardestelsels." Vise-president Mbeki het gesê: "What I am trying to suggest is that our society evolved in a manner which gave birth to a situation in which a disastrous collapse of social values occurred to be replaced by the notion that what is good is what serves my individual material interests and pleasures."

9.5.2 Tot die erosie van gemeenskapswaardes het faktore in die ou en nuwe Suid-Afrika 'n bydrae gelewer. Tot die faktore in die ou bedeling behoort onder andere die volgende:

1. *Die afbraak van morele vorming.* Vinnige verstedeliking het die morele kontrole van die uitgebreide familie deurbreek en tot die vervanging van tradisionele waardes deur kosmopolitiese waardes aanleiding gegee. Trekarbeid het oor dekades meegebring dat die normale prosesse van morele vorming in baie gesinne ernstig ontwrig is en die ontwrigting van die skoollewe sedert 1976 het daartoe gelei dat skole, in veral swart woonbuurte, nie hul normale bydrae tot die morele vorming van skoolkinders kon lewer nie.

2. *Die oortreding van morele grense gedurende die bevrydingstryd.* Gedurende die jare van die gewapende stryd tussen die regering in die ou bedeling en die bevrydingsbewegings was baie mense bereid om hul morele waardes op te skort en om te lieg, te bedrieg, te steel en selfs dood te maak in die naam van 'n groter saak. By baie wat by dié doelbewuste oortreding van morele grense betrokke was, het dit gelei tot 'n afstomping van die morele gevoel, wat op sy beurt weer die weg gebaan het vir immorele en onwettige gedrag vir selfsugtige doeleindes in die hede.

9.5.3 Tot die faktore wat veral sedert 1994 'n rol gespeel het, behoort veral:

1. *Die ontwrigtende uitwerking van die politieke oorgang.* In lande soos Suid-Afrika, waarin daar ingrypende oorgange en transformasies plaasvind, gebeur dit dikwels dat tradisionele strukture en waardestelsels omgewoel word, sonder dat betyds nuwe strukture en waardestelsels in plek geplaas word. Davidson en Rees-Mogg in hul boek *The sovereign individual,* skryf in dié verband: “The end of an era is usually a period of intense corruption. As the bonds of the old system dissolve, the social etos dissolves with it, creating an environment in which people in high places may combine public purposes with criminal activity”. In die geval van Suid-Afrika is die greep van 'n konserwatiewe moraliteit op die openbare lewe as resultaat van die noue band tussen die Nasionale regering en die Afrikaanse kerke verbreek. Een van die gevolge was dat die prosesse van modernisering en sekularisasie wat reeds lankal 'n deurslaggewende rol in Westerse samelewings gespeel het, nou ook in Suid-Afrika ongehinderd voortstoom en groter morele onsekerheid tot gevolg het. Ingrypende oorgangstye skep ook die ideale omgewing vir veral misdaadsindikate om hulle te verskans – veral as hulle beskik oor goed opgeleide "personeel" uit die ou orde en die bevrydingsbewegings. Staatswerkers uit die ou orde vrees dat hulle hul werk gaan verloor en is daarom meer vatbaar vir die versoeking om hulself ten koste van die staatskas te verryk terwyl hulle nog die geleentheid daartoe het. Voormalige vryheidsvegters word aangestel in verantwoordelike politieke en staatsdiensposte, waarvoor hulle nie altyd die nodige ondervinding en bevoegdheid het nie, en staan voor die versoeking om immorele kortpaadjies te loop om hul

onbevoegdheid te verberg.

2. *Die imperialisme van die waardes van die vryemarkekonomie.* Een van die gevolge van die deurbreking van die isolasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1994 is dat die oorwinningstog van die vryemarkekonomie en die waardes wat daarmee gepaard gaan sedert die ineenstorting van die reële sosialisme as ekonomiese stelsel oor die afgelope dekade ook in Suid-Afika plaasgevind het. Een van die grondpilare van dié ekonomiese stelsel is die oortuiging dat die sogenaamde "verborge hand" toesien dat die algemene belang gedien word as elkeen in die mark daarna streef om slegs hul eiebelang te dien. Daar is verontrustende tekens dat hierdie oortuiging, wat waar mag wees vir die marksituasie, ook in Suid-Afrika ander lewensgebiede begin beheers en 'n verskoning vir baie word om slegs na hulle eiebelang om te sien en die belange van ander mense, hul gemeenskappe en die groter samelewing te ignoreer. Ander vryemarkverwante waardes soos kompetisie, 'n verbruikersmentaliteit en materialisme, word ook dominante waardes in die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar is min twyfel daaroor dat die imperialistiese, dominerende aard van dié waardes ten minste gedeeltelik verantwoordelik is vir die groeiende korrupsie in ons samelewing. Baie waarnemers is dit eens dat dit by uitstek 'n ingesteldheid van "ek moet baie gou baie ryk word" is wat mense – veral diegene wat nou vir die eerste keer in 'n posisie van mag kom – dryf om hulle aan korrupsie skuldig te maak. Die Bybel noem hierdie ingesteldheid hebsug of geldgierigheid.

9.6 DIE BESTRYDING VAN KORRUPSIE

9.6.1 Om die vloedgolf van korrupsie te stuit het die Kabinet in Oktober 1997 'n Ministeriële Komitee in die lewe geroep wat aanbevelings vir 'n Nasionale Veldtog Teen Korrupsie moes maak. Daaruit het 'n verskeidenheid Anti-Korrupsie inisiatiewe gevloei wat uitgeloop het op die Nasionale Anti-Korrupsie Beraad in Kaapstad (14-15 April 1999) waar 'n aantal voorstelle aanvaar is. By die beraad was daar konsensus dat 'n holistiese en veelkantige benadering gevolg moes word. Die voorstelle het betrekking gehad op die rol wat verskillende sektore in die samelewing in die bestryding van korrupsie kan speel. Veral belangrik egter is dat die voorstelle betrekking gehad het op verskillende vlakke waarop die stryd teen korrupsie aangepak moes word:

* die direkte bestryding van korrupsie
* die voorkoming van korrupsie
* die bou van morele integriteit en die verskerping van publieke bewustheid.

9.6.2 Om die effektiwiteit van die *direkte bestryding* van korrupsie te bevorder is die aantal owerheidsinstansies wat by dié bestryding betrokke is mettertyd uitgebrei en is ook pogings aangewend om beter koördinering tussen dié instansies te bewerkstellig. Bestaande wetgewing is ook hersien en nuwe wetgewing is ingevoer wat onder andere ten doel het om die ondersoekvermoë van die genoemde instansies te versterk, om skuiwergate wat oortreders teen vervolging vrywaar, uit te skakel en om swaarder strawwe teen oortreders in te voer.

9.6.3 Reeds by 'n Anti-Korrupsie Konferensie van die openbare sektor in 1998 het die destydse visepresident Thabo Mbeki gestel: “The organisational culture of the public sector must change radically from external sanctions (when misconduct is belatedly addressed) to stronger internal control with anticipatory management systems to check deviant behaviour”. Die klem het gevolglik oor die afgelope paar jaar verskuif na die *voorkoming van korrupsie* en die *bou van morele integriteit* in die staatsdiens. Aandag is gegee aan voorkomingsmaatreëls soos beter moniterings- en bestuurstelsels, duideliker prosedurereëls (byvoorbeeld vir die aanstelling en bevordering van amptenare), die instelling van wetgewing wat fluitjieblasers (of alarmblasers) in die staatsdiens sal beskerm en van alarmlyne (“hotlines”) wat dit makliker maak om anoniem die aandag te vestig op korrupte praktyke en die betaling van beter salarisse aan lede van die polisie- en korrektiewe dienste. Om die morele integriteit te versterk is gedragskodes vir staatswerkers en vir parlementslede ingevoer en is pogings aangewend om opleiding in werkpleketiek in die staatsdiens te bevorder.

9.7 DIE TAAK VAN DIE KERK

9.7.1 Die kerk kan nie 'n rol speel in die direkte bestryding van korrupsie in die staatsdiens nie. Hy kan ook nie voorkomende maatreëls teen korrupsie in die staatsdiens neem nie. Die kerk kan egter wel 'n bydrae tot die bou van morele integriteit in die samelewing en – indirek – ook in die staatsdiens lewer.

9.7.2 Dit is 'n bydrae wat nie onderskat moet word nie. Per slot van rekening is dit slegs die weerhouding van korrupte aktiwiteite wat gebaseer is op innerlike morele oortuiging wat standhoudend is. Maatreëls wat alleen gebaseer is op die vrees vir straf is slegs op die kort termyn effektief. In sy rubriek "Van mens tot mens" in *Die Beeld* (5 Nov 1997) wys Wilhelm Jordaan daarop dat vrees vir straf wel bydra tot die goeie orde in die samelewing. "Maar op die duur is so 'n morele bewussyn soos kaf wat in die wind verstrooi. Want as die grond van mense se vrees vir straf verdwyn – soos dit nou gebeur rondom die ontkragting van die polisie en die regspraak – is daar geen goedontwikkelde waardestelsel waarvolgens mense se sin vir reg en verkeerd bepaal word nie. Verskerpte polisiëring en doeltreffende regspraak is in die kort termyn 'n wapen teen misdaad. Maar op die duur moet dit gedra word deur opvoeding tot 'n morele bewussyn. Hierin het ouers, die skool en die kerk 'n deurslaggewende rol".

9.7.3 Ten minste die volgende verantwoordelikhede

van die kerk in die bestryding van korrupsie kan onderskei word:

9.7.3.1 Die kerk behoort organisatories 'n model van morele integriteit te wees

Die woorde van die Amerikaanse teoloog Stanley Hauerwas behoort in dié verband ernstig geneem te word: "The church… must act as a **paradigmatic community** in the hope of providing some indication of what the world can be, but is not." Die kerk kan nie kritiek teen korrupsie in die staatsdiens lewer as sy nie effektief weerstand bied teen onetiese praktyke in eie geledere nie. Om dit te kan doen, sal ten minste die volgende nodig wees:

*** Goeie beheer oor eie finansies.** 'n Kerk behoort toe te sien dat daar veral by die insameling van geld afdoende toesig en beheer is. Daar behoort nie geleenthede te wees waar individue in die versoeking gestel word om geld te steel, omdat niemand anders ooit sal agterkom dat hulle dit gedoen het nie.

*** Sterk beroepsetiek by predikante en ander werknemers.** Die werk van 'n predikant is van so 'n aard dat hy (of sy) oor baie diskresie beskik. Die predikant besluit grotendeels self hoe hy sy werk sal inrig en hoe hy sy tyd sal bestee. Hy beskik ook oor baie invloed, as gevolg van die vertrouensverhouding waarin hy met baie mense staan. Hierdie diskresie en invloed kan maklik misbruik word as die predikant nie 'n duidelike besef het van sy beroepsetiese verantwoordelikhede nie. Dit is 'n ernstige vraag of die N G Kerk genoeg doen ten aansien van die beroepsetiese opleiding van sy predikante en ander werknemers.

9.7.3.2 Die kerk behoort lidmate toe te rus om weerstand te kan bied teen die versoeking van korrupsie in die werkplek

Vanweë die groter skeiding tussen kerk en staat in die nuwe konstitusionele bedeling, is dit nie meer so maklik vir kerke om 'n direkte invloed op regeringsbeleid – ook nie op regeringsbeleid oor die bestryding van korrupsie – uit te oefen nie. Aangesien baie – indien nie die meeste nie – van die politici en staatswerkers lidmate van kerke is, kan die kerke wel 'n belangrike bydrae tot die bestryding van korrupsie lewer deur lidmate se weerstand teen die versoeking van versoeking te versterk. Die kerk kan hierdie bydrae lewer deur:

*** Die algemene morele vorming van lidmate.** Stanley Hauerwas en ander teoloë wat die belang van 'n deugde-etiek naas 'n pligte-etiek beklemtoon, het ons geleer dat ook gewone kerklike praktyke soos die erediens, die bediening van die sakramente, gebed, kategese, Bybelstudie en barmhartigheidsdiens sterk morele vormingskrag het. Dit is egter nie vanselfsprekend dat dié praktyke positiewe morele vorming tot gevolg het nie. Dit kan ook **wanvorming** tot gevolg hê. Dit kan byvoorbeeld gebeur as 'n oordrewe piëtistiese ingesteldheid in die gemeentelike lewe daartoe lei dat lidmate nie hul sosiale verantwoordelikhede in die samelewing nakom nie, of nie gewillig is om die morele implikasies van die Christelike geloof deur te trek na hul werksituasie nie. Dit kan ook gebeur dat negatiewe waardes soos materialisme en negatiewe ingesteldhede soos rassevooroordeel uit die samelewing oorgeneem word en op 'n subtiele manier die gemeentelike lewe deursuur. Gemeentes sal daarom eerlike selfondersoek moet doen en vasstel of kerklike praktyke wel die vermoë van hul lidmate om moreel verantwoordelik in die samelewing en in die werkplek op te tree, versterk.

*** Hulle sal ook bereid moet wees om – sterker as tot dusver - die materialistiese waardes wat 'n integrale deel van baie van hul lidmate se lewenstyl geword het, te konfronteer.** Leiding moet aan lidmate gegee word om 'n lewenstyl te ontwikkel wat meer in ooreenstemming met die morele waardes van die evangelie van Jesus Christus is.

*** Toerusting van lidmate spesifiek met die oog op die werkplek.** Selfs al doen die kerk sy deel met betrekking tot die algemene morele vorming van lidmate, kan nie aanvaar word dat lidmate vanselfsprekend hul morele deugde en oortuiginge in die werkplek sal uitleef nie. As gevolg van die invloed van modernisering en sekularisasie onttrek samelewingsverbande soos die ekonomie en die politiek hulle al meer aan die invloed van godsdienstige en selfs morele oortuigings. Die opvatting dat dié samelewingsverbande selfstandig met behulp van hul eie stelle wetmatighede en waardes opereer en behoort te opereer, is wydverspreid. (Hoe dikwels hoor ons nie byvoorbeeld die uitdrukkinge "Besigheid is besigheid" en "Politiek is politiek" nie?) Ook Christene word bewustelik of onbewustelik daardeur beïnvloed. Lidmate sal dus oortuig moet word dat die werk wat hulle doen deel is van hul Christelike roeping en dat hul morele oortuiginge wel in die werkplek uitgeleef moet word. Hulle sal ook bewus gemaak moet word van die soort versoekinge en druk wat hulle in die werkplek mag ervaar om hulle aan immorele gedrag skuldig te maak. En hulle sal gehelp moet word om die etiese vaardighede te onwikkel om moeilike etiese dilemmas in die werkplek te hanteer. As die kerk sy lidmate wil help om meer weerbaar te wees teen die versoeking van korrupsie sal dus meer aandag aan toerusting in werketiek en etiek in die werkplek gegee moet word.

9.7.3.3 Die kerk behoort profetiese kritiek te lewer teen korrupsie en teen oneffektiewe metodes om korrupsie te bestry

Dit is deel van die kerk se profetiese taak om 'n waghondfunksie ten aansien van korrupsie in die samelewing te speel. Die kerk behoort daarom ook nie te skroom om teen korruptiewe praktyke in die politiek en staatsdiens openbare kritiek te lewer nie. Die

geloofwaardigheidsprobleem van die Afrikaanse kerke maak dit egter vir hulle op die oomblik moeilik om sulke profetiese kritiek op 'n effektiewe manier te lewer. Dit sal daarom beter wees om in dié verband ekumeniese samewerking met ander kerke te soek. In elk geval sal die profetiese kritiek van kerke teen korrupsie in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, as gevolg van die groter skeiding tussen staat en kerk, meer effektief wees as kerke uit een mond praat. Dieselfde geld vir kritiek teen oneffektiewe of eensydige metodes wat deur die regering aangewend word om korrupsie te bestry.

9.7.3.4 Die kerk behoort aktief betrokke te wees by inisiatiewe om faktore in die samelewing wat aanleiding gee tot moreel onverantwoordelike optrede, te bestry

Twee faktore wat aanleiding gee tot gebrekkige morele vorming by kinders en jongmense is die ontwrigting van die gesinslewe en die onderwys. Die kerk behoort aktief betrokke te wees by inisiatiewe om 'n gesonde gesinslewe en hoë gehalte onderwys te bevorder. Die kerk moet by uitstek 'n bydrae lewer tot projekte wat die vermoë van gesinne en skole tot gesonde morele vorming bevorder. 'n Faktor wat daartoe bydra dat die polisiediens nie altyd in staat is om misdaad effektief te bestry nie, en dat lede van die polisiediens self vatbaar is vir korrupsie, is demoralisering as gevolg van slegte publisiteit. Om hierdie negatiewe ingesteldheid te help bestry, kan 'n aantal gemeentes byvoorbeeld 'n polisiekantoor in hul omgewing “aanneem” en die personeel geestelik en moreel bystaan.

9.8 AANBEVELINGS: KORRUPSIE

9.8.1 Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die hoë voorkoms van korrupsie in die Suid-Afrikaanse samelewing en spreek sy steun uit vir die anti-korrupsieveldtog van die regering.

9.8.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om 'n bydrae tot die bestryding van korrupsie te lewer deur:

9.8.2.1 die risiko van onetiese praktyke in eie geledere te verminder deur die toepassing van effektiewe finansiële en personeelbestuur

9.8.2.2 toe te sien dat bedieningspraktyke soos prediking, sakramentsbediening, gebed, kategese en barmhartigheidsdiens of gesonde morele vorming gerig is

9.8.2.3 die materialisme wat 'n integrale deel van die lewenstyl van baie lidmate geword het, te opponeer en aan lidmate leiding te gee oor 'n eenvoudige lewenstyl in ooreenstemming met die morele waardes wat Jesus Christus verkondig het

9.8.2.4 lidmate toe te rus om weerbaar te wees teen versoekinge tot korrupsie deur aandag aan werketiek en etiek in die werkplek in die prediking, kategese en volwasse opleiding te gee

9.8.2.5 ekumeniese samewerking met ander kerke te soek met die oog op die monitering van getuienis teen korrupsie op plaaslike vlak

9.8.2.6 betrokke te raak by inisiatiewe om die vermoë van gesinne en skole tot gesonde morele vorming te bevorder en betrokke te raak by nood wat by die polisie aangemeld word maar nie deur die wet hanteer kan word nie.

9.8.2.7 'n polisiekantoor in die omgewing "aan te neem" en die personeel geestelik en moreel te ondersteun.

9.8.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding om ondersoek in te stel na die behoefte aan die opleiding van teologiese studente en die voortgesette opleiding van predikante in beroepsetiek.

10. LIBERAAL-DEMOKRATIESE STAATSBESTEL

10.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om op grond van ons gereformeerde belydenis van die teokrasie, 'n grondige beoordeling van die liberaal-demokratiese staatsbestel waarbinne ons tans staan, te maak en dit aan die ASK, sinodes en gemeentes voor te lê as riglyn vir gesprekke met die regering van die dag en ander owerheidsinstansies.

10.2 REIKWYDTE VAN HIERDIE VERSLAG

Dit is belangrik om vooraf duidelik te stel wat hierdie verslag wil doen en nié wil doen nie. Die verslag is 'n beoordeling van die liberaal-demokratiese bestel (soos verwoord in die 1996-grondwet) op grond van ons teokratiese belydenis (soos verwoord in Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis). Dit het die volgende implikasies vir hierdie verslag:

10.2.1 Die verslag gaan nie die beleid van die huidige regering evalueer nie, omdat onderskei moet word tussen staat en regering, asook tussen staatsbestel en regeringsbeleid.

10.2.2 Die verslag gaan ook nie die mate waarin die staat, regering en burgerlike samelewing van ons land in gebreke bly om 'n egte liberale demokrasie te vorm, bespreek nie.

10.2.3 Die verslag wil nie voorgee om 'n volledige beoordeling van die liberaal-demokratiese staatsbestel te wees nie, aangesien hier vanuit 'n baie spesifieke hoek na die betrokke bestel gekyk word.

10.2.4 Die doel wat hierdie verslag wél moet dien, is om lig te probeer werp op die spanning tussen ons belydenis van die teokrasie, enersyds, en ons bestaan binne 'n demokrasie, andersyds.

10.3 DIE GEREFORMEERDE TEOKRATIESE BELYDENIS: ARTIKEL 36 VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

10.3.1 Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees só:

"Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichrist te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ookal mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur."

10.3.2 Hierdie artikel het die volgende implikasies:

10.3.2.1 Die artikel bely die oppergesag van die drie-enige God oor alle terreine van die samelewing. God stel wel die owerheid in en beklee dit met gesag, maar daarmee word nie geïmpliseer dat God gesag oordra aan die owerheid nie. Die owerheid is 'n dienaar van God wat sy werk volgens die geopenbaarde wil van God moet verrig. Die artikel verwoord hiermee die teokratiese ideaal (God se regering oor die hele samelewing).

10.3.2.2 Daar word 'n tweërlei taak aan die owerheid opgedra: die beskerming van die reg ("…*om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm*…) sowel as die beskerming van die heilige Woordbediening en bestryding van die valse godsdiens.

10.3.2.3 Die tweede taak van die owerheid impliseer dat die owerheid 'n keuse moet maak vir die Christelike godsdiens. As 'n mens die artikel lees binne die konteks van die NGB as geheel, word dit duidelik dat hier verder 'n keuse vereis word vir die Gereformeerde rigting binne die Christelike godsdiens, aangesien die "*afgodery en valse godsdiens*" ongetwyfeld dui op die Roomse en Wederdoperse strominge.

10.3.2.4 Van die Christen word 'n voorwaardelike onderwerping aan die gesag van die owerheid vereis ("*…hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie…*").

10.3.3 Indien ons hierdie artikel in sy volle reikwydte handhaaf, sal dit die volgende implikasies hê:

10.3.3.1 Ons sal van die staat 'n positiewe belydenis van die oppergesag van God Drie-enig moet vra. Hierdie belydenis sal nie net in 'n formele aanhef tot die grondwet gedoen kan word nie, maar sal gestalte moet vind in 'n strewe om die wetgewing deurgaans te toets aan die geopenbaarde wil van God in die Skrif.

10.3.3.2 Die staat sal die Christelike godsdiens aktief moet beskerm en bevorder. Dit sal verder die kerke van Gereformeerde belydenis moet bevoordeel, sodat die Gereformeerde staatskerk, soos wat dit in die geskiedenis van die Nederlande bestaan het en ook in ons eie vroeëre geskiedenis, weer sy beslag sal kry.

10.3.3.3 Die staat sal ander godsdienste – ook interpretasies van die Christelike godsdiens wat van die reformatoriese belydenis afwyk, soos onder meer die Roomse en Wederdoperse groeperinge – aktief aan bande moet lê en teenwerk.

10.3.3.4 Daar sal 'n noue band tussen owerheid en kerk moet wees. Verder vereis die belydenis implisiet 'n feitlike identifikasie van burgerlike gemeenskap en Christen-gemeente, omdat beide deur dieselfde waardes, gegrond op die geopenbaarde wil van God, gedra word.

10.3.4 Die opmerkings wat by die vorige punt gemaak is, berus op wat 'n mens 'n fundamentalistiese lesing van Artikel 36 kan noem: 'n lesing waarin die historiese konteks van die belydenisskrif nie voldoende in ag geneem word nie en waarin die historiese afstand tussen ons situasie en daardie konteks geringgeskat word. Die werklikheid is egter dat ons situasie radikaal verskil van die situasie waarbinne die NGB ontstaan het. Dit is dus noodsaaklik om aandag te skenk aan die hermeneutiese vraagstuk: *Hoe kom ons tot 'n verantwoorde lesing van die belydenisskrifte waarin die verskil in historiese konteks ernstig opgeneem word, maar waarin ons steeds poog om ernstig te luister na wat hier vir ons gesê word?*

10.4 HERMENEUTIESE RIGLYNE VIR DIE VERTOLKING VAN ARTIKEL 36

Aangesien die hermeneutiese vraagstelling nie die fokuspunt van hierdie verslag is nie, is dit onmoontlik om deeglik daarop in te gaan. Nogtans kan die volgende punte kortliks uitgelig word:

10.4.1 Ons lees van die belydenisskrifte is *ondergeskik* aan ons lees van die Skrif. In die Skrif luister ons na die Woord van God; in die belydenisskrif luister ons na hoe die kerk in die verlede na die Skrif geluister het.

10.4.2 Die manier waarop ons oor Skrifgesag dink, is daarom bepalend vir ons verstaan van die (afgeleide)

gesag van die belydenisskrifte. Die Skrif verbied nie nuwe nadenke nie, maar spoor ons juis tot voortdurende besinning aan.

10.4.3 Artikel 36 van die NGB gee dus nie vir ons pasklaar antwoorde op die moeilike vrae na ons verhouding met die owerheid nie, en dit verbied of beperk ook nie ons eie nadenke binne ons situasie nie. Die kerk word juis deur die Artikel aangespoor tot nuwe nadenke waarin allereers na die Skrif, maar ook na die kerk se belydenisskrif geluister word.

10.4.4 Verder moet, saam met die verslag oor Skrifgesag, gehandhaaf word dat die Skrif nie ten doel het om informasie van allerlei aard te gee nie, maar om die heil in Christus aan ons toe te sê deur die werk van die Heilige Gees. In die Skrif luister die kerk bo alles na die Woord waardeur God ons vonnis en vryspreek. In die Gereformeerde belydenisskrifte is dit ook bo alles die waarheid waarna die kerk geluister het. Wanneer ons die belydenisskrifte lees, wil ons dus allereers hoor hoe hulle die evangelie in hulle situasie gehoor het. Artikel 36 lê daarom nie aan die hart van dit wat ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis hoor nie, maar meer op die rand. Die hart van hierdie belydenisskrif klop in dit wat gesê word oor die regverdiging uit genade, deur geloof alleen (Artikels 22-23).

10.4.5 Onderliggend aan die belydenis van die regverdiging deur die geloof alleen is die belydenis van die oppergesag van God. Artikel 36 se sentrale bedoeling is om hierdie belydenis te handhaaf ten opsigte van die owerheid. Die *manier* waarop dit gedoen word, word bepaal deur die historiese konteks. Hier is die volgende aspekte van daardie konteks van belang:

* Die Gereformeerde gelowiges van die sestiende eeu het steeds binne die konteks van die *corpus Christianum* geleef, met die gevolg dat die vervlegting van owerheid en kerk, sowel as die vereenselwiging van burger-gemeenskap en Christen-gemeente vir hulle vanselfsprekend was. Dit was vir hulle ewe vanselfsprekend dat die samelewing as geheel gebou is op hulle gemeenskaplike geloofswaardes. Die verskil met Rome (en dus ook met die Roomsgesinde owerhede aan wie die NGB aanvanklik gerig is) het alleen maar gegaan om die *interpretasie* van daardie gemeenskaplike geloofswaardes.
* Die samelewing waarbinne hulle gestaan het, was hiërargies gestruktureer, met 'n outoritêre gesagstruktuur. Dit het die wyse waarop hulle gedink het oor gesag as sodanig – oor die gesag van God sowel as die afgeleide gesag van Skrif, kerk en owerheid – op 'n diepgaande wyse beïnvloed.
* Die Gereformeerdes wou hulle hierin doelbewus afgrens van die Wederdopers, wat as sosiaal-gevaarlike, revolusionêre figure beskou is. Die polemiek met die Wederdopers het daarom 'n ingrypende invloed op die NGB uitgeoefen.

10.4.6 In die volgende gedeelte sal dit duidelik word dat ons in alle opsigte in 'n totaal ander situasie verkeer. Die vraag wat daarna gestel moet word, is: *Hoe bely ons in ons situasie die oppergesag van God oor die hele lewe?* Terwyl ons antwoord op hierdie vraag moet getuig van 'n ernstige luister na die belydenis van die kerk, is dit uit die hermeneutiese oorwegings wat hierbo gegee is, duidelik dat dit nie hoef te lei tot 'n woordelikse ooreenstemming of 'n onnadenkende instemming met die teokratiese ideaal nie.

10.5 DIE LIBERALE DEMOKRASIE

Die liberale demokrasie as staatsbestel vertoon tipies die volgende kenmerke:

10.5.1 Die legitimiteit van die staat lê daarin dat dit verteenwoordigend is van die meerderheid van die bevolking.

10.5.2 Daarom word regerings binne die liberale demokrasie verkies deur 'n meerderheid van stemgeregtigdes en word die algemene stemreg van alle volwasse landsburgers gehandhaaf.

10.5.3 Dit beteken egter nie dat die liberale demokrasie berus op die willekeur van die meerderheid nie. Daar word fundamentele beperkings gestel op die mag van 'n regering, ook al sou só 'n regering verteenwoordigend van die meerderheid wees.

10.5.4 'n Belangrike beperking lê in die oppergesag van die grondwet, waarin gewoonlik – soos in ons eie grondwet – 'n handves vir menseregte vervat is. Hierdie handves beskerm die regte van minderhede en van individue teen moontlike magsmisbruik van die regering (en die meerderheid). Die liberale demokrasie is by uitstek 'n konstitusionele staatsmodel.

10.5.5 'n Kernaspek van 'n tipiese liberaal-demokratiese bestel is dat alle individue gelyke regte onder die grondwet het. Daarom word diskriminasie op grond van ras, geslag of godsdiens ten sterkste verwerp. Terselfdertyd word regte soos vryheid van spraak en vryheid van gewete beskerm, hoewel dit deurgaans aan sekere beperkinge onderwerp word wat gewoonlik bepaal word deur die regte van ander mense.

10.5.6 'n Wesenlike steunpilaar vir die liberale demokrasie is die onafhanklikheid van die regbank en die vrye toegang van alle individue tot die reg. Die regbank dien ook as 'n beskermingsmaatreël teen magsmisbruik van die regering of ander instansies.

10.5.7 Die liberale demokrasie word gekenmerk deur 'n sterk agterdog teen gekonsentreerde en ongekontroleerde mag. Hoewel aanvaar word dat die regering oor mag moet beskik om die reg te kan handhaaf, word gewerk met 'n doelbewuste verdeling van mag, balansering van verskillende magsbelange en kontrolering van diegene wat mag uitoefen. Die prinsipiële vervangbaarheid van 'n regering (op 'n vreedsame, konstitusionele wyse) is daarom ook 'n sleutel-element van die liberale demokrasie.

10.5.8 Die liberaal-demokratiese staat is 'n

godsdienstig-neutrale staat. Die vryheid van godsdiens word gewaarborg, maar daar is 'n sterk onderskeid tussen kerk en staat. Die staat behandel alle godsdienste gelyk en vertoon self 'n sterk gesekulariseerde karakter: geen spesifieke godsdiens word 'n beslissende invloed binne die staatsbestel toegestaan nie. Nogtans wissel die mate waarin ruimte vir godsdiens geskep word binne staatsinstansies. In die VSA het dit daartoe gekom dat godsdiensbeoefening heeltemal uit die openbare instansies geweer is. In Suid-Afrika is die situasie, soos in die volgende deel aangedui sal word, tans enigsins anders.

10.5.9 Dit is belangrik om daarop te wys dat die liberale demokrasie die vrug is van fundamentele verskuiwings wat in die Westerse wêreld plaasgevind het sedert die Verligting. Hierdie verskuiwings staan tussen ons en die ontstaanstyd van die Nederlandse Geloofsbelydenis en moet dus ernstig opgeneem word in 'n hedendaagse vertolking van die belydenis (waarmee nié bedoel word dat die moderne wêreld kritiekloos as norm vir ons denke oor die samelewing geneem kan word nie). Daar kan kortliks op die volgende gewys word:

*1 Die openbare gesprek oor die waardes waarop die samelewing geskoei word, is gaandeweg gesekulariseer. In die nadraai van die reformasie het bloedige godsdiensoorloë mense daartoe gedwing om samebindende waardes te soek waarin die godsdiens self al minder invloed uitoefen. Ons kan hierdie ontwikkeling betreur, maar moet raaksien dat dit die dikwels ongenaakbare kerklik-konfessionele stryd is wat hiertoe aanleiding gegee het.

*2 Daarmee saam het 'n diepgaande individualisering van die samelewing gegaan, waarin die individu (met sy of haar eie redelike insigte en natuurlike regte) as basiese uitgangspunt vir die nadenke oor die samelewing dien. Hoewel ons die verlies aan egte gemeenskap en die fragmentasie van die moderne mens se leefwêreld kan betreur, moet ons onthou dat die meeste moderne pogings om die mens na 'n kollektiwiteit terug te dwing, outoritêre en totalitêre vorme aangeneem het (soos in die Nazisme en kommunisme).

*3 Die klem op die individu het die reedsgenoemde agterdog teen eksterne gesag meegebring. Die mondige individu word beskou as die persoon wat die waagmoed het om vir hom- of haarself te dink teenoor magte soos tradisie en propaganda wat die mens se denke van buite probeer bepaal. Daarom word die basiese vorm van openbare gesprek binne die liberale demokrasie beskou as dié van redelike oortuiging en nié outoritêre dwang nie. Weer kan ons die agterdog teen gesag betreur, veral as 'n mens dink aan die verwarring wat dikwels volg wanneer 'n samelewing deur 'n ernstige gesagskrisis gaan. Tog moet die geskiedenis van totalitêre regerings – asook ons eie apartheidsverlede – ons baie versigtig maak vir 'n onkritiese verheerliking van gesag en gesagsfigure.

*4 Die individualisering van die samelewing het verder gelei tot die algemene siening dat godsdiens 'n kwessie van persoonlike oortuiging is. Die informasie-ontploffing wat gevolg het op die ontdekking van die drukpers en wat in ons tyd alle perke oortref as gevolg van rekenaar-tegnologie, maak 'n onoorsigtelike wêreld van perspektiewe vir die individu oop. Dit beteken dat dit al hoe moeiliker raak om mense in die samelewing te hou aan oorkoepelende, eenvormige godsdienstige oortuigings.

10.5.10 Die volle krag van die liberale demokrasie en die verskuiwings wat die Weste sedert die Verligting deurgaan het, het ons land eers sedert die politieke omwenteling ná apartheid getref. Die agterdog teen godsdiens en gesagsfigure word pynlik beleef juis as gevolg van dit wat ons ervaar het onder 'n bewind wat as "Christelik-Nasionaal" aangedui is. Die NG Kerk moet wel nie in hierdie verlede vasval nie, maar kan dit tog ook nie ontken nie, veral nie as ons poog om tot 'n ewewigtige beoordeling van ons huidige staatsbestel te kom nie. Met die oog daarop gaan ons in die volgende afdeling kyk na punte waar ons teokratiese belydenis onder druk kom binne ons huidige grondwetlike bestel.

10.6 SPANNING TUSSEN TEOKRATIESE IDEAAL EN DEMOKRATIESE BESTEL: 'N KORT BLIK OP ASPEKTE VAN DIE 1996-GRONDWET VAN SUID-AFRIKA

Wanneer die 1996-grondwet beoordeel word vanuit die hoek van ons teokratiese belydenis, kom die volgende knelpunte na vore:

10.6.1 Die wyse waarop God in die aanhef ter sprake gebring word.

1. Die aanhef van die grondwet verwys na God in die woorde: "*Mag God ons mense beskerm*." En: "*God seën Suid-Afrika*." Hiermee kan die kerk die volgende probleme ondervind:

1.1 Daar word bloot in die algemeen na "God" verwys en nie na die drie-enige God nie. Hierdie styl van verwysing is 'n doelbewuste keuse om só na God te verwys dat geen godsdiens daardeur uitgesluit sal voel nie. 'n Keuse vir die Christelike geloof is dus uitgesluit.

1.2 Daar word bloot na die beskerming en seën van God verwys, en daar is geen verwysing na die oppergesag van God nie. Dit sou geargumenteer kan word dat die wyse waarop die aanhef na God verwys, kan lei tot 'n burgerlike godsdienstigheid waarin die staat in die Naam van God geseën en gelegitimeer word, maar waarin daar geen moontlikheid is dat die staat op grond van die oppergesag van God krities bejeën kan word nie.

2. Hierdie twee aspekte stel die kerk voor dringende vrae: Kan die kerk binne ons konteks die teokratiese belydenis in sy volle konsekwensie handhaaf en van

die staat 'n eksplisiete keuse vir die Christelike geloof verwag? Behoort die kerk daarop aan te dring dat die staat die oppergesag van God erken?

10.6.2 Die beskouing dat die grondwet die hoogste gesag in die staat is.

1. In Hoofstuk 1.1 (c) word as een van die waardes waarop die Suid-Afrikaanse staat gegrond is, genoem: "*die oppergesag van die grondwet*". Dit sou geargumenteer kan word dat die oppergesag van God, en van die Bybel as Woord van God, hierdeur in gedrang gebring word. Weer moet gevra word: *Kan die kerk van die staat vereis om die oppergesag van die Woord (bó die gesag van die grondwet) te erken?*
2. Indien die antwoord op hierdie vraag "Ja" sou wees, sal dit impliseer dat die kerk in die liberale demokrasie op 'n pad van verset teen die staat geplaas word. Indien die antwoord egter nié 'n konsekwente "Ja" is nie, sal dit beteken dat ons opnuut na die bewoording en intensie van Artikel 36 van die NGB moet kyk.

10.6.3 Die stelling dat regering gegrondves is op die wil van die bevolking.

1. In die aanhef tot die grondwet word gesê dat "*regering gegrondves is in die wil van die bevolking*." In die praktyk van die liberale demokrasie beteken dit dat die wil van die meerderheid die deurslag gee. Dit bring egter vir die kerk belangrike probleme mee. Wat gebeur wanneer die "wil van die bevolking" iets goedkeur wat volgens ons oortuiging verkeerd is? BJ van der Walt wys op die gevaar van 'n tirannie van die meerderheid: "The tyranny of the majority is tyranny because the exercise of power is subjected to no law or authority other than the will of the majority … The number of those consenting to an act does not change it from evil into something righteous!"
2. Dit kan sonder twyfel gestel word dat spanning tussen die liberaal-demokratiese staat en die kerk juis op hierdie punt na vore kom: wanneer dinge soos prostitusie, aborsie, pornografie en dies meer gewettig word deur die meerderheid, terwyl die kerk oortuig is dat hierdie dinge 'n oortreding van die wil van God is. Weer kom die vraag na vore: *Indien "die wil van die bevolking" iets vereis wat in stryd is met die Woord van God – kan die kerk van die staat vereis dat die staat die Woord bo die wil van die bevolking stel?*

10.6.4 Die handves van regte.

1. Die hart van die liberale demokrasie lê in die gedagte van menseregte – en die hart van die 1996-grondwet lê in Hoofstuk 2: HANDVES VAN REGTE. Die handves is onder meer gegrond op die beginsel van die gelykheid van alle mense (Hoofstuk 2:9) en die menswaardigheid van alle mense, wat só verwoord word (Hoofstuk 2:10): "*Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.*" Op grond van die gelykheid en menswaardigheid van alle mense word alle mense se reg op verskillende vryhede (soos die vryheid van godsdiens, oortuiging en mening, en die vryheid van uitdrukking) dan gewaarborg.
2. Dit is onmoontlik om die verskillende regte hier punt vir punt te bespreek. In die breë kan die volgende gesê word:

2.1 Die grondliggende gedagte van die gelykheid en menswaardigheid van alle mense word ook deur die kerk onderskryf. Vir die kerk het hierdie gedagtes 'n godsdienstige fundering in die skeppings- en verlossingswerk van God, terwyl die handves dit as 'n "ingebore" aspek van elke mens se bestaan sien. Die verskil kom daaruit voort dat die liberale demokrasie, as erfenis van die Verligting, poog om waardes soos gelykheid en menswaardigheid op 'n nie-godsdienstige wyse te fundeer, in die natuur en die rede van die mens.

2.2 Die konsep van vryheid waarmee die handves werk, verskil juis daarom radikaal van die vryheidsopvatting waarmee die kerk werk. Die handves werk met die opvatting dat die vryheid die mens toekom op grond van sy ingebore menswaardigheid, en sien vryheid as 'n abstrakte keusevryheid wat eintlik net deur die vryheid van ander mense aan bande gelê word. Dit blyk onder meer uit die vryheid van uitdrukking, waarop die enigste beperking propaganda vir oorlog, die aanstigting van dreigende geweld en haatspraak wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak. Met hierdie begrensinge sal die kerk heelhartig saamstem. Die probleem is egter dat dit steeds ruimte laat vir dinge soos pornografie wat die kerk as inherent verkeerd beskou. Die keusevryheid van die individu sluit dus steeds die vryheid in om dinge te doen wat vanuit die kerk se oogpunt sonde is. Hierteenoor is vryheid in die Bybelse perspektief nie 'n abstrakte keusevryheid nie, maar die vryheid van die mag van sonde en die vryheid om mekaar in liefde te dien (Galasiërs 5:13), waaronder juis die stryd teen dit wat nie tot eer van God en tot opbou van ons naaste is nie, ingesluit is.

3. Dit blyk dus dat die handves werk met beskouings van die mens en sy vryheid wat in spanning staan met dit wat die kerk bely. Weer ontstaan daar belangrike vrae: *Kan die kerk van die staat verwag om 'n spesifiek-Christelike vryheidsbegrip te onderskryf en na te streef? Tot in hoe verre kan die kerk homself met die liberaal-demokratiese vryheidsbegrip vereenselwig?*

10.6.5 Die siening dat die staat godsdienstig-neutraal is en dat alle godsdienste gelykwaardig is.

1. Een aspek van die handves vir regte wat spesifieke aandag verdien omdat dit direk in stryd is met die NGB, Artikel 36, is die kwessie van die staat se houding teenoor godsdiens. Die grondwet handhaaf die reg op godsdiensvryheid: "*Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke,*

oortuiging en mening." (Hoofstuk 2.15(1)) Hierdie reg impliseer dat die staat alle godsdienste gelyk moet behandel, en dus teen geen godsdiens, of teen enige persoon op grond van sy godsdiens mag diskrimineer nie (Hoofstuk 2.9.(3)) Die staat laat die beoefening van godsdiens by staats- of staatsondersteunde instellings, onder bepaalde voorwaardes (Hoofstuk 2.15(2)), waaronder vrywillige bywoning tel. Hierteenoor word in Artikel 36 van die staat 'n doelbewuste keuse ten opsigte van die godsdiens vereis. Die Artikel onderskei verder tussen ware en valse godsdiens, sodat die gelykheid van alle godsdienste prinsipiëel deur ons belydenis verwerp word.

2. Ook hier kom die verskillende opvattings van vryheid na vore. In die handves vir regte is "godsdiensvryheid" die vryheid wat die kerk as 't ware as 'n konsessie van die staat ontvang. Dis 'n vraag of hierdie konsessie heeltemal sonder 'n prys is, en of die prys nie dalk is dat van die kerk verwag word om skadeloos in te pas in die liberale demokrasie en nie die burgerlike vrede te versteur nie. Stanley Hauerwas (1991:69 ev) wys tereg daarop dat die kerk sy vryheid nooit as 'n konsessie van die staat kan verstaan nie, maar altyd as 'n gawe van God: 'n vryheid waarbinne ons in navolging van Christus leef ook al sou die staat ons nie die burgerlike reg daartoe verleen nie. Hy skryf (1991:92): "…I suspect Christians would find our society less that willing to acknowledge the church's freedom once the church makes clear that her freedom comes from faithfulness to God and as a result can never be given or taken away by a state."

3. Twee samevattende vrae moet gestel word as afsluiting van hierdie gedeelte:

3.1 Bring die spanningspunte tussen die liberaal-demokratiese bestel en die teokratiese belydenis die legitimiteit van ons staat in die oë van die kerk in gedrang?

3.2 Bring die kerk se bestaan binne die liberaal-demokrasie gesigspunte na vore wat ons noop om opnuut te kyk na die manier waarop die NGB, Artikel 36 die teokrasie bely?

4. In die volgende gedeelte sal die tweede vraag onder bespreking geneem word, waarna dan na die eerste vraag sowel as die ander vrae wat na vore gekom het, gekyk sal word.

10.7 WAARHEEN MET ARTIKEL 36?

10.7.1 Die konklusie kan nie vermy word dat dit vir die kerk onmoontlik is om beide Artikel 36 en die handves van regte se perspektief op die verhouding tussen staat en godsdiens te onderskryf. Dit laat die kerk met verskeie moontlikhede:

*1 Die kerk kan Artikel 36 in sy volle konsekwensie handhaaf en op grond daarvan die liberale demokrasie as staatsvorm verwerp.

*2 Die kerk kan die teokratiese belydenis in sy geheel afwys en tot die oordeel kom dat die liberale demokrasie 'n volkome aanvaarbare staatsbestel is.

*3 Die kerk kan Artikel 36 handhaaf, maar in verswakte vorm (iets wat reeds in die huidige amptelike vertaling gebeur deur die invoeging van die woord "sodoende" na "om die heilige Woordbediening te beskerm"), en dan die liberale demokrasie beoordeel op grond van wat as die eintlike intensie van die teokratiese belydenis verstaan word.

*4 Die kerk kan Artikel 36 behou as deel van die historiese getuienis van die kerk van alle eeue, en ook die intensie van dié Artikel, om binne 'n bepaalde historiese konteks die oppergesag van God oor die hele werklikheid te bely, eerbiedig; terwyl die kerk oordeel dat ons binne ons historiese konteks nie anders kan nie as om dieselfde saak op 'n radikaal ander wyse te bely.

*In die res van hierdie verslag word *4 bepleit, terwyl *1, *2 en *3 afgewys word. Hoewel dit onmoontlik is om die keuse volledig binne die bestek van hierdie verslag te beredeneer, kan kortliks die volgende gesê word:*

10.7.2 Ten opsigte van *1 moet weer daarop gewys word dat Artikel 36 verstaan moet word teen die agtergrond van die identifikasie van Christelike gemeente en burgerlike gemeenskap wat in die *corpus Christianum* gangbaar was. Hierdie identifikasie bestaan lank reeds nie meer nie, en dit is 'n ernstige vraag of hierdie identifikasie nie vir die kerk besondere slegte gevolge gehad het nie. Die gebruik van staatsmag om mense tot konformering met die Christelike geloof te verplig staan immers in skrille kontras met die evangelie van Jesus Christus. Dit het onder meer gelei tot 'n uiterlike konformisme met 'n Christelike burgerlike religie, waarin die identiteit van die kerk as navolgers van Jesus Christus dikwels grotendeels verlore gegaan het. Daarom behoort die "staatskerk" en "volkskerk" met mening verwerp te word. Die kerk moet *ter wille van sy eie identiteit* enige staatsbevoorregting van die kerk afwys. Die vraag is of 'n "Christelike staat", waarin nie 'n bepaalde kerk nie, maar die breë Christelike belydenis en waardes as grondslag vir die staat dien, nie tog haalbaar is nie. Hierdie opsie behoort egter ook afgewys te word, aangesien Christene beslis nie eenstemmig is oor wat 'n "Christelike" staatsbestel presies moet behels nie. Indien 'n bepaalde staatsbestel tot "Christelik" gedoop word, kan dit egter gebeur dat gelowiges wat van die staat verskil, per definisie as onchristelik of selfs antichristelik bestempel word. Verder kan 'n Christelike staatsbestel ook lei tot gewetensdwang en uiterlike konformisme. Om hierdie redes behoort Artikel 36 nie op 'n fundamentalistiese wyse gelees te word nie.

10.7.2 Aan die ander kant word *2 ook afgewys, omdat dit van die Christelike geloof 'n blote "privaatinspirasie" maak sonder enige implikasies vir die openbare lewe. Dit sou die kerk dwing om 'n onkritiese meeloper van die liberaal-demokratiese bestel

te word. Die kerk sou dan geen gronde hê om 'n moontlike "tirannie van die meerderheid" teen te staan nie.

10.7.3 Wat *3 betref, moet gevra word of dit eerlik is om aan 'n historiese belydenis te torring (soos deur die woord "sodoende" in te voeg) en om te argumenteer dat ons die intensie daarvan eerbiedig terwyl ons eintlik radikaal afskeid geneem het van die vorm van teokrasie wat in Artikel 36 bepleit word. Sal dit nie eerliker wees om duidelik te sê dat die kerk in 'n bepaalde konteks waarskynlik nie anders kon as om die oppergesag van God só te bely nie, maar dat ons in óns konteks genoodsaak is om dit op 'n heel ander wyse te bely nie?

10.7.4 Indien *4 aanvaar word, bly die vraag: wat is die implikasie van ons belydenis van God se oppergesag oor alle lewensterreine vir ons beoordeling van die liberaal-demokratiese bestel – en watter implikasies hou dié belydenis in vir ons siening van die rol van die kerk? In die volgende twee afdelings sal op hierdie vrae ingegaan word.

10.8 DIE BEOORDELING VAN DIE LIBERALE DEMOKRASIE

10.8.1 Die belangrikste implikasie van ons belydenis van God se oppergesag is dat die kerk die staat steeds as dienaar van God beskou, ongeag van die kwessie of die staat homself só beskou al dan nie. Daarmee wil ons nie opnuut die staatskerk of Christelike staat bepleit nie. Ons het hier eerder te doen met wat BJ van der Walt 'n Christelike perspektief *op die staat* noem. Hierdie perspektief bly geldig, ongeag van die aard van die staat self. Die feit dat die belydenis dat die staat 'n dienaar van God is, gegrond is op Skrifgedeeltes soos Romeine 13:1-7 en 1 Petrus 2:13-17, wat geskryf is met verwysing na die heidense Romeinse owerheid, bevestig dit.

10.8.2 Juis die feit dat die kerk op grond van die Godsregering geroep is om sover as moontlik in vrede met *alle* mense te leef (Rom 12:18), om *alle* mense te respekteer (1 Pet 2:17) en vir *alle* mense moet bid (1 Tim 2:1), beteken dat die kerk die staat sien as 'n dienaar van God wat die openbare reg vir *alle* mense moet handhaaf. Die kerk sou dus in stryd met sy eie geloof kom indien ons bevoorregting vir onsself sou opeis – en so 'n eis sou ook in stryd wees met die styl van Christus. Daarom kan die kerk aanvaar dat die staat alle godsdienste in die land gelyk behandel en ook dat die staat nie die Christelike godsdiens enigsins bevoordeel nie – maar die kerk behou die vryheid wat God ons gegee het om die evangelie te verkondig as die waarheid wat bo alles is.

10.8.3 Die kerk kan ook die demokrasie erken as 'n sinvolle manier om te probeer verseker dat die staat die openbare reg vir alle mense handhaaf. Die beperkings wat die demokrasie op staatsmag plaas, stem ooreen met die kerk se belydenis dat die mag van die staat nie absoluut mag wees nie. Dit beteken nie dat die kerk die demokrasie onkrities onderskryf of dat die demokrasie "Christelik" sou wees nie. Die demokrasie is 'n gebrekkige menslike sisteem, maar met die lig tot ons beskikking kan ons tog sê dat ons deur die demokrasie 'n groter mate van reg vir almal realiseer as in alternatiewe staatsvorms (soos totalitarisme). Die kerk erken die demokrasie dus as 'n metode vir die staat, maar nie as die fundering van die staat se legitimiteit nie. Vir die kerk is die "wil van die bevolking" nie die *hoogste* norm waaraan die staat gemeet word nie.

10.8.4 Die kwessie van die oppergesag van die grondwet moet gesien word binne die konteks waarin dit gesê word. Dit is nie *per se* 'n ontkenning van die oppergesag van God nie, maar wil bloot aandui dat hierdie wet, in die wetgewing en regspleging van hierdie land, as finale arbiter geld. Weer kan die kerk, sonder om die grondwet en sy posisie in die reg tot "Christelik" te doop, sê dat, met die lig tot ons beskikking, hierdie konstitusionele staatsmodel 'n beter realisering van die reg is as die beskikbare alternatiewe, en dat dit veral kan dien as 'n sterk teenvoeter vir totalitarisme of anargie.

10.8.5 Ook die kwessie van die vryhede wat deur die grondwet gewaarborg word, moet binne konteks verstaan word: dit is die tipe vryhede wat die staat kán probeer waarborg (en enige iemand wat hierdie handves wil bestry, moet gevra word of hy of sy werklik sou verkies om in 'n land sonder hierdie vryhede te te leef). Die Christelike vryheid om mekaar in liefde te dien, ontstaan as 'n werk van die Heilige Gees en kan nie deur staatsgesag afgedwing word nie. 'n Staat wat die Christelike vryheid sou probeer realiseer, sou noodwendig totalitêr moes wees en sou juis die vrede tussen alle mense en die reg vir alle mense nié kon handhaaf nie.

10.8.6 Die beredering tot dusver bring ons ook tot die gevolgtrekking dat dit 'n kontradiksie sou wees indien ons enersyds die gedagte van 'n staatskerk of 'n Christelike staat sou afwys, maar andersyds van die staat 'n eksplisiete verklaring (in die grondwet) van die oppergesag van God sou vereis. Só 'n verklaring sou, indien dit nie vaag en sonder betekenis moes wees nie, tog weer van die staat vereis om 'n keuse te maak ten opsigte van hoe daar gedink word oor dié God wie se oppergesag erken word. Binne die konteks van die liberale demokrasie is die huidige erkenning van God se seën oor die land waarskynlik die meeste wat verwag kan word – en na die mate waarin hierdie erkenning daartoe lei dat staatsinstellings soos skole nog oop is vir 'n niediskriminerende godsdiensbeoefening, kan die kerk tog daarvoor waardering hê.

10.8.7 Die kerk bely steeds die oppergesag van God oor die totale lewe. Hier is dit egter van die grootste belang om te vra wat presies ons onder "oppergesag" verstaan, en hoe die kerk ons belydenis van God se oppergesag ter sprake behoort

te bring. God se oppergesag word immers bo alles geopenbaar in Jesus Christus as die oormag van sy liefde. Daarom vertoon dit in hierdie wêreld die karakter van die kruis, "wat vir die wêreld die swakheid van God is", maar wat tog sterker is as die krag van mense (1 Kor 1:25). Die kerk getuig daarom van God se oppergesag, nie deur aan te dring op politieke invloed vir onsself nie, maar wel deur die evangelie van die kruis sonder enige kompromie te verkondig.

10.9 DIE ROL VAN DIE KERK BINNE 'N LIBERALE DEMOKRASIE

10.9.1 Dit word algemeen aanvaar dat 'n liberaal-demokratiese grondwet op sigself nie 'n lewende demokrasie in 'n land verseker nie. 'n Belangrike vereiste vir 'n gesonde demokrasie is 'n gesonde burgerlike samelewing waarin daar onder meer egte respek vir mekaar, 'n gesindheid van kritiese betrokkenheid by owerheidsake en respek vir reg en geregtigheid en 'n ware besorgdheid vir minderhede en gemarginaliseerde mense is. Dit is sonder meer duidelik dat die burgerlike samelewing in ons land in baie opsigte nie hierdie karaktertrekke vertoon nie. Dit is verder só dat 'n liberaal-demokratiese grondwet op sigself nie hierdie karaktertrekke kan kweek by die bevolking nie. Dit kan selfs geargumenteer word dat die begronding wat in die liberale demokrasie vir sosiale waardes gegee word – die natuur en rede van die mens – histories as ontoereikend bewys is. Die praktiese resultaat van die liberale demokrasie is meermale 'n morele relativisme en 'n geneigdheid tot materialisme en selfs hedonisme by groot dele van die bevolking. Die menseregte-kultuur kan 'n lewenshouding skep waarin mense fyn ingestel is op dit waarop hulle geregtig is, maar waarin daar weinig sprake is van diensbaarheid en betrokkenheid by die samelewing.

10.9.2 Hierdie kritiek wil nie die positiewe aspekte van die liberale demokrasie ontken nie, maar wil wel aandui dat konsepte soos 'n ingebore menswaardigheid en natuurlike regte ontoereikend is as basis vir 'n egte moraliteit. Die liberale demokrasie op sigself kan dus nie verseker dat die burgerlike samelewing sal bestaan uit die tipe mense wat noodsaaklik is vir die sukses van die demokrasie nie. Gesien die sterk klem op die wil van die bevolking het ons hier 'n groot knelpunt in ons bestel: Indien die meerderheid van die bevolking bloot materialistiese en selfgerigte waardes nastreef, sal dié waardes ook die beleid van die regering en die optrede van die staat bepaal.

10.9.3 Dit is die kerk se oortuiging dat ons moraliteit gebore word uit 'n ontsag vir die oppergesag van God. Dat ons ander mense nie hiervan kan oortuig nie, is ten dele te wyte aan die moderne mens se strewe na oppergesag, maar ook ten dele aan die mislukking van die kerk self om getrou te wees aan die waardes wat ons self bely. Dit ontneem ons egter nie die plig om te streef daarna om in ons samelewing te getuig dat God regeer nie, en om op grond van hierdie getuienis met woord en daad 'n duidelike standpunt in te neem in die openbare gesprek oor die waardes waarop ons samelewing gebou word nie.

10.9.4 Die kerk kan, op grond van ons belydenis van God se oppergesag oor alle lewensterreine, nie aanvaar dat die geloof teruggedwing word tot 'n "privaatsfeer" waarin dit alle betekenis vir die "openbare sfeer" ontsê word nie. Hoewel die kerk in sommige omstandighede daartoe gedwing kan word om terug te trek uit die openbare gesprek oor die waardes waarop ons samelewing gebou word, is dit ons oortuiging dat dit binne die liberaal-demokratiese bestel in Suid-Afrika nog nie sover is nie. Daar is 'n behoefte aan 'n Christelike, teologiese bydrae tot die openbare gesprek. In die lig van wat vroeër gesê is oor ons verstaan van God se oppergesag as die krag van die kruis, spreek dit vanself dat die kerk in die openbare debat nie oorheersend sal wil wees nie, maar dienend 'n bydrae wil lewer. Die grondslag waarop die kerk aan hierdie gesprek deelneem, is 'n saak wat verdere studie sal vereis.

10.9.5 Dit is belangrik om die aandag daarop te vestig dat die oppergesag van God oor alle lewensterreine vir die kerk 'n saak van *geloofsbelydenis* is. Dit het die volgende implikasies:

*1 Godsregering is 'n saak van *geloof* en nie van empiriese waarneming nie; dit is om, in die woorde van Hebreërs 11:1, "oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Die kerk besef daarom dat die staat (ook 'n sogenaamde Christelike staat) se handhawing van die geregtigheid altyd voorlopig en gebrekkig sal wees. In hierdie wêreld, en in die kerk en die lewens van gelowiges, bly die Godsregering 'n verborge regering wat weerspreek word.

*2 Godsregering is 'n saak van *hoop*: ons vertrou op grond van die beloftes van God dat sy regering in die toekoms sal openbaar en dat God die oorwinning wat Christus reeds behaal het, voor alle oë sigbaar sal maak. In hierdie hoop beywer gelowiges hulle daarvoor om hulleself, die kerk en ook die staat diensbaar te maak aan God, sodat ons gehoorsaamheid aan God tog uitloop op voorlopige sigbaarmakings van die geregtigheid van die koninkryk. Juis die hoop maak die privatisering van ons geloof en die onkritiese inskakeling in enige politieke bestel onmoontlik.

*3 Godsregering is 'n saak van *liefde*: die kerk leef sy hoop op God se oorwinning uit deur in hierdie wêreld te leef in radikale gehoorsaamheid aan God se liefdesopdrag. Hierin volg die kerk vir Christus na in die krag van die Heilige Gees. Die kerk dien God se regering in die styl van Christus. Dit beteken dat die kerk die weg van getuienis volg en nie die weg van dwang nie; dat die kerk soos Christus eerder in gehoorsaamheid aan God sal ly as wat die kerk in 'n menslike poging om die Godsregering te dien ander

laat ly (vgl 1 Pet 2:21-24).

10.10 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die beredenering in hierdie verslag bring ons tot die gevolgtrekking dat die kerk se beoordeling van die liberale demokrasie nie die belangrikste implikasie van ons belydenis van God se oppergesag oor alle lewensterreine is nie. Die belangrikste implikasie is eerder die vraag na die kerk self: na die getrouheid waarmee die kerk in geloof, hoop en liefde self die Godsregering dien in navolging van Jesus Christus. Soos wat Petrus nie die Romeinse owerheid direk beoordeel het nie, maar eerder klem gelê het op die gelowiges se roeping om as vreemdelinge en bywoners in die wêreld goed te doen (1 Pet 2:11-17; 3:13-17), is die vraag vir die kerk nie of ons "teokratiese beginsels" in die land se grondwet ingeskryf kan kry nie, maar wel of die kerk self 'n geloofwaardige gestalte van die teokrasie is, sodat ons langs die weg van ons eie bestaan getuig van die Godsregering. As die kerk 'n geveg met die staat aanknoop omdat die staat nie "Christelik" sou wees nie, maar die kerk se eie bestaan getuig nie in geloof, hoop en liefde van die Godsregering nie, is ons woorde inderdaad "'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal" (1 Kor 13:1).

10.11 AANBEVELINGS: KERK EN STAAT

10.11.1 Die Algemene Sinode handhaaf die belydenis van die oppergesag van God oor alle lewensterreine as die grondslag vir ons verstaan van die verhouding tussen kerk en staat, en bevestig opnuut dat ons dié oppergesag bo alles verstaan in die lig van die evangelie van Jesus Christus as "'n krag van God tot redding van elkeen wat glo" (Rom 1:16).

10.11.2 Die Algemene Sinode bely daarom dat ons die staat sien as 'n dienaar van God wat die roeping het om die reg te handhaaf, die goeie te bevorder en die kwade te bestry in belang van alle mense binne die grense van ons land.

10.11.3 Die Algemene Sinode beskou pogings soos 'n "staatskerk" en 'n "Christelike staat" as historiese gestaltes van hierdie belydenis, maar aanvaar dat hierdie gestaltes dikwels ernstige nadele vir die kerk ingehou het en die saak van Christus meermale op diepgaande wyse gekompromiteer het. Daarom beskou die Sinode hierdie tipe konsepte binne ons konteks nie as haalbare óf wenslike gestaltes van ons belydenis van die oppergesag van God nie.

10.11.4 Die Algemene Sinode erken die positiewe aspekte van die liberaal-demokratiese bestel, veral wanneer dit vergelyk word met die totalitêre alternatiewe, en dra dit aan Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om 'n verdere studie te onderneem oor die rol wat die kerk in die openbare gesprek in ons land kan speel, met spesifieke verwysing na moontlike gemeenskaplike waardes tussen die Christelike geloof en die liberale demokrasie sowel as moontlike verskilpunte in oortuiging.

10.11.5 Hierdie studie moet deeglik kennis neem van die bestaande gesprek tussen verteenwoordigers van die gereformerde kerke en moet rolspelers in dié gesprek by besinning betrek.

10.11.6 Die Algemene Sinode handhaaf egter ook ten opsigte van die liberaal-demokratiese bestel dat dit 'n feilbare menslike politieke model is. Daarom verset ons ons teen enige poging om die demokrasie tot 'n soort heilsleer te verhef en verbind ons onsself daartoe om steeds as getuies van God se oppergesag op te tree waar ons meen dat sy Naam deur wetgewing en praktyke binne ons staatsbestel oneer aangedoen word. Juis hierin dien ons ons samelewing: dat ons aan God meer gehoorsaam is as aan die mense.

10.11.7 Die Algemene Sinode roep kerkvergaderings en lidmate op om, waar die Here aan hulle die geleentheid gee, as lojale en kritiese landsburgers deel te word van die openbare gesprek oor die beleid en toekomsplanne van ons land, en om binne hierdie gesprek steeds hulle bydrae vanuit 'n geloofsperspektief te lewer.

10.11.8 Die Algemene Sinode bely dat die kerk dikwels in gebreke bly om self deur woord en daad te getuig van die oppergesag van God oor alle lewensterreine. Ons bely dat Christene dikwels skuldig staan aan optredes wat veroorsaak dat God se Naam deur ander mense belaster word. Ons roep die kerk op tot verootmoediging en tot 'n nuwe verbintenis om God in die totale lewe onvoorwaardelik te gehoorsaam.

11. ONDERSKRYWING VAN BELYDENISSKRIFTE

11.1 OPDRAG

By punt 2.5.7 het die Sinode (1998: 63) soos volg besluit:

Die Sinode verwys punte 2.5.7.1 tot 2.5.7.3 terug na AKLAS om met 'n duideliker voorstel na die volgende Sinode terug te kom.

Punte 2.5.7.1 – 2.5.7.3 lui soos volg:

2.5.7.1 dat die NGB Art 4 van ons 'n gelowige aanvaarding van die kanonieke boeke as Woord van God vra, ook al het Paulus nie die Brief aan die Hebreërs geskryf nie

2.5.7.2 dat die Skriftuurlikheid van die belydenisskrifte nie in die gedrang kom wanneer hulle soms 'n Bybelteks, volgens die hedendaagse teologiese insig, buite verband aanhaal nie, omdat die saak waarom dit gaan steeds in ooreenstemming met die boodskap van die Skrif is

2.5.7.3 dat die NGB Art 36, hoewel dit die konteks van die 16de eeuse verhouding tussen kerk en staat weerspieël, vandag nog die Skriftuurlike beginsel dat die owerheid in gehoorsaamheid aan God moet re-

geer, beklemtoon (Agenda, Algemene Sinode 1998: 63).

11.2 BEVINDING

Die Sinode het dus reeds punt 2.5.7 goedgekeur, wat soos volg lui:

Die Algemene Sinode beklemtoon dat die belydenisskrifte, wanneer hulle op die wyse in 2.4 hierbo aangetoon, aanvaar word, steeds met 'n goeie gewete en van harte onderskryf kan word. Dit beteken onder meer:

11.3 AANBEVELINGS: ONDERSKRYWING VAN BELYDENISSKRIFTE

11.3.1 Die Algemene Sinode besluit dat punte 2.5.7.1-2.5.7.3 soos volg gewysig word:

11.3.1.1 Punt 2.5.7.1 lees nou: dat ons nie kan verwag dat die opsteller van die NGB Art 4, destyds al die insig moes gehad het dat die Brief aan die Hebreërs nie deur Paulus geskryf is nie. Al weet ons nie presies wie Hebreërs geskryf het nie, doen dit geensins afbreuk aan ons gelowige aanvaarding van Hebreërs as 'n kanonieke boek nie

11.3.1.2 Punt 2.5.7.2 lees nou: dat ons rekening moet hou met die destydse stand van teologiese kennis, wat in sommige opsigte van ons s'n kan verskil. Wanneer Bybeltekste dus soms, volgens huidige insig, buite verband aangehaal word, stel dit nie daarom die belydenisskrifte op losse skroewe nie. Die saak waarom dit in die belydenisskrifte gaan, is steeds in ooreenstemming met die boodskap van die Skrif as geheel

11.3.1.3 Punt 2.5.7.3 lees nou: dat ons besef dat die NGB Art 36 in 'n totaal ander konteks met betrekking tot die verhouding tussen kerk en staat opgestel is. Tussen ons en die 16e eeu lê die Verligting wat meegebring het dat daar in die moderne tyd 'n onvermydelike skeiding tussen kerk en staat tot stand gekom het, waaragter ons nie terug kan gaan nie. Die kerk kan nie vandag meer van die staat verwag om op 'n direkte manier "die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder nie". Desnieteenstaande kan die kerk steeds, op grond van die Skrif, van die owerheid verwag om die publiekregtelike ruimte te skep vir die kerk, ten einde die kerk in staat te stel om die eer van God ook op staatkundige terrein te soek. Die saak waarom dit in Artikel 36 gaan, geld in elk geval vandag nog net soos destyds, naamlik dat alle owerhede onder die oppergesag van God staan.

12. DIE VERSTAAN EN FUNKSIE VAN DIE OU TESTAMENT IN DIE KERK

12.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op te dra om 'n grondige studie van die verstaan en die funksie van die Ou Testament in die Christelike kerk te maak.

12.2 INLEIDING

12.2.1 Die konteks waaruit die opdrag aan die kommissie van die sinode gekom het is belangrik vir die verstaan van die verslag. Die opdrag het gekom tydens 'n bespreking van 'n voorstel voor die sinode dat daar "by 'n volgende uitgawe of herdruk van die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel aan die klaarblyklike Christologiese betekenis van Messiaanse tekste, tipografiese uitdrukking verleen moet word – moontlik by wyse van voetnootverduidelikings" (Agenda 1998:66). Die onuitgesproke voorveronderstelling wat uit die voorstel blyk is dat die Ou Testament se funksie vir die kerk lê in die messiaanse verwysings wat dan in die Nuwe Testament en in die besonder in die persoon van Jesus Christus tot vervulling gekom het. Tegelykertyd meld die verslag dat die hele Ou Testament in die Christelike kerk vanuit die perspektief van die heilswerk van Christus verstaan word, maar daar moet ook gewaak word om hierdie Nuwe Testamentiese lees van die Ou Testament op onverantwoordelike wyse terug te vertaal in die Ou Testament (Agenda 1998:67-68). Die opdrag weerspieël iets van 'n ongemak wat die NG Kerk as Christelike kerk met die Ou Testament het. Lê die funksie van die Ou Testament vir die Christelike kerk in die messiaanse verwysings? Indien wel, sou daar met goeie reg gevra kon word vir 'n tipografiese uitlig van messiaanse tekste in Ou Testament. Hierdie gedagte het die sinode nie aanvaar nie, maar het tog die vraag laat ontstaan: Wat is die funksie van die Ou Testament dan vir die kerk? Wat presies beteken dit dat die kerk die Ou Testament verstaan vanuit die heilswerk van Christus maar sonder om hierdie Nuwe Testamentiese lees van die Ou Testament op onverantwoordelike wyse terug te vertaal in die Ou Testament? Die verstaan en funksie van die Ou Testament vir die kerk is 'n probleem.

12.2.2 Die vraag na die verstaan en funksie van die Ou Testament in die kerk is al dikwels gevra. Die kerk het nog altyd in die geskiedenis pogings om die Ou Testament te verwerp as Woord van God teengestaan. Verskillende hermeneutiese sleutels is ontwerp om die Ou Testament se waarde vir die kerk te behou. Hoe goed bedoel ook al, nie een van die bekende hermeneutiese sleutels soos tipologie, 'n heilshistoriese interpretasie, belofte-vervulling; wet-evangelie of kontinuïteit-diskontinuïteit laat reg geskied aan die Ou Testament as Woord van God nie. Hierdie hermeneutiese sleutels vereng die Ou Testament tot voorlopige Woord van God in die lig van die Ou Testament, in plaas daarvan om die Ou Testament te sien as volledige Woord van God saam met die Nuwe Testament. Telkens kry die Ou Testament eers ("sy ware") betekenis in die lig van die Nuwe Testament op so 'n manier dat die eiendomlike en unieke seggingskrag van die (teks

van die) Ou Testament eintlik verlore gaan. Die boodskap van die Ou Testament het net waarde in soverre dit 'n eggo is van wat klaar in die Nuwe Testament staan. Daar is geleerdes wat dit duidelik stel dat terme soos belofte-vervulling, wet-evangelie, voorlopig-volledig, tydelik-permanent, ensovoorts nie meer pas nie óf afgeskaal moet word. Sulke begrippe is 'n enorme verskraling van die Ou Testamentiese werklikheid. Sulke terme het die Ou Testament oor die eeue tot 'n antieke boek verding. Die Ou Testament mag nie gedegradeer word tot 'n tweede klas kanon waardeur die stem van die Ou Testament tot stilte gesnoer word nie.

12.3 DIE OU TESTAMENT IS VOLLEDIG WOORD VAN GOD

Teenoor 'n verstaan van die Ou Testament wat die Ou Testament - wanneer dit saam met die Nuwe Testament gelees word - voorlopig Woord van God maak, argumenteer die verslag in die teenoorgestelde rigting. Die Ou Tetament is - wanneer dit saam met die Nuwe Testament gelees word - volledig Woord van God[1]. Die uitgangspunt geld ook vir die verstaan van die Nuwe Testament: Die Nuwe Testament is – wanneer dit saam met die Ou Testament gelees word – volledig Woord van God. Daar is 'n verweefdheid tussen Ou en Nuwe Testament, formuleer sommige Nuwe Testamentici sodat beide Testamente 'n teologiese noodsaaklikheid vir mekaar is omdat hulle in 'n verhouding van relatiewe onafhanklikheid van mekaar staan. Sonder die Ou Testament is die Nuwe Testament onvolledig Woord van God.

12.3.1 Ou en Nuwe Testament is die kanon van die kerk

1. Die Nuwe Testament is vol van aanhalings en toespelings op die Ou Testament. Navorsing toon dat daar 1604 aanhalings in die Nuwe Testament is van 1267 Ou Testamentiese passasies. 229 van die 260 hoofstukke waaruit die Nuwe Testament bestaan bevat ten minste twee aanhalings of verwysings na die Ou Testament. In die (sogenaamde egte) briewe van Paulus aan die Romeine, Korintiërs, Galasiërs, Filippense, I Tessalonisense en Filemon is daar 90 aanhalings uit die Ou Testament. Daar word bereken dat 32% van die Nuwe Testament bestaan uit aanhalings van en toespelings op die Ou Testament.

2. Jesus verwys na die Ou Testament as die wet, profete en die psalms (Luk 24:44) of as die wet en die profete (Matt 5:17). Uitdruklik sê Jesus dat Hy nie gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie, "maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry" (Matt 5:17). Hy lees in die sinagoge uit die boekrol van Jesaja (Luk 4:17) en haal die Tien Gebooie en die bekende Deuteronomium 6:4 aan in sy gesprekke (Mark 10:17-20; Matt 19:16-20; Luk 18:18-20). Petrus se preek op Pinksterdag in Handelinge 2 is 'n preek uit die boek Joël in die Ou Testament. In Handelinge 8:28 lees die Etiopiese man uit die boek Jesaja. Wanneer daar in 2 Tim 3:16 gewag gemaak word van die "hele Skrif", word daar waarskynlik verwys na die Ou Testament. Op verskillende ander plekke in die Nuwe Testament word daar na die Ou Testament verwys as die "Skrif" (Joh 2:22; Rom 11:2), of die "Skrifte" (Matt 26:54; Hand 17:2,11; Rom 15:4; I Kor 15:3), of "Moses" (Matt 19:7; Rom 10:5). Vir Jesus en die verskillende outeurs van die Nuwe Testament is die Ou Testament sonder twyfel Woord van God.

3. In die vroeë kerk is die Ou Testament gebruik om die nuwe heilsdaad van God in Christus mee in te klee en te interpreteer. Die vroeë kerk het hierdie verbintenis tussen Ou en Nuwe Testament van die begin erken sodat met reg gesê kan word dat die kerk nooit sonder die Ou Testament was nie. Vir die vroeë kerkvaders was die Ou Testament in sy volle omvang erken as absolute gesag en openbaring van die verlede, hede en toekoms.

4. Dit is daarom nie vreemd dat die noue verbintenis tussen die twee Testamente uitdrukking gevind het in die belydenisskrifte van die kerk nie. Ou en Nuwe Testament vorm saam die een kanon van die kerk. Dit is interessant dat daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 4) geen onderskeid getref word in terme van die status of waarde van die onderskeie Testamente nie: "Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie". Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lui: "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig". Ou en Nuwe Testament is dus gelykwaardig Woord van God vir die kerk.

12.3.2 'n (On-)gelyksoortige verband tussen Ou en Nuwe Testament

* Ou en Nuwe Testament staan in 'n gelyktydige gelyksoortige én ongelyksoortige verband met mekaar. Daar is 'n gelyksoortigheid en 'n ongelyksoortigheid tussen Ou en Nuwe Testament. Dit beteken daar is opvallende ooreenkomste én opvallende verskille binne die eenheid van die kanon van Ou en Nuwe Testament. 'n Verruimde verstaan van die Ou Testament hou rekening met die (on-)gelyksoortigheid van ooreenkomste en verskille.

* Die (on-)gelyksoortige verband tussen Ou en Nuwe Testament sou ook beskryf kon word met die term analogie. Analogie word hier verstaan as 'n verband of verhouding tussen twee sake van gelyktydige ooreenkoms en verskil. Analogie moet dus hier nie verstaan word as 'n wisselterm vir tipologie nie. Analogie soos hier bedoel beteken veel eerder 'n

[1] Dit is 'n stelling wat net in Christelike konteks geldig sou wees. Vir Joodse lesers van die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) is dit volledig Woord van God ook sonder die Nuwe Testament.

verband in terme van taal, struktuur, uitdrukkingswyse sonder dat die verband 'n identiteit word. Ou en Nuwe Testament word dus onderling en wedersyds met mekaar vergelyk en die vergelyking lewer dan ooreenkomste en verskille op. Die resultaat hiervan sou dan beskryf kon word as 'n analogiese of (on-)gelyksoortige verband tussen Ou en Nuwe Testament. Met die erkenning van so 'n (on-)gelyksoortige verband word erkenning gegee aan die onteenseglike veelheid van verbindingslyne tussen Ou en Nuwe Testament, maar tegelykertyd word die eiesoortigheid en uniekheid van elke Testament ook volledig gehonoreer.

12.3.2.1 ***'n Historiese lyn van God se heilshandelinge***

Dit is 'n redelik algemene konsensus onder teoloë dat Ou en Nuwe Testament aan mekaar verbind word deur 'n historiese lyn van God se heilshandelinge wat begin in die Ou Testament en voortgesit word in die Nuwe Testament. Dit word egter nie beperk tot die Ou Testament nie, maar word op analoë wyse voortgesit in die Nuwe Testament. Die hoogtepunte van God se heilshandelinge in die Ou Testament (Skepping, die roeping van aartsvaders, die uittog uit Egipte, die verbondsluiting by Sinai, die woestyntyd, die gawe van die land, die koningskap van Dawid) vind sy voortsetting in die heilshandelinge van God in die Nuwe Testament (die geboorte, lewe, kruisiging, opstanding, hemelvaart van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees en die begin van die kerk as kerk van Christus). God se heilshandelinge met die mens word vertel oor twee Testamente heen.

12.3.2.2 ***'n Teologiese verband***

Daar is ook ooreenstemming dat Ou en Nuwe Testament in 'n teologiese verband met mekaar staan. Male sonder tal is dit al gesê dat die God van die Ou Testament die Vader van Jesus Christus is. Dit is dus die een en dieselfde God wat in Ou en Nuwe Testament Hom openbaar en aktief aan die werk is. Wanneer 'n gelowige in die Ou Testament die heilshandelinge van God nalees, weet hy/sy die God van wie hier sprake is, is die Vader van Jesus Christus. Dit is die God van die Ou Testament wat in Christus nuut handel. Die monoteïsme van die Ou Testament word in die Nuwe Testament gehandhaaf en alhoewel daar onderskei word tussen Vader, Seun en Heilige Gees word dié drie nie drie gode nie. Die manier waarop Jesus beskryf word, die dinge wat Hy doen en die woorde wat Hy sê word in die Nuwe Testament gedoen in terme van kwaliteite en optrede wat eintlik net van God self waar kan wees.

12.3.2.3 ***Die struktuur van die kanon***

Die struktuur van die kanon in Ou en Nuwe Testament vertoon 'n gelyksoortigheid. In beide Ou en Nuwe Testament is daar 'n struktuur van verlede, hede en toekoms. In die Ou Testament vertel die sogenaamde historiese boeke (Gen – Ester) van die verlede, die boeke Job, Psalms, Spreuke, Hooglied en Prediker vertel van die hede en die profetiese boeke (Jesaja – Maleagi) vertel van die toekoms. In die Nuwe Testament is daar die beweging van verlede (die verskillende Evangelies), hede (Handelinge en briewe) en toekoms (Openbaring).

12.3.2.4 ***Die struktuur van God se heilshandelinge***

1. Die struktuur van God se heilshandelinge is in beide die Ou en Nuwe Testament ook fundamenteel dieselfde. In beide die Testamente verlos God uit liefde en genade sonder verdienste van die mens. In die Ou Testament word die volk Israel byvoorbeeld eers uit Egipte verlos voordat hulle die tien gebooie by Sinai ontvang. Dit word klassiek uitgedruk in Deut 7:7-8 "Die Here het jou nie lief gekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte". In die Nuwe Testament gaan die indikatief van God se genade ook vooraf aan die imperatief. Jesus Christus word gekruisig nie omdat mense vir God liefhet nie, maar juis omdat God vir mense liefhet ten spyte van sonde. Dit is ook nie mense wat vra vir die koms van Jesus nie, dit is God wat Jesus aarde toe stuur. Telkens word die vereistes vir toegang tot die koninkryk van God gestel as geloof en nie verdienste nie. Die prioriteit van die indikatief bo die imperatief is veral duidelik uit die struktuur van die briewe van Paulus wat telkens begin met die indikatief van die Evangelie en dan gevolg word deur die imperatief van God se wil.

2. Dit is as gevolg van die gelyksoortigheid in die struktuur van God se verlossinghandelinge dat die Nuwe Testament probleemloos kon aansluit by die taal van die Ou Testament om die Evangelie mee in te klee en te verduidelik. Woorde en begrippe soos Christus (messias), koninkryk van God, Seun van God, Seun van die mens, wet, sonde, versoening, verbond, vergiffenis, offer, reg en geregtigheid, liefde, geloof is almal kernbegrippe van die Christelike godsdiens wat die Nuwe Testament van die Ou Testament oorneem en gebruik.

3. Hermeneuties gesien is die Israel van die Ou Testament en die Kerk van Jesus Christus in die Nuwe Testament beide 'n geloofsgemeenskap. Die Kerk van Jesus Christus is die eskatologiese Israel van God. Van beide die Israel van die Ou Testament en die lidmate van die Kerk van Jesus Christus word geloof vereis as antwoord op God se verlossingsdaad in hulle lewens. Beide die Israel van die Ou Testament en die Kerk is verlos sonder enige verdienste van die mens se kant; leef in 'n verbondsverhouding met die Here; het verbondsverpligtinge ontvang van God en die naaste lief te hê; leef in die wêreld met die verant-

woordelikheid om God se getuie in die wêreld te wees. Daar is dus 'n (on-)gelyksoortige verband tussen Israel van ouds en die lidmate van die Kerk van die Here vandag.

12.3.2.5 *'n Ongelyksoortigheid tussen Ou en Nuwe Testament*

1. Daar is egter ook 'n ongelyksoortigheid tussen Ou en Nuwe Testament. Die Ou Testament is 'n veel meer omvangryker boek as die Nuwe Testament met gevolglik ook 'n veel groter verskeidenheid van literatuursoorte wat gebruik is. Die Ou Testament is (oorwegend) in Hebreeus geskryf terwyl die Nuwe Testament in Grieks geskryf is. Die taalverskil sê ook iets van 'n ongelyksoortige denkwêreld waaruit Ou en Nuwe Testament kom. Die Ou Testament adem die gees van 'n Ou Nabye Oosterse aardse en konkrete denkklimaat. Die Nuwe Testament adem weer die gees van 'n Griekse, meer gesofistikeerde, selfs filosofiese denkwêreld. Die Ou Testament het oor 'n lang periode van etlike eeue tot stand gekom sodat daar oor 'n meer gevarieerde manier oor God gepraat word, terwyl die Nuwe Testament oor 'n relatiewe kort periode tot stand gekom het.

2. Die belangrikste verskil tussen Ou en Nuwe Testament is die verskil in perspektief van waaruit geskryf word. Die Ou Testament word geskryf vanuit 'n perspektief van 'n voor-Christus era. Die Nuwe Testament word geskryf vanuit 'n perspektief van Christus wat reeds gekom het en weer gaan kom. Jesus Christus is God se nuwe en finale daad van verlossing. Mense kom nou op 'n nuwe manier – deur geloof in Christus – in 'n reggemaakte (geregverdigde) verhouding met God. Die eenmalige offer van Christus het die rituele offers waarvan daar sprake is in die Ou Testament onnodig gemaak.

3. Die ongelyksoortige verband tussen Ou en Nuwe Testament beteken ook dat die Ou Testament nie net christologies en in terme van die verlossing in Christus geïnterpreteer mag word nie. Die Ou Testament is meer as 'n boek wat Christus voorspel. Die Ou Testament het ook 'n eie, unieke boodskap wat as deel van die kanon van die kerk gehoor moet word. Die Ou Testament moet geleentheid kry om sy eie boodskap in en vir die kerk te laat hoor. Na hierdie boodskap luister die kerk vanuit Christus (wat reeds gekom het en weer kom) en nie met die oog op Christus (asof Hy nog nie gekom het) nie. Omdat die Ou Testament kanon is, het die Ou Testament 'n boodskap wat ook gehoor en gewaardeer moet word. Die Nuwe Testament hoef nie die Ou Testament te laat buikspreek om net op die manier as Ou Testament gehoor te word nie. Daar is groot gedeeltes in die Ou Testament wat nie 'n christologiese toespitsing het nie. Heelwat essensiële kenmerke van die Christelike geloof word nie verder ontwikkel in die Nuwe Testament nie omdat dit voldoende behandel is in die Ou Testament. Dit is nie die Nuwe Testament wat die Ou Testament verduidelik nie, die Nuwe Testament gebruik die Ou Testament om Christus te verduidelik sodat die eerste Christene die heil in Christus aan die hand van die Ou Testament kan begryp. Wanneer die Ou Testament so gelees word, word dit 'n boek van dankbaarheid wat vir lidmate van die kerk van Jesus Christus riglyne wil gee van hoe om as gelowige in die wêreld binne die ruimte van God se wil te lewe. Dit is wat telkens in die Ou Testament gebeur: vanuit hulle verbondenheid aan Jahwe, word die volk opgeroep om binne die verpligtings van die verbond wat veral deur die profete gekonkretiseer is, te lewe.

4. Dit is dus juis die ongelyksoortigheid van die Ou Testament teenoor die Nuwe Testament wat die unieke en eiesoortige boodskap van die Ou Testament helder laat klink. Daar is 'n noodsaak aan 'n omvattende teologiese verstaan van die Ou Testament waarin die gelyktydige gelyksoortigheid en ongelyksoortigheid van Ou en Nuwe Testament gehoor en waardeer word. Byvoorbeeld: Die opheffing van offers wat in die Ou Testament voorgeskryf word op grond van die offer van Christus maak nie die offers en offervoorskrifte in die Ou Testament teologies onbelangrik of afgeloop nie. Die offers en offervoorskrifte in die Ou Testament beklemtoon juis die erns van sonde en die noodsaak van duursame versoening wat gerig is op die behoud van mense en op die herstel van die verhouding tussen God en mense en tussen mense. 'n Tweede voorbeeld: Dit is bekend dat die Ou Testament min sê oor 'n lewe na die dood, die sheool is die doderyk, die einde van lewe. In die lig van die Nuwe Testament se beklemtoning van 'n ewige lewe "met Christus" word die Ou Testament se siening van die saak nie opgehef nie. Help die Ou Testament ons nie juis om die belangrikheid van die lewe as gawe van God hier en nou te waardeer en ook te geniet nie?

12.4 DIE RESULTAAT VAN 'N VERRUIMDE VERSTAAN VAN DIE OU TESTAMENT

Wat is die resultaat daarvan om Ou en Nuwe Testament in 'n (on-)gelyksoortige verband met mekaar te sien?

12.4.1 'n Verruimde visie van God

Die Ou Testament verruim Nuwe Testamentiese gelowiges se visie van God. Die Ou Testament openbaar God anders as in die Nuwe Testament. Daar word dimensies of aspekte van God geopenbaar wat aansluit en verskil van die Nuwe Testamentiese openbaring van God. Beide die Ou en die Nuwe Testament maak God bekend as die liefdevolle, genadige, barmhartige God (Eks 34:6-7). God is die God wat die verbond inisieer en in stand hou ten spyte van sy volk se onvermoë om dit te doen. Hy is die Skepper van hemel en aarde. Fundamenteel vir 'n visie op God is die openbaring van sy wese deur die bekendmaking van die Naam van God in die Ou Testament as Jahwe in Eks 3:15. Hy is ook die God wat oordeel oor nasies, oor sy volk

en oor indiwidue. Oor die wil van God word daar in konkrete terme gepraat in die Ou Testament.

12.4.2 'n Verruimde visie van mense

Die Ou Testament maak fundamenteel belangrike uitsprake oor mense en mens-wees in die wêreld. Dat die mens beeld van God is (Gen 1:26-28) bly een van die mees fundamentele uitsprake oor mens-wees wat daar is. Dat die mens geval het (Gen 3) en dat sonde deel van sy/haar wese geword het, maar dat mense tog in 'n verhouding met God kan bly leef, is insigte waarsonder 'n Bybelse antropologie en soteriologie nie kan klaarkom nie. Die Ou Testament handel in verskillende dele oor die vraagstuk van lyding (Job, Habakuk, Maleagi, verskillende Psalms, dele van die wysheidsliteratuur) waarsonder die insigte vanuit die Ou Testament in die tergende geheim ons oneindig armer in ons verstaan van lyding sou maak. Die Ou Testament bied riglyne aan oor hoe om as gelowige in die wêreld binne die ruimte van God se wil te leef (die profetiese literatuur). Gelowiges in die bedeling van die Ou Testament het ook nie altyd hulle verhouding met God en in die dinge wat met hulle gebeur, probleemloos beleef nie. Daarom bied die Ou Testament ook gelowiges se worsteling met God in klag en lof om die onbegryplikhede en paradokse van die lewe enigsins in verband met God te probeer verstaan (die Psalms en dele van die profetiese boeke). Juis omdat die Ou Testament 'n aardse boek is wat oor die konkrete lewe van die hier en die nou handel, bied die Ou Testament kostelike raad aan oor hoe om die kuns van die lewe te bemeester deur sensitief te wees vir verhoudinge met mense en met 'n mens se verhouding met God (die wysheidsliteratuur).

12.4.3 'n Verruimde visie van die wêreld

Die Ou Testament open met 'n blik op die skepping. In Genesis 1-11 handel dit oor God se omvattende handelinge met die mensdom in sy totaliteit. Verder in die Ou Testament is dit ook telkens duidelik dat Jahwe, die God van Israel, nie 'n lokale of plaaslike god is nie, Hy is universeel God van alles en oor almal. Daarom het Hy die mag om sy volk in ballingskap te laat wegvoer, maar ook om 'n heidense koning as messias te gebruik om sy volk te laat terugkeer na die land (Jes 45:1). Ander nasies se doen en late word eties deur Jahwe beoordeel (Amos 1-2; Nahum; Obadja) en daarom kom hulle ook in die oordeel by Hom (Jer 46-51; Eseg 25-32). God is in die besonder ook die God van die geskiedenis wat sy heerskappy oor nasies uitvoer op 'n manier wat nie altyd duidelik is vir elkeen nie, maar wat tog sigbaar is en wat geglo is deur die gelowiges van die Ou Testament.

12.5 DIE VERSTAAN EN FUNKSIE VAN DIE OU TESTAMENT IN DIE KERK

Die Ou Testament moet saam met die Nuwe Testament as volledige Woord van God funksioneer in die kerk se verskillende bedrywighede.

12.5.1 Prediking

1. Dit is duidelik dat die Ou Testament ons verstaanshorison van God en die wêreld waarin gelowiges hulle weg as gelowiges moet vind, beduidend verruim. Dit is daarom noodsaaklik dat die Ou Testament gereeld in die prediking van Sondag se erediens gehoor moet word. Die boodskap van die Ou Testament hoef nie vereng te word deur allerlei hermeneutiese sleutels wat nie reg laat geskied aan die eiendomlike van die openbaring van God in die Ou Testament nie. 'n Verruimde verstaan van die Ou Testament as Woord van God bevry juis van 'n gedwonge, geforseerde Christologiese interpretasie van die Ou Testament. 'n Verruimde verstaan van die Ou Testament laat dit toe dat die Ou Testament vanuit Christus in die gemeente van Christus gehoor word omdat die God wat daar aan die woord en aan die werk is, die Vader van Jesus Christus – die Here van die kerk - is. Vanuit hulle status in en verbondenheid aan Christus luister gelowiges na hoe God Hom openbaar en wat Hy van gelowiges verwag in 'n bepaalde perikoop in die Ou Testament.

2. Die Ou Testament word verkondig binne die konteks van die Christelike, Nuwe-Testamentiese erediens. 'n Preek word dus nie in 'n vakuum gelewer nie. Met die votum en seëngroet is die erediens tog gekonstitueer as vergadering van die Kerk van Jesus Christus. Voordat die Woord gelees en verkondig word, het die gemeente gehoor dat hulle sonde vergewe word kragtens die soenverdienste van Jesus Christus en is daar gebid in die Naam van Jesus Christus. Die gemeente word in die prediking aangespreek as Gemeente van Jesus Christus. Wanneer die Ou Testament nou gelees en verkondig word as Woord van God, word dit dus gedoen binne die verstaanshorison van mense wat verbind is aan Jesus Christus. Om hierdie rede is die argument dat 'n preek uit die Ou Testament wat "nie by Christus uitkom nie" net sowel in 'n sinagoge gepreek kan word, nie 'n geldige argument nie. As hierdie argument geldig sou wees dan is die noodwendige konsekwensies daarvan dat ons nie meer Psalms mag sing in die erediens nie want die Psalms kom ook nie "by Christus uit" nie, dan moet die votum en seën verander word want dit is tog tekste uit die Ou Testament (Ps. 121; Num 6) wat ook nie by Christus uitkom nie, dan mag Psalm 103 nie meer na die viering van die Nagmaal as lofverheffing gelees word nie, dan mag Eksodus 20 of Deuteronomium 6 nie gelees word as afkondiging van God se wil vir sy verbondsvolk nie.

12.5.2 Pastoraat

Sonder die insigte van die Ou Testament is die kerk oneindig armer in sy pastorale versorging van lidmate. In die lees en die verkondiging van die Psalms eien gelowiges hulle eie klag en lof voor God wat op 'n aangrypende manier vertolk word. Die klag

en lof van die Psalms word dan die klag en lof van gelowiges. Die unieke insigte in die probleem van lyding wat in die Ou Testament gebied word, is 'n hulp vir gelowiges wat dit moeilik vind om lyding in verband te bring met God. Die Ou Testament bied waardevolle lewensvaardighede vir gelowiges wat as gelowiges met integriteit in 'n toenemend sekulêre gemeenskap wil lewe. Die gelowiges van die Ou Testament vind vreugde in die lewe, verheug hulle oor 'n oes, is bly oor die vrou wat die Here aan hom gegee het, verstaan dat huweliksliefde 'n gawe is wat met oorgawe waardeer en geniet mag word en sien rykdom as gawe en seën van die Here. Die Ou Testament bewaar gelowiges van 'n wêreldvreemde oor-geestelikheid.

12.5.3 Inrigting van die kerklike lewe

1. Die liturgiese inkleding van die erediens is deurspek van Ou Testamentiese elemente. Die Ou Testament word gehoor in die votum, die sang wat in die vorm van berymde omdigtings van Psalms gesing word, die lees van die Wet (die Tien Woorde van God in Eks 20 en Deut 5), die verootmoediging wat volg op die aanhoor van die Wet, gebede in die Ou Testament wat gebid kan word in die erediens, die lees van die Ou Testament as deel van die Skriflesing, die prediking van die Ou Testament en die seën waarmee die gemeente die wêreld ingestuur word (Num 6:24-26). Die sing van spesifiek berymde Psalms in die erediens is 'n lang tradisie binne kerke van Gereformeerde belydenis. Met die sing van die Psalms word Ou Testamentiese geloofswaarhede deel van die geloofsgoed van die hedendaagse lidmaat. Die gebedslewe van die kerk is sonder die Ou Testament eintlik ook onvoorstelbaar.
2. Omdat die Ou Testament saam met die Nuwe Testament volledig Woord van God is, speel die Ou Testament ook 'n belangrike rol in die kategetiese onderrig van die kerk. Nie alleen boei die aangrypende verhale uit die Ou Testament klein kinders nie, hulle ontmoet vir God in die verhale en so word die verhale ook deel van hulle eie geloofsgeskiedenis met God. Immers, die God wat so aan die woord en aan die werk was in die Ou (en die Nuwe) Testament, is ook die God wat in my ingegryp het.

12.5.4 'n Getuienis aan die wêreld

Die universele perspektief in die Ou Testament open die wêreld as die arena van God se aktiwiteit. Jahwe, die God van die Ou Testament en Vader van Jesus Christus, is die een en enigste God wat daar is (Deut 6:4). Hy en sy wil moet daarom bekend gemaak word aan al die nasies omdat Hy die enigste God is, die Almagtige en Skepper van die hemel en die aarde. Waardes en oortuigings wat in die Ou Testament belangrik is soos reg, geregtigheid, regverdigheid, trou, liefde, vrede, versoening ens moet 'n woord meespreek in die openbare debat van ons tyd. In 'n tyd waar die skepping en ekologiese vraagstukke in die brandpunt van openbare belangstelling staan, het juis die Ou Testament as die belangrikste bron vir teologiese nadenke oor die skepping 'n prominente rol om te speel. Die kerk het 'n breë getuienistaak buite die grense van die gemeente. Vir hierdie taak is die Ou Testament onontbeerlik vir die kerk.

12.6 SLOT

Die kerk het lank gelede reeds in sy geskiedenis 'n keuse gemaak vir die Ou Testament. Nooit het die kerk die Ou Testament verwerp as Woord van God nie, ten spyte van verskillende pogings in die gang van die geskiedenis om van die Ou Testament ontslae te raak. Die kerk het egter wel deur middel van verskillende hermeneutiese modelle die Ou Testament vereng as Woord van God en daardeur effektief die Ou Testament net voorlopig Woord van God gemaak. Dit is nou die tyd om 'n verruimde verstaan van die Ou Testament te skep sodat die Ou Testament nie net deur 'n Christologiese keurslyf gelees word nie, maar saam met die Nuwe Testament as volledige Woord van God aan mense wat in 'n geloofsverbondenheid aan Jesus Christus in die 21ste eeu lewe, verstaan word.

12.7 AANBEVELINGS: FUNKSIE VAN OU TESTAMENT

12.7.1 Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is 'n baie ryk en gevarieerde verhouding wat onmoontlik onder een enkele formule vasgevat kan word. Die verhouding Ou Testament is byvoorbeeld baie meer as belofte-vervulling, (of wet-evangelie, of ou verbond-nuwe verbond, of die toorn van God teenoor sy liefde, of enige ander eenvoudige skema). Die Ou Testament is dus meer as profesieë wat in Christus is, al is talle profesieë natuurlik wel in Hom vervul.

12.7.2 Die Algemene Sinode erken die verweefdheid tussen Ou en Nuwe Testament waarvolgens beide Testamente 'n teologiese noodsaaklikheid vir mekaar is omdat hulle in 'n verhouding van relatiewe onafhanklikheid van mekaar staan.

12.7.3 Die Algemene Sinode besef opnuut dat die Ou Testament 'n veel langer tydperk as die Nuwe Testament dek en daarom kry ons daaruit perspektiewe wat ons in die Nuwe Testament mis. Dit word byvoorbeeld duideliker op watter manier God van geslag tot geslag met sy volk omgaan, hoe Hy byvoorbeeld telkens die inisiatief neem as die volk Hom teleurstel. Omdat die Ou Testament grootliks die verhaal is van sy omgang met sy *ongehoorsame* volk, kom sy ongelooflike geduld in verhaal na verhaal wonderlik na vore. Omdat ons vandag nog byvoorbeeld deur die doop in dieselfde genaderverbond opgeneem word wat Hy met Abraham gesluit het, help die Ou Testament ons om die plek van kinders in die genadeverbond te verstaan, iets wat feitlik heeltemal ontbreek in die Nuwe Testament.

12.7.4 Die Algemene Sinode erken die noodsaak aan 'n omvattende teologiese verstaan van die Ou Testament waarin die gelyktydige gelyksoortigheid en ongelyksoortigheid van Ou en Nuwe Testament gehoor en waardeer word. Al is dit geforseerd om te verwag dat elke preek oor 'n teks uit die Ou Testament uiteindelik na Christus deurgetrek word, sal ons prediking oor die Ou Testament deurlopend beslissend deur ons geloof in Messias Jesus bepaal moet word.
12.7.5 Die Algemene Sinode benadruk die noodsaaklikheid van die omvattende visie op God, die mens en die wêreld wat so kenmerkend van die Ou Testament is.

E. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE

13. BYBELSE BEGRONDING VIR DIE STRUKTURELE EENWORDING VAN DIE FAMILIE VAN NG KERKE

13.1 OPDRAG

Die ASK het die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake versoek om 'n Bybelse begronding vir die strukturele eenwording van die familie van NG Kerke te formuleer.

13.2 INLEIDEND

13.2.1 Die strukturering van die eenheid van die kerk omvat baie fasette. Dit bring ook baie probleme en uitdagings mee. Hieronder tel belydenisverskille, historiese en kontekstuele geskeidenhede, negatiewe persepsies en vooroordele. Een feit staan egter soos 'n paal bo water: Die eenheid van die Here se kerk is vir Hom baie kosbaar *ter wille van die kerk se getuienis in die wêreld.* Dit is nie sonder rede dat *die eenheid onder sy volgelinge* een van die sentrale motiewe in Jesus se Hoëpriesterlike Gebed (Joh 17) is nie. Daarom mag ons nooit berus in die *status quo* van kerklike verskeurdheid nie. Die uitdrukking van sy eenheid bly 'n opgawe vir die kerk, al word dit ontsaglik bemoeilik deur plaaslike probleme en die magdom van kerklike manifestasies op aarde. As Skrifgefundeerde kerk is dit ook ons taak om telkens weer te vra na *wat die Bybel ons leer oor die eenheid van die kerk*.

13.2.2 *Ook in dié verband is* daar 'n regte en 'n verkeerde gebruik van die Skrif. Vooraf moet *dit* duidelik gestel word dat die Skrif geen direkte uitsprake aangaande die strukturele eenwording van kerke bevat nie. Die situasie in die vroeë kerk was so totaal anders dat sodanige uitsprake ook hoegenaamd nie verwag kan word nie. In daardie pionierstadium was die organisatoriese aspek van die kerk nog heeltemal in sy kinderskoene. Op plaaslike vlak is gemeentes gelei deur ampsdraers, maar die kerklike organisasie was nog heel basies en soepel. Die Jerusalemapostels het 'n bepaalde gesagstruktuur verteenwoordig wat wyer as Jerusalem gestrek het, maar hierdie gesag was op verskillende wyses beperk. Binne die Pauliniese gemeentes het daar sonder twyfel 'n mate van interne kontak en wisselwerking bestaan, maar hoegenaamd geen samebindende strukture nie. Dieselfde geld vir die Johannese kring. Trouens, nêrens in die vroeë kerk was daar, teoreties of prakties, sprake van die institusionele samebinding van gemeentes binne een oorkoepelende struktuur nie.

13.2.3 Dit open ons oë daarvoor dat die strukturering van die eenheid van die kerk in verskillende dimensies moet plaasvind. Die institusionele dimensie kom nie direk in die Nuwe Testament voor nie, maar daar is groot erns oor die ander dimensies. Die Nuwe-Testamentiese teologie, en in besonder sy kerkbegrip, lewer hier 'n belangrike bydrae. Daarom kan ons ons in hierdie verslag nie beperk tot die "strukturele eenwording" van die familie van NG Kerke nie, maar moet ons wyer kyk na die "strukturering van die eenheid" van NG Kerke, dit wil sê dit moet nie net gaan oor institusionele eenheid nie, maar oor alle dimensies waarin die eenheid van die NG Kerke struktureel uitgedruk kan word.

13.3 DIE INDIKATIEF EN DIE IMPERATIEF

13.3.1 In hierdie verband is dit wesenlik belangrik om aandag te gee aan die Nuwe-Testamentiese visie op die geloofswerklikheid van wat die kerk in Christus reeds is (die indikatief) en die oproep (imperatief) om aan daardie geloofswerklikheid duidelike, konkrete gestalte te gee. Dit gaan dus basies om wat ons in Christus *reeds is*, en wat ons in ons aardse bestaan *nog moet word.* Dit is wesenlik belangrik om te besef dat hierdie indikatief en imperatief onlosmaaklik saamhoort. Dit blyk reeds duidelik uit die Bergrede (Matt 5:13-16): Christene *is* die sout vir die aarde (die indikatief), maar dit is terselfdertyd hulle onontwykbare roeping om hulle soutende werking in die wêreld te laat geld (die imperatief). Hulle is die lig vir die wêreld, die lamp op die staander; daarom: "laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik". Rom 6 bied aan ons 'n pragtige voorbeeld van die sleutelrol van die indikatief en imperatief in ons Christenbestaan. In 6:2-5 word pertinent gesê dat ons, in ons verbondenheid met Jesus Christus, "dood is vir die sonde"; ons het met Hom "een geword in sy dood"; ons is selfs "saam met Hom in sy dood begrawe". Netso deel ons met Christus in sy opstanding. Dit alles vorm die indikatief. Op hierdie basis volg nou die imperatief: Omdat ons met Christus vir die sonde gesterf het en deel in sy opstanding, *daarom moet ons lewe nou sigbaar maak dat ons vir die sonde dood is en vir God lewe* (die imperatief). Ons mag nie langer as slawe van die sonde voortlewe nie (vv.6,12). Wat hier gebeur is dat die indikatief nie net die mikpunt en uitdaging is nie, maar inderdaad die *opdrag* uitmaak vir ons lewe

hier en nou. Nog 'n voorbeeld is Kol 3:1-5. Op die indikatief : "aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is…" volg onmiddellik die imperatief: "moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is …". In v. 3 lui dit: “want julle het *gesterwe*, en julle lewe is saam met Christus verborge in God". Daarop volg die opdrag "daarom moet julle die aardse dinge *doodmaak* wat nog deel van julle lewe is". Hierdie patroon loop deur die hele Bybel. Dit vorm 'n grondstruktuur van die Christelike etiek. Trouens, reeds die Tien Gebooie begin met die versekering dat God sy volk se God en Verlosser is. Hierdie ryk en heerlike indikatief fundeer en motiveer al 10 die "imperatiewe" wat volg.

13.3.2 Samevattend: Volgens die Bybel vorm die indikatief van God se genadewerk aan ons steeds die basis en die motivering vir die imperatief. Laasgenoemde is 'n daad van gehoorsaamheid wat volg op wat God in Christus reeds vir, met en in ons gedoen het.

13.4 DIE EENHEID VAN DIE KERK AS IMPERATIEF

13.4.1 Om die opdrag tot kerkeenheid goed te verstaan, is dit verhelderend om eers met 'n ander wesenseienskap van die kerk, naamlik sy heiligheid, te begin. Reeds in die Ou Testament word van die standpunt uitgegaan dat Israel vir God 'n heilige volk is omdat hulle aan 'n heilige God behoort. Daarom is hulle byeenkomste “heilig” (Eks 12:16; Lev 23:2 ens). Deur hulle verbondsgehoorsaamheid moet hulle egter terselfdertyd God se eiendomsvolk en 'n heilige nasie *word.* “Ek is die Here julle God. Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig” (Lev 11:44; vgl v.45; 19:2). Volgens die indikatief van kerkwees is gelowiges in die Nuwe Testament *reeds in Christus geheilig*. Daarom word hulle in die Griekse Nuwe Testament sonder skroom as *hagioi* (= heiliges) bestempel (Rom 1:7; 15:15,26;1 Kor 1:2). Hulle is “heiliges en geliefdes” (Kol 3:12). Hulle is “geheiligdes (1 Kor 6:11). Van die gemeentes word gepraat as die “gemeentes van die heiliges” (1 Kor 14:33 ens). In hierdie gees bely ons dan ook elke Sondag in die Twaalf Artikels “ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges”.

13.4.2 Naas en op grond van hierdie indikatiewe uitsprake volg daar in die Nuwe Testament egter telkens die oproep dat God se mense hulle heiliging konkreet sigbaar moet maak. Hulle lewe staan nou onder die imperatief van daaglikse heiliging. Hulle moet steeds meer word wat hulle in Christus is. In Rom 6:19 lui dit soos volg: “soos julle (voorheen) elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel *om heilig te lewe*”. “Dit is die wil van God dat julle *heilig moet lewe*” (1 Tess 4:3). “God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om *heilig te lewe*” (1 Tess 4:7). “Beywer julle vir vrede met alle mense, *asook vir 'n heilige lewe*, waarsonder niemand die Here sal sien nie” (Hebr 12:14).

13.4.3 Met die eenheid van die kerk staan dit nie anders nie. Die kerk is in Christus een, maar hy moet daardie eenheid voortdurend meer sigbaar maak. Die eenheid van die kerk is 'n geestelike werklikheid wat ons glo, maar juis daarom moet dit reëel en werksaam gemaak word.

13.4.4 Net soos daar in die Ou Testament net een volk van God was, so is daar in die Nuwe Testament net een kerk. Daarom is daar net *een* bruid of liggaam van Christus, net *een* tempel van die Gees. Volgens Matt 16:18 sê Christus dat Hy *sy kerk*, duidelik bedoelende sy één kerk, op die “Petrusrots” sal bou. Handelinge en die Pauliniese geskrifte praat meermale van *ekklesiai*, dit wil sê van kerke of gemeentes in die meervoud en bedoel dan die verskeidenheid van plaaslike gemeentes (bv Hand 9:31; 15:41; 16:5; Rom 16:4,5,16; 1 Kor 7:17 ens). Daarteenoor bestaan daar min twyfel dat die enkelvoud *ekklesia* in gedeeltes soos Hand 9:31; 1 Kor 15:9; Gal 1:13; Filip 3:6 dui op die kerk in sy geheel. Hier word die kerk gesien as 'n eenheid wat baie plaaslike kerke of gemeentes omvat. Hierdie gedagte van die wesenlike eenheid van die kerk, tree onteenseglik duidelik na vore in Efesiërs en Kolossense. Die woord *ekklesia* word in hierdie twee briewe 11 keer in die enkelvoud gebruik in die sin van die een, algemene kerk van Christus. Slegs in Kol 4:15-16 dui dit op 'n plaaslike gemeente (huisgemeente). Die wesenseenheid van die destyds bestaande gemeentes word hier duidelik aanvaar. Daar is in wese net een kerk, wat in 'n verskeidenheid van “kerke” op plaaslike vlak gemanifesteer word.

13.4.5 Hierdie wesenseenheid van die kerk tree ook in Joh 10:16 na vore. Die twee kuddes wat na Jesus se verheerliking tot één saamgevoeg sal word, bestaan enersyds uit Joodse en andersyds uit heidenchristene. In Ef 2:11-22 word vertel hoe die religieuse en sosiale skeiding tussen Jode en nie-Jode deur Christus self weggeneem is, dat Hy die vyandskap tussen hulle afgebreek het (2:14) en dat Hy die twee groepe letterlik tot een nuwe mensheid geskep het (2:15), naamlik sy kerk. Heel konkreet is hulle nou almal saam lede van die een liggaam, die kerk (2::16), huisgesin van God (2:19).

13.4.6 Dieselfde gedagte figureer in Ef 4:1-6. Die “een liggaam” van die kerk, bestaande uit Jode en nie-Jode, word saamgebind deur die feit van één Gees, één hoop, één Here, één geloof, één doop en één God en Vader van almal. Dit is egter juis hier waar die eenheid van die kerk paraneties as *opdrag* begin funksioneer. Die imperatief van die sigbaarmaking van die eenheid van die kerk vloei voort uit die indikatief van sy eenheid in Christus.

13.4.7 Die sigbaarmaking van hierdie eenheid be-

staan in Ef 4:3 daarin dat gelowiges hulle moet beywer om die “eenheid van die Gees” “te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe”. Harmonieuse onderlinge verhoudings is dus een manier waarop die dieperliggende, Geesgewerkte eenheid tussen Christene sigbaar gemaak moet word.

13.4.8 Dit gaan juis om die konkrete handhawing van die onderlinge vrede tussen verskillende van nature uiteenlopende en vyandige groepe (Kol 3:11) binne in die kerk as die liggaam van Christus (Kol 3:15). Uit Kol 3:5-17 is dit duidelik dat mense wat uit heel verskillende religieuse en sosiale agtergronde kom, nou geroep is om in die kerk as liggaam van Christus in liefde en in vrede te lewe.

13.4.9 Hoe belangrik die bevordering en manifestasie van kerklike eenheid vir Paulus was, blyk uit die besondere moeite wat hy gedoen het met sy kollekte vir die verarmde gelowiges in Jerusalem. Dit word algemeen aanvaar dat daar op hierdie stadium 'n mate van spanning tussen die Jerusalemkerk en die Pauliniese gemeentes was. Daarom bestaan daar kommer in Paulus se gemoed of die Jerusalemkerk sy insameling positief sal aanvaar en vra hy die Romeinse Christene se voorbidding (Rom 15:31). Die kollekte, wat uiteindelik 'n aansienlike bedrag moes beloop het (2 Kor 8:20), was vir Paulus egter so 'n geweldig belangrike teken en bevestiging van die diepe eenheid tussen sy gemeentes en die moederkerk in Jerusalem, dat hy alles in die werk stel om dit te laat slaag. “Since Paul was convinced that the existing boundaries between Jews and Gentiles were dissolved by the Christ-event, it was his responsibility to give visible expression to this unity…But the acceptance of these funds by Jerusalem was crucial. It would serve as the visible confirmation of the existing bond of unity between them” (SJ Joubert, *Paul as Benefactor* [Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament 2. Reihe 124. Mohr Siebeck: Tübingen, 2000]), 207v). Daarom noem hy hierdie insameling nie net herhaaldelik 'n diens (2 Kor 8:4; 9:1,12,13) aan die Jerusalemkerk nie; hy beskryf dit ook as 'n bewys van verbondenheid (*koinonia*) (Rom 15:25-26; vgl 2 Kor 8:4;9:13).

13.4.10 Nog 'n aanduiding hoe belangrik strukture van eenheid vir Paulus was, is die omstandighede van die groot kerkvergadering van Handelinge 15. Dis duidelik dat eenheid vir Paulus van die uiterste belang was. Die omstandighede van die groot kerkvergadering van Handelinge 15 wys dit duidelik. Paulus het baie sterk daaroor gevoel dat bekeerlinge uit die heidendom vry moes wees van die Joodse rituele wet. Hy het selfs predikers wat sulke Christene probeer oorreed het om die wet te aanvaar as verkondigers van 'n “ander evangelie” beskou (Gal 1:6). 'n Mens kan jou voorstel dat hy die kerk sou kon skeur as Joodse Christene die wet aan heiden-Christene sou wou oplê. Maar hy is gewillig om Jerusalem toe te gaan om sy saak by die vergadering voor die leiers van die moederkerk te plaas. Hy het geweet dat die Jerusalemse kerk 'n Judaïstiese neiging gehad het en dat die besluit menslik gesproke maklik tot groot nadeel van die heiden-Christendom kon gewees het. Maar hy voel so sterk oor die eenheid van die kerk dat hy gewillig is om te buig sodat daar een bindende beleid vir die hele kerk neergelê kan word.

13.4.11 In Galasiërs 2:2 gaan hy so ver om te sê dat hy die saak gaan voorlê het, want: “Ek wou sekerheid hê dat ek nie tevergeefs werk of gewerk het nie”. Met ander woorde, as die moederkerk sy werk onder die heidene nie wou erken nie, was sy werk onder 'n vraagteken!

13.4.12 Dit was waarom hy bereid was om kompromie te maak oor dinge wat hom na aan die hart gelê het. By die kerkvergadering is hy bereid om te aanvaar dat drie rituele reëls uit die Joodse wet vir heidenchristene bindend gemaak word (Hand 15:29)!

13.5 BAIE VORMS

13.5.1 Dit is duidelik dat die sigbaarmaking van die kerk se eenheid in Christus baie vorms kan aanneem. Onderlinge eensgesindheid en dienswerk aan mekaar (vgl hierbo) is maar twee gestaltes hiervan. Die baie oproepe tot eensgesindheid en tot onderlinge diens, tot die “was van mekaar se voete” (Joh 13:14) en die “dra van mekaar se laste” (Gal 6:2) gee almal uitdrukking aan die diepliggende eenheid van die kerk. Hierbo het ons gesien dat Paulus sy kollekte as 'n *koinonia* karakteriseer. Die beoefening van onderlinge *koinonia* is ook 'n belangrike uitdrukking van kerklike eenheid. Hand 2:42 berig van die Jerusalemgemeente dat hulle in die *gemeenskap* volhard het. Ook 1 Joh 1:3-7 beklemtoon die belangrikheid van gemeenskap met God en met mekaar. Dat die onderlinge liefde al hierdie gemelde vorms van sigbaarmaking moet kwalifiseer, is vanselfsprekend.

13.5.2 'n Uiters belangrike kwessie in hierdie verband is die ooreenstemming in belydeniswaarheid. Die toets van die ware belydenis speel in die Nuwe Testament 'n deurslaggewende rol. Radikale belydenisafwyking word radikaal veroordeel (Gal 1:6-9; 1 Joh 4:1-3). Verskil in belydenis vorm 'n probleem ten opsigte van kerklike eenheid en in die mate wat sodanige verskille groter word, word die uitdrukking van kerklike eenheid en die kerk se eendragtige getuienis in die wêreld steeds moeiliker. In hierdie verband vra Jesus se Hoëpriesterlike Gebed (Joh 17) ons aandag. Binne die Johannese konteks gaan dit hier daarom dat Jesus by God pleit vir die eenheid van sy dissipels in die *geopenbaarde Christuswaarheid* en in die *broederliefde.* Hierdie eenheid in belydeniswaarheid en liefde is egter nog 'n uiterlike bewys, 'n bevestiging van kerklike eenheid. En hierdie eenheid

word 'n kragtige getuienis na buite: “sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het” (Joh 17:21,23). Die eenheid word dus so prakties en konkreet uitgeleef dat selfs die ongelowige wêreld dit kan sien en daardeur geraak en tot geloof beweeg word. Omgekeerd bring kerklike verdeeldheid rondom die evangeliewaarheid die geloofwaardigheid van die evangelie ernstig in die gedrang.

13.6 STRUKTURERING VAN DIE EENHEID

13.6.1 Die strukturering van eenheid is in die lig van bogenoemde ook 'n vorm van gehoorsaamheid aan die kerk se verantwoordelikheid om sy eenheid in Christus duidelik in die wêreld sigbaar te maak.

13.6.2 Uiteraard sal die intensiteit van strukturering enersyds beïnvloed word deur die belydenisvraag, maar andersyds ook deur praktiese faktore soos by-voorbeeld die geskiedenis en geografiese afstand. Hiervolgens sal kerke wyer, maar ook enger ekumeniese bande moet vorm. Prinsipieel moet ons sê dat hoe groter die ooreenstemming in belydenis en in historiese en geografiese nabyheid is, hoe dringender word hierdie verantwoordelikheid.

13.6.3 Daarom moet ons ons verantwoordelikheid om aan die strukturering van die eenheid van die NG Kerkfamilie te werk, baie ernstig opneem. In terme van alle relevante kriteria is ons naaste familie. Is dit nie die leiding van die Heilige Gees dat al die lede van hierdie familie reeds besluit het om hulle eenheid sterker te struktureer nie?

Daar is konkrete redes wat die erns van ons eenheidstaak in die familie onderstreep.

13.6.4 Die onwilligheid tot gemeenskap met mense van 'n ander kleur en kultuur binne die een NG Kerk het aanleiding gegee tot aparte dienste, aparte gemeentes en mettertyd ook aparte kerkgenootskappe. Die oorsprong van aparte NG kerkgenootskappe vir verskillende etniese groepe is dus problematies en was tot vandag aanleiding tot vervreemding binne die NG Kerkfamilie. Slegs as daar gewilligheid tot sterker strukturering van ons eenheid is, sal daar *versoening* kom. Sonder versoening sal die NG Kerk ongeloofwaardig bly. Daar is vanselfsprekend meningsverskille oor hoe die eenheidstrukture moet lyk – daaroor sal ons moet onderhandel tot ons mekaar vind.

13.6.5 Sterker eenheidstrukture in die NG kerkfamilie sal 'n enorme *getuienis* wees van die krag van die evangelie om vervreemding tussen mense te oorkom en sal 'n groot bydrae tot versoening in die samelewing lewer. Die standpunte wat ons as eenheid inneem, sal 'n wye perspektief verteenwoordig en gewig dra.

13.6.6 In die groter eenheid sal die NG Kerk se *diens* effektiewer kan wees, omdat hy meer geloofwaardigheid sal hê en beter in staat sal wees om die armoede in eie kerkverband aan te pak.

13.6.7 Dit beteken nie dat ons moet wag op meer strukturele eenheid voor ons begin om meer saam te werk ten opsigte van ons gesamentlike taak as kerk nie. Ons het reeds gesien dat die eenheid van die kerk in baie dimensies tot uitdrukking moet kom, en daarom is samewerking op enige vlak reeds realisering van ons eenheid en is enige strukture waarin saamgewerk word, reeds strukturering van die eenheid.

13.6.8 Ons moet ons eenheid nie sien as 'n enkele institusionele gebeurtenis wat nog voorlê nie, maar as 'n proses wat reeds in 'n mindere of meerdere mate in baie dele van ons Kerkfamilie aan die gang is en wat met oorgawe verder ontplooi moet word. Die Algemene Sinode moet realisties beplan om hierdie proses te stimuleer.

13.7 AANBEVELINGS: BYBELSE BEGRONDING VIR EENWORDING

13.7.1 Die Algemene Sinode herbevestig dat hy dit as Skriftuurlike opdrag aanvaar dat die wesenlike eenheid van die NG Kerkfamilie sigbaar en werksaam gemaak moet word.

Die Algemene Sinode herbevestig dat hy die strukturering van die eenheid van die NG Kerkfamilie as wesenlike deel van hierdie proses sien.

13.7.3 Die Algemene Sinode oordeel dat groter strukturele uitdrukking van die eenheid in die NG Kerkfamilie noodsaaklik is met die oog op heling (versoening), gesamentlike getuienis en meer effektiewe diens.

13.7.4 Die Algemene Sinode sien hierdie strukturering as 'n proses wat op die vlak van die plaaslike gemeente, op ringsvlak en op sinodale en algemene sinodale vlak met oorgawe ontplooi moet word.

14. HOMOSEKSUALITEIT

14.1 INLEIDING

14.1.1 Die Algemene Sinode van 1986 het die verslag ***Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?*** *(Handelinge Algemene Sinode 1986: 672)* as beleidstandpunt van die NG Kerk aanvaar. Dit sluit 'n groot aantal aanbevelings in waarvan een lui (30.5.3.2): ***Homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar.***

14.1.2 Destyds het die verslag (anders as **Kerk en Samelewing**) geen rimpeling veroorsaak nie. Sedertdien het die situasie drasties verander soos blyk uit die feit dat verskillende streeksinodes die afgelope jare ernstig met hierdie problematiek geworstel het. Hoewel die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake geen opdrag van die Algemene Sinode 1998 in hierdie verband ontvang het nie, het die kommissie tog geoordeel dat in die lig van die aktualiteit van die tema dit onverantwoordelik sou wees om vir ten minste nog die volgende vier jaar sondermeer met die standpunt van 1986 te volstaan. Daarby het die ASK die kommissie versoek om aandag aan die saak

te verleen en om aan die Algemene Sinode 2002 te rapporteer.

14.1.3 Ons is bewus daarvan dat die Sinode waarskynlik nog nie in staat is om oor hierdie brandende kwessie 'n duidelike standpunt in te neem nie. Hierdie verslag is niks meer nie as 'n poging om rigting te gee aan die onontbeerlike debat wat by ons pas in alle erns begin het. Hoewel die wyse waarop die diskussie in die buiteland verloop het min hoop bied dat konsensus hieroor maklik bereik sal word, kan ons tog grootliks baat by die omvattende besinning wat reeds wêreldwyd in teologiese geledere hieroor plaasgevind het.

14.2 DIE PROBLEMATIEK

14.2.1 In die debat word gewoonlik verskillende vorme van homoseksualiteit onderskei wat meestal ook moreel verskillend beoordeel word. Ons sien egter daarvan af om 'n definisie te probeer gee wat vir al die verskillende gestaltes voorsiening maak.

14.2.2 Dit is verder opvallend dat terwyl vir homoseksuele relasies tussen vroue 'n afsonderlike woord gebruik word, dieselfde selde gebeur in die geval van mans. (In Duits word wel 'n onderskeid gemaak tussen **Lesben** en **Schwulen**). Sommige is van mening dat die skerp afwysing van homoseksualiteit tussen mans en diskrimasie teenoor vroue, ondergronds verband hou met mekaar. Die woord **malakos** (1 Kor 6: 9**)** wat deur sekere verklaarders verstaan word as 'n verwysing na 'n manlike prostituut, beteken eintlik om verwyfd te wees. Volgens Josephus kon 'n man beskuldig word van **malakia** indien hy swak was in oorlog, te veel luuksheid geniet het, of huiwerig was om selfmoord te pleeg. In die Bybel word eintlik net een keer uitdruklik na homoseksuele relasies tussen vroue verwys (Rom 1:26). Vir ons doel sluit die begrip “homoseksualiteit” sowel manlike as vroulike vorme daarvan in. **Homoseksualiteit** staan dus teenoor **heteroseksualiteit.**

14.2.3 In die gesprek binne eie kerklike kring bestaan eenstemmigheid dat **promiskuïteit** in sowel 'n heteroseksuele as 'n homoseksuele gedaante onaanvaarbaar is. Wanneer sprake is van 'n duursame homo– of heteroseksuele relasie, word onder seksualiteit veel meer as blote (biologiese) seks verstaan, maar dui dit veeleer op 'n verlange na totale lewensgemeenskap wat ook die seksueel-erotiese insluit. Dit bring mee dat homoseksualiteit nie in isolasie beskou kan word nie, maar as onderdeel van die meer omvattende problematiek van die rol van die seksuele as sodanig. Dan word byvoorbeeld die vraag aktueel of die seksuele se eintlike (enigste?) funksie bestaan in die verwekking van kinders. Indien daar ook ander funksies met die seksuele saamhang, is die vraag of dit ook tot uitdrukking mag kom in 'n homoseksuele relasie. Terwyl die oorgang van die seksdrif na die seksdaad in heteroseksuele monogame relasies nie net aanvaarbaar nie, maar as positief goed beoordeel word en uiteraard noodsaaklik is vir die voortbestaan van die mensdom, wonder baie of die blote afwesigheid van die moontlikheid van voortplanting, dit moreel onaanvaarbaar maak in die geval van homoseksuele, duursame verhoudings.

14.2.4 Behalwe dat promiskuïteit aan beide kante van die debat verwerp word, bestaan ook eenstemmigheid in ons geledere dat die gesag van die Skrif in hierdie aangeleentheid deurslaggewend is. Oor die eksegese van die relatief min tekste wat hier ter sprake is, bestaan egter ingrypende verskille. Maar selfs al sou konsensus bereik word dat die Skrif homoseksualiteit as sonde afwys, is die debat daarmee nog nie op 'n einde nie. Ook egskeiding en hertrou van geskeides word deur die Bybel as sonde bestempel en tog getolereer as gevolg van menslike swakheid. In ons gebroke werklikheid moet ons meermale kies, nie tussen goed en sleg nie, maar tussen sleg en slegter. Wanneer dit die enigste opsies is wat vir ons oop is, is dit “goed” om vir “sleg” te kies al hou “sleg” nie daarmee op om “sleg” te wees nie.

14.2.5 'n Vorm van toleransie wat dikwels voorkom, is dat simpatiek geoordeel word oor die homoseksuele oriëntasie (**homofilie**), terwyl homoseksuele praktisering afgewys word. Blykbaar is dit ook die posisie wat die verslag van 1986 inneem. Daar word beweer dat 'n homoseksuele oriëntasie as sodanig nie summier tot persoonlike skuld gereken kan word nie (Agenda, 362). Dit skep die indruk dat 'n homoseksuele gerigtheid eerder 'n siekte is as 'n sonde. Pas die homoseksuele daad word as sedelik onaanvaarbaar beskou. Maar kan die oriëntasie moreel onskuldig wees as dit dui op 'n geneigdheid tot 'n gedrag wat sondig is? Maak die begeerte na 'n sondige daad nie die begeerte self reeds sondig nie?

14.2.6 Die tolerante standpunt word in elk geval deur die homoseksuele gelowige self as neerbuigend en derhalwe as aantasting van sy/haar menswaardigheid ervaar. Nie die tolerante aanvaarding van 'n gebrek nie, maar die positiewe goedkeuring van 'n homoseksuele, duursame relasie as 'n goeie gawe, is die kernkwessie waaroor dit in die debat gaan. In kort kan ons die eintlike punt waar die skoen knyp so saamvat: **Is dit moontlik om die gesag van die Skrif te aanvaar en terselfdertyd 'n duursame ("monogame") verhouding tussen mense van dieselfde geslag goed te keur?**

14.2.7 'n Verdere kwessie is of die direkte uitsprake van die Skrif ten opsigte van homoseksualiteit, sondermeer bindend is vir ons. In die verslag oor d**ie gesag van die Skrif**, word aangetoon dat die Bybel geen bindende uitsprake oor die wetenskap maak nie, omdat dit die oortuigings van sy tyd reflekteer. In die Bybel gaan dit primêr om God self in sy genadige neerdaling na die mens wat kulmineer in die Kruis. Geld dit nie ook grootliks vir etiese aangeleenthede

nie? Om enige verskynsel eties te kan beoordeel, is immers kennis van die verskynsel noodsaaklik wat met die loop van tyd kan verander. In die Bybel gaan dit nie in die eerste plek om wetenskap (ook teologie) en etiek nie, maar om God self in sy verhouding tot die werk van sy hande.

14.2.8 Sonder twyfel het die openbaring van God groot implikasies vir ons etiese oortuigings, maar binne die Bybel self wat oor eeue tot stand gekom het, vind daar duidelik verskuiwings en voortgang plaas. Die liefdesgebod is en bly weliswaar die essensie en samevatting van die wet in alle eeue, maar ten opsigte van die konkretisering daarvan tree sonder twyfel verskille op in die loop van die tyd. Dit maak daarom sin om onderskeid te maak tussen verskillende vorme van etiek in die Bybel (byvoorbeeld die verskil tussen Ou en Nuwe Testament ten opsigte van sommige sake) en 'n "Bybelse etiek" waarin rekening gehou word met die Gees (Liefde) van God wat in die Skrif en die voortgaande geskiedenis op verskillende wyses na vore kom. Om aan die **Gees** van die Bybel se voorskrifte gehoorsaam te wees, moet ons soms verder gaan as die blote **letter** van die Skrif soos byvoorbeeld blyk uit ons houding teenoor slawerny. In die Bybel self staan die letters (woorde) van die Skrif telkens onder die kritiek van die Gees wat juis in 'n vroeëre fase medeverantwoordelik was (saam met die menslike skrywers) vir die totstandkoming daarvan (sien **Die gesag van die Skrif**). In die Bergpredikasie verwys Jesus soms na die Wet in die Ou Testament, maar laat direk daarop volg: “Maar Ek sê vir julle…”. Uit gehoorsaamheid aan die Skrif, mag ons nie maar bloot bly staan by die “letterlike” woorde van die Skrif nie, maar soos die Reformatore moet ons luister na die Gees van God in die “letters”. Alleen so bly die Bybel vir ons die lewende Woord van God.

14.3 SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

14.3.1 Vir baie gelowige lesers van die Skrif is die antwoord op die vraag na die aanvaarbaarheid van homoseksualiteit onomwonde afwysend. Volgens hulle oortuiging is die uitsprake van die Skrif te duidelik om enige debat hieroor toe te laat. Vir ander is die situasie onseker omdat die uitleg van die betrokke tekste omstrede is. 'n Derde groep is weer van oortuiging dat die tekste nie te make het met 'n duursame lewensgemeenskap tussen mense van dieselfde geslag nie en daarom nie ter sake is nie. Staan ons hier dus in 'n doodloopstraat wat die kerk in sy geheel, wat al drie groepe insluit, geen ander opsie laat as om te sê dat ons nie weet nie, en dit derhalwe oor te laat aan die gewete van die indiwiduele gelowige? Hoewel minder bevredigend sal sommige argumenteer dat laasgenoemde 'n meer eties verantwoorde standpunt is, as om mense se gewetens te bind terwyl daar binne die kring van die kerk self soveel onsekerheid bestaan.

14.3.2 Ons is egter van mening dat die punt nog nie naasteby bereik is waar dit nodig is om handdoek in te gooi nie. Hierdie debat is eerder 'n toetsgeval vir 'n meer omvattende problematiek naamlik die wyse waarop die gesag van die Skrif binne die kerk funksioneer (sien die verslag: **Die gesag van die Skrif**) en meer in besonder die wyse waarop ons in etiese kwessies ons op die Skrif beroep. Selfs al sou ons aanvaar dat eenstemmigheid oor die uitleg van enkele ter sake tekste nooit bereik sal word nie, of aan die anderkant, selfs as ons sou saamstem dat ten minste sommige of dalk selfs al hierdie tekste afwysend staan teenoor homoseksualiteit in watter vorm ookal, beteken dit nog steeds nie dat die debat daarmee afgeloop is nie. Die uitsprake van die Skrif teen die neem van rente byvoorbeeld, is ten minste net so duidelik, en volgens sommige veel duideliker, as teen homoseksualiteit. Tog is daar waarskynlik weinig onder ons wat teen rente as sodanig gekant is. Ook staan ons meestal nie net tolerant daar teenoor nie, maar keur dit goed deur ons geld op die bes moontlike manier te belê. Indien jy dus sowel jou integriteit as die Bybel en jou bankbalans wil behou, sal jy nie bloot by die letter van die Skrif kan bly staan nie, maar op soek moet gaan na die bedoeling van die (G)gees in die letter. Daarvoor is meer nodig as 'n beroep op enkele losstaande tekste, maar moet die boodskap van die Bybel in sy geheel, in berekening gebring word.

14.3.3 Dit geld telkens vir ons beroep op die Skrif (vergelyk byvoorbeeld kinderdoop, kindernagmaal, nagmaal vir vroue, die Heidelbergse Kategismus se verklaring van die neerdaling ter helle, die uitleg van die 10 gebooie, die Drie-eenheid, ens ens ens). Die letter opsigself maak dood, maar die Gees maak lewend (2 Kor 3:6; vgl ook Rom 7:6 Ou Vertaling). Dit geld vir dogmatiek en etiek, (leer en lewe) in die algemeen, maar vir laasgenoemde in die besonder. Terwyl dit in die leer basies gaan om wat God eens en vir altyd vir ons gedoen het in Christus, gaan dit in die etiek om dit wat God van ons verwag om in Christus daagliks te doen onder leiding van sy Woord en Gees. Daarvoor wys die Woord vir ons die koers aan om ons te help in ons konkrete konteks. Dit was juis die eise van die voortdurend veranderende konteks wat die agtergrond gevorm het vir die ontstaan van die kasuïstiek, dit wil sê die opstel van talle reëls wat voorsiening probeer maak het vir die groot variasies van spesifieke omstandighede. Die daarmee gepaardgaande gevaar was dat dit soveel reëls tot gevolg gehad het dat die letter gedreig het om die (G)gees van die lewende Woord te verdring.

14.4 TORAH TEENOOR NOMOS

14.4.1 Van die allergrootste belang is om die onderskeid tussen die Hebreeuse **torah** en die Griekse **nomos**, wat ons beide met “wet” vertaal, in gedagte te hou. Terwyl **nomos** die konnotasie het van 'n formele, rigiede wetskode, het **torah** die veel meer

soepel en dinamiese betekenis van “onderrig” in 'n konkrete situasie. Laasgenoemde kan wel gestalte aanneem in wetsvoorskrifte, maar ook in verhale, liedere, spreuke, ens. Die hele Pentateug, trouens die hele Ou Testament, kan as **torah** bestempel word. Dit mis die “wettiese karakter” van die Griekse **nomos** en het 'n rigtinggewende betekenis omdat dit gerig is op die doel (voleinding) waarmee God met sy skepping oppad is. Enersyds **relativeer**, andersyds **radikaliseer** die groot Toekoms die voorskrifte van die torah. Beide blyk uit Jesus se Bergpredikasie en Paulus se houding teenoor die heidene en die huwelik (1 Kor 7). In 'n nuwe fase in die geskiedenis van die heil, kan die vorige voorskrifte “opgehef” word in beide betekenisse (**verhef** én **vervang**) van die woord. Enersyds word in die **nuwe verbond** die **doel** van die **ou verbond** bereik; andersyds beteken die nuwe verbond juis daarom die **einde** van die oue. In daardie sin is Christus die (doel) **einde** van die wet (Rom 10:4). In Hom het die voleinding (Koninkryk van God) **naby** gekom (Mark 1:15).

14.4.2 Wat egter **in Christus** reeds volkome waarheid en werklikheid geword het, is nog nie die geval in die kerk en die wêreld nie. Daarom het ons nog steeds die rigtinggewende **torah** nodig. Hebr 8:13 (ou vertaling) leer ons dat die oue **naby** die verdwyning is. In Christus het die ou dinge wel verbygegaan en het alles nuut geword (2 Kor 5:17), maar tot aan die voleinding van die geskiedenis leef ons nog altyd te midde van die oue. Die nuwe se verskyning is die oue se verdwyning. Die kerk se bestaan speel af te midde van hierdie verskyning en verdwyning, die **alreeds** van die nuwe en die **nog steeds** van die oue. Dit maak die posisie van die gelowige en die kerk in hierdie bedeling so dubbelsinnig. Enersyds dreig die gevaar dat ons **wetteloos** sal lewe omdat Christus se dood alreeds die einde is van die wet; andersyds bestaan die gevaar van 'n **wettiese** lewenswyse omdat ons nog steeds in die ou bedeling lewe. Om aan beide gevare te ontkom, is ons diep afhanklik van die soepelheid van siel wat alleen die Gees van God ons kan gee.

14.4.3 In die voorskrifte van die Torah kom die wese van die mens as beelddraer van die God van liefde, na vore soos dit gedurende 'n spesifieke tyd tot uitdrukking kom. Wie daarom bly vassteek by die letter van die **torah**, bedroef die Gees wat daarin tot ons spreek. Soos Paulus dit stel: 2 Kor 3:5, 6: **Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend**. Dit beteken hoegenaamd nie 'n minagting van die letter nie. Immers, 2 Kor 3:7, 8 leer: **Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlikheid gekom. Hierdie heerlikheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon kyk nie. As die bediening wat tot die dood lei, met soveel heerlikheid gekom het, hoeveel groter sal die heerlikheid wat deur die Gees geskied dan nie wees nie?**

14.4.4 In ons soeke na die bedoeling van die Gees in die letters van die Skrif, moet telkens rekening gehou word met die **Skrifkonteks** (watter posisie neem dit in binne die voortgang van die geskiedenis van die heilsopenbaring), die **historiese konteks** (wat was die situasie destyds wat die agtergrond van 'n spesifieke etiese uitspraak vorm), en **ons eie konteks** (wat is die ooreenkoms en verskil tussen destyds en deesdae). Dit doen eintlik in 'n mindere of meerdere mate elke lidmaat wat die Bybel lees (on)bewustelik, terwyl die teologie tot taak het om die lidmaat hiermee te help deur dit doelbewus te doen. Wie so saam met medegelowiges, wat die vaders en moeders, broers en susters, geleerdes en ongeleerdes, homoseksuele en heteroseksuele, insluit, ootmoedig biddend na die Gees in die letters (woorde) van die Skrif luister, sal telkens die verrassende ontdekking doen dat God se Woord lewend en kragtig is en die bedoelings en gedagtes van die hart beoordeel (Heb 4:12).

14.5 DIE BETROKKE TEKSTE

14.5.1 Hoewel dit onmoontlik is om binne die bestek van hierdie verslag volledig op die eksegese van die tekste wat deurgaans 'n rol in die debat speel in te gaan, wil ons net kortliks aantoon dat die uitleg van hierdie tekste nie so voor die hand liggend is as wat baie mense blykbaar meen nie.

14.5.2 Diegene wat oortuig is dat die gesag van die Skrif dit onmoontlik maak om gunstig teenoor homoseksualiteit te oordeel, beroep hulle op verskillende kategorieë van tekste naamlik die skeppingsverhaal, dié wat homoseksualiteit uitdruklik verbied, historiese verhale wat beskou word as afwysend teenoor homoseksualiteit, en Nuwe Testamentiese lyste van onwelvoeglike optrede. Wat laasgenoemde betref, neem Rom 1:26,27 'n besondere plek in. Waarskynlik is dit die eintlike teks wat baie as beslissend beskou.

14.5.3 Oor die skeppingsverhaal kan ons kort wees. In die debat speel dit meestal 'n rol in kombinasie met ander tekste (veral Rom 1). In die skeppingsverhaal self word in elk geval nie (positief of negatief) verwys na homoseksuele gedrag nie. Weliswaar lees ons dat God die mens as man en vrou geskep het, maar dit weet elkeen wat rondom hom/haar kyk. Ook die diere is as mannetjies en wyfies geskep, maar dit is te betwyfel of daaruit enige konsekwensies vir ons tema getrek kan word. Klaarblyklik doen die diere dit ook nie, want “homoseksualiteit” kom veelvuldig in die diereryk voor.

14.5.4 Net in Lev 18:22 en 20:13 in die Ou Testament, word homoseksuele dade uitdruklik verbied. Dit maak deel uit van die kultiese **Heiligheidskode** (Lev 17-26) waarin ons talle wette

aantref waarin die onderskeid tussen Israel en die heidene na vore kom. Levitikus 18 begin met die waarskuwing dat Israel nie moet maak soos die Egiptenaars uit wie se land hulle weggetrek het of die Kanaaniete na wie se land hulle gaan trek nie. In Lev 18: 22 lees ons (N I V): “Do not lie with a man as one lies with a woman; that is detestable.” Dit word herhaal in Lev 20:13 terwyl die dreiging van die doodstraf nog bygevoeg word. Dit is duidelike taal – ook wat die doodstraf betref. Laasgenoemde geld ook kinders wat hulle ouers vloek (Lev 20:9). Net so duidelik is Lev 19:19: “Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in een land saai of 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie. ”Tog neem niemand dit deesdae meer ernstig as sedelike voorskrifte nie. Ook nie Lev 21:16-23 waar niemand toegelaat word tot amptelike offerdiens wat enige liggaamsgebrek byvoorbeeld (vs 20) 'n boggel of onderontwikkelde liggaam, 'n pêrel op die oog, skurfte, 'n veluitslag of 'n beskadigde geslagsdeel, het nie.

14.5.5 Klaarblyklik geld hierdie uitsprake in letterlike sin nie meer vir ons nie. In hierdie verband kan 'n mens ook dink aan Deut 23:1 waar ons lees: “Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie.” Dit blyk egter nie die laaste woord te wees nie, want later lees ons in Jes 56:3-5: “ 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie. So sê die Here: Aan die ontmandes…sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan hulle 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie.” In die geskiedenis van die ontmande Etiopiër vind Filippus dit dan ook geen verhindering om hom as lidmaat van die gemeente te doop nie (Hand 8:26-40. Let op hoeveel keer die woord “ontmande” voorkom).

14.5.6 In die verhale van Gen 19 (die sonde van Sodom) en Rigters 19 (die Leviet en sy byvrou) bevind ons ons in 'n kultuur wat totaal vreemd is aan ons eie. In ons kultuur is dit ondenkbaar dat Lot bereid was om sy dogters aan die geweldenaars uit te lewer, ten einde sy manlike gaste te beskerm. Dieselfde geld van die ou man in Rig 19:24 om nie eers te praat van die Leviet wat sy byvrou opoffer ten gunste van homself nie (Rigters 19:25). Vreemd dat hierdie verhale gebruik word om homoseksualiteit af te wys, want in albei verhale was die misdadigers klaarblyklik nie homoseksueel nie, en was hulle motief niks anders nie as om te verneder. In beide gevalle gaan dit veeleer om die verskrikking van seksuele geweld (verkragting. Vergelyk hoedat hulle in Rig 19:25 die vrou die heel nag “verrinneweer”) as om homoseksualiteit.

14.5.7 In 1 Kor 6:9 sowel as 1 Tim 1:10 word woorde gebruik waarvan die presiese betekenis omstrede is. Sommige meen dat **arsenokoitai** die tegniese term kan wees vir die aktiewe persoon in 'n homoseksuele relasie tussen mans terwyl die **malakoi** dan verwys na die passiewe seksgenoot. Terwyl party Skrifverklaarders hierby dink aan tempelprostitusie, meen ander dit slaan op **pederasti,** naamlik die beoefening van seks deur volwasse mans met jong seuns. Hoe dit ookal sy, dit kan moeilik ontken word dat homoseksuele gedrag hier, soos deur die moraalfilosowe uit die Hellenisme van destyds, sterk veroordeel word. Soos in Rom 1 word homoseksuele praktyke blykbaar as tipies van die heidene beskou. Dit is derhalwe belangrik om daarop te let dat die konteks van 1 Kor 6 handel oor die onaanvaarbaarheid daarvan dat gelowiges hofsake onder mekaar het en dan nogal voor “heidense regters” (1 Kor 6:1; vgl vss 4 en 6). Vreemd dat terwyl dit die eintlike punt is van die perikoop, soveel aksent geplaas word op Paulus se veroordeling van homoseksualiteit. Paulus se betoog dat die gelowiges eerder onreg moet ly as om hulle op ongelowige regters te beroep, besorg ons minder probleme. In laasgenoemde geval (soos ten opsigte van rente) word blykbaar sondermeer aanvaar dat Paulus vanuit sy konteks van destyds verstaan moet word.

14.5.8 Die teks wat in die hele debat waarskynlik die grootste rol speel, is Paulus se uitsprake in Rom 1:26v. Maar dit kom ter sprake in die volgende paragraaf.

14.6 IS HOMOSEKSUALITEIT TEENNATUURLIK?

14.6.1 In die hele debat speel veral Rom 1 'n deurslaggewende rol. Dit is onmoontlik om binne kort bestek reg te laat geskied aan die verskillende standpunte wat in die bespreking van hierdie gedeelte na vore kom (byvoorbeeld die sogenaamde retoriese uitleg), maar ons doel is net om aan te toon dat die betekenis van hierdie gedeelte nie so vanselfsprekend is as wat dikwels gedink word nie.

14.6.2 Dat Paulus in hierdie gedeelte afwysend staan teenoor homoseksuele praktyke kan kwalik betwyfel word. Dit is 'n oortuiging wat hy deel met talle denkers soos by voorbeeld Plato, Aristoteles, die Stoïsyne, Seneca, Philo en Josephus. Mens sou dit 'n standaard morele oortuiging van die kultuur van sy tyd kan noem. Daarmee is nie gesê dat dit daarom geen gesag het nie, want Paulus is oortuig dat ook die heidene deur hulle optrede dikwels toon dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan (Rom 2:15). Sy punt is juis dat die Jode geen rede het om hulle in eiegeregtigheid bo die heidene te verhef en sodoende hulleself te verontskuldig nie (Rom 2). Nie die homoseksuele praktyke van die heidene nie, maar die selfverheffing van die Jode teenoor die heidene is die eintlike punt van Paulus se kritiek.

14.6.3 Soms staan die Bybelskrywers sterk afwysend teen die gangbare morele oortuigings van hulle tyd, maar ander kere word direk daarby aangesluit. Dikwels is dit nie soseer die moraliteit wat

ons in die Skrif aantref wat anders is as die heidense omgewing nie, maar veeleer die verbondskonteks waarbinne dit staan. Die moraal in die briewe van Paulus, kom 'n mens meermale elders teë. Kritiek op die skeidsmuur tussen Jood en Griek tref jy ook by buite-Bybelse skrywers aan, maar by Paulus kry dit 'n Christologiese fundering. "Neither the Ten Commandments nor the great commandment is revelatory if separated from the divine covenant with Israel or from the presence of the Kingdom of God in the Christ" (Paul Tillich).

14.6.4 Net soos sy sosiale omgewing aanvaar ook Paulus slawerny as maatskaplike verskynsel, maar hol dit tot so 'n mate van binne uit dat slawerny as sodanig later in die Westerse wêreld verdwyn. Hoewel hy na die letter nie slawerny as verbode beskou nie, is die (G)gees van wat hy sê van so 'n aard dat ons vandag slawerny as sodanig afwys. Wie vandag nog met 'n beroep op die letter wil vashou aan slawerny, sondig teen die Gees in die letter.

14.6.5 Wat Paulus se oortuiging ten opsigte van homoseksualiteit betref, hoor ons soortgelyke geluide by moraalfilosowe uit die Hellenistiese Jodendom (Josephus en Philo) van sy tyd naamlik dat dit "teen – natuurlik" (**para fusin** Rom 1:26) is. Maar wat beteken "(teen)natuurlik" in 'n teologiese debat oor etiese aangeleenthede? Hier staan ons waarskynlik voor die belangrikste, maar ook die moeilikste kwessie in die hele diskussie. Enersyds moet gewaak word teen 'n "natuurlike teologie" waar uit die (empiriese) biologie afgelei word wat die wil van God vir ons lewe is; andersyds mag ons strand op die rots van ontkenning van die betekenis wat die skepping as werk van God vir ons etiese beslissings inhou.

14.6.6 Wat die verwarring vererger, is die feit dat ons die woord "natuurlik" op verskillende wyses gebruik. Soms beteken dit "normaal" in die sin van algemeen. Dit is dan 'n statistiese aanduiding vir die meerderheid van gevalle. In daardie sin is heteroseksualiteit beslis die normale, want dit kom ten minste in 'n verhouding van 10:1 voor. Maar wat statisties **normaal** is, is nog by verre nie moreel **normatief** nie. Dikwels word "natuurlik" egter juis gebruik in laasgenoemde betekenis naamlik as in ooreenstemming met die God-gewilde natuur. Die vraag is egter wat die God-gewilde natuur van die mens is en hoe ons dit te wete kom?

14.6.7 Die saak raak rampspoedig wanneer die derde wyse waarop ons die woord "natuur" gebruik, ons by die beantwoording van hierdie vraag parte speel. Soms gebruik ons die woord "natuurlik" in die sin van die onpersoonlike, nie-menslike, biologiese natuur wat die mens inderdaad deel met die diere. Dit geld byvoorbeeld die biologiese seksdrif wat ons gemeenskaplik het met die diereryk. Dit beteken egter nie dat ons dus ons "natuurlike" luste mag laat botvier asof "natuurlik" sinononiem is met "normatief" nie. Vir etiese beslissings is dit noodsaaklik om wat **is** (die blote bestaan) te onderskei van wat **behoort**. Indien hierdie verskil verontagsaam word, kan dit gebeur dat die mens hom/haar "onmenslik" dit wil sê "dierlik" gedra, terwyl 'n dier self nie in hierdie sin van die woord in staat is om "dierlik" te wees nie.

14.6.8 Wat moreel waarlik "menslik" is, kan nie maar bloot afgelei word uit ons biologiese organisasie met die gepaardgaande vermoë tot voortplanting wat ons deel met die diere nie. Die gevaar bestaan by sowel die voorstanders as teenstanders van homoseksualiteit dat beide hulle standpunte probeer fundeer op 'n bloot naturalistiese redenasie. Sowel "monogame" as "promiskue" verhoudings tref ons aan in die diereryk. Dieselfde geld van hetero-en homoseksualiteit. "De conclusie moet luiden dat alle diersoorten onder bepaalde omstandigheden natuurlikerwijs 'homo-sexueel' gedrag vertonen. Dit gaat meestal zonder, maar soms met zaadlozing gepaard" (P Pronk). "Natuurlik" is klaarblyklik nie sondermeer dieselfde as "sedelik" nie. Ons drifte en luste na spys en drank, seks en spel wat ons deel met die diere en wat as sodanig goeie gawes is van die Gewer, moet op 'n menslike wyse benut word. Wanneer die gawes die Gewer verdring uit ons gedagtes, besit ons nie meer hierdie gawes nie, maar dit besit ons, dit wil sê ons is daarvan besete.

14.6.9 Dit blyk duidelik uit Rom 1. Die heidene dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper (vs 25). Dit is ten diepste waarom hulle so "dierlik" teenoor mekaar optree. Hulle behandel mekaar as dinge (objekte) en nie as persone (subjekte) nie. Hulle "natuurlike" optrede teenoor mekaar is juis daarom so "teen-natuurlik" want dit is in stryd met die natuur van die mens. Opvallend dat Paulus nie sê dat wat hulle doen sonde is omdat dit teen die natuur is nie, maar omgekeerd is hulle teen-natuurlike optrede vir hom die vrug van hulle sondige afval van die lewende God wat hulle verruil het vir die afgode. Ten diepste is sonde 'n godsdienstige begrip. Sonde is verset teen die konkrete Naam (Persoon) van God en nie teen 'n abstrakte, onpersoonlike "natuurwet" nie. Om jou rug te draai op God is die mees "teen-natuurlike" wat 'n mens wat geskape is na die Beeld van God, kan doen. "Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer" (vs 24). As kind van sy tyd kan Paulus die heidense homoseksuele dade nie anders sien as ongebreidelde wellus nie. Dit is die openbaring van 'n "skandelike drif" (vs 26) as simptoon van hulle God-verlatenheid.

14.6.10 Paulus kan soms die begrip "natuur" in 'n normatiewe betekenis gebruik, maar dan het dit nie by benadering die gelade betekenis wat dit in die "natuurlike teologie" het nie. In 1 Kor 11:14v lees ons: "Of leer ook die **natuur** (**fusis**) self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie, maar as 'n vrou lang hare dra, dit vir haar 'n eer is, omdat

die lang hare vir haar gegee is as 'n bedekking?". Dit is skaars nodig om te sê dat ons hier kwalik die dra van kort hare vir die man en lang hare vir die vrou as 'n skeppingsordening (natuurwet) kan bestempel. Die Nuwe Vertaling lui dan ook: "Die **algemene opvatting** is tog dat dit vir 'n man nie eerbaar is om lang hare te dra nie…" Dit klop ook met die opvatting in die Oudheid waarvolgens haardrag en seksualiteit met mekaar in verband gebring is. Verre van 'n altyd geldende natuurwet, het ons hier klaarblyklik met 'n fatsoenlikheidsnorm wat destyds gegeld het, te make.

14.7 OORSAKE EN REDES

14.7.1 Die afgelope dekades is baie pogings aangewend om "homoseksualiteit" wetenskaplik te verklaar vanuit die biologie (endokrinologie, genetika) en sosiologie (konstruktiwisme). In hierdie verband moet ook die "nature – nurture" debat vermeld word. Dit hou verband met die vraag of daar so-iets soos konstitutiewe of kern homoseksualiteit bestaan waarby die betrokke persoon geen keuse het ten opsigte van sy/haar seksuele oriëntasie nie.

14.7.2 Hoe boeiend hierdie diskussie ookal is, val dit te betwyfel of dit ons enigsins help in ons etiese beoordeling van die aangeleentheid. Net soos die teenstanders van homoseksualiteit dit as in stryd met die natuur afwys, funksioneer die beroep op die biologiese en sosiologiese wetenskappe meermale as 'n poging om aan te toon dat homoseksualiteit inderdaad "natuurlik" is en daarom geregverdig kan word.

14.7.3 Hoewel die wetenskap ons kan help om 'n etiese verskynsel beter te verstaan, het die etiek nie in die eerste instansie te make met onpersoonlike wetenskaplike **oorsake** nie, maar met persoonlike sedelike **redes**. Nie die (biologiese of sosiologiese) kousale verklaring van menslike gedrag (behaviour) is deurslaggewend nie, maar persoonlik-menslike motiewe wat dien as verklaring vir jou optrede, is eties uiters belangrik. Nie kousale oorsake nie, maar intensionele (doelgerigte) dade staan in diens van die sedelike vormgewing van ons bestaan. Vir etiese beoordeling is daarom nie biologiese of sosiologiese oorsake beslissend nie, maar wel spesifieke redes as verklaring van wat jy beoog met jou optrede.

14.7.4 Een so 'n rede vir seksuele omgang is byvoorbeeld die verwekking van kinders. Om so 'n rede te kan aanvoer, moet jy uiteraard ook goeie kennis dra van die oorsaak–gevolg relasie tussen wat jy doen en wat jy beoog. Die kousale verband tussen geslagsgemeenskap en swangerskap, kan as rede dien vir eersgenoemde as doelbewuste daad. Maar sou die verwekking van kinders die enigste eties aanvaarbare rede wees vir die beoefening van seks? Regverdig alleen maar die doel om kinders te verwek die daad van seksuele gemeenskap?

14.7.Indien die antwoord op die vorige vraag positief sou wees, impliseer dit dat seksuele genot, intimiteit, verlossing van jou eie eensaamheid, geborgenheid, uitdrukking van hartstogtelike liefde, ens sedelik onaanvaarbare motiverings is vir seksuele handelinge. Dit sou impliseer dat middele vir geboortebeperking afgewys moet word, asook seks tussen egpare wat nie kinders kan verwek nie, of tussen ouer persone wat nie meer biologies daartoe in staat is nie. Maar sou dit rym met die (G)gees van Paulus se seksuele adviese in 1 Kor 7, byvoorbeeld dat 'n man en vrou nie omgang met mekaar moet weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en dan net vir 'n bepaalde tyd? (vs 7). Of sy raad dat wanneer die seksuele begeerte te sterk is tussen twee verloofdes vir blywende onthouding, dit goed is om te trou? (vs 36). Uiteraard kan in 'n homoseksuele relasie geen kinders verwek word nie, maar impliseer dit dat die ander vrugte van die seksuele wat in heteroseksuele verhoudings aanvaarbaar is, in beginsel vir homoseksueles ontsê moet word? Of sou dit dalk wees dat seksuele dade tussen mense van dieselfde geslag altyd as skandelik beskou moet word omdat die ander altyd net as 'n objek (ding) behandel word en nie as 'n persoon (subjek) sodat beide persone se menslikheid deur die seksuele daad gedien word nie?

14.8 SEKS EN SONDE

14.8.1 Die tyd laat ons nie toe om meer volledig na die seksuele geskiedenis van die Westerse wêreld te verwys nie, maar tog moet daarop gewys word dat wat ons historiese wortels betref daar 'n noodlottige neiging was om seks in alle vorme en sonde te vereenselwig. Dit is in skrille kontras met die Bybel wat eintlik relatief min aandag aan die seksuele gee en heel onbevange daarmee as goeie gawe van God kan omgaan.

14.8.2 Weliswaar moet ernstig gewaak word teen 'n ongenuanseerde veroordeling van die kerk se houding teenoor die seksuele in die verlede. Ook hier moet in gedagte gehou word dat die perversie van die beste die slegste is (**perversio optimi pessima**). Die grootsheid van die seksuele gawe, maak dit vir sondige mense juis daarom so 'n buitengewoon groot versoeking. Deesdae bestaan daar 'n sterk neiging om die belangrikheid van die seksuele totaal te oorskat en selfs te verabsoluteer sodat dit afgodiese afmetings in beide die heteroseksuele en homoseksuele vorm aanneem. Tog moet ons in die debat in gedagte hou dat die misbruik nie die eties-verantwoordelike gebruik, ophef nie (**abusus non tollit usus**). In 1 Tim 4 word immers krasse woorde gebruik teen misleidende geeste wat leerstellings van bose geeste aanhang, skynheilige leuenaars wat afwysend gestaan het onder andere teenoor die huwelik (vss 1-3). Daarteenoor verklaar die skrywer: "Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig" (vs 4).

14.8.3 Grieks-gnostieke opvattinge het in die vroeë kerk dikwels 'n uiters nadelige rol gespeel in hulle beoordeling van die seksueel-erotiese. Daar is byvoorbeeld deur sommige geredeneer dat eers na die intrede van sonde en dood seksualiteit na vore gekom het om die voortgang van die menslike geslag moontlik te maak. Ander aanvaar dat ook sonder sonde daar menslike voortplanting sou wees, maar blykbaar sonder die daarmee gepaardgaande lusbelewing! Dit gebeur dan ook dat seksuele lus en erfsonde dikwels besonder nou verbind word. Verset teen sonde kom derhalwe baie naby aan verset teen seksualiteit. Die verband tussen sonde-seks-vroudood het 'n gevaarlike kombinasie gevorm. Dit is daarom verstaanbaar dat voortplanting dikwels as die eintlike regverdiging van die seksuele, wat insigself eintlik sleg is, gesien is. Die sedelike doel, moet dan die onsedelike handeling heilig. Kinders word hiervolgens nie uit liefde nie, maar bloot uit lus, gebore. Die histories hoë waarde wat enersyds geheg word aan huwelik en gesin, en die verheffing andersyds van die selibaat as onthouding van seks, hang waarskynlik saam. Dat daaruit gevolge moet voortvloei vir die beoordeling van homoseksualiteit, is sondermeer duidelik.

14.9 SEKSUALITEIT BINNE SAMEHANG

14.9.1 Dit is onmoontlik om homoseksualiteit op 'n sinvolle wyse in isolasie van seksualiteit as sodanig aan die orde te stel. Laasgenoemde is op sy beurt weer onlosmaaklik verbonde met 'n Bybelse Godsleer, skeppingsleer (wat mensleer insluit) en eskatologie (die leer van die voleinding). Leer en lewe vorm immers altyd 'n hegte eenheid. As geskape na die beeld van God (wat Liefde is, 1 Joh 4: 7), bestaan daar die nouste verband tussen Godsbeeld en mensbeeld. Voorts staan skepping nie los van geskiedenis en voleinding as die doel waarheen God met sy skepping op pad is nie.

Ook huwelik en seksualiteit, soos ons dit ken, behoort tot die bedeling wat verbygaan, maar is terselfdertyd 'n teken en vooruitwysing na daardie Toekoms waarin “die kinders van die opstanding” nie in die huwelik uitgegee word nie (Luk 20:34-36; Matt 22:30) omdat die werklikheid waarna dit verwys, naamlik “die bruilof van die Lam” (Op 19:7) dan aangebreek het. Dit relativeer ons aardse seksualiteit en gee dit terselfdertyd 'n glorie en samehang wat ons denke te bowe gaan, maar in die geloof bely word.

14.9.2 Van besondere gewig is die samehang, die orde of gelaagdheid van die verskillende aspekte van liefde wat wel onderskei, maar nie geskei kan word nie naamlik **sexus**, **eros**, **philia** en **agapè**. **Sexus** het te make met die biologiese gegewene van geslagtelikheid en die daarmee gepaardgaande lusbelewing. Opsigself genome verskil die mens hierin weinig van die dier. Opsigself gesien kom dit eintlik van onder die drumpel van ons menswees na bo en verbind ons met die diereryk. Wanneer daarom al die aksent op **sexus** en singenot geplaas word, word die mens minder as 'n mens. **Eros** sluit aan by **sexus**, maar gaan dit terselfdertyd te bowe. Dit sluit liggaamlike genot in, maar verdiep dit tot vreugde. Dit het te make met die onstilbare verlange na vervulling, na vrede, na stilte, na skoonheid, na geluk. Wanneer dit losgemaak word van die konkreetheid van die **sexus,** vervlugtig dit maklik tot 'n romantiese verliefdheid op (abstrakte) liefde as sodanig ten koste van die (konkrete) geliefde van vlees en bloed. Juis die konkreetheid van die geliefde met sy/haar spesifieke geestelike en liggaamlike behoeftes (onder andere ook ten opsigte van **sexus** en **eros**) vra om die **philia** wat gestalte aanneem as lojaliteit en trou in die daaglikse deelname aan die vreugdes en stryd van die lewe. Dit het die konnotasie van duursaamheid, sak sout saam opeet, beskutting en geborgenheid binne 'n veilige omheining waar ook die genot van die **sexus** en die vreugde van die **eros** kan gedy.

14.9.3 Al hierdie gestaltes van die liefde behoort tot “hierdie wêreld soos ons hom ken” wat besig is om verby te gaan (1 Kor 7:31). Van die waarheid dat man en vrou saam sal lewe sodat die twee een is (Ef 5:31) verklaar die volgende vers: **Hierin lê 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk**. Karl Barth kan dan ook na die huweliksverhouding verwys as die “klein geheimenis” wat heenwys na die “groot geheimenis” van ons lewe naamlik die bruilof van die Lam waarop ons wag. Dit beteken terselfdertyd 'n relativering van die huwelik sodat die **klein** geheimenis nie die **groot** geheimenis van ons bestaan moet word nie. Die seksuele, ook in die mees gesublimeerde selfs godsdiensige gestaltes, kry dan afgodiese trekke. Die gawes kompeteer dan met die Gewer. In die lig van die komende Koninkryk kan Paulus by geleentheid selfs sê dat dié wat getroud is moet lewe asof hulle nie getroud is nie (1 Kor 7:29). Dit beteken geen vyandigheid teenoor die huwelik nie, maar 'n heerlike humorvolle relativering en bevryding daarvan. As behorende tot hierdie bedeling wys die huwelik vooruit na 'n toekomstige gemeenskap wat die huwelik te bowe gaan. Daarom is om getroud te wees ook geen voorvereiste om volkome mens te wees nie. Immers Christus self, die waaragtige mens, was nie getroud nie.

14.9.4 Daar is nog 'n vierde vorm van die liefde naamlik **agapè** wat, hoewel dit nie heeltemal pas in hierdie lewe nie, daarin neerdaal as vrug van die Gees (Gal 5:22) en sodoende ook al die ander gestaltes van die liefde, heilig. Terwyl die **sexus** van onder die drumpel van ons menslikheid vandaan kom en ons verbind met die diereryk, dring die **agapé** van bo die plafon ons werklikheid binne en gee ons deel aan die Godsryk. Dit is 'n liefde wat gemotiveer word nie deur die waarde van die ander nie, maar deur die nood en ellende, die siekte en sonde, die gebrek en

broosheid van my naaste, binne en buite die huwelik. Dit hou stand ook wanneer die ander persoon menslik gesproke 'n las word, wanneer die skoonheid van die **eros** kwyn en die drif van die **sexus** verdwyn; wanneer die ander geen skuilplek meer vir my is nie, maar ek geroep word om 'n skuilplek te bied vir die ander. Hierdie Goddelike Liefde het konkrete gestalte aangeneem in die krip en aan die kruis waar die Seun gesterf het vir ons sonde en ellende. Dit is hierdie liefde van God wat deur die Heilige Gees as Tolk en Trooster, uitgestort is in ons harte (Rom 5:5).

14.9.5 Hoewel binne die morele orde die rigting van die **agapè** nie gerig is na bo nie, maar na onder; nie na wat kosbaar is nie, maar wat kwesbaar is; staan dit nie vyandig teenoor die ander vorme van liefde nie. Daarvan getuig onder andere die opname van die boek Hooglied in die kanon. Ook die **agapè** gaan met Goddelike hartstog en heilige vreugde gepaard. Die gelaagdheid van die liefde dui op 'n gerigtheid waarin ook die **sexus** as heenwysing kan dien na die hartstogtelike Liefde van die "jaloerse" God, wat sy volk (bruid) nie deel met die afgode nie. In die Ou Testament is "idolatry" en "adultery" dan ook ten nouste verbonde.

14.9.6 Terwyl die liefdesgebod die wese is van elke gebod van God omdat daarin die ware wese van die mens as beelddraer van God tot uitdrukking kom, moet die vraag gestel word of 'n homoseksuele relasie nie uitdrukking kan wees van die liefdesgebod nie? Oor die antwoord op hierdie vraag loop die opinies uiteen, maar is dit vir 'n heteroseksuele persoon moontlik om dit sonder meer te ontken? Sou die kerk in die beantwoording van hierdie vraag nie ten minste groot erns moet maak met die getuienis van homoseksuele lidmate vir wie die Christelike geloof ook kosbaar is nie? Of is dit ondenkbaar dat laasgenoemde moontlik kan wees?

14.10 MAAK DIT SIN OM TE PRAAT VAN 'n HOMOSEKSUELE "HUWELIK EN GESIN?"

14.10.1 Indien 'n homoseksuele verhouding wel uitdrukking kan wees van die Christelike liefde, plaas dit ons voor nuwe vrae. 'n Brandende kwessie is hoedat so 'n verhouding maatskaplik gestalte moet aanneem. Alle egte liefde soek na duursaamheid en daarom ook na institusionele vormgewing.

14.10.2 Ook waar eenstemmigheid bestaan dat aan duursame homoseksuele relasies een of ander vorm van regsgeldigheid verleen moet word, loop die opinies nog uiteen oor die aard daarvan. Sou ook hiervan gepraat kon word as 'n "huwelik" met dieselfde regte en voorregte daaraan verbonde of moet hier tog onderskeid gemaak word ook wat die kerklike inseëning betref? Die Lutherse biskoppe in Skandinawië het byvoorbeeld besluit dat "parish priests are free to use their liturgical imagination in this area – with one restriction: The worship, whether it is called intercession or blessing should not be designed in such a way that it might be confused with a marriage service nor should it express the idea that homosexual life together is an equal and alternative to heterosexual marriage." Sommige dink hier aan 'n parallel met heteroseksuele pare wat nie tot 'n huweliksluiting oorgaan nie, maar tog in 'n vaste duursame verhouding wil lewe. Ook vir hulle word deesdae meer regsbeskerming bepleit sonder dat dit as huwelike beskou word. Dit is basies die posisie wat die protestantse kerke in Frankryk in 1998 ingeneem het. In elk geval is ons hier ver verwyder van die vroeëre situasie, wat nog steeds in sommige Afrika lande geld, naamlik dat homoseksuele verhoudings deur die wet as strafbare oortredings beskou word.

14.10.3 Veral wanneer dit by die aanneming van (of kunsmatige inseminasie in geval van lesbiese pare met die oog op eie) kinders kom, voel sommige baie sterk daaroor dat 'n onderskeid tussen die huwelik tussen man en vrou en hierdie "regsooreenkoms van solidariteit" tussen hetero- en homoseksuele pare getref moet word. Dit hou verband daarmee dat die regte van kinders tans veel sterker figureer as voorheen en daar nog onduidelikheid bestaan oor die vraag of dit voordelig vir die kinders is om deur ouers van dieselfde geslag grootgemaak te word. Mens sou hier weliswaar kon dink aan die talle voorbeelde van enkel-ouer gesinne, maar ook dit word uiteraard nie as ideaal gesien nie. Wanneer die aanneming van kinders deur homoseksuele pare afgewys word, beteken dit waarskynlik nie dat daarmee die reg van sulke pare om sekere verantwoordelikhede ten opsigte van spesifieke kinders te aanvaar, ontken word nie ook al impliseer dit nie noodwendig 'n ouer-kind relasie nie. Dit is in elk geval duidelik dat hier nog ten minste heelwat dinkwerk vir die etiek voorlê.

14.10.4 Indien aan 'n homoseksuele verhouding regsgeldigheid verleen sou word, sonder om dit sondermeer as huwelik te bestempel, kan moontlik gedink word aan die verskillende verbondsrelasies wat ons in die Ou Testament aantref waarvan die huweliksverbond een was. Ook 'n vriendskapverhouding tussen persone van dieselfde geslag kon as verbond bestempel word wat in die teenwoordigheid van God gesluit word soos in die geval van Dawid en Jonatan. Daar is selfs al in die verlede pogings aangewend om hulle verhouding 'n homoseksuele karakter te gee, maar daar bestaan hoegenaamd nie genoegsame rede daarvoor nie. Nietemin word sterk woorde gebruik in 1 Sam 18:1 en 3 waar sprake is daarvan dat hulle mekaar liefgehad het soos vir hulleself. Mens kan ook dink aan Dawid se klaaglied na die dood van Jonatan (2 Sam 2:26): "Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou." Tereg wys F J Pop daarop dat hulle nie tevrede was om maar net in 'n wedersydse liefdesverhouding met mekaar te lewe nie, want in die verbond word hulle liefde

opgehef tot 'n **regsverhouding** waardeur dit onttrek word aan die tydelike en vryblywende. Hy sien daarin niks minder nie as 'n parallel met die huwelik tussen man en vrou. Sou 'n mens dalk kan sê dat 'n permanente seksuele verhouding tussen mense van dieselfde geslag gesien kan word as in die verlengde van hierdie verhouding tussen Dawid en Jonatan?

14.11 AANBEVELINGS: HOMOSEKSUALITEIT

14.11.1 In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons nie langer kan volstaan met die verslag Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk? van 1986 nie. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers en kerkvergaderings derhalwe om met groot omsigtigheid die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode.

14.11.2 Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige teologies-etiese studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie by die ondersoek te betrek. Lidmate en kerkvergaderings word genooi om aan hierdie besinning deel te neem.

14.11.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig, in die lewe van mens en maatskappy.

15. KINDERS AAN DIE NAGMAALSTAFEL: BESLUIT VAN DIE SINODES VAN NOORD-TRANSVAAL EN NOORD-KAAP

15.1 SINODEBESLUIT 1998

Die Algemene Sinode van 1998 het ten opsigte van die toelating van kinders tot die nagmaal onder andere besluit dat

* Gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,
* Aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en
* Die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.

(Handelinge, 1998:432, 515)

15.2 BESLUIT VAN DIE SINODE VAN NOORD-TRANSVAAL

1. Die Sinode van Noord-Transvaal gee die ooreenkoms oor kindernagmaal met Levubu-gemeente deur aan die Algemene Sinode vir hulle besinning oor die saak.

2. Die sinode versoek die Algemene Sinode om die verwysing na 1 Kor 11 in hulle besluit te skrap in die lig van die bevinding van die gesprek met Levubu.

15.3 BESWAAR VAN DIE SINODE VAN NOORD-KAAPLAND

15.3.1 Die Sinode van Noord-Kaap se beswaar is gerig teen die "voorwaardelike" (dws Arminiaanse) opvatting van die toelating van kinders tot die nagmaal. Dit skep die indruk dat kinders (en volwassenes) moet kwalifiseer vir die nagmaal. Daardeur word 'n skadu gewerp op God se genade wat in die verbond (doop) aan ons en ons kinders toegesê (verseël) word as die enigste grond vir toelating tot die nagmaal. Uit 'n begeleidende skrywe blyk dat dit ook hulle eintlike beswaar is teen die vorige praktyk om jong kinders uit te sluit van die nagmaal. Hulle oordeel derhalwe dat die besluit van 1998 nie soseer 'n teologiese verandering impliseer nie, maar eerder 'n wysiging ten opsigte van kinderpsigologie. Verbondskinders moet nog steeds aan sekere voorwaardes voldoen om te kwalifiseer vir die nagmaal, hoewel deesdae geoordeel word dat hulle op 'n vroeër ouderdom daartoe in staat is.

Die besluit van die Sinode ten opsigte van die vereistes van 1 Kor 11 verwys klaarblyklik na vs 29 wat in later eeue die teks was op grond waarvan jong kinders van die nagmaal uitgesluit is. Ons gee eers aandag aan die uitleg van hierdie teks, en staan daarna kortliks stil by die relasie tussen sakrament en geloof. Ten slotte word enkele opmerkings gemaak oor die "begeerte tot die nagmaal".

15.4 1 KORINTIËRS 11:29

In ons huidige Afrikaanse vertaling lui 1 Kor 11:29 soos volg: "want hy wat eet en drink sonder om te besef ***(diakrinein)*** dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself". Ons gaan by twee probleme rakende hierdie teks stilstaan, naamlik die woorde: ***die liggaam van die Here*** asook die betekenis van die woord ***diakrinein*** (ou vertaling: ***onderskei***).

15.4.1 Die liggaam (van die Here)

Die tradisionele uitleg van die teks gaan uit van die veronderstelling dat die ***liggaam*** waarvan hier sprake is, die liggaam van Christus is wat in die nagmaal aan die gemeente gegee word. In die beste Griekse manuskripte staan egter nie die woorde "van die Here" na die woord "liggaam" nie, maar dit kom wel in die latere (maar nie die betroubaarste nie) manuskripte voor. In hierdie latere tekste kom ook nog die Griekse woord, wat die ou vertaling weergee met "onwaardige wyse" (eet en drink), wat vanaf vs 27 hier ingesluip het, voor. Heel tereg laat die nuwe vertaling dit weg, maar verbasend genoeg word nog steeds die woorde "van die Here" na die woord "liggaam", ingesluit. Die rede kan alleen die druk van die tradisie wees wat geglo het dit gaan hier om die gekruisigde liggaam van Christus net soos in vs 27. Terwyl in laasgenoemde vers egter verwys word na die ***liggaam*** én die ***bloed*** van die Here, is in vs 29 alleen sprake van die ***liggaam***. Dit klop met die gebruik van die woord "liggaam" in hoofstuk 10:17 waar dit dui op die gemeente: "Omdat dit een brood is, is ons al is ons baie, saam ***een liggaam***, want ons

het almal deel aan die een brood. Die liggaam waarvan in vs 29 sprake is, is dieselfde liggaam waaraan die hele hoofstuk 12 gewy word. Ook hoofstuk 11 vanaf vs17 handel oor die onderlinge optrede binne die gemeente tydens nagmaal. Die probleem wat in die gemeente bestaan, het hoegenaamd niks daarmee te make dat hulle nie begryp dat die brood en die wyn aanduidings is van die liggaam en bloed van Christus nie. Dit is 'n totaal vreemde gedagte binne die konteks en selfs in stryd met hulle siening van die nagmaal soos blyk uit hoofstuk 10 (sien later by volgende punt). Wat die gemeente moet ***diakrinein***, is hulleself as liggaam (van Christus).

15.4.2 Die onderskeiding van die liggaam

1. Die siening dat dit in 1 Kor 11:29 gaan om die onderskeiding van die nagmaalsbrood en wyn as liggaam (van die Here), het die afgelope eeue 'n beslissende rol gespeel in die weiering om aan heel jong kinders die nagmaal te bedien. Hulle sou nog nie in staat wees om die betekenis van die tekens te verstaan nie. Snaaks dat dieselfde beswaar nie gegeld het teen die gebruik van die doopwater nie. Suigelinge kan immers ook nie verstaan dat dit dui op die bloed van Christus wat ons reinig van alle sonde nie.
2. By die 4e Lateraanse Konsilie (1215) is die uitdrukking ***anni discretionis*** (jare van onderskeiding) in verband met die nagmaal gebruik, maar dit het hoegenaamd niks met 1 Kor 11:29 te make gehad het nie. Dit was 'n aanduiding van die jare waarop kinders voor die reg aanspreeklik gehou kon word. Boonop het die Konsilie nie die uitdrukking gebruik om kinders weg te hou van die nagmaal nie. Tot op daardie tydstip, maar ook nog vir lank daarna, was dit reeds vir eeue die gebruik dat selfs suigelinge die nagmaal kon gebruik soos dit ook vandag nog die geval is by die Oosters-Ortodokse Kerk. Waarskynlik as gevolg van die opkoms van die leer van die transubstansiasie waarvolgens die brood en wyn letterlik tydens nagmaal verander in die liggaam en bloed van Christus, het mense al hoe minder dit gewaag om nagmaal te gebruik. Daarom het die Konsilie besluit dat almal wat reeds die ***anni discretionis*** bereik het, dit ten minste een maal per jaar ***moes*** gebruik, maar geen gedoopte is verbied nie. Later eeue is die uitdrukking verkeerdelik in verband gebring met 1 Kor 11:29 en gebruik om klein kinders van die nagmaal te weer. Die Konsilie van Trente (16e eeu) gebruik die uitdrukking ***anni discretionis*** as aanduiding van die jare waarop 'n kind in staat is om die nagmaalspyse van gewone spyse te onderskei.
3. Die woord ***diakrinein*** kan op verskillende wyses vertaal word. Basies beteken dit om "reg te beoordeel" (vergelyk 1 Kor 6:5; 1 Kor 11:31; Matt 16:3). Die tradisionele uitleg veronderstel dat dit in 1 Kor 11: 29 beteken dat die ***liggaam van die Here*** waarna die nagmaalsbrood verwys, nie reg beoordeel word nie. In 'n meesterlike artikel (in ***Evangelische Theologie***) wys Wolfgang Schenk reeds jare gelede (1961) daarop dat dit eintlik uiters onlogies van Paulus sou wees. Paulus moes dan eintlik gesê het dat hulle die brood nie reg beoordeel nie (***diakrinein ton arton***), maar hy praat van die ***liggaam***. Twee versies verder (vs 31) word die woord herhaal en dan slaan dit duidelik op die gemeente: "As ons onsself vooraf reg ondersoek (***diakrinein***) het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie." As hulle oor hulleself as liggaam (van Christus) reg geoordeel het, sou hulle nie onder God se oordeel gekom het nie. Duidelik dui hierdie oordeel nie op "die laaste oordeel" nie, want Paulus vervolg (vs 32): "Maar nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie ***saam met die wêreld veroordeel word nie."***
4. Waaruit bestaan hierdie "nie reg beoordeel nie" van die gemeente as liggaam van Christus? Met 'n bloot intellektuele beoordeling waartoe klein kindertjies nog nie in staat is nie, het vs 29 honderd persent niks te make nie. In I Kor 4:7 word die woord ***diakrinein*** op 'n heel interessante wyse gebruik. Daar gaan dit om mense wat hulle self heeltemal te belangrik beoordeel en daarom verkeerd beoordeel: "Wie maak jou so belangrik? (***tis gar se diakrinei***). En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit ontvang het, waarom stel jy jou so aan …" Dit is die groot gevaar dat in die gemeente die een op die ander sal neersien. Die waarskuwing in 1 Kor 11:29 teen die verkeerde beoordeling van "die liggaam" moet in die lig verstaan word van vs 22 (ou vertaling): "Of verag julle die gemeente van God, en maak julle dié beskaamd wat nie het nie?" Die aangeleentheid ten opsigte waarvan die gemeente hulle self moet beoordeel, het dan ook niks te make met of hulle intellektueel begryp dat die brood en wyn aanduidings is van die liggaam van Christus nie, maar of hulle teenoor mekaar die nodige eerbied en respek betoon (vs 33).
5. Daar bestaan saaklik én formeel 'n hegte band tussen vs 33 wat aandui hoedat die gemeente moet optree teenoor mekaar, en vs 27 wat lui: "Elkeen wat op 'n onwaardige wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here." Die formele band kom ongelukkig nie in die Afrikaanse vertaling na vore nie, maar in die Grieks begin beide sinne met dieselfde woord (***hoste***: daarom, gevolglik; Engels: so then). Indien hulle hulleself as liggaam (vs 29) nie reg beoordeel nie en derhalwe onder die oordeel van God kom (vs 32) soos onder andere blyk uit die swakkes en siekes onder hulle (vs 30), dan gebruik hulle op ongepaste wyse die nagmaal en sondig sodoende teen die liggaam en die bloed van die Here (vs 27). Daar bestaan immers die nouste verband tussen die gemeente as liggaam (***corpus***

mysticum) en die gekruisigde liggaam en bloed van Christus (***corpus crucifixum***). Eersgenoemde, die kinders inkluis, is die vrug van laasgenoemde. Wie die kerk as liggaam van Christus nie onderskei (reg beoordeel) nie deur die wyse van optrede by die nagmaal, bring daardeur 'n oordeel oor hulleself (vs 29). Dieselfde gedagte vind ons in hoofstuk 8:12: "Deur so teen die broeders te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, ***sondig julle teen Christus***."

6. Die saak ten opsigte waarvan die gemeente opgeroep word tot die regte beoordeling is nie of hulle begryp dat die nagmaalsbrood en wyn verwys na die liggaam en bloed van Christus nie, maar of hulle met die nodige respek optree teenoor hulle medegelowiges. Hierdie gemeente het baie goed besef waarna die brood en wyn verwys. Trouens mens kry uit 1 Kor 10 die indruk dat hulle byna magies gedink het oor die sakramente asof die tekens opsigself ons red. Daarom waarsku Paulus dat die "kerk" in die Ou Testament naamlik die ou verbondsvolk in die woestyn, ook almal "gedoop" was (vs 2) en almal "nagmaal" gebruik het (vs 3,4). "Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom" (vs 5).

7. 1 Kor 11 is 'n ernstige waarskuwing om nie teen gemeentelede (kinders inkluis) te diskrimineer nie. Wat Calvyn skryf (Inst 4, 17, 38) is ter sake: *Ons sal uitnemend in die sakrament gevorderd wees wanneer in ons harte hierdie gedagte …ingegraveer is, dat ons niemand van ons broeders kan beledig, minag of verwerp, skend of op enige wyse kwets sonder dat ons tegelyk in hom Christus kwets, verag en skend nie...; dat ons nie met ons broeders onenig kan wees, sonder tegelyk onenig te wees met Christus nie; dat ons so 'n sorg as wat ons dra vir ons liggaam ook moet dra vir ons broeders, wat lede is van ons liggaam, dat ons, net soos geen enkele deel van ons liggaam deur enige gevoel van smart aangeraak word sonder dat dit ook deur alle ander dele versprei nie, dit ook nie moet duld dat 'n broeder enige kwaad ly sonder dat ook onsself deur medelye met hom gevoer word nie.*

8. Ons konklusie moet dus wees dat die tradisionele beroep op 1 Kor 11:29 om kinders van die nagmaal uit te sluit, berus op 'n totaal verkeerde uitleg van die teks, omdat dit nie rekening hou met die konteks nie. Trouens, wat die gees van die teks betref is dit eerder 'n sterk afwysing van die uitsluiting van die kinders by die nagmaal. Is hulle nie ook deel van die liggaam (d w s die kerk) nie? Wie dit ontken, beoordeel die liggaam totaal verkeerd.

15.5 SAKRAMENT EN GELOOF

15.5.1 Dit is kenmerkend van die sakrament dat dit 'n heilsmiddel is in die hand van God waarmee Hy sy heilswoord aan ons bevestig. Die sakrament se inhoud is daarom niks anders nie as die genade van God wat in die Gekruisigde se vonnis (dood) en vryspraak (opstanding) (Rom 4:25) aan ons voltrek word.

15.5.2 God is die handelende Persoon wat deur Woord en sakrament sy genade in Christus aan ons toesê (vergelyk die ***performatiewe*** karakter van die Woord in die verslag hierbo: ***Die gesag van die Skrif***). In aansluiting by Augustinus het die Reformatore dan ook graag van die sakrament gepraat as 'n "sigbare Woord". Soos 'n bruidegom vir sy bruid "sy woord gee" en dit boonop nog bevestig met 'n troupand (ring), so gee God ons ook nog die sakrament as pand om sy verbond met ons (en ons kinders) te onderstreep (beseël). In 'n sekere sin is die sakrament dus "onnodig", want God se Woord is genoeg. God se beloftes wat in Jesus ***JA*** is (2 Kor 1:19,20) sal bly staan al gaan die hemel en die aarde verby. Wanneer daar getwis ook rondom die sakrament van die doop in Korinte ontstaan, is Paulus dankbaar dat hyself maar weiniges gedoop het. "Christus het my immers nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig" (1 Kor 1:17). Maar waarom gee God dan tog aan ons die sakramente en waarom skryf Paulus dan tog sulke wonderlike dinge oor sowel doop as nagmaal?

15.5.3 Nie omdat God se Woord nie genoeg is nie, maar omdat sy verbondsvolk (kerk) se geloof in sy beloftes so gebrekkig is. Juis die "onnodigheid" van die sakrament is soos die luukse van 'n troupand (wat immers ook "onnodig" is), JUIS daarom 'n verdere bewys van God se liefde en genade. Soos artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel: ***Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy rekening hou met ons stompsinnigheid en swakheid, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou***. Dit is derhalwe van die allergrootste belang om te verstaan dat ***die sakrament nie rus op ons geloof nie, maar omgekeerd: dat ons geloof rus op die (inhoud) van die sakrament naamlik God se genade in Christus wat in die Woord aan ons toegesê word.*** Saaklik (en logies) gaan die ***inhoud*** van die geloof, dus altyd aan die menslike geloof vooraf. Wat Otto Weber van die doop sê, geld ook die nagmaal: ***Alle doop (d w s ook volwassedoop) is kinderdoop***. Die koninkryk van God behoort nie ook aan kindertjies nie, maar net aan "kindertjies"(Luk 18:17).

15.5.4 Dat die verskriklike moontlikheid bestaan dat iemand sy/haar rug kan draai op hierdie genade wat in Woord en sakrament aan ons toegesê word, het ons reeds gesien in Paulus se waarskuwing in 1 Kor 10. Maar die egtheid en waaragtigheid van God se belofte is nie afhanklik van ons geloof nie. God spreek immers nie ***gelowiges*** nie, maar ***goddeloses*** vry (Rom 4:5). Geloof is nie ons aandeel aan die heil nie, want dan hou dit op om geloof te wees, maar juis die erkenning dat ons geen aandeel aan die heil het

nie. Dit is juis geloof wanneer ons ook met ons ongeloof gaan skuil in God se genade in Christus wat oor ons uitgespreek word in die Woord en bevestig word deur die sakrament. Dit is geloof om te rus daarin dat ***Christus ook namens ons geglo het***. Net soos wat ons ***in Christus*** gesterf en opgestaan het (vergelyk Rom 6 oor die doop), so glo ons ook ***in Christus,*** dit wil sê Hy glo ook in ons plek. Geloof is om daarin te rus dat Hy in ons plek geglo het.

15.6 DIE BEGEERTE TOT DIE NAGMAAL

15.6.1 Dit is nie glashelder wat die besluit van 1998 beteken dat kinders wat die "begeerte het" tot die nagmaal toegelaat mag word nie. Dit maak tog geen sin om iemand "toe te laat" om iets te doen wat hy/sy geen begeerte het om te doen nie. Indien die bedoeling sou wees om ouers te vermaan om nie hulle jong kindertjies te dwing om nagmaal te gebruik nie, is dit uiteraard in orde. Dit is ook sinneloos om 'n volwassene daartoe te dwing.

15.6.2 In die lig van die ander twee vereistes wat in die besluit vervat is, is die Sinode van Noord-Kaap waarskynlik korrek om ook hierdie bepaling as deel te sien van hierdie "voorwaardelike" siening van die nagmaal. Waarom hierdie selfde vereiste nie ook geld ten opsigte van die kinderdoop nie, is teologies gesproke onbegryplik. Die hewige "protes" wat 'n mens dikwels van die dopelinge moet aanhoor by die doopvont, skep die indruk dat 'n aanmerklike persentasie van hulle nie 'n besondere sterk begeerte het om die doop te ontvang nie. 'n Mens het alle rede om te vermoed dat die protes tydens die besnydenis ten minste net so groot was.

15.6.3 Daar bestaan inderdaad geen teologiese beswaar teen die beoefening van suigelingkommunie wat vandag nog steeds in die groot Oosters-Ortodokse tradisie gebeur nie. Vanuit 'n gereformeerde verbondsperspektief sou 'n mens selfs kon argumenteer dat net soos in die geval van die kinderdoop, die korporatiewe verbondseenheid van die gesinslede onderling, en van die gesin met die kerk as liggaam van Christus in sy geheel, daardeur pragtig na vore kom. Juis in die nagmaal kom die sosiale (dit wil sê anti-indiwidualistiese) karakter van die verbond sterk na vore.

15.6.4 Terselfdertyd is dit waarskynlik prakties veel moeiliker om die nagmaal op 'n sindelike wyse aan heel klein kindertjies te bedien. Voorts moet in gedagte gehou word dat terwyl die doop die sakrament van die ***inlywing*** is, is die nagmaal die sakrament van die ***inblywing*** in die verbond van God. Soos die water in die woestyn (1 Kor 10) moet dit die kerk in staat stel om geestelik te oorleef in die"woestynreis van die lewe". Dit maak wel goeie sin om dit met kindertjies wat al enigermate verstaan waarom dit gaan, te deel. Dit mag hulle van kleins af leer adem binne die verbondsbeloftes van God wat ons vergesel van ons wieg tot (anderkant) die graf, wanneer geloof (en beloftes) oorgaan in aanskouing. Nooit mag ons begeerte of begrip egter beskou word as die grond van God's genade nie, want dan sal swaksinniges nooit tot die tafel van die Here toegelaat kan word nie.

15.7 KONKLUSIE

Die besware van die Sinode van Noord-Kaap dat die huidige formulering van die Algemene Sinode van 1998 se besluit ten opsigte van die toelating van kinders tot die nagmaal die indruk skep van "voorwaardelikheid", is geldig.

15.7.1 Die opvatting dat ons kinders eers in staat moet wees om aan die voorwaardes van 1 Kor 11: 9 te voldoen, berus op 'n foutiewe interpretasie van die teks.

15.7.2 Nog belangriker is die foutiewe opvatting van die voorwaardelike karakter van geloof omdat dit juis die aard van geloof weerspreek. Ons geloof rus immers nie op ons geloof nie (dan word geloof weer 'n goeie werk), maar op Gods genade in Christus (die inhoud van ons geloof). Weliswaar is geloof (net soos goeie werke wat vrug is van die Gees) 'n gawe van God. Geloof bestaan egter nie daarin dat ons ons vertroue plaas op God se gawes nie, maar op God Self wat sy Woord vir ons gee. In die woorde van Martin Luther: "Om op ons ontvange geloof te vertrou, is afgodery."

15.7.3 Weliswaar is deelname aan die sakramente terselfdertyd 'n geloofsbelydenis. Die doop met die water en die eet en drink van die nagmaalsbrood en wyn is 'n verkondiging van Gods genade in Christus wat ons as gemeente (en kerk) saambind. Die deelname as sodanig is 'n belydenis, maar dit moet nie indiwidualisties verstaan word nie. Die gemeente as liggaam van Christus (*corpus mysticum*) bely gesamentlik hulle geloof. Deel van die inhoud van hierdie geloofsbelydenis is dat die verbondskinders deelgenote is van hierdie genade soos blyk uit hulle teenwoordigheid aan die nagmaalstafel.

15.8 AANBEVELING: KINDERNAGMAAL

15.8.1 Die Algemene Sinode besluit om punt 1 van die Algemene Sinode 1998 se besluit ten opsigte van *Kinders by die Nagmaa*l te vervang met die volgende:

Aangesien ons kinders deur die doop opgeneem is in Gods genadeverbond en derhalwe deel is van die kerk as liggaam van Christus, bestaan daar geen rede om hulle te weerhou van die nagmaal nie, en kan hulle daarom met vreugde uitgenooi word na die nagmaal.

15.8.2 Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunte van die sinodes van Noord-Transvaal en Noord-Kaapland.

16. KINDERS AAN DIE NAGMAALSTAFEL: GRAVAMEN KERKRAAD VAN WITFIELD:

16.1 VOORSTEL VAN KERKRAAD

Die Kerkraad van Witfield versoek dat die besluit van die Algemene Sinode van 1998 dat kinders wat nog nie openbare belydenis van geloof afgelê het nie toegelaat word tot die nagmaal, herroep word. Behalwe praktiese probleme het hulle ook prinsipiële besware. AKLAS het op laasgenoemde gefokus.

16.2 BESWARE

4.2.1 In die Bybel is daar geen spore van en gronde vir kindernagmaal nie

1. In die Bybel is daar inderdaad geen uitdruklike voorbeeld van kindernagmaal nie; ook nie van kinderdoop nie. Die beswaar dat daar slegs volwasse dissipels teenwoordig was by die instelling van die nagmaal, is geen argument nie. Daar was ook geen vroue teenwoordig nie. Trouens daar is geen uitdruklike voorbeeld van 'n vrou wat nagmaal gebruik het in die Bybel nie. Hoewel volgens die "letter" van die Skrif geen voorbeeld van vroue by die nagmaal voorkom nie, is ons oortuig dat dit in stryd sal wees met die Gees van die Bybel om vroue daarvan te weerhou. Dieselfde geld ook ons oordeel ten opsigte van kinders by die nagmaal (en die doop). 'n Mens wonder watter afleiding die kerkraad daaruit sal maak dat Jesus, welwetende dat Judas Hom sou verraai, tog ook vir hom die brood en wyn gee.
2. Die argument dat die feit dat **wyn** gebruik is by die instelling van die nagmaal, 'n bewys is dat Jesus die sakrament nie vir kinders bedoel het nie, vind ons uiters vreemd. Tydens die Ou Testamentiese pasga waarby kinders beslis teenwoordig was, is ten minste vier maal van wyn gebruik gemaak. Of dit nog in die tyd van Christus die geval was, berus op historiese argumente, maar is teologies nie van deurslaggewende betekenis nie. Wat in die Nuwe Testament die gebruik was, hoef nie klakkeloos nagevolg te word nie. Indien mense reken dit is beter om aan kinders, soos aan sommige volwassenes, liewer druiwesap te gee, is daar geen prinsipiële beswaar daarteen nie.

16.2.2 Die vereistes van 1 Kor 11 sluit kinders uit

Daarop het ons reeds geantwoord in die verslag na aanleiding van die gravamen van die Sinode van Noord-Kaap. Hulle afwysing dat die argument dat die gevare waarteen Paulus in 1 Kor 11 waarsku slegs volwassenes geld en nie kinders nie, omdat dit daarop sou neerkom dat aangesien kindertjies nog nie kan glo nie, die sakrament in hulle geval dus ***ex opere operato*** werk, berus op 'n verkeerde siening oor die aard van geloof (sien verslag: gravamen Sinode van Noord-Kaap). Die sakrament (Gods genade) rus immers nie op ons geloof nie, maar ons geloof rus op die sakrament. Wie dit ontken het 'n ***ex opere operato*** opvatting van geloof wat daarop neerkom dat geloof as menslike daad ons red, en nie alleenlik die offer van Christus nie. Maar dan is dit juis nie meer geloof nie. Om te stel dat geloof tog ook 'n gawe van God is, maak die saak nie beter nie, want goeie werke is ook as vrug van die Gees, 'n gawe van God. Weliswaar lees ons in die Bybel dat geloof red, maar ons lees ook dat die doop red (1 Pet 3:21). In beide gevalle gaan dit om die **inhoud** van geloof en sakrament wat dieselfe is as God se verbondsbeloftes naamlik sy heil in Christus Jesus.

16.2.3 Kindernagmaal is in stryd met Calvyn en die gereformeerde tradisie

1. Dit is wel waar. Maar stem die kerkraad saam met Calvyn se siening dat die nagmaal "gif sou wees vir ons teer kindertjies"? Is die nagmaal dan gevaarliker (en heiliger) as die Woord? Klink Calvyn nie op hierdie punt nog 'n bietjie "rooms" nie? Is Calvyn se siening nie hier in stryd met sy eie opvatting van die "leegheid" van die geloof, die geldigheid van die kinderdoop, asook die Heidelbergse Kategismus se waarskuwing teen die Rooms-Katolieke opvatting van die nagmaalsbrood en wyn as "afgodery", nie? En het die Reformasie ons nie self geleer: ***ecclesia reformata semper reformanda*** ('n gereformeerde kerk moet altyd reformeer) nie? In kort: Is die "letters" van Calvyn waarop hulle 'n beroep maak nie in stryd met die gees van Calvyn se teologie nie?
2. Hulle interpretasie van vraag 21 (H Kat) wat teen kindernagmaal sou getuig, verskil juis radikaal van Calvyn se siening van die aard van geloof. Volgens Calvyn bestaan geloof nie uit twee ***aanvullende*** dele naamlik (i) kennis (***cognitio***) en (ii) vertroue (***fiducia***) nie, maar vorm geloof 'n eenheid. Daarom bestaan daar by Calvyn nie (soos die kerkraad dit stel) " baie duidelik 'n balans tussen ***fides qua*** (die subjektiewe geloof, AKLAS) en die ***fides quae*** (die inhoud van die geloof, AKLAS) naamlik Gods genade in Christus nie, maar 'n eenheid. In sy beroemde definisie van geloof (Inst 3, 2, 7) praat Calvyn nie van "vertroue" nie, maar net van "kennis", maar hierdie kennis is terselfdertyd "vertroue". Elders kan hy "vertroue" as sinoniem gebruik van "kennis". Hierdie kennis is immers nie bloot intellektuele kennis nie, maar in lyn met die Hebreeuse woord wat ons ook met "beken" kan vertaal. Dit dui op 'n eksistensiële kennis wat daarom terselfdertyd vertroue is. Wanneer die Heidelbergse Kategese vraag 21 van ***kennis*** en ***vertroue*** praat, sou dit verkeerd wees indien dit beteken dat geloof uit twee afsonderlike, losstaande elemente bestaan. Die woord ***vertroue*** wil juis verduidelik dat geloof geen bloot intellektuele kennis behels nie. Dit is immers volgens Calvyn se definisie 'n kennis "van Gods welwillendheid jeens ons" waarvan jy onmoontlik bloot kan "kennis neem". Jy kan sy "welwillendheid" alleen maar ontvang of verwerp. Geloof is om jou op Gods welwillendheid te verlaat soos 'n kindjie op sy/haar moeder. Luk 18:17: "Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie." En volgens vs 15 was dit juis heel klein kindertjies (dieselfde woord word vir die nog ongebore Johannes die Doper gebruik) van wie Jesus dit sê wanneer die dissipels die mense wil verhinder om hulle na Hom te bring.

16.2.4 Kindernagmaal sou die vrug wees van humanistiese indiwidualisme

Juis die teendeel is waar. Die teenstanders van die kindernagmaal stel aan die klein indiwiduele kindertjies dieselfde intellektuele eise as aan volwassenes, maar misken daarmee juis die korporatiewe eenheid van die Bybelse verbondsdenke wat tot uitdrukking kom in die verbondsbeloftes wat geld vir ons en ons kinders. In die nagmaal beleef ons reeds in die geloof (soos die nagmaalsformulier dit stel) iets van die eskatologiese bruilofsmaal van die Lam. Sou die klein kindertjies van daardie belofte uitgesluit wees.? Wie dit beweer "onderskei" nie die gemeente as liggaam Christus nie (sien verslag oor gravamen van Sinode van Noord-Kaap).

16.3 AANBEVELING: GRAVAMEN WITFIELD

In die lig van die voorafgaande aanvaar die Algemene Sinode nie die gravamen van die Kerkraad van Witfield nie.

17. LOTTO

17.1 OPDRAG

Aan die ASK is gevra of die aankoop van 'n lottokaartjie 'n tugwaardige sonde is. Die ASK het geoordeel dat dit om verskillende redes 'n gevaarlike praktyk is, maar dat dit aan die individu oorgelaat moet word om met verantwoordelikheid op te tree. 'n Aantal besware oor die ASK se standpunt is daarna ontvang. Die ASK het daarop besluit om die saak na die die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te verwys vir verslag aan die Algemene Sinode.

17.2 INLEIDING

17.2.1 Daar is tans nie eenstemmigheid in die NG Kerk oor die leiding wat die kerk aan Christene moet gee oor hulle deelname aan die staatslotery nie. Daar is drie gedagterigtings oor die saak:

17.2.2 Daar is lidmate en predikante wat hulle volledig vereenselwig met die verklaring van die Algemene Sinodale Kommissie "Wat sê die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die staatslotery?" van Mei 2000. In dié verklaring word gewaarsku teen gevare wat deelname aan die staatslotery kan inhou vir lidmate - gevare soos geldgierigheid en verslawing - maar word geoordeel dat die verantwoordelikheid om te besluit oor deelname uiteindelik by die lidmaat self berus. Die verklaring kom tot die gevolgtrekking: "As 'n Christen vry genoeg is van die materiële en van geldhonger dat hy bloot vir die spel-element met klein bedraggies saamspeel, kan die hele ding lig genoeg wees om nie kwaad te doen nie. Dit is dan spel waarin dit hoofsaaklik om afleiding gaan, 'n bietjie pret, meedoen aan die opwinding van die nasie."

17.2.3 Daar is lidmate en predikante wat onsteld is oor die verklaring se afwyking van die tradisionele veroordeling in Gereformeerde kringe van dobbelary en lotery. In die kritiese kommentaar op die verklaring blyk dit dat daar diegene is wat meen dat dit dui op 'n gebrek aan moed in NG Kerkgeledere om sterk morele leiding aan lidmate te gee. Hulle pleit vir 'n terugkeer na die meer voorskriftelike benadering van die verlede.

17.2.4 Daar is lidmate en predikante wat daarvan oortuig is dat die verklaring van die Algemene Sinodale Kommissie nie genoegsaam rekening gehou het met die tydsgees van die individualisme, materialisme en die armoede in die samelewing nie. Die praktiese gevolge van dobbelary is nie genoegsaam verreken nie. Terwille van die getuienis van die kerk in die samelewing is hulle daarvan oortuig dat Christene hulle van deelname aan die staatslotery en dobbelary behoort to weerhou.

17.3 PROBLEME MET DIE VOORSKRIFTELIKE BENADERING

Behoort die NG Kerk terug te keer na die voorskriftelike benadering en sy lidmate te verbied om aan lotery-aktiwiteite deel te neem? Daar is verskeie redes waarom dit nie wys sal wees nie:

17.3.1 Die argumente waarop die tradisioneel-Gereformeerde afwysing van lotery as sodanig berus, oortuig nie meer nie.

1. In hul morele veroordeling het Gereformeerde kerkvaders veral drie argumente gebruik om te bewys dat lotery in beginsel verkeerd is en daarom vir Christene verbode is:

a. Om aan lotery deel te neem, is om 'n ongeoorloofde gebruik van die lot te maak. Die Bybel leer ons dat die lot 'n heilige handeling is waarin 'n beroep op God gedoen word om in sy besondere voorsienigheid self 'n beslissing te neem (vergelyk tekste soos: Eks 28:30; Jos 17:14; 1 Sam 14:42; Jona 1:7; Spr 16:33; Hand 1:26). Om hierdie handeling te misbruik vir allerlei onbenullighede (soos lotery) kom neer op 'n misbruik van die Naam van God - omdat Hy by implikasie aangeroep word - en is daarom 'n oortreding van die derde gebod.

b. Lotery bring die noue verband wat daar volgens die Bybel tussen arbeid en eiendom moet wees in die gedrang. Eerstens, die uitset het geen direkte verband met die inset nie, terwyl die Bybel leer dat die loon van 'n arbeider met sy inset behoort saam te hang; die arbeider is geregtig op sy loon (1 Tim 5:18; Ef 4:28 en Jak 5:4). Tweedens, die agste gebod leer: niemand mag vir hom besittings toe-eien wat 'n ander toekom nie. Die enigste regmatige manier waarop eiendom en geld bekom kan word, is: ruiling van eiendom van gelyke waarde; loon vir diens gelewer; as geskenk uit liefde (bv erfporsie). Lotery voldoen nie aan dié voorwaardes nie en is daarom 'n oortreding van die agste gebod.

c. Lotery kom neer op bygeloof en die miskenning van God. Die deelnemer stel sy hoop op die noodlot of geluk (die sogenaamde geluksgodin) sodat die eerste gebod wat ons verbied om ander gode te aanbid, oortree word.

2. As ons vandag hierdie argumente onbevange in

oënskou neem, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat hulle ongenuanseerd en onoortuigend is. Eerstens is die eksegese van bepaalde tekste waaruit afgelei word dat lotery 'n heilige handeling is wat slegs benut mag word by gewigtige geleenthede waar op God se spesiale voorsienigheid 'n beroep gedoen word, nie verantwoord nie. 'n Teks soos Spreuke 16:33 wat lui: “Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom”? bely eerder geloof in die alomvattende voorsienigheid van God. Die teks beklemtoon: niks gebeur buite God om nie. Selfs in situasies waarin geloot word, is Hy betrokke. Tweedens is dit nie waar dat iemand wat die kanselement in die lewe benut noodwendig die geluksgodin aanbid nie. Ons moet aanvaar dat God die wêreld so geskep het dat daar ook ruimte vir kans is. Die feit dat God voorsien, beteken nie dat elke ding wat gebeur by voorbaat vaslê nie. Ons kan hierdie ruimte vir kans wat God ons bied, ook positief benut as ons byvoorbeeld die lot werp by 'n staking van stemme, of as ons loot vir kante in rugby of tennis of as ons kaart speel. Die voordeel van loting is dat dit die moontlikheid bied vir beslissing wat op gelykkansigheid berus. Daar is situasies in die lewe waar gelykkansigheid 'n voorwaarde is vir regverdige beslissings en waar loting baie handig te pas kom. Derdens is dit ook nie waar dat die opbrengs van iemand se werk altyd korreleer – of selfs behoort te korreleer - met die inset wat hy gemaak het nie. Die Bybel verwag wel dat iemand nie minder as wat hy verdien vir sy werk sal ontvang nie. Die Bybel maak egter nie beswaar daarteen dat iemand meer ontvang as wat hy verdien het nie.

3. Wat afgelei kan word, is dat lotery nie – soos die Gereformeerde kerkvaders geoordeel het – by voorbaat (in beginsel) veroordeel kan word nie. Dit beteken nie dat vanuit 'n Christelike perspektief geen kritiek teen praktyke soos dobbelary en die staatslotery gelewer kan word nie. As ons verantwoorde kritiek wil lewer, sal dit egter op 'n deeglike analise van die aard en gevolge van dié praktyke soos dit vandag bedryf word, moet berus. Mense – ook gelowiges – verskil egter dikwels in hul analises van die konkrete aard en gevolge van praktyke soos dobbelary en die staatslotery. Dit beteken dat ons ook moet aanvaar dat daar verskille in hul uiteindelike beoordeling daarvan sal wees. Dit is één rede waarom dit nie wys sal wees vir 'n kerk om voorskriftelik sy lidmate te verbied om daaraan deel te neem nie. Dié lidmate wat 'n ander mening oor die morele aanvaarbaarheid daarvan het, sal so 'n verbod ongetwyfeld as outoritêr beskou.

17.3.2 Die morele beoordeling van die staatslotery is nie 'n eenvoudige saak nie.

Ook die aanwending van die ingesamelde geld moet verreken word. Nog 'n rede waarom dit onwys vir die kerk sal wees om deelname aan spesifiek die staatslotery in Suid-Afrika voorskriftelik te verbied, is dat dit nie presies dieselfde lotérypraktyk is wat ons Gereformeerde vaders veroordeel het nie. Dit gaan om 'n lotérypraktyk wat deur die staat benut word om, onder andere, subsidiegeld vir welsynsorganisasies in te samel. Trouens, die huidige regering het besluit om veel minder staatsgeld vir die subsidiëring van welsynsorganisasies beskikbaar te stel. Dit plaas veral kerklike welsynsorganisasies voor 'n morele dilemma. Aanvaar hulle die subsidiegeld wat van die staatslotery kom, kan hulle voortgaan om (meer) mense in nood te help, maar is hul geloofwaardigheid op die spel – veral as die kerke waarvan hulle deel uitmaak, deelname aan die staatslotery verbied. Wys hulle egter die subsidiegeld af, sal hulle veel minder mense kan help en – in vele gevalle – die deure van hul tehuise moet toemaak. “Dit”, het 'n predikant in sinodale diens aan lede van AKLAS gesê, “sal veel meer immoreel wees as deelname aan die staatslotery”. Hy sal liewer die subsidiegeld wat van die staatslotery kom, neem as om noodgedwonge kinders wat deur familielede gemolesteer is, terug te stuur na hul ouerhuise. Oor die vraag of deelname aan die staatslotery moreel geoorloof is, kan, met ander woorde, nie in isolasie besluit word nie. Dit moet in samehang met die feit dat 'n deel van die subsidiegeld vir welsynsorganisasies staatsloterygeld is, gehanteer word.

17.3.3 Gevare wat die staatslotery vir die gelowige inhou

1. In die morele beoordeling van deelname aan die staatslotery is dit nodig om, eerstens, op die gevare wat dit vir die gelowige inhou, te wys. In die staatslotery gaan dit om een ding, naamlik geld. Dit is doodnatuurlik dat mense 'n sterk belangstelling in geld en geldmaak het. Want geld is die middel waardeur die meeste sigbare voorregte bekom kan word. Die Bybel veroordeel dit nie dat mense hulle inspan om 'n goeie bestaan te maak nie, maar moedig dit aan. Die Bybel veroordeel ook nie rykdom nie. Die gevaár is dat mense deur die eeue daartoe neig om balans te verloor en geldmaak in verhouding met die ander belangrike dimensies van menswees te oorbeklemtoon, om behep te raak met geldmaak, om gierig en materialisties te word. Onder leiding van die Gees het die Bybelskrywers dit al duidelik gesien. In 1 Tim 6:9-10 staan daar byvoorbeeld: “Dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad”. In die voorafgaande verse word beklemtoon dat God ons roep om tevrede te wees as ons kos en klere het en dus 'n eenvoudige leefstyl te geniet. Vogens Matt 6:19 en 24 het Jesus gewaarsku: “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie… Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.” Met “Mammon” bedoel Jesus die mag van die materiële en waarsku dat dit maklik gebeur dat 'n mens dink hy dien God en die materiële gelyk, terwyl so 'n dubbelheid in werklikheid beteken dat hy die materiële sy god maak. Dié waarskuwing tref ons dwarsdeur die Nuwe Testament aan: die suigkrag van die materiële is een van God se grootste teenstanders wat baie mense daarvan weglok om met hulle hele hart vir God te leef.

2. Dit behoort vir 'n Christen 'n kardinale deel van hulle heiligmaking te wees dat hulle alles in die werk stel om vry te wees van die heerskappy van die materiële. Waar die fokus met die staatslotery so skerp op geldwen val, is dit werklik 'n **gevaarlike** spel. Die beperkte verspreiding van die pryse, sodat enkelinge buitensporige bedrae wen, is noodsaaklik vir die aantreklikheid van hierdie soort spel, want die reusebedrae moet hoë profiel in die media kry om die massas te prikkel. Die geld-gees van die hele ding harmonieer moeilik met die gees wat Christene wil uitstraal.

3. Daar is 'n verskeidenheid gevare wat deelname aan die staatslotery in dié verband vir gelowiges inhou. Voorop staan die gevaar dat dit gelowiges se honger na meer geld kan aanwakker. Dié verleiding tot **geldgierigheid** word in die geval van die staatslotery verbloem deur die beroep wat terselfdertyd op hulle gedoen word om deur deelname welsynswerk, sport en kultuur te bevorder. Alhoewel die verleiding tot geldgierigheid in die geval van die staatslotery nie so blatant soos in die geval van dobbelary is nie, bly dit egter 'n reële gevaar. Aangesien daar nie 'n beperking is op die aantal kaartjies wat iemand kan koop nie, is daar ook die gevaar dat die persoon wat deur 'n honger na meer geld beetgepak word, sy of haar geld kan **verkwis**. Verkwisting staan in stryd met gelowiges se verantwoordelikheid om as rentmeesters hul geld op 'n verantwoordelike manier te bestee. En ten slotte is daar ook die gevaar dat gelowiges aan lotery **verslaaf** kan raak. Daar is genoegsame getuienis dat selfs kerklike ampsdraers ernstig verslaaf kan raak.

17.3.4 Die moreel swak basis van die staatslotery as praktyk

1. Moet die kerk daarmee volstaan om gelowiges te waarsku teen die gevare wat deelname aan die staatslotery vir hulle persoonlik inhou? En is die enigste verantwoordelikheid wat gelowiges in dié verband het om hulself te ondersoek en te oorweeg of hulle sterk genoeg is om die versoekinge en gevare wat met deelname gepaard gaan, die hoof te bied?

2. Om dit te doen, sou beteken dat nie genoegsaam in ag geneem word nie dat meer op die spel is as alleen individue se vermoë om versoeking te weerstaan. Ook die morele beoordeling van die staatslotery as 'n samelewingspraktyk is op die spel. Die praktyk van staatslotery soos dit oor die afgelope paar jaar in Suid-Afrika bedryf is, het 'n moreel swak basis en hou moreel ongewenste gevolge vir baie mense en vir die samelewing as 'n geheel in. Dit teer op die voortwoekerende materialisme in ons samelewing, op die begeerte wat steeds meer mense beetpak om meer en meer te besit. En dit wakker hierdie materialisme op sy beurt aan deur vindingryke bemarking wat by mense die valse verwagting wek dat hulle 'n reële kans het om groot bedrae geld te wen. En dit bevat die volmaakte meganisme om mense alle skuldgevoelens oor hul gierigheid te ontneem: hulle kan hul troos met die goeie sake waarvoor 'n gedeelte – al is dit dan maar 'n klein gedeelte - van die loterygeld gaan!

3. En die gevolge? Dit het oor die afgelope paar jaar steeds duideliker geword dat die uitwerking van die staatslotery meer negatief is as wat aanvanklik voorsien is. Dit word algemeen erken dat daar min tereg gekom het van die groot voordele vir die mense van ons land wat aan ons voorgehou is. Dit is veral arm mense wat mislei word deur die kans van groot geld wat aan hulle voorgehou word en in die proses nog armer word. Die sentrale uitvoerende komitee van Cosatu het dit daarom nodig geag om in 'n verklaring

die regering te versoek om die "vernietigende" gevolge van die nasionale lotery op arm mense te ondersoek, omdat van die armste gesinne uitgawes aan noodsaaklike items besnoei om weekliks daaraan deel te neem. Dié komitee vaar uit teen die staatslotery en casino's wat "teer op die desperaatheid van mense" wat dink "dat hulle slegs hul lewensomstandighede deur geluk kan verander". Die staatslotery word bestempel as 'n "regressiewe" belasting vir armes wat 'n groter deel van hul inkomste daaraan afstaan as welvarende mense. Sowat 40% van die gereelde deelnemers aan die staatslotery verdien tussen R800 en R4000 per maand, terwyl 11% se maandelikse inkomste minder as R800 beloop. "Armes betaal vir die lotery, maar kry min voordele", sê Cosatu. Die media maak gereeld gewag van die kommer – selfs by organiseerders van die staatslotery – oor die groot aantal mense wat aan lotery en dobbelary verslaaf raak. Cosatu beweer in die reedsgenoemde verklaring dat die meeste van die kompulsiewe dobbelaars wat meer as R625 per maand aan die staatslotery bestee swart mans is wat minder as R4000 per maand verdien. Die kleinhandel kla dat sake agteruitgaan omdat klante nie meer veel geld oor het nadat hulle geld vir die staatslotery en vir selfone uitgegee het nie. En die welsynsorganisasies stem saam dat hulle nou geldelik veel slegter daaraan toe is as voor die bedeling van die staatslotery, omdat mense dit nou nie meer nodig ag om direk geld vir welsyn te skenk nie. Van die R2,7 miljard wat oor die eerste jaar aan loterykaartjies bestee is, was in elk geval net 13% vir die bestryding van armoede en onderontwikkeling bestem.

4. Dit is opvallend dat Gereformeerde kerke in ander lande ook tot 'n dergelike negatiewe morele beoordeling van dobbelary en lotery as praktyke in hul samelewings kom. In 'n verslag van die Christian Reformed Church in die VSA word beweer dat dobbelary in Noord-Amerika nie meer 'n vorm van vermaak is nie, maar dat dit reeds 'n verslawende, afgodiese mag is wat die hoop en verwagting van die hele gemeenskap vasgevang het en wat lei tot 'n materialistiese lewenshouding. Die groot pryse wat gewen kan word, word deur die owerhede en media byna as evangeliese heil aan mense voorgehou: as 'n mens net die prys kan wen, is al jou probleme opgelos. Dit wek 'n obsessie by mense wat hulle dryf om voortdurend deel te neem, al is die kanse om te wen uiters gering. Hoewel baie nog beweer dat hulle in die Bybel en in God glo, is hulle daarvan oortuig dat dobbelary eerder hulle paaiemente en rekeninge sal betaal as wat God dit sal doen. Dit word selfs gestel: "Because gambling has become a powerful social force, it cannot be adequateley interpreted by moral categories alone. It has taken on the characteristics and functions of what the New Testament identifies as 'powers' (Eph 6:12; Rom 8:38; Col 1:16). These realities are deeply involved in the spiritual struggle in the Christian life." Dobbelary – waarby verskillende vorme van geldmaak deur lotery ingereken word – lei uiteindelik tot 'n spiritualiteit wat aan die Bybel vreemd is.

5. Dit behoort tot die profetiese taak van die kerk om nie net die morele risiko's wat deelname aan die staatslotery vir lidmate inhou nie, maar ook die moreel wankele basis en moreel ongewenste gevolge van die huidige praktyk van staatslotery in Suid-Afrika uit te wys. In die lig daarvan lyk 'n beroep op lidmate om hulle te onthou van deelname aan die staatslotery moreel geregverdig. Lidmate het op hul beurt die verantwoordelikheid om oor hul deelname aan die staatslotery in die lig van dié profetiese getuienis te besluit. Trouens, as hul lidmaatskap aan die kerk en die profetiese getuienis van die kerk in die wêreld van ons dag vir hulle 'n saak van erns is, behoort hulle ernstige oorweging te gee aan so 'n oproep van hul kerk om hulle vrywillig van deelname aan die staatslotery te onthou. Die kerk as instelling en lidmate het ook die verantwoordelikheid om die morele dilemma waarvoor kerklike welsynsorganisasies hul bevind, uit die weg te help ruim: deur toe te sien dat dié organisasies voldoende fondse uit eie kerklike geledere kry. Die onontwykbare implikasie is: gelowiges behoort af te sien van die poging om op twee stoele te probeer sit, om deur deelname aan die staatslotery hulself te probeer verryk én, indirek, 'n bietjie geld aan welsyn te gee. Hulle behoort eerder hul geld direk vir kerklike en ander welsynsorganisasies te gee.

17.3.5 Mag kerklike welsynsorganisasies lotery-geld aanvaar?

1. Een vraag bly nog onbeantwoord: Wat staan kerklike instansies wat 'n ernstige tekort in die gesig staar te doen? Die aangewese weg is om – soos baie welsynsorganisasies reeds doen – nuwe, kreatiewe maniere van fondsinsameling te implementeer. Hulle kan ook gesamentlik by die staat agiteer om sy subsidiestelsel te wysig en welsynsorganisasies wat morele besware teen die aanwending van loterygeld het, op ander, aanvullende wyses te subsidieer. Die kans dat die regering aan hul versoek sal voldoen, is egter gering. Die vernaamste rede is dat die huidige grondwet skeiding maak tussen die terreine van die staat en die godsdiens en die regering gevolglik huiwerig sal wees om sy welsynsbeleid mede te laat bepaal deur die godsdienstige oortuigings van bepaalde kerklike welsynsorganisasies.

2. Mag 'n kerklike welsynsorganisasie aansoek doen om geldelike ondersteuning uit loteryfondse as daar geen ander maniere om sy projekte en programme te befonds vir hom oorbly nie? Teoreties moet daar vir so 'n uitweg ruimte gelaat word. Ons moet in ag neem dat dit in morele besluitneming nie altyd om 'n keuse tussen 'n moreel juiste en 'n moreel verkeerde

optrede gaan nie. Dikwels gaan dit om die keuse tussen twee optredes wat oënskynlik beide moreel problematies is. In sulke gevalle bestaan verantwoordelike morele besluitneming in die keuse vir die minste van twee kwade. Dit is ongetwyfeld so dat daar situasies sal wees waar die aanwending van geld uit loteryfondse om programme wat onontbeerlike noodleniging bied aan die gang te hou, die minste van twee kwade sal wees. In watter situasies die aanwending van loterygeld wel moreel aanvaarbaar sal wees, kan egter nie by voorbaat gesê word nie. Dit kan slegs deur 'n bepaalde kerklike welsynsorganisasie in 'n konkrete situasie vasgestel word.

17.3.6 AANBEVELINGS: LOTTO

17.3.6.1 Hoewel daar nie genoegsame gronde is om by voorbaat alle vorme van lotery as sonde af te wys nie, waarsku die Algemene Sinode lidmate ernstig teen gevare wat deelname aan die staatslotery vir hulle kan inhou: die verleiding tot geldgierigheid, die versoeking om onverantwoordelik geld te verkwis en die gevaar dat dobbelverslawing 'n greep op hulle kry.

17.3.6.2 Die Algemene Sinode oordeel dat die staatslotery as 'n samelewingspraktyk 'n swak morele basis het, omdat dit teer op die materialisme van ons tyd.

17.3.6.3 Die Algemene Sinode oordeel dat die staatslotery moreel nadelige gevolge vir veral arm mense inhou, omdat dit:

***1 valse verwagtinge by hulle wek dat hulle 'n kans het om deur deelname uit hul geldelike verknorsing te kom en hulle aanmoedig om broodgeld te bestee vir die koop van loterykaartjies**

***2 tot gevolg het dat welsynsorganisies wat die nood van mense kan verlig, nou geldelik slegter daaraan toe is, omdat baie mense dit nie meer nodig ag om geld direk vir welsyn te skenk nie.**

17.3.6.4 Die Algemene Sinode doen daarom 'n beroep op lidmate om hulle van deelname aan die staatslotery te weerhou en so deur hul voorbeeld getuienis te lewer teen die materialistiese gees wat dit deursuur en die moreel nadelige gevolge wat dit inhou.

17.3.6.5 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate om die geld wat hulle aan welsynswerk wil bestee liewer direk aan kerklike en ander welsynsorganisasies te skenk en toe te sien dat kerklike welsynsorganisasies nie van geldelike steun uit staatsloteryfondse afhanklik is nie.

17.3.6.6 Die Algemene Sinode het begrip vir die morele dilemma waarvoor kerklike welsyns-organisasies staan as hulle moet besluit of hulle aansoek sal doen vir loterygeld om hul programme aan die gang te hou en aanvaar dat die keuse om aansoek te doen in bepaalde situasies die minste van twee kwade kan wees.

17.3.6.7 Die Algemene Sinode doen, in die lig van die ernstige negatiewe gevolge van die staats-lotery, 'n beroep op die regering om sy besluit om 'n staatslotery te bedryf, in heroorweging te neem.

18. SAAMWOON VAN AFGETREDENES OM EKONOMIESE REDES

18.1 BESLUIT SINODE NOORD-TRANSVAAL

1. Die sinode gee opdrag dat AKLAS die saamwoon van afgetrede middeljariges en bejaardes ondersoek met die oog op die daarstelling van 'n alternatief vir die huidige "amptelike siviele huwelik" om hulle in staat te stel om openlik 'n huwelikseenheid te vorm sonder die stigma van "saamwoon"en sonder dat die swaard van kerklike tug oor hulle koppe hang.

2. Die Sinode van Noord-Transvaal verwys sonder kommentaar die problematiek wat in die beskrywingspunt uiteengesit is na die Algemene Sinode vir prinsipiële en praktiese leiding.

18.2 MOTIVERING

18.2.1 Dit kom al hoe meer voor dat lidmate van die teenoorgestelde geslag, wat met pensioen uit diens tree en daarna 'n lewensmaat aan die dood afstaan of reeds in die wedustaat verkeer, besluit om weens ekonomiese redes liewer saam te woon as om amptelik in die huwelik te tree.

18.2.2 Vroue wat 'n pensioen ontvang van die werk-gewer van haar oorlede eggenoot, waar die eggenoot tydens sy afsterwe 'n siviele pensionaris was, verloor die pensioen sodra sy weer in die huwelik tree. Dié pensioen, wat in die meeste gevalle reeds by die af-sterwe van die eggenoot gehalveer word, sou, indien dit nie by hertrou verval het nie, darem help om die pot aan die kook te hou. Wanneer die gevolge van hertrou deeglik bereken word, is daar prakties geen ander besluit vir die betrokkenes as om saam te woon en dan maar met hulle gewete saam te leef nie. Die alternatief (om in die huwelik te tree en die pensioen wat die vrou ontvang, te verbeur) is, soos so baie van ons mense uitgevind het, volslae armoede, wat nie deur die karige maatskaplike pensioen/toelaag, wat tans betaal word, verlig word nie.

18.2.3 Lidmate wat só saamwoon, verkeer dikwels onder stres omdat hulle, as kinders van die Here, swaar onder 'n gewetenslas gebuk gaan. Hulle begin om die kerk te vermy, kom nie onder die geklank van die Woord nie en lei, kerklik gesproke, 'n kluisenaars-lewe.

18.2.4 Die staat vereis dat 'n huwelik geregistreer word, maar het oënskynlik geen probleem daarmee as mense as man en vrou saamleef nie, vermaan hulle nie daaroor nie en vervolg hulle nie as hulle die saamwoon nie registreer nie.

18.3 AANBEVELING: SAAMWOON AFGETREDE-NES - die Algemene Sinode verwys hierdie besluit met motivering na die Tydelike Kommissie

vir Algemene Sake.

PROF CJ WETHMAR (Voorsitter)
DR WJ BOTHA (Skriba)